

’n KRITIESE STUDIE TEN OPSIGTE  
VAN DIE STATUS VAN DIE PLATTELANDSE  
ONDERWYSER IN DIE  
CERES - TULBAGH GEBIED

deur

WESLEY BARRY BAARTZES  
B.Sc. (Rhodes) B.Ed. (U.W.K) M.Ed. (U.W.K.)

Verhandeling voorgelê ter

vervulling van die

vereistes vir die graad

DOCTOR EDUCATIONIS

in die

UNIVERSITY of the  
Departement Historiese Pedagogiek

aan die

UNIVERSITEIT VAN WES-KAAPLAND

STUDIELEIER: PROFESSOR H.D. HERMAN

B.Sc. (S.A.) B.Ed (S.A.) M.Ed

(U.W.K.) D.Ed (U.W.K.)

NOVEMBER 1987

DANKBETUIGINGS

Ek wil graag die geleentheid te baat neem om langs hierdie weg dank te betuig aan die persone wat meegehelp het om hierdie geskrif die lig te laat sien.

My opregte dank aan prof. H.D. Herman, my promotor, vir sy opregte belangstelling, aanmoediging en motivering. Dankie vir die opbouende kritiek - en wanneer dit negatief was, vir die gees en gesindheid waarin dit aangebied is. Dankie vir die inspirasie.

Ook aan die tiksters vir hul bydrae - vir ander mag dit gering lyk, maar dit was 'n reusetaak wat met blymoedigheid verrig is.

My dank aan prof. T.H. Links vir die finale taalversorging. U hulp word waardeer.

My dank aan mnr. C.J. Baron wat gemoeid was met die taalversorging asook mnr. H. Pieterse wat op een of ander stadium daarmee behulpsaam was.

'n Baie spesiale woord van dank moet gespreek word teenoor my eggenote, Dulcie Naomi. Dankie vir die oor- en opskryf van die hele projek; vir die proeflees van die tesis, maar veral vir die stille krag en inspirasie asook die geduld, want dit moes seker baie kere vir jou senutergend gewees het. Dankie vir jou liefde en bystand deur al die jare en tydens hierdie projek in besonder.

Ek wil ook dankie sê aan my vier kinders, Johann, Tonya, Warren en Hayley asook Nicolene en Gavin vir hul hulp en onderskraging. Dankie dat julle help bronne soek het, statistiek bereken het en vir julle begrip. Ek weet dit moes soms vir julle moeilik gewees het om met 'n studerende pa saam te leef terwyl julle self studente is.

(ii)

Ek dink met dankbaarheid aan my ontslape ouers vir die besondere wyse waarop hulle my geïnspireer het om altyd student te bly.

Aan God al die lof, eer en dank vir die gawe van die lewe, maar ook die vermoëns aan my toebedeel.



UNIVERSITY *of the*  
WESTERN CAPE

Ek verklaar hiermee dat:

Die KRITIESE STUDIE TEN OPSIGTE VAN DIE STATUS VAN  
DIE PLATTELANDSE ONDERWYSER IN DIE CERES - TULBAGH  
GEBIED my eie werk is en dat ek alle bronne wat ek  
gebruik of aangehaal het, deur middel van volledige  
verwysing aangedui en erken het.

UNIVERSITY OF  
WESTERN CAPE

*Ums aartjes*



INHOUD

HOOFSTUK 1

INLEIDING

	<u>BLADSY</u>
1.1 Algemene inligting	1
1.2 Omlýning van die probleem	3
1.3 Die doel van hierdie ondersoek	5
1.4 Afbakening van terrein	6
1.4.1 Historiese ondersoek	6
1.4.2 Empiriese ondersoek	8
1.5 Metode van ondersoek	8
1.5.1 Historiese ondersoek	8
1.5.1.1 Amptelike Dokumente (Primêre bronne)	8
1.5.1.2 Nie-amptelike Dokumente (Sekondêre bronne)	8
1.5.2 Empiriese ondersoek	9

HOOFSTUK 2DIE ONDERWYSER SE STATUS IN PERSPEKTIEF

	<u>BLADSY</u>
2.1 Begripsverklaring	11
2.2 Die plek van die onderwyser in die samelewing	15
2.2.1 Die onderwyser se verantwoordelikheid teenoor die samelewing	15
2.2.2 Die rol van die onderwyser in die samelewing	21
2.2.3 Die samelewing se verwagting van die onderwyser	24
2.2.4 Beperking op die onderwyser geplaas	26
2.2.5 Slotsom	28
2.3 Faktore wat sy status bepaal	29
2.3.1 Die individuele onderwyser se status	30
2.3.2 Die status van die onderwysprofessie	32
2.3.2.1 Ekonomiese welvaart van onderwysers	32
2.3.2.1.1 Diensvoorwaardes	32
2.3.2.1.1.1 Salarisse	33
2.3.2.2 Werksomstandighede	35
2.3.2.3 Mobiliteit en promosie	36
2.3.2.4 Aanstellings	36
2.3.2.5 Keuring	37
2.3.2.6 Werwing	38
2.3.2.7 Opleiding	39
2.3.2.8 Opgradering van onderwysers	42
2.3.2.9 Die besit van professionele kennis en vaardighede	43
2.3.2.10 Die grootte van die beroep	43
2.3.2.11 Die geslagsamestelling van die beroep	44
2.3.2.12 Die gesegmenteerde aard van die onderwysprofessie	45
2.3.2.13 Mag as 'n basis van beroepstatus	45
2.3.2.14 Outonomie	46
2.3.2.15 Die uitvoering van 'n diens aan die gemeenskap	47
2.3.2.16 Etiekkode	47
2.3.2.17 Verbintenis tot die professie	48
2.3.2.18 Die aard van die finale toekëning	49
2.3.2.19 Beroepskultuur in die onderwys	49
2.3.2.20 Die beklemtoning van intellektuele tegnieke om sy diens te volvoer	49

2.3.2.21	Die aanvaarding van persoonlike verantwoordelikheid t.o.v. besluite deur beoefenaars	50
2.3.2.22	Die beklemtoning van 'n diens wat gelewer moet word in stede van ekonomiese wins deur beoefenaars	50
2.3.2.23	'n Komprehensiewe selfregerende vereniging vir beoefenaars	50
2.3.2.24	Respek wat die professie afdwing	51
2.3.2.25	Die aard van die werk wat die persoon verrig	51
2.3.2.26	Die agting wat elke lid van die beroep afdwing	52
2.3.2.27	Die waarde van die diens wat die beroep in die oë van die publiek aan die samelewing bewys	52
2.3.2.28	Die agting wat die persoon self vir die beroep koester	52
2.3.2.29	Sosio-politieke klimaat waarin die diens gelewer word	52
2.3.2.30	Slotsom	53
2.4	Moontlike redes vir die afname van die onderwyserse aansien in die samelewing	53
2.5	Kort oorsig oor navorsing wat alreeds in hierdie verband gedoen is	64
2.5.1	Inleiding	64
2.5.2	Enkele ondersoeke wat in Suid-Afrika onderneem is	64
2.5.2.1	Die ondersoek van Langenhoven	64
2.5.2.2	Die ondersoek van Olckers	66
2.5.2.3	Die ondersoek van Nathan	68
2.5.2.4	Die ondersoek van Visagie	69
2.5.2.5	Die ondersoek van Oosthuizen	78
2.5.2.6	Die ondersoek van Venter	81
2.5.2.7	Die ondersoek van Kemp	81

HOOFSTUK 3HISTORIESE PERSPEKTIEF

	<u>BLADSY</u>
3.1 Inleiding	95
3.2 Die onderwyser in die voor- Middeleeuse tydperk	95
3.2.1 Inleiding	95
3.2.2 Opvoeders van die Ou Joodse Volk	97
3.2.2.1 Die ouers as opvoeders	97
3.2.2.2 Die opvoeders in die skole	98
3.2.3 Opvoeders in die Ou Griekse Tydperk	98
3.2.3.1 Die Spartaanse opvoeders	98
3.2.3.1.1 Die ouers as opvoeders	99
3.2.3.1.1.1 Die moeder	99
3.2.3.1.1.2 Die vader	99
3.2.3.1.2 Die staat as opvoeder	99
3.2.3.2 Die Atheense opvoeders	99
3.2.3.2.1 Die huis	99
3.2.3.2.2 Die pedagogus	99
3.2.3.2.3 Die leermeesters (didaskalos)	100
3.2.3.2.4 Die Sofiste	100
3.2.3.2.5 Filosowe as opvoeders	101
3.2.3.2.5.1 Socrates (469 - 399 vC)	101
3.2.3.2.5.2 Plato	101
3.2.3.2.5.3 Aristoteles	102
3.2.4 Opvoeders in die Romeinse Opvoeding	103
3.2.4.1 Primêre en Sekondêre opvoeders	103
3.2.4.1.1 Die ouers	103
3.2.4.1.2 Die Ludi Magister (litterator)	103
3.2.4.1.3 Die Grammaticus	104
3.2.4.1.4 Die Rhetor	104
3.2.4.2 Enkele invloedryke Romeine se beskouinge van die opvoeder	104
3.2.4.2.1 Cicero (106 - 43 vC)	104
3.2.4.2.2 Lucius Annaeus Seneca (3 vC - 65 nC)	105
3.2.4.2.3 Marcus Fabius Quintilianus (+ 35 - ± 100 nC)	105

3.2.5 Die opvoeders van die Vroeë Christelike Tydperk	106
3.2.5.1 Jesus Christus as opvoeder-onderwyser	107
3.3 Die opvoeder gedurende die Middeleeuse Tydperk (+ 500 - + 1500)	108
3.3.1 Opvoeders in die Klooster - Katedraalskole	108
3.3.2 Enkele Middeleeuse opvoeders se sieninge van die ideale opvoeder	109
3.3.2.1 Flaceus Alcuīnus (+ 735 - 804 nC)	109
3.3.2.2 Petrus Abelardus (1079 - 1142)	109
3.3.2.3 Thomas van Aquino (1227 - 1274)	110
3.3.3 Dosente aan die Middeleeuse Universiteit	111
3.4 Die opvoeder in die Renaissance-Humanistiese Tydperk (+ 1400 - + 1600)	112
3.4.1 Die Sedelike Humaniste se beskouing van die opvoeder	112
3.4.1.1 Vittorino da Feltre (1378 - 1446)	112
3.4.1.2 Desiderius Erasmus (1466 - 1536)	113
3.4.2 Die Naturalistiese Humanisme se beskouing van die opvoeder	114
3.4.2.1 Juan Luis Vives (1492 - 1540)	114
3.4.3 Die Stilistiese Humanisme se beskouing van die opvoeder	114
3.4.3.1 Johann Sturm (1507 - 1589)	114
3.5 Die opvoeder gedurende die Protestantse Hervorming en die Teenhervorming (16 de eeu)	115
3.5.1 Die Protestantse Hervorming	115
3.5.1.1 Martin Luther (1483 - 1546)	115
3.5.1.2 Malanchton (Philippus Schwarzied) (1497 - 1560)	116
3.5.1.3 Marturin Cordier (1479 - 1564)	116
3.5.1.4 Johannes Calvyn (1509 - 1564)	117
3.5.2 Die Teenhervorming	118
3.6 Die Realisme	118
3.6.1 John Milton (1608 - 1674)	119
3.6.2 Michel Eyquem de Montaigne (1533 - 1592)	119
3.6.3 Johann Amos Comenius (1592 - 1670)	120
3.7 Die Piëtisme	120
3.7.1 August Hermann Francke (1663 - 1727)	120

3.8 Die Rasionalisme	121
3.8.1 John Locke (1632 - 1704)	121
3.9 Die Naturalisme en die Filantropisme (agtiende tot negentiende eeu)	122
3.9.1 Jean-Jacques Rousseau (1712 - 1778)	122
3.9.2 Johann Bernard Basedow (1723 - 1790)	122
3.10 Die Sielkundige rigting (negentiende eeu)	123
3.10.1 Johann Heinrich Pestalozzi (1746 - 1827)	123
3.10.2 Johann Frederick Herbart (1776 - 1841)	124
3.10.3 Friederich Froebel (1782 - 1852)	125
3.11 Die Natuurwetenskaplike rigting	126
3.11.1 Herbert Spencer (1820 - 1903)	126
3.12 Die Pragmatisme (twintigste eeu)	127
3.12.1 John Dewey (1859 - 1952)	127
3.13 'n Beknopte oorsig oor die status van die opvoeder in enkele Westerse lande in die twintigste eeu	128
3.14 Opvoeders in Derde Wêreldlande	130
3.15 Die onderwyser in die onderwysgeskiedenis van Suid-Afrika	131
3.15.1 Die onderwyser in die Vroeë onderwysgeskiedenis van Suid-Afrika	131
3.15.1.1 Die Sieketroosters (1652 - 1866)	131
3.15.1.1.1 Opleiding	131
3.15.1.1.2 Kwaliteit	132
3.15.1.1.3 Status	132
3.15.1.1.4 Tug	133
3.15.1.2 Die boeremeesters	133
3.15.1.2.1 Opleiding	134
3.15.1.2.2 Kwaliteit	134
3.15.1.2.3 Status	134
3.15.1.2.4 Dissipline	135
3.15.1.2.5 Slotsom	135
3.15.2 Die opvoeder in die laaste helfte van die negentiende eeu en in die twintigste eeu	139
3.15.2.1 Die periode 1850 - 1900	139
3.15.2.2 Die periode vanaf 1900	148
3.15.2.3 Slotsom	174

HOOFSTUK 4EMPIRIESE STUDIEBLADSY

4.1	Agtergrond tot die studie	196
4.2	Die vraelys	199
4.2.1	Samestelling van die vraelys	199
4.3	Die steekproef	201
4.3.1	Verwerking van data	206
4.3.1.1	Metode van verwerking	207
4.3.2	Bevindings en afleidings	210
4.3.2.1	Faktore wat die status van 'n onderwyser bepaal	210
4.3.2.1.1	Die onderwyser se rang	210
4.3.2.1.2	Die onderwysinrigting waaraan die onderwyser verbonde is	211
4.3.2.1.3	Die onderwyser se kwalifikasies	211
4.3.2.1.4	Die onderwyser se salaris	212
4.3.2.1.5	Die onderwyser se resultate	212
4.3.2.1.6	Die vak wat die onderwyser onderrig	213
4.3.2.1.7	Die onderwyser se vriende	214
4.3.2.1.8	Die onderwyser en buitemuurse aktiwiteite	214
4.3.2.1.9	Die onderwyser en huisbesoek	215
4.3.2.1.10	Die onderwyser se beroepsaktiwiteite	215
4.3.2.1.11	Die onderwyser en kerklike pligte	216
4.3.2.1.12	Professionele gedrag van 'n onderwyser	216
4.3.2.1.13	Die onderwyser en sy karakter	217
4.3.2.1.14	Die drankgebruik en rookgewoontes van 'n onderwyser	217
4.3.2.1.15	Netheid van die onderwyser	218
4.3.2.1.16	Die onderwyser en sy dissipline	218
4.3.2.1.17	Die onderwyser as 'n leierfiguur	219
4.3.2.1.18	Die onderwyser en beroepstrots	220
4.3.2.2	Faktore wat tot die lae aansien van die onder= wyser gelei het	220
4.3.2.2.1	Toediening van lyfstraf	220
4.3.2.2.2	Agting vir die onderwyser	221

4.3.2.2.3	Die onderwyser as die enigste alwetende	221
4.3.2.2.4	Die onderwyser en moderne media	222
4.3.2.2.5	Die keuring van persone vir die onderwysberoep	222
4.3.2.2.6	Werwing van onderwysers	223
4.3.2.2.7	Skoolreëls	223
4.3.2.2.8	Die onderwyser se dissipline	224
4.3.2.2.9	Die staat en die onderwys	224
4.3.2.2.10	Die onderwyser en burokrasie	224
4.3.2.2.11	Salarisse	225
4.3.2.2.12	Administratiewe pligte van die onderwyser	226
4.3.2.2.13	Pligsgetrouheid van die onderwyser	226
4.3.2.2.14	Onderwyser-leerling-verhouding na skool	226
4.3.2.2.15	Die werksdag van die onderwyser	227
4.3.2.2.16	Respek vir die onderwyser	227
4.3.2.2.18	Gewildheid van die onderwysberoep	228
4.4	Die onderhoud	229
4.4.1	Ontleding	230
4.4.2	Die voer van onderhoude	230
4.4.3	Afleidings en bevindings	231
4.4.3.1	Ten opsigte van die ouers	231
4.4.3.1.1	Gesindhede teenoor onderwysers	231
4.4.3.1.1.1	Die vriende van onderwysers	231
4.4.3.1.1.2	Kontak tussen onderwyder en ouer	232
4.4.3.1.1.3	Wat van die onderwyser verwag word	233
4.4.3.1.1.4	Die gedrag wat van 'n onderwyser verwag word	234
4.4.3.1.2	Opinies aangaande die gemeenskapsaktiwiteite van onderwysers	234
4.4.3.1.2.1	Gemeenskapsaktiwiteite	234
4.4.3.1.2.2	Politieke aktiwiteite	235
4.4.3.1.3	Die status van die onderwyser	235
4.4.3.1.3.1	Die beeld wat die onderwyser projekteer	235
4.4.3.1.3.2	Die taak van die onderwyser	237
4.4.3.1.3.3	Die onderwyser se dissipline	238
4.4.3.1.3.4	Die finansiële status van die onderwyser	239
4.4.3.1.3.5	Algemene stellings	240
4.4.3.2	Ten opsigte van die onderwysers	241
4.4.3.3	Ten opsigte van prinsipale en skoolbestuurders	245



4.4.4	Koördinering van bevindinge uit die vraelys en onderhoude asook uit dié van ander navorsers	245
4.4.4.1	Die onderwyser se kwalifikasies	246
4.4.4.2	Die onderwyser se salaris	246
4.4.4.3	Die onderwyser se vriende	247
4.4.4.4	Die onderwyser en buitemuurse aktiwiteite	247
4.4.4.5	Die onderwyser en huisbesoek	247
4.4.4.6	Professionele gedrag van 'n onderwyser	248
4.4.4.7	Die drankgebruik en rookgewoontes van 'n onderwyser	248
4.4.4.8	Die onderwyser en sy dissipline	248
4.4.4.9	Die onderwyser as 'n leierfiguur	249
4.4.4.10	Respek vir die onderwyser	250
4.4.4.11	Pligsgetrouheid van die onderwyser	250
4.4.4.12	Die onderwyser en burokrasie	250

## HOOFSTUK 5

### Slotson en aanbevelings

5.1	Slotson	254
5.2	Aanbevelings	256
5.2.1	Inleiding	256
5.2.2	Werwing en keuring van onderwysers	257
5.2.3	Opleiding van onderwysers	258
5.2.4	Indiensopleiding en opgradering van onderwysers	259
5.2.5	Salarisse	260
5.2.6	Diensomstandighede en diensvoorwaardes van onderwysers	260
5.2.7	Evaluering	261
5.2.8	Buitemuurse aktiwiteite	262
5.2.9	Sentralisering van skole in landelike gebiede	262
5.2.10	Professionele Raad	262
5.3	Slot	263
5.4	Gebreke van die ondersoek	264
5.5	Voorstelle vir verdere ondersoek	265
	Opsomming	265 - 269
	BIBLIOGRAFIE	271 - 311
	BYLAE	312 - 321
	TABELLE	322 - 378

VERNAAMSTE AFKORTINGS IN DIE TEKS EN VOETNOTE

A.P.O	- African Political Organization
FIOWEWO	- Formele indiensopleiding van Wiskunde- en Wetenskaponderwysers
F.O.R.	- Federale Onderwysersraad
F.R.	- Federale Raad
H.O.D.	- Hoër Onderwysersdiploma
J.P.O.S.	- Junior Primêre Onderwysersertifikaat
K.P.O	- Kaaplandse Professionele Onderwysersunie
L.P.O.S.	- Laer Primêre Onderwysersertifikaat
O.D.	- Onderwysersdiploma
P.O.D.	- Primêre Onderwysersdiploma
P.O.S.	- Primêre Onderwysersertifikaat
S.A.O.R.	- Suid-Afrikaanse Onderwysersraad
S.A.O.U	- Suid-Afrikaanse Onderwysersunie
S.A.T.A.	- South African Teacher's Association
S.G.O.	- Superintendent Generaal van Onderwys
U.T.A.S.A.	- Union of Teachers' Associations of South Africa



LYS VAN BYLAE

<u>NOMMER</u>		<u>BLADSY</u>
A	Vraelys	312
B	Onderhoud	318
C	Onderhoude met onderwysers gevoer	321



UNIVERSITY *of the*  
WESTERN CAPE

LYS VAN TABELLE

<u>NOMMER</u>	<u>BLADSY</u>
A Onderwyskwalifikasies in Suid-Afrika 1979	61
B Statusrangskikking van beroepe	80
C Maandelikse salarisse van enkele amptenare van die Kompanje	133
D Aantal skole in Ceres gebied	198
E Verspreiding van leerlinge oor die standerds	198
F Kategorieë van onderwysers volgens kwalifikasies	199
G Klerke van die betrokke streekkantore en hoofkantoor wat onderwyseraangeleenthede behartig	204
H Getal sekondêre skoolleerlinge in die ondersoek betrek	205
I Getal opleidingskollege-studente in die onderwys betrek	205
J Getal universiteitstudente in die ondersoek betrek	205
K Getalle van respondente van ander beroepe wat aan die ondersoek deelgeneem het	206
V Groepering van redes wat moontlik tot die afname van aansien van die hedendaagse onderwyser sou gelei het	240
W Onderwyseroptredes wat die ouers die meeste sal teleurstel/grief	241
X Waarom 'n leerkrag nie graag gewillig of oor-ywerig is om tuisbesoek te doen nie	242
Y Waarom 'n leerkrag nie gewillig is om betrokke by buitemuurse aktiwiteite te wees nie	243
Z Knelpunte in die onderwys wat 'n onderwyser se taak belemmer	243
1 Die woonbuurt ('n spog- of 'n subekonomiese buurt) waarin 'n onderwyser woon bepaal sy status	322
2 Die status van die onderwyser hang af van die gebied waarin die skool opgerig is	323
3 Die onderwyser se status word bepaal deur die naam wat die skool vir homself gemaak het	324
4 Die onderwyser se rang in die skoolpersoneel, bepaal sy aansien in die samelewing	325

- 5 'n Senior sekondêre-onderwyser word hoër aangeslaan as die primêreskoolonderwyser 326
- 6 Moet die opvoedkundige inrigting (universiteit, kollege) in aanmerking geneem word, wanneer die onderwyser se status bepaal moet word? 327
- 7 Eers nadat 'n onderwyser een of meer grade verwerf het, het sy aansien gestyg 328
- 8 As 'n onderwyser eers die eienaar van sy eie huis geword het, geniet hy hoë aansien 329
- 9 Die model motor (ekonomies, duur) wat 'n onderwyser bestuur, bepaal sy status 330
- 10 Die salaris van 'n onderwyser is 'n bepalende faktor van sy status 331
- 11 Die resultate wat 'n onderwyser met sy leerlinge behaal, bepaal sy status 332
- 12 Die gewildheid van die vak wat die onderwyser aanbied, bepaal sy status 333
- 13 Die leerkrigte wat "moeilike" vakke soos bv. Wiskunde, Fisika, Chemie of Latyn onderrig, geniet 'n hoër aansien as daardie leerkrigte wat betreklik makliker keusevakke soos bv. Liggaamlike Opvoeding en Bybelonderrig onderwys 334
- 14 Bepaal die onderwyser se keuse van vriende sy status? 335
- 15 Slegs die onderwyser wat 'n groot sportman is, kan van 'n hoë aansien verseker wees. 336
- 16 Die onderwyser wat aktief betrokke by buitemuurse aktiwiteite (sport, kultureel) is, geniet 'n hoë status 337
- 17 As 'n onderwyser af en toe by sy leerlinge se huise besoek aflê, sal dit sy aansien bevorder 338
- 18 Bepaal die onderwyser se betrokkenheid by beroeps-aktiwiteite (ouer-onderwyservergaderings, sportvergaderings) sy status? 339
- 19 Eers as 'n onderwyser aktief betrokke by kerklike aangeleenthede (bywoning van kerkdienste, seunsbrigade, basaars) is, sal 'n onderwyser se status styg 340
- 20 Die professionele (korrekte) gedrag van 'n onderwyser is beslis 'n bepalende faktor vir sy status 341
- 21 Karakter, reputasie en 'n "skoon" naam, bepaal 'n onderwyser se status 342

- 22 Die drankgebruik en rookgewoontes bepaal ook 'n onderwyser se status. 343
- 23 Deur net op sy persoon te wees, geniet 'n onderwyser hoër status. 344
- 24 Bepaal die feit dat 'n onderwyser dissipline kan handhaaf sowel in die skool as daar buite sy status? 345
- 25 Deur 'n leierfiguur te wees in die klas en samelewing, bepaal die onderwyser se status. 346
- 26 Beroepstrots is belangrik vir die aansien van 'n onderwyser 347
- 27 As 'n onderwyser ook nog 'n tweede of 'n derde taal vlot kan praat, sal hy 'n hoër status geniet? 348
- 28 Bepaal die feit dat 'n onderwyser al oorsee was sy algemene aansien? 349
- 29 Behoort 'n onderwyser se Godsdienstige oortuiging (of hy Protestant, Moslem, kerkloos is) sy status te bepaal? 350
- 30 Die politieke oortuiging (Arbeiders, N.P.) bepaal sy status 351
- 31 Eers as 'n onderwyser getroud is, geniet hy hoër aansien 352
- 32 Die doeltreffendheid van die onderwyser word benadeel deurdat hy deesdae nie meer lyfstraf kan toedien soos voorheen nie. 353
- 33 Die onderwyser dwing deesdae minder agting af omdat hy nie meer na opgesien word soos voorheen die geval was nie 354
- 34 Deesdae geniet die onderwyser minder aansien omdat hy nie meer die enigste alwetende "geleerde" in die samelewing is nie. 355
- 35 Die moontlikheid bestaan dat die onderwyser vandag deur moederne tegnologiese hulpmiddels (televisie, rekenaars) vervang kan word. 356
- 36 Moderne media (radio, televisie, die pers) as 'n bron van informasie het die kind sodanig "geskool" dat hy sy onderwyser se tekortkominge gou kan agterkom. 357

- 37 Die keuring van persone vir die onderwysprofessie geskied nie op 'n wetenskaplike en sistematiese grondslag nie met die gevolg dat persone met geen roepingsbewustheid in die professie gevind word. 358
- 38 Die werwing van rekrute vir die professie word deur die meer aantrekliker materiële voordele van die private sektor gekortwiek 359
- 39 Verslakte skoolreëls is 'n faktor wat tot die afname in status van die onderwyser gelei het. 360
- 40 Die effektiwiteit van die onderwyser se vermoë om dissipline te handhaaf word deur die moderne permissiwiteit belemmer. 361
- 41 Daar is aanduidings dat die staat nie genoeg neem met die swak aansien wat die onderwyserbeeld hendaags aangeneem het nie 362
- 42 Die burokratisering van die onderwys het die inisiatief van die onderwyser in 'n mate versmoor, met die gevolg dat sy status daardeur nadelig beïnvloed is. 363
- 43 Die onderwyser van vandag se behepthed met salarisse strek die beeld van die onderwys nie tot eer nie. 364
- 44 Al die administratiewe verpligtinge wat aan 'n onderwyser opgedra word beperk eintlik sy primêre plig om les te gee. 365
- 45 Benewens sy daaglikse taak het die onderwyser ook nog buitemuurse aktiwiteite waarmee hy moet help en dit is beslis hinderlik 366
- 46 Vandag se onderwyser tel die dae wanneer dit weer vakansie sal wees. 367
- 47 Die onderwyser is nie meer veel bekommerd oor die doen en late van die skoolkind ná skool nie 368
- 48 Die onderwyser kla nooit oor die feit dat hy slegs vir 'n halwe dag werk nie. 369
- 49 Die onderwyser self doen bitter min vir die skool en verwag altyd dat die staat of die gemeenskap moet help. 370

- 50 Die feit dat die gemeenskap nie veel respek vir die onderwyser het nie, het bygedra tot die lae aansien wat deesdae jeens die onderwyserbeeld gekoester word. 371
- 51 Die hedendaagse onderwyser word meer en meer gedwing om sy benadering tot die onderwys eksamen-gerig aan te pas as om na die geestelike en morele opheffing van sy leerlinge om te sien. 372
- 52 Die totstandkoming van 'n onderwysersvereniging het grootliks daartoe bygedra dat die status van die onderwyser in aansien toegeneem het. 373
- 53 Ek sal my kinders aanmoedig om eendag onderwyser te word. 374
- 54 Onderhouddata ten opsigte van die status van die onderwyser 375





## HOOFSTUK 1

### INLEIDING

#### 1.1 Algemene inligting

'n Waarheid wat dikwels aangehaal word is dat die onderwyser die spil is waarom die onderwys met al sy aspekte uiteindelik draai. Onderwysfasiliteite wat grootliks tot die sukses van die onderwysproses bydra, word wel voorsien, maar daar word dikwels gesê dat sonder die inspirerende aandeel van die entoesiastiese, bevoegde en toegewyde onderwyser daar geen sweem van ware onderwys kan wees nie.

Die taak waarmee die onderwyser gemeed is, was nog altyd 'n swaar en veeleisende een. Die veranderinge - ekonomies, maatskaplik en kultureel - wat in resente tye in die lewens van landsburgers plaasgevind het, het egter groter eise aan die onderwyser gestel. Hierdie eise moet nietemin nagekom word as die skool sy funksie as 'n moderne instrument van onderwys wil vervul.<sup>1)</sup>

Om hierdie uitdagings die hoof te bied, het dit gebiedend noodsaaklik geword dat die onderwyser te alle tye 'n aanvaarbare status moet handhaaf. Statusverryking kan verkry word deur die voornemende onderwyser akademies goed toe te rus, hom aan die heilsame en opvoedende invloede van 'n omvattende opleiding vir 'n betreklike lang tydperk bloot te stel, aan die goedgekwalifiseerde onderwyser 'n kompeterende salaris te betaal en aan hom gunstige diensvoorwaardes en diensomstandighede te bied.

'n Bevredigende professionele werksklimaat vereis op sy beurt dat die onderwyser 'n gesonde gesindheid en houding teenoor die onderwys moet koester. Sy professionele optrede moet gekenmerk word deur hoedanighede soos professionele aanspreeklikheid, integriteit, trots, effektiwiteit, idealisme, gesag, kollegialiteit, altruïstiese dienslewering, die regte houding van diensbaarheid te handhaaf en waardigheid

wat eerbied by ander sal wek. Verder behoort sy houding deur hoë ideale gelei en deur professionele etiek beïnvloed te word. Om dit anders te stel: die onderwysowerheid se verantwoordelikheid is om die werksomstandighede te verskaf, terwyl die beroep self die klimaat skep waarin die onderwyser sy taak op so 'n wyse verrig dat die beroep in alle opsigte as 'n professie bestempel kan word.<sup>2)</sup>

Regoor die wêreld word by onderwysers en opvoedkundiges 'n vurige belangstelling in hul status bespeur. Elke moontlikheid word intensief ondersoek om die status van die onderwyser en sy beroep te bevorder en dit op 'n vlak te bring wat ooreenstem met die aansien wat aan die ander erkende professies toegeken word.<sup>3)</sup>

'n Moontlike rede waarom die beroep nog nie met 'n hoë status beklee kan word nie, is die feit dat daar by die breë publiek nog die onsekerheid bestaan of die onderwys 'n professie is, al dan nie.

Kritici aan die negatiewe kant noem 'n gebrek aan outonomie en intensiewe kennisbasis as besware waarom die onderwys nie as 'n professie erken kan word nie.<sup>4)</sup> Tot hierdie faktore moet ook gevoeg word die onbekendheid van die beroep by 'n groot deel van die publiek, die langsame ontwikkeling van die onderwys tot 'n selfstandige beroep en die aantal ongekwalfiseerde persone wat tot die huidige tyd die onderwys nog beman.<sup>5)</sup>

Nieteenstaande die negatiewe kritiek wat deur sommige uitgespreek word, is daar diegene wat hulself met die positiewe sy vereenselwig en dus aanvaar dat die onderwys 'n professie is en statuserkenning moet geniet. Die feit dat onderwys ook as die moederprofessie bekend staan, is genoegsame rede waarom dit slegs met die hoogste agting bejeën moet word.<sup>6)</sup>

Ter verdere verduideliking kan hier na twee aspekte van die status-konsep verwys word, nl. objektiwiteit en subjektiwiteit. Objektiwiteit het te make met die waarde wat die maatskappy aan status toeken en subjektiwiteit dui die posisie van die statusbeksleër aan. Laas-

genoemde is 'n variant wat deur die bekleër se eie toedoen verhoog of verlaag kan word.<sup>7)</sup>

Verder is status in wese tydgebonde en gemeenskapsgebonde. Dit het nie net van een gemeenskap tot 'n ander verskil nie, maar het dwarsdeur die geskiedenis gefluktueer. Meer detail ten opsigte van hierdie verskynsel sal in hoofstuk 3 gegee word.

In die volgende deel van hierdie hoofstuk sal daarop gewys word dat ten spyte van die lae statusposisie wat aan die vroeë onderwyser toegeken is, die gemeenskap tog na hom opgesien het. Sy arbeidsveld was die gemeenskap en die kinders van die gemeenskap. In sy daaglikse kontak op alle terreine met hulle het hy gesindhede opgebou wat slegs tot voordeel van sy beeld kon strek. Derhalwe kan dit met 'n mate van vertroue gestel word dat die vroeë onderwyser met hoë aansien deur die gemeenskap bejeën is.

#### 1.2 Omlýning van die probleem

Die toestande waaronder die vroeë onderwyser sy onderwystaak moes uitvoer, soos uitgebeeld in die onderwysgeskiedenis van Suid-Afrika, was nie bevorderlik vir sy status nie. Hy moes tevrede wees met swak werksomstandighede, ongunstige en ontoereikende diensvoorwaardes en te meer nog was hy direk of indirek die werktuig van die staat wat sy aspirasies nie goedgesind was nie.

Nieteenstaande sy lae status het die onderwyser 'n hoë aansien in die samelewing geniet. As 'n gerespekteerde leier kon hy sy werksaamhede onder sy mense met die grootste vrymoedigheid en liefde voortsit. Die oorsake en redes vir hierdie hoogaangeskrewe waardering is in 'n historiese konteks te vinde.

As 'n terugblik op die lang pad wat die onderwysgedagte oor die eeue heen span, gegee word, is dit betekenisvol opvallend hoe die mees-ter van ouds op alle gebiede van die gemeenskapslewe die leidende rol moes speel.

Aan die begin was die eerste skole eintlik sending- of kerklike instansies. Hierdie sedelik-godsdienstige benadering was in sy aard en wese meer maatskaplik ingestel in die sin dat dit gemik was op die algehele opheffing en opvoeding van die gemeenskap in al sy vertakkings en lae.

Die skool was die eintlike spil waarom die behoeftes en belange van die sukkelende gemeenskappies gedraai het. Dit het die vertrekpunt geword van waar aanvalle teen die dreigende magte van die dui-ternis wat die sedes ondermyn, geloods is. Desgelyks het Meester soos 'n wakker brandwag stelling ingeneem om die gemeenskap se sedes te beskerm. Dit het meegebring dat sy funksies op 'n breër lees geskoei was as wat tans die geval is. Met een woord was hy die moedige dienaar van beide kerk en skool - 'n man van die mense in die breë gesien. Vanweë sy algehele beskikbaarheid en gere- delike bekikbaarheid, het hy juis baie na-aan die gewone man be- weeg, net soos die predikant. Te alle tye was hy die onwrikbare skakel met die gesag daarbuite.

Vanweë die feit dat hy een van die min geleerdes in die gemeenskap was,<sup>8)</sup> miskien die enigste wat oor 'n radio beskik of vir 'n koerant ingeteken het,<sup>9)</sup> was Meester in staat om in alle fasette van die lewe van sy mense te kon ingryp. Oor die algemeen was hy vir sy afgesonderde gemeenskap die gewillige raadsman,<sup>10)</sup> briewe- skrywer en spreekbuis. As daar teen die staat of die kerk gekla moes word, was Meester die aangewese persoon om vir die verslae van hart in te tree. Smiddae na skool kon hy ook nog die nodige tyd vind om die winkeltjie se boeke te doen.<sup>11)</sup> Hy het midde in sy gemeenskap gestaan.

Ook as iemand wat as voorstander van die moraliteit moes optree, kon hy dit nie waag om enigsins wêreldgesind te raak, sonder om die gramskap van die publiek op die hals te haal nie. Hy moes gedurig hard stry teen die versoeking om anderkant die draad afleiding te gaan soek, want die eise van die moraliteit weeg swaar : nie wat ek sê nie, maar wat ek doen.

Die onbaatsugtige diens wat hy vir sy medemens kon lewer en die wyse waarop hulle hul waardering daarvoor bewys het, het vir Meester "gedien as spoorslag tot nóg groter offervaardigheid en nóg beter diens".<sup>12)</sup> Dat ons stoere voorgangers in hierdie plig met welslae kon slaag, strek tot hulle ewige eer.

Die status van die onderwyser het egter nie staties gebly nie. Soos die jare aangeloop het, het dit drupsgewyse verbeter. Die relatief hoë status wat die onderwyser hedendaags geniet, het nie vanself gekom nie. Deur agitاسie, konfrontاسie en samesprekings het die lot van die onderwyser al beter daar uitgesien totdat hy vandag in 'n mate op hoë status aanspraak kan maak.

Eers toe die onderwyser feitlik geen status gehad het nie, was hy nogtans as 'n gerespekteerde persoon met 'n hoë aansien, geag. Deesdae geniet hy 'n hoër status, maar blykbaar nie dieselfde aansien nie.

Die Republiek van Suid-Afrika, 'n Derde Wêreldland, is ver op die gebied van die tegnologie gevorder en het derhalwe die beste geskoolde tegnisi nodig om die standaard van ontwikkeling te handhaaf. Dit sal inderdaad 'n rede tot kommer wees as 'n afname te bespeur is in die aansien wat die onderwyser voorheen geniet het.

Die status van die onderwyser, spesifiek in Suid-Afrika, word in Hoofstuk 3 behandel.

Hierdie ondersoek is daarop gemik om moontlike redes wat aanleiding tot die beweerde lae aansien wat die onderwyser sou geniet, te bepaal en meer spesifiek is dit 'n poging om 'n waardebeplaling van die status van 'n plattelandse onderwyser in die Ceres-Tulbagh-gebiede te maak.

### 1.3 Die doel van hierdie ondersoek

Uit onderhoude en terloopse gesprekke met individue uit verskillende beroepsfere, die onderwys uitgesluit, het 'n duidelike negativisme

jeens die onderwysprofessie geblyk. Selfs binne die onderwyserkorps is 'n mate van pessimisme te bespeur oor die aansien van die onderwyser.

In onlangse tye het daar 'n stadiggroeiende onderwysertekort, veral op natuurwetenskaplike gebied, plaasgevind en blykbaar kan dit onder andere aan die moontlike afname in die aansien van die onderwyser toegeskryf word.

In hierdie studie word beoog om vas te stel watter faktore die aansien van die onderwyser binne 'n lokale opset bepaal en watter beeld van die onderwyser deur die publiek gehuldig word. Die voorlopige hipotetiese faktore wat die status van die onderwyser bepaal, behels meer as net kurrikulêre doeltreffendheid, onder andere ook buite-kurrikulêre doeltreffendheid, persoonlikheids- en karaktereienskappe en sy professionele ingesteldheid.

Die hipotese van die ondersoeker is dus dat die onderwyser deesdae nie juis 'n hoë aansien geniet nie en dat die beeld wat buite die skool van die onderwyser gehuldig word, ietwat negatief is.

Derhalwe dien hierdie ondersoek om die opinies wat deur geselekteerde respondente gehuldig word, te lys en terselfdertyd word 'n poging aangewend om vas te stel volgens die response, of die aansien van die onderwyser afgeneem het, al dan nie, en of die verskynsel van onderwyserstatus beskou kan word as 'n moontlike rede vir die onvermoë om die beste kandidate vir die professie te trek.

#### 1.4 Afbakening van terrein

Die terrein wat gedek is om 'n sinvolle beeld van die status van die onderwyser te gee, kan gerieflikheidshalwe onder twee opskrifte saamgevat word nl. 'n historiese ondersoek en 'n empiriese ondersoek.

##### 1.4.1 Historiese ondersoek

Die historiese ondersoek word ingelei deur 'n algemene oriënterende



beskrywing van die status van die onderwyser wat gevolg word deur 'n omlýning van die probleem en die doel wat met hierdie ondersoek bereik wil word (Hoofstuk 1).

In die tweede hoofstuk word daar verder gegaan om die status van die onderwyser in perspektief te stel. Aspekte wat in hierdie hoofstuk aangesny word, sluit in 'n verklaring van die begrip "status", die onderwyser se plek in die samelewing, faktore wat sy status bepaal, moontlike redes wat tot die afname van die onderwyser se aansien in die samelewing gelei het, en 'n kort oorsig oor navorsing wat alreeds in hierdie verband gedoen is.

'n Oorsig van die historiese perspektief van die status van die onderwyser word in Hoofstuk 3 gegee. Vanaf die vroegste tye tot in die twintigste eeu word die onderwyser se status nagespeur. Die ontwikkeling van die status van 'n onderwyser in Suid-Afrika vorm 'n integrale deel van hierdie hoofstuk.

Die belangrikheid van hierdie hoofstuk lê opgesluit in die feit dat ons 'n persepsie moet hê van wat die status van die onderwyser in die verlede was en daardie beeld moet deurtrek na die hede. Daarna kan 'n moontlike projeksie vir sy status in die toekoms gemaak word.

Sonder enige kennis van sy verlede en veral kennis van sy diensvoorwaardes en diensomstandighede, sal dit hoegenaamd nie moontlik wees om 'n toekomsprojeksie van sy status te kan maak nie, siende dat sy status juis deur sekere faktore wat sy diensvoorwaardes en diensomstandighede insluit, bepaal word. Dit is opvallend as daar na die status van die onderwyser in historiese perspektief gekyk word hoedat 'n verbetering ofte wel 'n opheffing van status plaasgevind het namate die milieu waarin hy gewerk het en veral sy salaris, in 'n mate verbeter het. Die historiese ondersoek dien as grondslag vir die empiriese ondersoek wat hierna beskryf word.

#### 1.4.2 Empiriese ondersoek

'n Empiriese ondersoek van die status van die onderwyser word in Hoofstuk 4 gemaak. Die vraelys- en onderhoudmetodes word behandel, die opstel en toepassing van 'n vraelys en die onderhoud en die bevindinge wat daaruit voortspruit.

In die laaste hoofstuk word tot 'n slotsom geraak en aanbevelings om die status van die onderwyser te verhef, word aangevoer.

#### 1.5 Metode van ondersoek

##### 1.5.1 Historiese ondersoek

Die historiese ondersoek is aan die hand van die historiese metode van ondersoek gedoen. In hierdie deel van die studie is gebruik gemaak van navorsing asook amptelike en nie-amptelike bronne om die status van die onderwyser in 'n internasionaal historiese konteks te ontleed.

Sover dit die onderwysgeskiedenis van Suid-Afrika betref, is slegs op die status van die Blankes en van die Kleurlinge<sup>13)</sup> gekonsentreer. Om ook nog die ontwikkeling van die status van die onderwysers van die ander bevolkingsgroepe te ontleed, sou 'n reuse taak gewees het.

##### 1.5.1.1 Amptelike Dokumente (Primêre bronne)

Die volgende amptelike dokumente is nageslaan: Die S.G.O.-inspeksieverslae en Departementele korrespondensie in die staatsargief in Koningin Victoriastraat, Kaapstad, die S.G.O.-Jaarverslae en onderwysgasette in die Suid-Afrikaanse Biblioteek te Kaapstad, opgawes, statistiek, omsendminute, en Jaarverslae van die Departement van Onderwys en Kultuur (Kleurlingsake).

##### 1.5.1.2 Nie-amptelike Dokumente (Sekondêre bronne)

Vir hierdie ondersoek is geskiedkundige publikasies in die



Opvoedkunde, wetenskaplike tydskrifte en artikels en die publikasies van navorsers en akademici ter plaatse sowel as internasionaal geraadpleeg.

Die naslaanwerke van die volgende inrigtings is ook gebruik: die biblioteek van die Universiteit van Wes-Kaapland en die interbiblioteekdiens van dieselfde universiteit, die biblioteek van die Universiteite van Kaapstad en Stellenbosch en die Suid-Afrikaanse Biblioteek te Kaapstad.

#### 1.5.2 Empiriese Onderzoek

Vir die empiriese ondersoek is daar besluit om van die vraelys=ondersoek gebruik te maak ten einde van die verlangde inligting in verband met die status van die onderwyser in te win. Die inligting is van respondente in hoofsaaklik die Ceres-Tulbagh-gebied verkry en is gebruik om die status van 'n plattelandse onderwyser te bepaal.



VOETNOOTLYS – HOOFSTUK 1

1. Report of the Coloured Education Commission 1953-1956, p.46
2. Van Loggerenberg, N.T.: Hoekstene vir professionele beheer, p.3. Die Oranje Vrystaatse Onderwyser Deel 72 nr. 3, Maart 1982
3. Lambrecht, H.A.: Die status van die Onderwyser. Openingsrede van die voorsitter voor die S.A.O.U.-kongres, 1964, p.78
4. Anglin, Leo W.: Teaching. What it's all about, p.324
5. Lambrecht, H.A., op.cit., p.79
6. Ibid., p.80
7. Du Plessis, J.C.: Die somtotaal van die onderwysprofessie se status, pp. 728, Die Skoolblad Deel LIV no. 5 Mei 1966
8. Redaksioneel. Die status van die onderwyser, p.2, The Teacher vol. 51 1963
9. Do Pokoy, F.J.P.: Grootmeester, p.25, Educatio Tydskrif van die Kaaplandse Professionele Onderwysunie Tweede Kwartaaluitgawe Vol. X nr. 3 1986  
Vgl. Spies, J.F.: Die onderwyser. Die bouer van 'n nasie, p.28, Die Skoolblad no. 9 Sept. 1967
10. Koen, A.J.: Die taak van die onderwyser in die Republiek, p.24, Transvaalse Bulletin vol. VI no. 1 Maart 1961
11. Du Plessis, J.C.: Onderwys en die onderwysprofessie in die donker dertiger jare, p.16, Die Skoolblad Deel LIII no. 4 April 1965
12. Redaksioneel. Die aansien van die onderwyser en die onderwys, p.1, Die Unie Jg. 69 no. 11 Mei 1966
13. Die term "Kleurling" soos deurgaans in hierdie verhandeling gebruik, is gebaseer op die definisie soos vervat in Deel Vyf van die Bevolkingsregistrasie Wet van 1950 en die aanwysing daarvan moet geensins aanvaar word as die skrywer se sienswyse nie.

HOOFSTUK 2DIE ONDERWYSER SE STATUS IN PERSPEKTIEF2.1 Begripsverklaring

Oor die afgelope aantal jare het die konsep "status" die onderwerp van intensiewe analise deur maatskaplik-wetenskaplikes geword.

Dit word nie altyd op dieselfde wyse gedefinieer of gebruik nie, maar die onderskeie definisies en gebruike bevat 'n gemeenskaplike kernbetekenis wat hier van belang is.<sup>1)</sup>

Die woord "status" soos vervat in die titel, het sy ontstaan blykbaar as 'n regsterm gehad,<sup>2)</sup> maar die gebruik daarvan het uitgebrei om later ook 'n sosiale betekenis te verkry. Die studie van sosiale status is by uitstek die terrein van die sosiologie en dit gaan oor die posisie van 'n individu met betrekking tot ander individue of die individu se posisie binne die maatskaplike stelsel.<sup>3)</sup>

Thurlow is van mening dat, in 'n sosiologiese konteks, die woord op twee verskillende wyses, dog somtyds in relasie met mekaar, gebruik kan word.

Eerstens mag dit gebruik word om sosiale posisie aan te dui. Die tweede gebruik wat meestal in omgang is, hou verband met 'n dimensie van sosiale stratifikasie wat op ongelyke verdeling van sosiale prestige of aansien gebaseer is en wat 'n kenmerk van elke samelewing of gemeenskap is.<sup>4)</sup>

Davis sê dat wanneer ons aan sosiale stratifikasie dink, het ons in gedagte groeperings wat verskillende posisies in die sosiale orde okkupeer en wat verskillende hoeveelhede prestige geniet.<sup>5)</sup>

Dit word gemanifesteer in die bestaan van boonste en onderste sosiale lae.<sup>6)</sup>

Dus kan gesê word dat stratifikasie deur status hand aan hand gaan met 'n monopolisering van ideale en materiële goedere of geleenthede.<sup>7)</sup> As die ekonomiese status van die lede van 'n gemeenskap ongelyk is, as daar tussen hulle beide rykes en armes is, is die gemeenskap ekonomies gestratifiseer.<sup>8)</sup>

Ross verklaar dat statusse of sosiale posisies eenhede van sosiale organisasie is. Statusse word in range ingedeel; sommige word hoër as ander geag. Die rang van 'n status word oor die algemeen in terme van prestige, mag of finansiële vergoeding uitgedruk.<sup>9)</sup>

Verskille tussen mense is so belangrik dat elkeen neig om te soek vir die variasies en range wat sal help om homself te definieer.

Sosioloë is veral geïnteresseerd in die neiging van persone om hulself volgens spesifieke kriteria in range in te deel, met die gevolg dat die gemeenskap gestratifiseer is of in 'n aantal lae verdeel is.

Die kriteria wat gebruik word, sluit in:

- i. rykdom, of hoeveelheid van die gemeenskapsbronne hulle besit;
- ii. prestige, of die graad van sosiale eer wat hul posisie in die gemeenskap oproep en
- iii. mag, of die graad waartoe hulle aan ander kan voorskryf as gevolg van die voorafgaande faktore. Die mense rangskik nie net hulself nie, maar neig ook om mekaar in range in te deel volgens dieselfde kriteria.<sup>10)</sup>

Soos Thurlow, verklaar Rhoodie dat 'n kenmerk van alle samelewings is dat dit gedifferensieerd is. Hierdie differensiasie word weerspieël in die posisie wat elke persoon in die samelewing inneem. Sodanige sosiale differensiasie is hoofsaaklik gebaseer op ongelykheid wat vergoeding, regte, prestige, gesag, verpligtinge en mag betref en wat uitgedruk kan word as hoër, laer of gelyk. Hy noem so 'n sosiaal-gedifferensieerde posisie - status.<sup>11)</sup>

Sosiale status hou duidelik verband met die breër patroon van sosiale stratifikasie in die Westerse samelewings in terme van rykdom en mag, maar dit is nie noodwendig konkruent met klassestruktuur nie, aangesien sosiale status onafhanklik kan varieer.<sup>12)</sup>

Vir Max Weber beteken status (ständische lage) 'n doeltreffende eis tot sosiale aansien in terme van positiewe of negatiewe privilegie. Dit is gefundeer op 'n styl van lewe; formele onderwys wat empiriese opleiding of rasionale onderrig kan wees, en die ooreenstemmende vorms van gedrag; en oorerflike of beroepsprestige.

In die praktyk word status uitgedruk deur konnubium (ondertrouery), kommensaliteit en moontlik monopolistiese toe-eiening van geprivilegeerde wyses van aanskaffing.<sup>13)</sup>

Status mag afhang van, of as basis hê, 'n klasseposisie van 'n duidelike of onregstreekse soort. Nogtans word dit nie uitsluitlik daardeur gedetermineer nie. Geld is nie in sigself 'n statuskwalfikasie nie, alhoewel dit daartoe mag lei. Omgekeerd is 'n gebrek aan eiendom nie in sigself 'n diskwalifikasie vir status nie, hoewel dit 'n rede daarvoor mag wees.

Aan die anderkant mag status 'n klasposisie beïnvloed sonder om daarmee identies te wees. Die klasposisie van 'n offisier, 'n staatsamptenaar of 'n student mag grootliks varieer ooreenkomstig hul welstand en tog nie tot 'n verskil in status lei nie, aangesien opvoeding en onderwys 'n gemene styl van lewe skep.<sup>14)</sup>

Maar dis nie altyd dat 'n persoon se status gemeet word aan mag en rykdom nie. In sommige gevalle geniet 'n persoon hoë status slegs op grond van 'n hoë ouderdom of selfs op grond van ander hoedanighede, bv. aantreklikheid, durf, fisieke krag en intelligensie.<sup>15)</sup>

Daar is ook statusverskille op te merk. Een daarvan is dat dit verwag word dat die beroepbeoefenaars van die onderskeie statusse 'n spesifieke wyse van handeling moet openbaar. M.a.w., elke be-

oefenaar se professionele optrede sal noodwendig gedifferensieerd moet wees in ooreenstemming met die professie waarvan hy lid is. Statusdifferensiasie impliseer derhalwe verskille in gedragsverwagtinge wat ook as rolverwagtinge bekend staan.<sup>16)</sup>

Die wyse waarby 'n persoon status verkry, is 'n beslissende kenmerk van 'n stelsel van stratifikasie. Status kan of toegeskryf of verworf word.

- a. Toegeskrewe Status: Iemand word 'n status toegeskryf; aangewys of hy erf dit soos in die geval van 'n prins wat deur opvolging 'n koning word. Geen verwysing na die persoon se ingeskape verskille of bekwaamhede word gemaak nie.<sup>17)</sup>
- b. Verworwe Status: Hiermee word bedoel die bereiking van 'n posisie deur eie inspanning. In populêre terme is hierdie die onderskeid tussen die verkryging van 'n posisie vanweë wie jy is teenoor wat jy kan doen of gedoen het.<sup>18)</sup>

Nadat daar na die begrip status in sy breë konteks gekyk is, sal die ondersoeker hom nou bepaal by die betekenis wat in woordeboeke nageslaan kan word. In The Oxford English Dictionary word status beskryf as: "The legal standing or position of a person as determined by his membership of some class of persons legally enjoying certain rights or subject to certain limitations, condition in respect, e.g. of liberty or servitude, marriage or celibacy, infancy or majority."<sup>19)</sup> 'n Meer beknopte definisie word in H.A.T. aangetref waar dit aangegee word as stand (regs) toestand, staatkundige of maatskaplike posisie; kwalifikasie.<sup>20)</sup>

Die Webster's Third New International Dictionary gee 'n ewe saaklike beskrywing wanneer dit status aandui as 'n "posision or rank in relation to others".<sup>21)</sup>

In die De-Lange-verslag word status gedefinieer as die agting (prestige, aansien) en respek wat 'n persoon geniet.<sup>22)</sup>

In hierdie ondersoek sal egter volstaan word met die begrip status waar dit aansien, posisie of stand in die samelewing aandui en ver-

al waar status, agting en aansien eienskappe of kwaliteite is wat nou saamhang met dienste wat deur deskundiges gelewer word.<sup>23)</sup>

Nadat daar nou meer duidelikheid omtrent die begrip status verkry is, sal daar nou probeer word om vas te stel watter status die onderwyser in die samelewing geniet en wat van hom verwag word as hy met 'n hoër status bejeën wil word.

## 2.2 Die plek van die onderwyser in die samelewing

Die onderwyser se rol in die skool, die rol wat die ouer verwag wat hy binne sowel as buite die skool moet speel, asook sy betrokkenheid met en invloed wat hy op die gemeenskap uitoefen, is faktore wat grotendeels sy prestige in die samelewing bepaal.

Die samelewing staan krities en skepties teenoor die werk van die onderwyser, wil voorskriftelik teenoor hom optree, hou 'n wakende oog oor sy sedes en handeling, is nie al te gretig om sy lof te verkondig as die kind goed presteer nie, maar laat gou van hulle hoor en wil die fout dikwels by die onderwyser soek as die kind nie na wense vorder nie. Binne die raamwerk van hierdie beperkinge moet die onderwyser sy daaglikse taak verrig, want daarvolgens word die sienswyse wat die samelewing jeeens die onderwyser koester, gevorm.

### 2.2.1 Die onderwyser se verantwoordelikheid teenoor die samelewing

Die onderwyser se gemoeidheid met die kind in die skool het hom in noue verwantskap met die ouergemeenskap gebring. Hy het derhalwe 'n belangrike rol in die gemeenskap te vervul en dit is juis daardie rolvervulling wat die onderwyser se aansien in die gemeenskap grootliks beïnvloed.

Bloot deur na enkele tendense in die onderwys in die breë te kyk, soos wat hierna volg, sal dit duidelik word hoe verantwoordelik die onderwyser jeeens die samelewing moet wees. Die status wat



die gemeenskap dus aan die onderwyser toeken sal afhang van die mate van sukses waarmee hy die gemeenskap kan oortuig van die belangrikheid van sy betrokkenheid.

Die hoofrede vir sy gemeenskapsbetrokkenheid is om die doelstellings van die skool aan die ouers bekend te maak, wat daarop neerkom dat die onderwyser die skoolkurrikulum sodanig moet saamstel of implementeer dat die doelstellings daardeur verwesenlik kan word.

Uiteraard word dit veronderstel dat die onderwyser op hoogte moet bly met die jongste verwikkelinge sodat die kurrikulum voortdurend aangepas kan word om in lyn te bly met die nuutste tendense.

Verder word van die onderwyser verwag om die leerlingaktiwiteite asook sy administratiewe verpligtinge in oorleg met die skool se doelwitte te beplan.

Dit is belangrik dat die onderwyser aan die besluitnemingsprosesse moet deelneem wanneer dit oor onderwysaangeleenthede binne skoolverband gaan. Hy is immers die persoon wat presies sal weet watter leemtes in die skool bestaan en kan onderwysprogramme aanbeveel wat bevorderlik vir die samelewing in die algemeen sal wees.

Die onderwyser moet ook bedag wees op die eise wat die gemeenskap en industrie aan die skool stel. Die gemeenskap is byvoorbeeld bekommerd oor vroeë skoolverlating sodra die kind nie meer aan skoolplig onderhewig is nie. Andersyds wil die private sektor weet waarom die skool nog steeds akademiesgeoriënteerd is terwyl die wêreld op tegnologiese gebied al ver gevorderd is.

Die bevolkingsontploffing in samehang met die snelle groei van outomatisasie en die tegnologie neig om 'n groot deel van die lewe in vandag se massasamelewing onpersoonlik te maak. Die gevolg is dat aan die onderwyser meer verantwoordelikheid gegee word om die kind te help om hom in aanraking met sy omgewing te bring.<sup>24)</sup>



Die mees verbysterende taak wat die onderwyser in die gesig staar, is om opgewasse te wees teen verandering. Dinge verander so vinnig dat dit moeilik is om verandering te verstaan.<sup>25)</sup>

In die verlede was historiese veranderinge maar stadig en het dit nie ooglopende generasiediskontinuiteit tot gevolg gehad nie. In hierdie eeu is die wêreld te midde van spoedige, grootskaalse en somtyds ontwrigtende veranderinge en dit mag selfs groter probleme vir die jeug van onderontwikkelde lande veroorsaak.<sup>26)</sup>

Die wetenskap en tegnologie stel nuwe en toenemende eise aan die onderwys. Om in staat te wees om tred te hou met die snelle veranderinge van hierdie tegnologiese era, is deeglike onderwys noodsaaklik.

Behalwe dat die skoolkind onderrig moet word ten einde hom in 'n bepaalde rigting te stuur, is 'n ander vereiste dat die skool 'n wyse en vitale volwasse onderwysprogram moet aanbied.

Die vinnige veranderinge in die werk en arbeidopleidingsvereistes, eis dat volwassenes die geleentheid gebied moet word om met die tegnologiese vooruitgang in hul werk en professies by te hou.<sup>27)</sup> Werkers wat deur tegnologiese verandering verplaas is, moet heropgelei word.<sup>28)</sup>

'n Verandering in die onderwys het noodsaaklik geword. Die kurrikula moet voortdurend verander en aangevul word en nuwe en meer moderne onderwys hulpmiddels en toerusting moet ontwikkel word. 'n Groot deel van die nuwe pedagogiek word op die veronderstelling gegrond dat leerlinge nie leer nie aangesien onderwysers selde daarin slaag om hul verbeelding en belange vas te vang en dat leerplanne by die individuele verskille van elke kind aangepas moet word. Die onderwyser moet ook weer geskool word as hy daarin wil slaag om die hedendaagse uitdagings die hoof te bied.<sup>29)</sup>

Die groot taak van die skool en die onderwyser sal dan wees om die gewone burger bewus te maak van die sosio-ekonomiese impak van

die wetenskap en tegnologie.<sup>30)</sup>

In die meeste ontwikkelde lande het die aard en die karakter van die samelewing verander. Dramatiese veranderinge ten opsigte van die skool se rol in die moderne Amerikaanse samelewing, vereis 'n nuwe konsep van die verhouding van die skool teenoor die samelewing wat dit dien.<sup>31)</sup>

Die uitgebreide rol van die skool is sigbaar in die ruimer kurrikulum wat voertuigbestuurderopleiding, ruimtewetenskap en elektronika asook allerlei ander vakke insluit. Onderwys en in hoofsaak onderwys in die wetenskappe het in die afgelope dekade 'n nasionale onderneming met direkte implikasies vir nasionale verdediging, selfs vir nasionale voortbestaan, geword.<sup>32)</sup>

In die lig van hierdie ontwikkelinge, is die onderwysonderneming nie langer 'n "geslote korporasie" wat deur professionele persone bedryf word nie. Die tradisionele verhoudingsprogram van die skool wat bestaan het uit die "vertelling en bemerking" van die onderwys aan die samelewing, is verouderd. Die leke van die publiek word geïnteresseerde deelnemers aan die onderwysonderneming en word bewus van die belangrike rol wat hulle kan en behoort te speel in die moderne onderwys. Die konsep, om kort te wees, is gedeeltes besit van die onderwysonderneming.<sup>33)</sup>

Verder beklemtoon hierdie konsep die onderwysprinsiep dat die skool 'n integrale deel van die samelewing wat dit dien, behoort uit te maak. Dit het 'n unieke funksie te vervul, maar een wat nou verbind is met die aktiwiteite van die gemeenskap. As die skool doeltreffend moet dien, moet dit bewus wees van sosiale en ekonomiese ontwikkelinge wat in die samelewing plaasvind en wat in baie gevalle 'n weerkaatsing van die staat en nasionale neiging is.<sup>34)</sup>

In bykans elke faset van die samelewing word 'n mate van magstruktuur aangetref. Die mag is gewoonlik van 'n ekonomiese, politieke of sosiale aard hoewel dit in sommige gevalle inderdaad fisies in vorm is.

Die magstruktuur van die samelewing oefen sy mag uit om hoofsaaklik te probeer om die samelewing te beïnvloed om besluite te neem wat met sy eie selfsugtige oogmerke saamval. Moontlik is die vernaamste wapen van die tipiese struktuur die beloning wat vir insiklikheid aangebied word.

Die belange en handeling van die magstruktuur van die gemeenskap waar dit ook al voorkom, selfs in 'n rudimentêre vorm, sal ondermydelik inbreuk op die skool en sy werking maak.

Die skool is of behoort 'n vitale publieke inrigting te wees met verreikende invloed in die gemeenskap. Dit behartig sake wat van diepgaande belang vir die magstruktuur kan wees.

Die skool moet ten alle koste volkome onafhanklikheid van die magstruktuur of enige ander drukgroep handhaaf. Op die publieke skool rus die verantwoordelikheid om al die lede van die gemeenskap sonder vrees of favoritisme te bedien. Dit is op hierdie punt waar die verantwoordelike en professionele onderwyser sy standpunt moet inneem. Daar is aspekte van die skoolorganisasie en skoollewe wat net nie onderhandelbaar is nie en dit moet deur almal duidelik verstaan word. Die handhawing van hierdie beginsel is nie alleenlik die inherente verantwoordelikheid van die skool as 'n demokratiese inrigting nie, maar is essensieel vir gemeenskapondersteuning en publieke vertroue.<sup>35)</sup> Volgens tradisie het die Amerikaanse gesin 'n ekonomiese, religieuse, opvoedkundige, beskermende en ontspanningsfunksie verrig. Die plattelandse gesin het op eie pogings gesteun om dienste wat nou deur ander gemeenskapsinstansies uitgevoer word, te voorsien.

In die tradisionele gesin by die wisseling van die eeu was die rolverwagtinge baie duidelik. Elke familielid het geweet wat sy rol was en ook wat hy van die ander familieleden kon verwag.<sup>36)</sup> Alle vaardighede is in diens aangeleer. Dit het of in die gesin of by die werksplek plaasgevind.<sup>37)</sup>

Met die geweldige kennisontploffing wat 'n onderwysontploffing tot

gevolg gehad het, het 'n groot vraag na hoogs gespesialiseerde individue ontstaan. Die noodsaaklikheid vir geskoolde en goedopgeleide individue het tot die uiteindelijke afname van die gesin as die primêre agent in die sosialisering van die kind gelei.<sup>38)</sup> Die skool het onmisbaar in die samelewing geword en massa-onderwys het uiteindelik sy beslag gekry. Die onderwyser wat die leerling deesdae onderrig, berei hom voor vir 'n lewe in 'n kultuur wat verskil van die teenswoordige.<sup>39)</sup>

Die plattelandse jeug is nie meer so geïsoleer soos voorheen nie.<sup>40)</sup> Daar is sekerlik genoegsame getuienis dat moderne kommunikasie en vervoer neig om gemeenskappe in baie opsigte te nivelleer. Landwye televisienetwerke, bv. dra aansienlik by tot hierdie neiging.<sup>41)</sup>

Die massamedia het ook 'n ander probleem in die hand gewerk. Die uitbreiding daarvan tot in die plattelandse gebiede het die plattelandse gemeenskap volslae bewus van hul eie verlies en tekortkominge gemaak.<sup>42)</sup> Allerlei pogings word aangewend om die kindertjies 'n mate van onderwys te gee. Dit is egter moeilik om onderwysers vir hierdie gebiede te kry aangesien hulle afgeskrik word deur die onderwysprobleme wat kenmerkend van die plattelandse skool is.<sup>43)</sup>

Die onderwyser wat wel op die platteland aangetref word, is nog steeds 'n gesagsfiguur. Die onbaatsugtige werk wat hy daar verrig, word nog baie waardeur deur die gemeenskap.

Die ontwikkeling in 'n snel veranderende wêreld, het mobiliteit aan die mens in elke sfeer gegee.<sup>44)</sup> Verstedeliking het op groot skaal plaasgevind en het gepaard gegaan met die verskuiwing van die plattelandse onderwys na die stad.<sup>45)</sup> Behalwe dat die onderwys in die stadskool aangepas moes word om aan die behoeftes van kinders uit verskillende agtergronde voorsiening te maak, is die identiteit van die onderwyser onderdompel in die massasamelewing wat verstedeliking tot gevolg gehad het. In die stad het die onderwyser met die moderne kind te doen. Daar moet sy onderrig meeding met die sterk in-

vloede van die disko's, flieks en ander vermaaklikheidsplekke.

Industrialisering het veroorsaak dat die kultuurpatroon van die eens eenvoudige samelewing drastiese veranderinge ondergaan het. 'n Verskil in waardes tussen die geïndustrialiseerde samelewing en die gesin het ontstaan. Slegs die gedifferensiëerde en opvoedende rol van die skool kan daarin slaag om die kloof tussen hierdie twee groeperings te oorbrug. Dit is dan ook begryplik dat die taak van die onderwyser nie net op die intellektualisering en voorbereiding van beroepsbeoefenaars ingestel moet wees nie, maar ook 'n bestendigheid van die geestelike waardes tussen die onderskeie lede van die samelewing moet bewerkstellig.<sup>46)</sup>

### 2.2.2 Die rol van die onderwyser in die samelewing

Van die onderwyser, as 'n werknemer van 'n instelling wat deur die publiek ondersteun word, word verwag om sekere dienste wat deur die samelewing benodig word, te lewer.<sup>47)</sup> Daarbenewens word van hom verwag om in gemeenskapsaktiwiteite belang te stel en hulpvaardig te wees, maar nie ooglopend "uit te staan nie".<sup>48)</sup>

Die onderwyser behoort aan die tweede stratum van die gemeenskapslewe - die eerste stratum word deur die professionele beroepsbeoefenaars geokkupeer - en neem kleinere gemeenskapsrolle: onderrig in die sonagskool; is die leier van 'n jeuggroep; dra by tot wel-synpogings; behoort aan die losie of diensklubs en ondersteun gemeenskapsprogramme.

Behalwe sy plig teenoor die kind, speel die skool of te wel die onderwyser 'n baie belangrike rol om 'n samehorigheids- en 'n lojaliteitsgevoel in die gemeenskap te kweek.

Op die sportgrond, by die jaarlikse kermis van die skool, in die skoolkonsert en by dergelike ander geleenthede wat gereël word om ouer, onderwyser en kind bymekaar te bring, word gedagtes gewissel, oor skoolsake gesels en idees aan die hand gegee wat kan dien om die skool verder uit te bou. In die proses word gemeenskapsbande ge-

smee en wat die skool betref, beloftes van meer en verdere ondersteuning maak.<sup>49)</sup>

As hierdie raakpunte tussen die gemeenskap en onderwyser met die grootste omsigtigheid hanteer word en die onderwyser daardeur die vertroue van die gemeenskap wen, sal die onderwyser een van die eerste instellings wees wat met die gemeenskap se sosiale probleme genader word.<sup>50)</sup> Deesdae is daar die tendens dat die onderwyser as gevolg van die sosio-politieke situasie waarin hy hom bevind, nie maklik deur die gemeenskap aanvaar word nie. Die sosio-politieke situasie waarna hier verwys word, is die apartheidsbeleid wat in die onderwys aangetref word. Die nie-blanke onderwyser bevind hom in 'n konfliktsituasie waar hy enersyds gehoorsaam moet wees aan die amptelike beleid van die Regering en andersyds word hy gekonfronteer deur oproepe van "Uhuru" , "People's Education", ens., afkomstig vanaf die gemeenskap.

Die onderwyser was in die tyd van Meester as 'n belangrike deel van die gemeenskapsaktiwiteite beskou en iemand wat nie daaraan deelgeneem het nie, is streng gekritiseer. Vandag is dit aan die onderwyser oorgelaat of hy wil deelneem al dan nie.

Dikwels het die onderwyser as gevolg van sy opleiding alreeds 'n goedontwikkelde konsep van gemeenskapsdiens. Die keuse om onderwyser te word mag een openbaring van 'n dienskonsep wees. Derhalwe is dit nie ongewoons om onderwysers aan te tref wat middele probeer vind om met die gemeenskap geïdentifiseer te word en om gemeenskapsafsydigheid en apatie die hoof te bied nie.

Die rol as deelnemer aan gemeenskapsaangeleenthede is reeds daarop gemik om meer gemeenskapserkenning te kry as wat die geval is. Deesdae stel die gemeenskap dit nie meer as 'n vereiste om aan gemeenskapsaktiwiteite deel te neem nie.<sup>51)</sup>

Derhalwe word die onderwyser dikwels as 'n persoon wat in, maar nie van die gemeenskap is nie, beskou, en een wat selde sy wortels in die samelewing laat skiet.<sup>52)</sup>



Om hierdie rede kan dit as 'n voorvereiste beskou word dat die onderwyser elke moontlikheid moet ondersoek om begrip vir die gemeenskap te kry. Elke geleentheid om huisbesoek te doen, in 'n ouer- onderwysersvereniging saam te werk en skoolwedstryde by te woon, moet met genoeg aangegryp word. Die gemeenskap se kermis, die kerkbasaar en die verskillende kultuurklubs bied almal geleenthede om aan die sosiale lewe van die gemeenskap deel te neem. Reg genoeg sal al hierdie betrokkenheid veel inspanning verg, maar die onderwyser veral moet dit as 'n privilege en 'n geleentheid ag om veroorloof te word om in die gemeenskapslewe aanvaar te word. Hierdeur sal aan die onderwyser se aansien meer groeikrag verleen word.

Elkeen sal natuurlik weet tot watter mate hy sy kragte aan die gemeenskapslewe sal kan toewy, maar elke diensbydrae versterk die onderwyser se posisie en verryk die lewens van hulle aan wie hy verbind is om te dien.<sup>53)</sup>

Oor die jare heen het die onderwyser se spesiale rol in sy gemeenskap, as die enigste geleerde persoon wat met die gewone mense geïdentifiseer word, geërodeer soos massa-opvoeding versprei en spesialisme ontwikkel het.<sup>54)</sup>

Tog in die plattelandse gebiede neig die onderwysers om jonger en ondergekwalfiseerd te wees. Alhoewel hulle in 'n gunstiger posisie as hul stedelike kollega verkeer om 'n leidende rol te neem, is hulle baie maal die minste bevoeg om dit te kan doen.<sup>55)</sup>

Deur verstedeliking is die onderwyser se informele sosiale beheer oor die samelewing van hom verwyder.<sup>56)</sup> In die stedelike gebied kan die onderwyser nie bloot op sy beroep staatmaak om erkenning as 'n gemeenskapsleier te verkry nie. Sy disillusie word gemanifesteer in 'n gebrek aan publieke respek en belangstelling in die werksaamhede van die skool en in die onderwyser as sy agent. Die onderwyser kan veel help om vertroue in sy professionele werk te genereer as hy deur middel van sy aktiwiteite in die gemeenskap dit duidelik maak dat hy bewus is van vernamer sake, besorgd is oor die welsyn van sy leerlinge in hul omgewing en bekwaam is om 'n verantwoordelike

rol te speel. Die tendens in omloop onder sommige onderwysers om te weier om aan gemeenskapsaktiwiteite deel te neem, mag skadelik vir hul professionele werk wees. As hierdie addisionele verpligtinge te veeleisend vir die onderwyser sou blyk, kan hulle nog steeds betrokke wees, maar in hierdie geval slegs as katalisators.<sup>57)</sup>

Daar is tradisionele gestaltes wat 'n persoon verhoed om in 'n leiersposisie vir 'n onbepaalde tyd te wees. Eerstens is daar die sosiale en psigiese druk om nie bo ander uit te blink nie en om die motiewe van diegene wat wel so doen, te verdink.

Tweedens assosieer leiers van 'n groep kragtens hul rol met die leiers van ander groepe en sal derhalwe meer waarskynlik in kontak met middelklasgroepe of -mense wees. Op hierdie wyse stel hulle hulself bloot aan die beskuldiging dat hulle aanstellerig is. Die onderwyser verkeer in daardie onbenydenswaardige posisie waar hy 'n keuse moet maak. As hy veel waarde aan sy status heg, sal hy kies om in die kringe van die élité te beweeg.<sup>58)</sup>

### 2.2.3 Die samelewing se verwagtinge van die onderwyser

Opvoedkundiges het basiese onverenigbaarhede tussen wat 'n gemeenskap van 'n onderwyser as 'n onderwyser verwag en wat dit van hom as 'n lid van die gemeenskap verlang, gevind. Daar bestaan ook 'n moontlikheid dat onderwysers nie duidelikheid het oor wat van hulle t.o.v. hul naskoolse optrede verwag word nie, of dat hulle die gemeenskap se verwagtinge anders vertolk.<sup>59)</sup>

Die primêre verwagting van die samelewing is dat die onderwyser die fakkel van ambisie moet aansteek en die kinders gestimuleer en geïnspireer uitstuur om die samelewing meer ryklik te dien as wat dit moontlik was sonder sy diens.<sup>60)</sup> Behalwe vir die intellektuele, is die naas belangrikste vir die ouer dus die sedelike opvoeding van sy kind. Die onderwyser is die surrogaat van die middelklasmoraliteit, maar in sy verwagtinge om die kind tot 'n beter lewe te laat ontwikkel, pas die ouer dubbele standaarde toe. Alhoewel ouers hulle oorgee aan gebruike soos rook, drankmisbruik en dobbelary,



wil hulle daarop aandring dat onderwysers enige gedrag moet vermy wat, volgens hul mening, skadelik vir kinders sal wees om na te boots.<sup>61)</sup> Die gemeenskap se wense is dat die onderwyser iemand moet wees wat onkreukbaar in sy optrede is, die meeste van die interessante sondes van die samelewing vermy en sy ontspanningstyd aan opheffingswerk wy.<sup>62)</sup>

Ouers wil die beste en bekwaamste onderwysers vir die onderrig van hul kinders bekom en tog sien hulle dikwels neer op die onderwys as 'n beroep.<sup>63)</sup>

Te dikwels beskou die ouers die onderwysinrigting as 'n soort be-waarskool, 'n veilige hawe waar die kind uit die straat gehou word. Dit is juis sulke ouers wat hul plig as primêre opvoeders ter syde stel en swaar op die skool steun om hierdie belangrike funksie in geheel oor te neem.<sup>64)</sup> Die meeste van die ouers skyn opvoedkundige beslissings aan die onderwysers oor te laat en aanvaar hul advies min of meer onvoorwaardelik.<sup>65)</sup>

Sekere ouers verwag dat die onderwysers hul kinders moet dissiplineer op 'n manier waarop hulle nie tuis gedissiplineer word nie. In baie gevalle is beide die ouers werkers wat kinders geld en besittings, in stede van tyd, gee. Die skool is veronderstel om vir die verlies van vele ondervindinge, insluitende dissipline, te kompen-seer.

Sommige ouers dien skriftelike verskonings in wanneer hulle kinders stokkiesdraai. Ander ouers weer wil graag hê dat hul kinders as ywerige werkers opgelei moet word, maar doen hul kinders se huis-werk.<sup>66)</sup>

Daar word verwag dat die onderwyser se persoonlike lewe die hoogste ideale van die sedelike moet verpersoonlik. Ook is dit dikwels die ouers se verwagting dat die onderwyser 'n beter model as die ouers self moet wees.<sup>67)</sup> Menige sosiale veranderinge vandag poseer akute probleme vir die onderwysers. Die eise wat aan hulle gestel word, word meer divers soos hulle al hoe meer van die ouer se pligte oor-

neem; tog is die vereiste van die werk, en in besonder die kriteria vir sukses, dikwels dubbelsinnig, teenstrydig en gaan mank aan 'n definisie. Verskillende persone wat geaffekteer word deur en besorgd is oor die onderwyser se taak mag verskillende en teenstrydige eise aan hom stel.<sup>68)</sup>

#### 2.2.4 Beperkinge op die onderwyser geplaas

Die skool en die onderwyser moet in harmonie met die gemeenskap wees.<sup>69)</sup> Dit is 'n uitgemaakte saak dat 'n onderwyser min doeltreffendheid as 'n instrument van die samelewing sal hê as hy met die gewoontes en gebruike van die samelewing, waarin hy onderwys, radikaal verskil.<sup>70)</sup>

Aansienlike sosiale druk word op die onderwyser uitgeoefen. Daar is gemeenskappe wat die mening toegedaan is dat hulle sowel die private lewe van die onderwyser as die beheer van die skool kan dikteer.<sup>71)</sup> Die gemeenskap is baie gretig om die onderwysers op die streep van agbaarheid te laat staan en om hom aan die dominante waardes van die samelewing te laat konformeer. Studies het bewys dat die private en publieke lewe van die onderwyser meer onder die soeklik gekom het as wat dit die geval met verteenwoordigers van enige ander professie was.<sup>72)</sup>

Die onderwyser word gewoonlik in 'n mindere of meerdere mate in die gemeenskap waarin hy woon, geïsoleer.<sup>73)</sup> Hy is geïsoleer omdat hy dikwels 'n buitestaander is wat aangestel is om sekere vaardighede en gespesialiseerde kennis aan die kinders van die gemeenskap oor te dra. Hy is geestelik van die res van die samelewing deur sy eie lewenshouding geïsoleer. Meer nog, die onderwyser is geïsoleer omdat die gemeenskap hom isoleer. Die gemeenskap doen dit deur hom die draer van sekere bomenslike waardes te maak en deur op hom sekere verootmoedige beperkinge te plaas. Kortom, die onderwyser is psigologies van die gemeenskap afgesonder, want hy moet in die onderwyserstereotipe lewe.<sup>74)</sup>

Ander kragte buite die beheer van die onderwyser neig om die onder=

wyser van die gemeenskap af te sonder. So byvoorbeeld kwalifiseer onderwysers nie normaalweg om in sub-ekonomiese behuisingskemas te woon nie, maar blykbaar verkies die oorgrote meerderheid in elk geval nie om daar gehuisves te word nie. Die gevolg is dat in die meeste van die groot stede die onderwyser nie deel vorm van die gemeenskap waarvan die ouer van die kinders wat hy onderrig, deel uitmaak nie.<sup>75)</sup> Die onderwyser van die verlede moes geweldige beperkinge in die uitvoer van sy daaglikse taak verduur. Sy private lewe was eweneens streng gereglimenteerd. In Amerika, gedurende veral die agtiende eeu, moes die voornemende onderwyser 'n kontrak voor diensaanvaarding met die trustee van die skool aangaan waarin duidelik uitgespel word wat hy moes doen en nie moes doen nie.<sup>76)</sup> Dit was veral sy sosiale bewegings en gebruike wat aan bande gelê is.<sup>77)</sup> Dit was nie verbasend om te verneem dat baie gemeenskappe vereis het dat hul onderwysers toonbeelde van deug moes wees nie.<sup>78)</sup> Een van die groot take van die onderwyser was om 'n voorbeeld vir die kinders van die gemeenskap te stel. Om te verseker dat dit uitgevoer is, het baie gemeenskappe selfaangestelde bewaarders van die sedelikheid gehad wat die onderwysers voortdurend dopgehou het. Heelwat gebruike wat vandag as vanselfsprekende sake geag word, was afgekeur.<sup>79)</sup>

In die lig van die teensin van gemeenskappe om onderwysers in kameradskap met hulle as mens te ontvang, is die neiging van onderwysers om kliëks te vorm nie verbasend nie. Hierdeur kan hulle die eentonigheid van eensaamheid minder pynlik maak. In gemeenskap met ander onderwysers kan die onderwyser minstens spontaan en relatief openhartig wees, oor sake gesels wat in belang van die onderwys is en miskien gedagtes oor nuwe onderwysmetodes en tegnieke uitruil.<sup>80)</sup>

Somtyds word 'n uitsondering aangetref waar die onderwyser in sy tuisgemeenskap onderrig gee. Daar okkupeer hy 'n vaste posisie omrede sy lang bekendheid in die gemeenskap, sy vriendskapsbande daar, familieverbintenis en die invloed van naasbestaendes. Hy word volkome aanvaar as gevolg van sy lidmaatskap van die gemeenskap as 'n "in-groep" en sy posisie word verder versterk as hy ook nog kerkwerk doen.<sup>81)</sup>

Om uit sy isolasie te breek, sal dit vir die onderwyser wenslik wees om 'n terrein vir gemeenskaplike ontmoeting en samewerking met die gemeenskap daar te stel. Hier kan die werksaamhede van 'n ouer=onderwyservereniging van onskatbare waarde wees.<sup>82)</sup> Daar moet egter teen inmenging in skoolsake gewaak word en die soewereiniteit van die skool moet nie bedreig word nie.<sup>83)</sup>

Ten slotte kan vermeld word dat in elke omstandigheid moet die onderwyser 'n vlak bereik wat sekere formele waardes van die onderwys voorstel wat ietwat bo die gemiddelde vlak van die samelewing is. In die kleiner gemeenskappe is daar heelwat voorbeelde van onderwysers wat t.o.v. familie-agtergrond, vroeë opleiding en persoonlike bekwaamheid as baie superieur teenoor die gemeenskap waarin hulle lewe, geklassifiseer kan word. Waar hierdie onderskeiding te groot is, sal dit in die prestige van die onderwyser ingryp. Die onderwyser word dan aangesien as geveinsd, snobagtig, verwaand, nie in voeling met die realiteite van die lewe nie, aanstellerig en as oorgegee aan ydele gewoontes.<sup>84)</sup>

#### 2.2.5 Slotson

Alhoewel die onderwyser primêr verantwoordelik is vir die opvoeding van die kind wat aan sy sorg toevertrou is, kan sy plig nie losgemaak word van die rol wat hy in die samelewing moet speel nie. Daar die skool 'n voortsetting van die opvoeding is wat tuis begin word, moet daar 'n noue en intieme band tussen huis en skool of anders gestel, tussen die onderwyser en die gemeenskap wees. Dit is belangrik dat die een komponent presies moet weet wat by die ander aangaan.

'n Verantwoordelikheid wat die onderwyser opgelê is, is om die wêreld te verken en dit vir die gemeenskap sinvol te kan interpreteer.

Nog 'n terrein waar die onderwyser sy invloedseer in die gemeenskap kan verbreed, is betrokkenheid by gemeenskapsaktiwiteite. Deur 'n leidende rol daar te speel sal sy status eenvoudig verhoog word.

Die samelewing het ook sekere verwagtinge van die onderwyser. Onder andere verlang die ouers dat hul kinders 'n goeie opvoeding moet ontvang, nie net akademies nie, maar ook geestelik. Wat die sedelike opvoeding van hul kinders betref, verwag die ouers dat die onderwyser moet ingryp waar dit vir die ouer self onmoontlik is om reg te laat geskied.

Voorts verwag die gemeenskap dat, sou daar sekere magte of druk-groepe bestaan wat sy gesag as onderwyser wil ondermyn of bedreig, hy (die onderwyser) onaantasbaar sterk moet staan.

As gevolg van die hoë verwagtinge wat die gemeenskap van die onderwyser koester, is daar ook heelwat beperkinge wat op die onderwyser geplaas word. Veral die onderwyser se sosiale bewegings en gebruike word fyn dopgehou. Die streng voorskriftelike optrede van die gemeenskap jeens die onderwyser mag tot sy sosiale isolasie in die samelewing lei.

Alles in ag genome, is dit moontlik dat die onderwyser se aansien in die gemeenskap sal styg as die rol wat hy daar vertolk, bevorderlik vir die gemeenskap sou blyk te wees.

### 2.3 Faktore wat sy status bepaal

Ons het gesien dat volgens definisie status 'n belangrike kategorie of dimensie van sosiale stratifikasie is. Dit is 'n wyse om aan persone 'n rang toe te ken ooreenkomstig die aansien wat opgeroep word deur die rol wat hulle in die samelewing speel.<sup>85)</sup>

Die onderwyser as 'n individu en die onderwysberoep in die algemeen het elk sy eie afsonderlike status, alhoewel dit nie altyd moontlik is om 'n duidelike skeidslyn tussen die twee te trek nie. Die individuele onderwyser kan vanweë die sukses wat hy behaal het en sy uitstaande persoonlikheid en karaktereienskappe, hoog in aansien wees ten spyte van die lae status wat aan die onderwysberoep toegeken word. Die teenstelling is net so waar : daardie onderwyser wat geen beroepstrots openbaar nie en geneig is om die onderwys by

enige geleentheid klakkeloos af te maak, sal uiteraard 'n lae aansien geniet terwyl die onderwysberoep 'n hoë status het.<sup>86)</sup>

### 2.3.1 Die individuele onderwyser se status

Die onderwysprofessie dien as voog vir die onderwyser. Onder sy vleuel word die aansien van elke individuele lid beskerm.

Daar is 'n direkte verband tussen die status van die professie en die prestige wat dit aan die beeld van die individu verleen. As 'n hoë status aan die professie geheg word, dan sal die onderwyser desgelyks hoë agting geniet, al sou hy deur sy persoonlike optrede nie sy amp werd wees nie. Word die professie met 'n lae aansien geïdentifiseer, geniet die onderwyser eweneens 'n lae aansien.<sup>87)</sup>

Vervolgens word na enkele eienskappe gekyk wat die status van die individuele onderwyser bepaal en wat hom ook van die aansien wat sy kollegas wel geniet, onderskei, hoewel hulle almal in dieselfde beroep staan.

a. Die maniere van 'n onderwyser is hoofsaaklik belangrik aangesien dit veroorsaak dat hy gunstig of ongunstig t.o.v. sy sosiale agtergrond gekategoriseer word. Bowendien suggereer voortreflike maniere dat die onderwyser sy leerlinge respekteer en 'n sterk argument in die hand het om deur hulle gerespekteer te word.<sup>88)</sup>

Wanneer daar van maniere gepraat word, word na die totale indruk van die persoonlikheid verwys wat houding, gesindheid en karakter mag insluit. Die kwaliteit van die onderwyser se inherente persoonlikheid het dus 'n bepaalde invloed op sy status.<sup>89)</sup>

b. Die posisie wat die onderwyser in die hiërargie van die skoolorde beklee, is ook 'n bepalende faktor. Die gewone assistent se status sal beslis laer as die van die senior adjunk-prinsipaal of skoolhoof wees.<sup>90)</sup>

c. Die sosiale samestelling van die kinders van 'n betrokke skool



sal die status van die onderwyser bepaal. Indien hy in die personeel van 'n elite skool dien, sal hy hoë agting geniet. Sy kollega, verbonde aan 'n skool wat kinders hoofsaaklik uit 'n armbuurt huisves, sal nie met dieselfde aansien geïdentifiseer word nie.<sup>91)</sup>

d. Die sosiale agtergrond van die onderwyser is redelik duidelik vir sy leerlinge en dit affekteer die houding wat hulle teenoor hom koester.<sup>92)</sup> Behalwe sy persoonlike hoedanigheid en rolvervulling, is daar ander aspekte soos bv. sy geboorte of te wel sy toegeskrewe status wat die onderwyser se status bepaal.<sup>93)</sup>

e. Die tipe inrigting, hoër of primêr, waaraan die onderwyser verbonde is, het ook 'n invloed op sy status<sup>94)</sup> as aanvaar word dat die goed gekwalifiseerde leerkragte meestal by die inrigtings vir hoër onderwys aangetref sal word.<sup>95)</sup> 'n Dispuut wat hieruit voortgevloei het, is die onwilligheid van kollege- en universiteitsonderwysers om as onderwysers of saam met onderwysers van laerskole geklassifiseer te word.<sup>96)</sup> Dit is voor-die-handliggend dat die universiteitsdosent hoër geag sal word as die primêre skool onderwyser.

f. Onderwysers in al die vakgebiede ontvang dieselfde vergoeding: daar is geen formele differensiasie van status onder leerkragte volgens die vakke wat hulle onderrig nie. Maar inderdaad geniet verskillende vakke verskillende vlakke van prestige.<sup>97)</sup> Die so-genaamde moeilike of skaarsvakke soos Latyn, Wiskunde, Biologie en die natuurwetenskappe tesame met die leerlinge wat dit aanbied en die onderwysers wat dit onderrig, geniet 'n hoë aansien. Dit is ook juis 'n slaag in hierdie vakke wat toelating tot 'n universiteit sal verseker. Die onderwyser wat die "makliker" keusevakke soos bv. Liggaamlike Opvoeding en Godsdiens onderwys, word nie so hoog geag nie.<sup>98)</sup>

g. Die status van 'n onderwyser berus ook op sy kwalifikasies en die aantal jare onderwysopleiding. Daardie onderwyser wat die nodige moeite doen om sy kwalifikasies te verbeter deur verdere studies te

ondernem, versterk nie net sy posisie nie, maar dit verleen aan hom ook hoër status.<sup>99)</sup>

h. Die professionele optrede van 'n onderwyser het 'n groot invloed op sy status. Dit sal die beeld van die onderwys nie goed doen as die beoefenaar van sy beroep openbare uitlatings maak of sy lot in die nuusmedia bekla nie. As daar ongelukkigheid of griewe bestaan, sal dit meer gerade of professioneel wees om van die bestaande amptelike verbindingskanale gebruik te maak.<sup>100)</sup>

### 2.3.2 Die status van die onderwysprofessie

Om die status van die individuele onderwyser in die regte perspektief te stel, is dit essensieel dat die faktore wat die onderwysprofessie bepaal, ook gedek moet word. Hierdie faktore sal eweneens die status van sy lede in 'n mindere of meerdere mate beïnvloed.

#### 2.3.2.1 Ekonomiese welvaart van onderwysers

Daar word algemeen saamgestem dat alle beroepsliëgame die reg het om te organiseer en gesamentlik te werk ten behoeve van ekonomiese welvaart. Dit word ook alom erken dat toereikende ekonomiese welvaart beide die student en die publiek bevoordeel aangesien dit bevoegde persone na die onderwys trek en terselfdertyd die moraal sowel as die onderrig doeltreffendheid van die onderwysers in diens verhef. Ekonomiese welvaart word hier gedefinieer om diensvoorwaardes in te sluit.<sup>101)</sup>

##### 2.3.2.1.1 Diensvoorwaardes

Wanneer ook al 'n persoon enige werk aanvaar, dan is daardie werk onderhewig aan sekere diensvoorwaardes. Sonder uitsondering moet die diensvoorwaardes aantreklik genoeg wees om die werk wenslik te maak.

Die diensvoorwaardes moet voortdurend aangepas word om in pas te bly met die eise en vereistes van die beroep. Ook moet daar nie



nagelaat word om te sorg dat dit altyd kompetierend met die van die ander beroepe bly nie.<sup>102)</sup>

Telkens as 'n onderwyser 'n aanstelling aanvaar, het hy 'n kans om voordeel te trek uit die diensvoorwaardes wat van toepassing op die onderwysprofessie is. Die diensvoorwaardes, egter, spel nie net die voordele uit wat die lede van die onderwysprofessie sal toeval nie, maar gee ook 'n raamwerk van reëls en regulasies wat dien om die onderwyser te lei in die uitvoering van sy plig.

Die akute tekorte aan geskoolde mannekrag in die onlangse verlede, het egter gelei tot 'n gegrabbel na geskoolde personeel. In die proses het werkgewers sterk laat uitkom tot watter mate persone voordeel uit die diensvoorwaardes sou trek en ander ongunstige faktore is heimlik na die agtergrond geskuiwe. Dus word diensvoorwaardes gesien as die voordele wat aan die persoon sal toeval. In die onderwys is die leerkrag geregtig op sekere regte en 'n aantal privileges. Hy mag onder andere kwalifiseer vir die volgende: 'n maandelikse salaris, verlof en pensioenvoordele.<sup>103)</sup>

Omdat sy salaris 'n sterk faktor is wat sy status grootliks beïnvloed, word daar nou borgegaan om slegs dit uit te lig en van nader te beskou.

#### 2.3.2.1.1.1 Salarisse

Die status van 'n beroep word hoofsaaklik deur die ekonomiese aspek van die beroep bepaal.<sup>104)</sup> Die persoon se ekonomiese status word gereflekteer in die lewenstandaard wat hy in staat is om te handhaaf wat naastenby vergelyk met die standarde wat deur lede van ander professies gehandhaaf word.

As sy lewenstandaard aansienlik laer is as die van ander professies, sal die status van die onderwyser derhalwe as laag beskou word. Die vitale beslissende faktor wat lewenstandaarde bepaal, is die onderwyser se salaris. Vir die onderwyser om 'n vergelykbare lewenstandaard te handhaaf wat hom om die beurt die nodige status in die gemeenskap

sal gee, moet hy 'n salaris verdien wat goed vergelyk met dié wat deur beoefenaars in ander professies verdien word.

In ons hedendaagse materialistiese wêreld word die beeld en status van 'n persoon in terme van sy inkomste gemeet.<sup>105)</sup> Dit is by die kerkhof fluit om te hoop dat onderwys 'n hoë statusberoep sal word of bly terwyl sy finansiële beloning laag is. 'n Begrip wat in berekening geneem moet word, is die feit dat vergoeding een van die belangrikste determinante van beroepstatus is.<sup>106)</sup>

Hierdie feit vestig die aandag op die algemene mening dat onderwysers 'n hoër salaris sal ontvang mits hulle eers hul status sal verhef. Status en salaris is in 'n mate interafhanklik; nietemin, hoër status volg gewoonlik eerder as om hoër kompensasie vooraf te gaan.<sup>107)</sup>

Vanaf die vroegste jare is klagtes al gehoor van die karige salaris wat aan onderwysers betaal is. Die beloning vir onderwys was dikwels as so skraal beskou dat vir menige die beroep 'n laaste toevlugsoord was - 'n hawe teen armoede vir diegene wat nie goed genoeg was vir die "ware" professies soos die regte en medisyne nie.<sup>108)</sup>

Die vroeë Amerikaanse onderwyser het essensieel by bestaansvlak geopereer, eenvoudig omdat sy gemeenskap geen rede kon sien dat hy anders kon doen nie.

Aangesien die skool deur die samelewing onderhou is, was die skole gewoonlik in 'n onsekere finansiële toestand. Dit was weerkaats in die besoldiging wat hulle aan die onderwyser toegestaan het. Dikwels was die duurte van die skoolkwartaal in direkte verwantskap met die beskikbare fondse. M.a.w., daar was skool gehou totdat die geld opgebruik was. Derhalwe was die onderwyser se inkomste nie net deur sy maandelikse salaris bepaal nie, maar ook deur die aantal maande wat hy diens kon lewer.<sup>109)</sup>

Nog 'n aspek van die lae salarisprobleem was dat dit 'n algemene gebruik was vir 'n onderwyser om 'n deel van of sy volle besoldiging in iets anders as geld te ontvang. Dit was nie iets ongewoons vir

die betaling om in graan, in vee, in die gebruik van die landerye of van 'n huis te wees nie. Die resultaat was dat daar dikwels geen verband tussen die kontant ontvangste en die vermelde bedrag was nie.<sup>110)</sup>

Hoewel die salarisse van die onderwysers oor die jare aansienlik verbeter het, bly dit nog steeds agter by wat die meeste mense 'n goeie inkomste noem. Wanneer die uitwerking van inflasie in ag geneem word, is die salariswinste vir die afgelope aantal jare minder indrukwekkend.<sup>111)</sup>

Aangesien onderwysers dieselfde basiese noodsaaklikhede van die lewe benodig en dieselfde begeertes as ander normale mense het, is dit nie vir hulle moontlik om die maksimum diens te lewer, ongeag bevoegdheid of voorbereiding, as hul inkomste nie voldoende is om ekonomies versekerd te voel nie.<sup>112)</sup>

Die onderwyser, vanweë sy formele opleiding, mag belangstel in 'n lewenspatroon wat hy nie finansiëel kan bekostig nie. Gewoonlik vind hulle hulself met waardes en belange in kulturele gebiede buite hul lewenstandaard. Ander professioneles in die gemeenskap is, as gevolg van akademiese prestasie, gewoonlik finansiëel in staat om belange na te jaag wat 'n persoon verwag van die welopgevoede individu.<sup>113)</sup>

As 'n persoon 'n professionele werker wil wees, sal hy meer as die basiese noodsaaklikhede van die lewe benodig om sy funksie in die samelewing te kan vervul. Hy sal 'n salaris moet verdien wat voldoende sal wees om sy professionele studies voort te kan sit, om te reis, en om in sy kulturele, ontspanning en burgerlike behoeftes te kan voorsien om na die klas toenemende ryker ervarings te bring. Die onderwyser is aan die kinders verskuldig 'n kennis van die beste wat daar in alle gebiede van leer is.<sup>114)</sup>

#### 2.3.2.2 Werksonstandighede

Die handhawing van wenslike werksonstandighede blyk 'n groter be-

sorgdheid by onderwysers te wees as enige ander aspek van hul welvaart, behalwe natuurlik salarisse. Bevredigende werksomstandighede sal sowel die leerlinge as die gemeenskap bevoordeel aangesien dit 'n beduidende invloed op die kwaliteit van die onderwys wat sal plaasvind, het. Gesonde werksomstandighede word omskryf om die volgende in te sluit:

- a. professionele status vir die onderwyser;
- b. beleid t.o.v. personeel, insluitende prosedure om griewe op te los;
- c. werkklas, insluitende grootte van klasse;
- d. onderrigmateriaal en toerusting;
- e. fisiese toestand;
- f. beroepssekuriteit;
- g. akademiese vryheid, en
- h. persoonlike vryheid.<sup>115)</sup>

#### 2.3.2.3 Mobiliteit en promosie

As 'n onderwyser vrylik van een pos na 'n ander kan beweeg, of 'n rangverhoging deur bevredigende dienslewering kan bekom, sal dit die professie aantreklik maak.<sup>116)</sup>

Dit is immers die begeerte van enige hardwerkende dienaar om na 'n paar jaar van toegewyde diens in 'n hoër pos aangestel te wil word. Die onderwyser se totale verpligting en benadering t.o.v. sy werk in aspekte soos bv. sy kurrikulêre en buite-kurrikulêre doeltreffendheid asook sy professionele ingesteldheid, sal duidelike aanduidings wees of die onderwyser aspireer, m.a.w., die gehalte en standaard van sy werk sal 'n goeie aanduiding daarvan wees of die onderwyser hoegenaamd na 'n senior pos mik al dan nie. Die profesie maak voorsiening vir die aspirasies van die ambisieuse.

#### 2.3.2.4 Aanstellings

Die wyse van advertering van vakante poste wat gepaard gaan met die feit dat die onderwyser oor die vryheid beskik om na skole van

sy keuse aansoek te kan doen asook die gemoedsrus wat die sekuriteit van 'n aanstelling in die professie kan bied, is aantreklikhede wat die status van die onderwyser hoog aanslaan.<sup>117)</sup>

In die geval van Kleurlingonderwys in Suid-Afrika, word die aanstelling van gegradueerde onderwysers slegs tot hoërskole beperk. Die doel hier is om die beter gekwalifiseerde onderwyser vir onderlig in die seniorklasse te benut. Hierdie aanstellingsprosedure mag 'n statusverrykende faktor wees.

#### 2.3.2.5 Keuring

'n Probleem waarmee die keuring van aspirantonderwysers te kampe het, is die feit dat slegs daardie kandidate wat aansoek doen om as onderwysers opgelei te wil word, aan keuring onderworpe sal wees.<sup>118)</sup>

'n Feit wat die probleem verder kompliseer is die redelike beskikbaarheid van beurse en lenings vir onderwyseropleiding. Baie studente maak gebruik van hierdie vergunning, nie soseer omdat hulle graag onderwysers wil word nie, maar bloot omdat daar vir hulle 'n geleentheid geskep is om op staatsonkoste tersiêre opleiding te kan ontvang.<sup>119)</sup>

UNIVERSITY of the  
WESTERN CAPE

In 'n ondersoek wat deur Stones onderneem is, kom sy tot die gevolgtrekking dat dit blyk onderwyserselektering gegrond is

- a. op 'n persoonlike besluit om onderwys te gee en
- b. op die vervulling van sekere kurrikulêre vereistes in beide hul Senior Sertifikaat en graadstudies. Die gebrek aan meer duidelike keuringprosedures suggereer dat alle aspirantonderwysers wat die bovermelde kriteria nagekom het, as geskik vir onderwysopleiding gereken sal word. Hiervan kan afgelei word dat 'n beurs vir studentonderwysers geen konnotasie dra van prestasie of meriete nie en dat toegang tot die onderwysberoep verkry word deur persoonlike inisiatief en nie deur kompeterende of invloedryke etos nie.<sup>120)</sup>

Die vraag ontstaan dus of die eienskappe van die aspirantonderwyser op 'n getroue sistematiese en wetenskaplike grondslag in die keuringsproses bepaal en geïdentifiseer word.<sup>121)</sup> Die gehalte aspirantonder-

wysers wat gewerf word, staan te betwyfel. Die inbreuk wat die handel, nywerheid en industrie op die beste kandidate maak, is 'n kompeterende faktor wat nie uit die oog verloor moet word nie.<sup>122)</sup>

In sommige van die Tweede Wêreldlande en in feitlik al die Derde Wêreldlande is daar geen sprake van 'n keuringsproses nie. In 'n land soos Australië word aspekte soos intellektuele vermoë en persoonlike kwaliteite op sy geskuiwe. Die werklike stryd is om 'n leerkrag in elke klaskamer te voorsien.<sup>123)</sup> Met 'n onderwyserstekort kan daar hoegenaamd geen sprake daarvan wees dat 'n keuringsproses toegepas kan word nie.

In die meeste van die Derde Wêreldlande behartig die opleidingsinrigtings en of die departement self die keuring van studente. Studente kies self waar en in watter rigting hulle wil studeer. Na voltooiing van die aanvanklike opleiding kan hulle verder studeer aan gespesialiseerde inrigtings of hulle kan aansoek doen om direk na aanvanklike opleiding tot die onderwys toe te tree.<sup>124)</sup>

As die aspirantonderwyser 'n wyse keuse gemaak het en hy d.m.v. 'n doeltreffende keuringsproses as geskik vir die professie gevind is, sal hy geluk en tevredenheid in sy beroep ervaar. In hom sal die begeerte ontstaan om die beroep ten beste te dien en dus as 'n beroepsaangepaste persoon bestempel word.<sup>125)</sup>

#### 2.3.2.6 Werwing

Keuring en werwing hou nou verband met mekaar. Die belangstelling wat in die onderwys getoon word en die beskikbaarheid van onderwysers is faktore wat beide keuring en werwing grotendeels beïnvloed.

Die beste agent wat die meeste sukses met die rekrutering van nuwe kandidate sal kan behaal, is beslis die onderwyser en te meer nog die bekwame skoolvoorligter. Die getroue en opregte onderwyser sal deur benadering en heilsame invloed op sy leerlinge, sy innerlike geesteskrag en onvermoeisame werkywer as voorbeeld die slag hê om in die kinderlike harte daardie ambisie om eendag ook te wil onder=



wys, te laat ontwikkel en aan te moedig.

Aan die anderkant sal die negatiewe gesindheid van die onderwyser die teenoorgestelde effek hê. Enige indiskrete neerhalende aanmerkings oor die onderwys of ongevraagde klaagliedere wat die onderwyser mag uiter, sal moontlik in die gees van die oningeligde kind die beeld oproep waarin die onderwyser in 'n soort vagevuur vasgevang is en verdoem is om die res van sy lewe daarin deur te bring. Die gevolg sal wees dat rekrute nie so maklik bekombaar sal wees nie en dat die status van die onderwys tot 'n lae vlak gedryf sal word.

Die De Lange-verslag wys op die volgende faktore wat belemmerend op die werwingsproses kan inwerk.

- a. Salarisse wat nog nie vergelykbaar aan dié van die ander beroepe gestel is nie.
- b. Te veel burokratisering wat eie professionele besluitneming smoor.
- c. Te min word gedoen om die status en beeld van die beroep by die publiek in 'n beter lig te stel.
- d. Die polemieke wat in die nuusmedia losgelaat word sodra daar oor kontensieuse onderwysvraagstukke onderhandel word.
- e. Geen vrye mobiliteit word in die professie ondervind nie. As 'n onderwyser by een onderwysdepartement bedank en oorgaan na 'n ander behoort sy diensvoordele onverstoord voortgesit te word.
- f. Die beeld van die professie word deur sommige onderwysers negatief ingeklee.<sup>126)</sup>

#### 2.3.2.7 Opleiding

Die hoofvoorvereiste vir aanvaarding in die meeste van die beroepe wat aan die toppunt van die prestige hiërargie ingedeel is, is 'n omvangryke hoeveelheid formele onderwys.<sup>127)</sup>

Die gespesialiseerde opleiding wat enige voornemende beroepsbeoefenaar moet deurloop, asook die duurte daarvan, is twee faktore wat beslis 'n invloed op die status van 'n professie uitoefen.

Te dikwels in die uitoefening van sy pligte, kom die beroepsbeoefenaar voor vitale besluite te staan en dan moet hy 'n beroep doen op sy verworwe kennis wat in alle opsigte deeglik en diepgaande moet wees.<sup>128)</sup> Op daardie kritieke oomblik word dit van die professionele verwag om die korrekte besluit te neem, uitspraak te gee, oordeel te vel of om vaardighede op die mees professionele wyse oor te dra.

Soos te wagte gaan die lede van 'n fakulteit deur 'n aantal jare van intensiewe opleiding om beroepsbeoefenaars te word. Die hoofkwalifikasie vir aanvaarding tot die professionele status is die hoogste graad in die veld, Ph.D. (Philosophiae Doctor), L.L.D. (Legum Doctor), M.D. (Medicinae Doctor), en sovoorts.<sup>129)</sup>

As ons na 'n professie met 'n besondere hoë status soos bv. die mediese beroep kyk, dan sal ons agterkom dat die minimum tydsduurte om die basiese kursus suksesvol aan 'n universiteit te voltooi, ses jaar is. Dit is derhalwe waarskynlik dat die minimum toelatingsvereistes vir 'n opleidingskollege hoog en die duurte van die opleiding lank genoeg moet wees<sup>130)</sup> as 'n hoë status aan die onderwysberoep toegeken moet word.

Die werklikheid leer ons dat enige onderwyseropleidingskursus wat gevolg kan word, nie lank duur nie.<sup>131)</sup> Vroeër het lande soos Engeland, Nederland en Duitsland gepoog om B.Ed. as die minimum kwalifikasies vir onderwysers te stel - 'n poging tot die "all-graduate teaching profession"-ideaal.<sup>132)</sup>

Verder het hierdie lande daarna gestrewe om die toelatingsvereistes en opleidingsduur vir onderwyseropleiding vir primêre- en sekondêreskoolonderwysers eenvormig te maak. Hulle het ook geredeneer dat toelatingsvereistes vir kolleges en universiteite eenders behoort te wees.<sup>133)</sup>

Teen 1960 het die voorbereiding vir die meeste van die nuwe rekrute tot die onderwys in Amerika 'n vierjarige kursus beslaan, wat gewoonlik 'n graadkursus was.<sup>134)</sup>



In die meeste van die Westerse lande tref ons die volgende situasie aan sover dit onderwyseropleiding aangaan:

In Amerika is die onderwyser-opleidingsprogram vier of vyf jaar lank.<sup>135)</sup> In Oostenryk word primêre onderwysers vir drie jaar na matriek opgelei; die opleidingskursus vir sekondêre onderwysers duur vier tot vyf jaar aan 'n universiteit.<sup>136)</sup> 'n Opleidingskursus wat ook praktiese opleiding insluit, neem vier en 'n half tot vyf jaar om in Nederland te voltooi.<sup>137)</sup> Engeland en Wallis bied 'n vierjarige kursus vir nie-gegradueerdes aan wat tot 'n B.Ed.-graadkursus lei; gradueerdes neem 'n eenjarige Onderwysersertifikaat. In Skotland volg 'n eenjarige opleidingskursus na die verwerwing van 'n graad. Aan die Skotse Kolleges strek die kursusse wat tot die B.Ed.-graadkursus lei, oor 'n vierjaartydperk.

In Noord-Ierland is die vernaamste kursusse die sertifikaat (drie jaar opleiding) en die B.Ed.-graadkursus (vier jaar opleiding) asook die eenjarige na-gradse kursus.<sup>138)</sup> Studentonderwysers kan 'n vierjarige kursus aan 'n Ecoles normales in Frankryk volg of hy kan verkies om 'n vyfjarige kursus aan 'n universiteit deur te loop as hy 'n sekondêre onderwyser wil word.<sup>139)</sup>

Al lankal in Suid-Afrika is besef dat die minimum standaard wat vereis is om tot die opleidingskursus toegelaat te word, te laag is. Verskeie pogings is ook aangewend om dit te verhoog. Die eerste onderwysers is deur die individuele pogings van sekere sendelinge self opgelei. Toe Cradock in 1813 die monitorstelsel vir onderwyseropleiding ingestel het, is dit deur die sendingskole gunstig ontvang.<sup>140)</sup>

Later is daar tot die kwekelingstelsel oorgeskakel. In 1866 het die staat aangekondig dat persone tussen die ouderdomme van dertien en sewentien, wat 'n bevredigende standaard in Rekenkunde behaal het en in Engels kan lees en skryf, tot goedgekeurde staatsondersteunde sendingskole as kwekelingonderwysers toegelaat kan word. Die opleiding moes nie vyf jaar oorskry nie en kandidate het 'n jaarlikse toelae wat tussen R12 en R24 gewissel het, ontvang.<sup>141)</sup>

In 1897 is st. iv as die minimum standerd aan die ouderdomstoelatingsvereiste, gekoppel.<sup>142)</sup>

In 1892 het Muir dit duidelik gestipuleer dat die toelatingsvereiste wat tot die "Elementary Teachers' certificate", 'n driejarige kursus sou lei, st. vi moes wees. Na 1936 is hierdie kursus gestaak.<sup>143)</sup> Die kwekelingstelsel is in 1920 afgeskaf<sup>144)</sup> en in 1926 is vir die Kleurlinge 'n Laer Onderwysersertifikaat ingestel, wat twee jaar van professionele opleiding na die Junior Sertifikaat ingesluit het.<sup>145)</sup>

Alhoewel kandidate die keuse kon uitoefen om vanaf 1941 'n tweejarige onderwysersopleidingskursus na die Senior Sertifikaat te volg, is daar voortgegaan om onderwysers nog na st. VIII op te lei.<sup>146)</sup>

Eers met ingang 1982 is die minimum standerd van onderwys vir toelating tot enige kursus van opleiding vir die Kleurlinge, die Senior Sertifikaat.<sup>147)</sup> Blanke kandidate is alreeds vanaf 1929 verplig om hul Senior Sertifikaat te verwerf as hulle vir enige onderwyseropleidingskursus wou laat inskryf.<sup>148)</sup>

Teenswoordig strek die kursus by kolleges oor drie jaar, maar 'n addisionele vierde jaarkursus in sekere rigtings mag deur geselekteerde onderwysers aangebied word.<sup>149)</sup>

Die universiteite bied 'n eenjarige onderwyseropleidingskursus na die verkryging van 'n B-graad aan. Ander tipe universiteitsgraadkoursusse waarin die akademiese sowel as die praktiese opleiding geïntegreer is, kan ook gevolg word.

#### 2.3.2.8 Opgradering van onderwysers

Die onderwysprofessie kan alleenlik met 'n hoë status aangeslaan word indien voortdurende professionele groei en ontwikkeling plaasvind. Om stagnasie te voorkom, bied die onderwys 'n stelsel van indiensopleiding aan diensdoende onderwysers.<sup>150)</sup>

Die belangrikste oogmerke vir personeelontwikkeling sluit die volgende in:

- a. om die kwaliteit van die onderwyser se werk te verbeter;

- b. om die personeel vir veranderende pligte te oriënteer;
- c. om die personeel vir bevorderingsposte op te lei;
- d. om werktevredenheid aan te moedig;
- e. om die personeel te motiveer om professioneel te groei en te ontwikkel;<sup>151)</sup>
- f. om die kwalifikasies van leerkragte wat Natuur- en Skeikunde en Wiskunde onderrig, te verbeter.<sup>152)</sup>

#### 2.3.2.9 Die besit van professionele kennis en vaardighede

Die hoë status wat professionele persone geniet, word toegeskryf aan die besondere kennisgebied en veld van deskundigheid waarvoor hulle moet beskik.<sup>153)</sup> Om hierdie rede is 'n beroep op 'n gesistematiseerde skat van kennis gefundeer. Hiermee word geïmpliseer dat 'n beroep nie alleenlik besorg is met die beoefening van enige vaardigheid nie, maar 'n vaardigheid wat op 'n intellektuele grondslag berus. Die intellektuele grondslag van die onderwys sluit beide vakkennis en 'n kennis van pedagogiese teorie in.<sup>154)</sup>

Verder bou dit op die fundamente van die wetenskappe en dissiplines soos bv. antropologie, biologie, ekonomie, geskiedenis, filosofie, staatswetenskap, psigologie, sosiologie en statistiek.<sup>155)</sup>

Dit is in 'n groot mate die wetenskappe wat status aan enige professie verleen.<sup>156)</sup>

#### 2.3.2.10 Die grootte van die beroep

In alle geïndustrialiseerde samelewings maak onderwysers 'n aansienlike deel van die "professionele" arbeidsmag uit. Die gevolge van hierdie kenmerk is talryk en verreikend.<sup>157)</sup>

As 'n tekort aan beoefenaars van 'n beroep ondervind word, sal dit 'n aanduiding daarvan wees dat die opleiding moontlik of te moeilik óf te duur is of dat die toelatingsvereistes relatief te hoog is. Sou dit die geval wees, sou 'n hoë status aan die beroep toegewys wees.

Die tekort aan onderwysers het nie as gevolg van enige van bovermelde faktore ontstaan nie. Die min belangstelling van matrikulante in die

beroop, die aantal onderwysers wat die diens jaarliks verlaat<sup>158)</sup> en die bevolkingsontploffing van die Kleurlinggemeenskap, is van die vernaamste oorsake.

As gevolg van die neiging vir die voortdurende agterstand in die voorsiening van onderwysers, is dit moeilik om dieselfde hoë graad van selektering wat tipies van die bestaande "professies" is, te beoefen of om die standaard van kwalifikasie vir onderwysers radikaal te hersien.<sup>159)</sup>

Die grootte van die onderwysprofessie het 'n opvallende invloed op beide die vlakke van vergoeding en prestige. Die koste om 'n goed-gekwalifiseerde en 'n hoogbetaalde onderwysprofessie in die konteks van massa sekondêre onderwys en 'n uitdydende stelsel van hoër onderwys te handhaaf, benodig die steun van 'n gemeenskap wat nie alleenlik welgesteld is nie, maar hoog-gekommitteerd teenoor die onderwys is en bereid is om 'n milde bydrae tot die openbare diens te lewer.<sup>160)</sup>

Die relatief lae vlakke van die onderwyser se vergoeding word deur die publiek en skoolverlaters wat andersinds moontlik die onderwys as 'n beroep sou oorweeg het, herken. Gesamentlik dra die grootte van die onderwysberoop, die lae toelatingsvereistes en lae vlakke van vergoeding in 'n hoë mate by tot die beskeie status of prestige van die professie.<sup>161)</sup>

#### 2.3.2.11 Die geslagsamestelling van die beroep

'n Verdere kenmerk van die onderwysprofessie wat ten nouste verband hou met sy status is die getalsverhouding tussen mans en vroue binne die beroep.<sup>162)</sup> In die meeste gemeenskappe vind ons 'n oorwig vroue in die primêre skole, waarop by sekondêre skole die geslagte meer gelykweg gebalanseer is.<sup>163)</sup>

Sedert die negentiende eeu, het die aantal vroulike leerkragte in die onderwys die beroep oorheers, alhoewel die gedeelte mansonderwysers nou gaandeweg styg. Mans egter predomineer in onderwysadmi-

nistrasie, insluitende die pos van skoolhoof.<sup>164)</sup>

Een van die hoofgevolge van die oorwig van vroue is die opduiking van die steriotipe van onderwys as 'n beroep vir vroue en dit op sy beurt, mag beweer word, dra daartoe by om die beroepstatus te ver=<sup>165)</sup> laag.

#### 2.3.2.12 Die gesegmenteerde aard van die onderwysprofessie

Nog 'n kenmerk van die onderwysberoep wat sy status beïnvloed, is die differensiasie, en segmentasie wat direk of verskillend die prestige van die beroep affekteer, of die doeltreffendheid van bewegings wat daarop gemik is om die stand van die beroep te verhef, verminder.

Segmentasie van die onderwysberoep word uit allerlei bronne afgelei, waarvan sommige spesifiek tot gegewe gemeenskappe mag wees, terwyl ander universeel voorkom.<sup>166)</sup>

'n Voorbeeld van eersgenoemde in die Suid-Afrikaanse konteks sal die differensiasie wees wat ontstaan uit die eksistensie in die bevolking van velerlei etniese groeperings, elk met verskillende oriënterings tot die onderwys. Elke groepering sal 'n eiesoortige perspektief op die onderwys en sy eie onderwysinstitute hê, maar dit is ook waarskynlik dat die waarde wat elke groep aan die onderwys en dus aan die onderwyser heg, verskillend vir elk van die afsonderlike groepe sal wees. Nog 'n gebied van differensiasie in sommige gemeenskappe, is tussen publieke en private sektore van onderwys. Laasgenoemde in die reël word met 'n hoër prestige geïdentifiseer.<sup>167)</sup>

#### 2.3.2.13 Mag as 'n basis van beroepstatus

'n Belangrike determinant van beroepstatus is die posisie van 'n beroepsgroep in die magstruktuur van die gemeenskap. Hoë statusberoepe is daardie waarvan die beoefenaars die optrede van andere kontroleer en nie sodanig gekontroleer word nie; lae statusberoepe is daardie wie se beoefenaars gekontroleer word en nie die optrede

van andere kontroleer nie. Daar moet op gelet word dat die kriterium vir gedragskontrole 'n logiese verduideliking van die verskeie spesialiserings binne die onderwys voorsien. Professore het 'n hoër rang as hoërskoolonderwysers en hoërskoolonderwysers beklee 'n hoër rang as primêreskoolonderwysers.<sup>168)</sup>

#### 2.3.2.14 Outonomie

'n Professie het 'n hoë mate van outonomie. Die begrip professionele outonomie dek twee verskillende maar verbandhoudende faktore - die outonomie van die individuele beoefenaar om besluite in belang van sy kliënte te neem en die outonomie van die professie as 'n geheel om besluite aangaande sy modus operandi te neem.<sup>169)</sup> Professionele persone soos bv. die medici en prokureurs beskik oor outonomie in die mate dat hulle vry is om hul eie onafhanklike vaardigheid en oordeel te beoefen.<sup>170)</sup>

Oor die jare heen het die onderwys in die westerse wêreld 'n vergeefse aanspraak op outonomie gemaak.<sup>171)</sup> Die staat is verantwoordelik vir die salariëring van die onderwysers en moet ook die koste dek vir die voorsiening van feitlik al die onderwysfasiliteite. Om hierdie rede is dit moeilik om die onderwys van staatsbeheer los te maak.<sup>172)</sup>

Die individuele onderwyser het 'n sekere mate van outonomie oor die werk wat hy met sy leerlinge doen, maar dit word deur die skoolhoof en die inspekteur van onderwys gemonitor.<sup>173)</sup> As onderwysers meer professionele outonomie sou verkry, moet hulle ook meer erkenning vir hulle professionele kwalifikasies verwerf; hulle moet die verantwoordelikheid hê om die vakinhoud wat onderwys moet word en die onderrigmetodes en toerusting wat gebruik moet word in die lig van die bepaalde doelwitte van die skool self te determineer.

'n Faktor wat nou saamhang met professionele outonomie, is akademiese vryheid. Onderwysers is opgeleide professionele mense wat bevoeg genoeg is om te kan oordeel wat die geskikste onderwysmiddels en -metodes vir hul leerlinge is. Derhalwe behoort hulle akademiese



vryheid te geniet om onderrigmiddels te kan kies, leer- en leesboeke te selekteer en onderrigmetodes binne die raamwerk van goedgekeurde onderwysprogramme te kan aanbeveel.<sup>174)</sup>

'n Gebrek aan akademiese vryheid vir die onderwyser weerkwaats die gemeenskap se onwilligheid om hom veel ruimte vir professionele onafhanklikheid te gun.<sup>175)</sup>

#### 2.3.2.15 Die uitvoering van 'n diens aan die gemeenskap

Professionele beoefenaars as gevolg van die aard van hul werk, lewer 'n diens aan andere in die gemeenskap; hierdie diens word van soveel belang beskou dat dit spesiale gemeenskapsanksie ontvang.<sup>176)</sup>

Die diens wat gelewer moet word, moet ook 'n unieke en definitiewe sosiale diens wees. Prakties is dit slegs die geneeshere wat chirurgie kan uitvoer of aan die siekes medisyne voorskryf. Die uitvoering van die reg word eksklusief tot die regspraktisyn beperk.<sup>177)</sup> Sover dit die onderwys aangaan, het dit veral op verafgeleë plekke die gebruik geword om van ongekwalfiseerde persone gebruik te maak om die onderwys van kinders te behartig indien die dienste van geskikte gekwalfiseerde leerkragte nie verkry kan word nie. Dit verleen meer geloofwaardigheid aan die stereotipe dat enigeen onderwys kan gee.

Die diens wat die onderwys uitvoer is essensieel vir die kind wat nie ten volle in 'n geïndustrialiseerde samelewing gesosialiseer kan word as hy nie 'n betreklike lang tydperk in voltydse formele onderwys deurgebring het nie.

Die diens is ook belangrik vir die samelewing wat afhanklik is van mense wat nie alleenlik gesosialiseerd is nie, maar ook opgelei is vir beroepsrolle wat 'n hoë graad van vaardigheid vereis.<sup>178)</sup>

#### 2.3.2.16 Etiekkode

Elke erkende professie handhaaf 'n hoë standaard van professionele

gedrag deurdat elke professionele persoon deur 'n gedragskode gebind is.<sup>179)</sup> 'n Gedrags- of etiekkode is 'n formele opgaaf van die norme van gedrag wat deur 'n beroepsorganisasie tot stand gebring is; dit spesifiseer standarde vir verwantskapbetrekkinge tussen beroepsbeoefenaars en diegene wat hul dienste gebruik en ander beroepsbeoefenaars en hulself. Slegs deur 'n formulering kan daar 'n grondslag vir oordeel betreffende beroepsbevoegdheid wees; slegs langs hierdie weg kan wanpraktyke ontdek word.<sup>180)</sup>

Sekere onderwysliggame het 'n kode opgestel wat 'n aantal vorms van onprofessionele gedrag omskryf en wat meestal besorg is om die onderwyser en die onderwysliggaam te beskerm.<sup>181)</sup>

#### 2.3.2.17 Verbintenis tot die professie

Lidmaatskap van die belangrikste professies impliseer 'n lewensverbintenis aan die taak. Een hinderpaal tot die verbetering van die prestige van die onderwys is dat juis so 'n lewensverbintenis tot die onderwystaak nie so waarneembaar as in die ander professies is nie. 'n Aantal faktore dra by tot hierdie verskynsel. Een hiervan is die afwisselende loopbaanpatroon van getroude vroue. 'n Ander is die algemene opvatting van die onderwys as 'n tweede keuse beroep waar heelwat gegraduateerdes hulle eers op 'n laat stadium daaraan verbind en waar persone wat ander loopbane gevolg het, toenemend opgeneem word. 'n Derde faktor is dat opwaartse mobiliteit binne die professie dikwels die individuele beoefenaar buite die klaskamer en miskien die skool neem.

'n Ander faktor wat alreeds genoem is, is die kwessie van salarisse van onderwysers wat nie vergelykbaar met dié van ander professies is nie.

Voorts kan vermeld word dat daar in die algemeen 'n mate van tweespalt in die gemeenskap is betreffende die agting van die onderwyser en die aard van die vaardighede en kennis wat benodig word vir die onderwystaak.<sup>182)</sup>



### 2.3.2.18 Die aard van die finale toekenning

Die finale akademiese toekenning wat deur die meerderheid van die lede van 'n professie verwerf is, kan beskou word as 'n algemene aanduiding van sy intellektuele standarde. Wat die Kleurlingonderwys betref, is daar slegs 'n minderheid van die onderwysers wat oor 'n universiteitsgraad beskik en hierdie faktor moet die status van die professie noodwendig verlaag. In 'n land soos bv. Amerika het die onderwysliggame lank reeds 'n professie van gegradueerdes bepleit en 'n verdere stap in hierdie rigting was geneem met die instelling van die B.Ed.-graad.<sup>183)</sup>

### 2.3.2.19 Beroepskultuur in die onderwys

Die lede van 'n beroep werk in op mekaar gedurende hul opleiding, in hul werksplekke, binne-in hul beroepsverenigings en ook informeel. Deur middel van hierdie wisselwerking genereer 'n professie 'n distink-tiewe kultuur wat sy fundamentele waardes, die norme wat die gedrag van die lede beheer en sy simbole insluitende sy geskiedenis, folk-lore, spesiale woordeskat, insigma en stereotipes insluit. Hierdie kultuur is die bron van 'n beroepsolidariteit, eiedunk en selfbewust-heid. Ofskoon 'n professie in terme van die pligte wat sy lede uit-voer, gedifferensieer mag word, is die beroepskultuur 'n bron van een-heid.

Wat die onderwys betref mag dit wel wees byvoorbeeld dat daar 'n agterdog en dalk selfs 'n vyandigheid heers tussen onderwysers in ver-skillende soorte skole en tussen diegene wat onderwys gee en diegene wat doseer, administreer of wat opvoedkundige navorsing doen wat die ganse opvoedkundige onderneming ondermyn.<sup>184)</sup>

### 2.3.2.20 Die beklemtoning van intellektuele tegnieke om sy diens te volvoer

'n Professie is in 'n hoë mate afhanklik van intellektuele eerder as fisiese tegnieke om sy taak uit te kan voer. Professionele werk be-klemtoon sulke intellektuele tegnieke soos die omlining van 'n pro-bleem, die soeke na relevante data en die formulering van moontlike

oplossings. Bevoegdheid in fisiese tegnieke mag benodig word al dan nie.<sup>185)</sup>

In die regspraktyk is die gebruik van fisiese tegnieke minimaal. Die geneeskundige moet in beide intellektuele en fisiese tegnieke onderleg wees.<sup>186)</sup>

Uit die voorafgaande het dit duidelik geword dat om onderwys te gee dit nie altyd nodig is om oor enige kennis t.o.v. intellektuele en fisiese tegnieke te beskik nie.

#### 2.3.2.21 Die aanvaarding van persoonlike verantwoordelikheid t.o.v. besluite deur beoefenaars

'n Groot mate van outonomie impliseer 'n ooreenkomstige groot mate van verantwoordelikheid. Die lewensbelangrike besluite wat 'n geneesheer of die loods van 'n vliegtuig dikwels moet neem, verleen aan hierdie professie 'n hoë status. In die onderwys is dit baie selde dat 'n leerkrag voor 'n dringende besluit te staan kom.

#### 2.3.2.22 Die beklemtoning van 'n diens wat gelewer moet word in stede van ekonomiese wins deur beoefenaars

Die klem op die diens wat bewys word in stede van 'n beloning vir die beoefenaar, word algemeen erken om 'n essensiële kenmerk van 'n professie te wees. Hierdie kriterium egter verwys nie na die motiewe van die gemiddelde professionele werker nie. Die kwessie is dat die professies so georganiseer en gekontroleer is dat professionele werkers nie sekere verpligtinge kan vermy nie, ongeag hul persoonlike gevoelens.<sup>187)</sup>

Die onderrig is ook veronderstel om sonder enige winsmotief gegee te word.

#### 2.3.2.23 'n Komprehensiewe selfregerende vereniging vir beoefenaars

Die professies moet 'n soort ordelike prosedure hê om die standaarde

vir toelating tot en uitsluiting van die professie te stel; om hoë praktykstandaarde te bevorder en om die sosiale en ekonomiese status van die groep te verhef.<sup>188)</sup> Geneeshere voldoen aan hierdie behoefte deur die Mediese en Tandheelkundige Raad van Suid-Afrika; prokureurs deur die Regsbalie van Suid-Afrika.

Die onderwysers het hul eie onderwysverenigings wat na hul belange omsien, gestig. Een belangrike funksie van 'n onderwysvereniging is om die status van die onderwysprofessie en ook die van die onderwyser te bevorder.

#### 2.3.2.24 Respek wat die professie afdwing

Die mense, gewoonlik, ag nog nie die onderwysers as op dieselfde vlak te wees as geneeshere, prokureurs en tandartse nie. Die onderwys sal nie 'n volwaardige professie word voordat die gemiddelde ouer nie sy kind se onderwyser met dieselfde vertrouwe konsulteer as wat hy beroepsadvies by die lede van ander professies soek nie. Hierdie gebrek aan publieke aanvaarding van die onderwys word geïllustreer deur die feit dat selfs 'n gewone persoon 'n klaskamer kan beman as 'n onderwyser nie beskikbaar is nie.<sup>189)</sup>

Cerff beskou die volgende as belangrike faktore wat die status van 'n beroep bepaal:<sup>190)</sup>

#### 2.3.2.25 Die aard van die werk wat die persoon verrig

Die aard en gehalte van die dienste wat 'n professie lewer is twee aspekte waarna die publiek kyk in hul beoordeling van 'n professie. Hierby moet ook gevoeg word die sektor van die publiek aan wie die dienste bewys word.

Feitlik al die gerespekteerde professies en in besonder die regspraktisyne se kliënte is die volwasse publiek. Die onderwyser se dienste het met kinders te doen wat gevolglik die status van die onderwys in aansien laat daal.

2.3.2.26 Die agting wat elke lid van die beroep afdwing

As die status van die onderwys veredel moet word, sal alle pogings aangewend moet word om respek vir die onderwys by die samelewing af te dwing. Die daaglikse rol van elke individuele onderwyser is belangrik en kenmerke waarna gekyk sal word, sal onder andere sy persoonlikheid, kwalifikasies, bevoegdheid en diensvaardigheid wees.

2.3.2.27 Die waarde van die diens wat die beroep in die oë van die publiek aan die samelewing bewys

Die diens van 'n professie word geëvalueer op grond van "die onmiddellike en waarneembare resultaat." Die uitslag van bv. 'n dispuut is 'n onmiddellike resultaat in 'n regsgeding.

Wat die onderwys betref, is die resultate nie onmiddellik waarneembaar nie. Die onderwys is 'n proses wat oor 'n lang tydperk plaasvind. Alhoewel die akademiese sukses aan die einde van elke skooljaar bepaal kan word, benodig ander hoedanighede soos bv. mooi maniere, opregtheid en eerlikheid 'n langer tydsverloop om tot rypwording te ontwikkel.

UNIVERSITY of the  
WESTERN CAPE

2.3.2.28 Die agting wat die persoon self vir die beroep koester

Die onderwyser moet self 'n hoë agting vir sy beroep koester as hy verwag dat die samelewing die onderwys hoog moet ag. Sy persoonlike optrede en wel sy gesindheid teenoor die onderwys sal eienskappe wees wat die dunk van die samelewing beslis sal beïnvloed.

2.3.2.29 Sosio-politieke klimaat waarin die diens gelewer word

Die sosio-politieke situasie waarna in 'n vorige paragraaf verwys is, het 'n definitiewe invloed op die status van die swart onderwyser (Bantoe, Indiër en Kleurling) in Suid-Afrika.

### 2.3.2.30 Slotson

Enkele faktore wat die status van die individuele onderwyser beïnvloed, is aangehaal. Daar sal opgemerk word dat sommige van die faktore nie die strewe na hoër status tot eer strek nie.

Daar is sekere faktore wat bo die ander uitstaan as status bepalend. Hulle is die professionele optrede van die onderwyser sowel as sy geaardheid, sy akademiese en professionele kwalifikasies en die posisie wat hy in die hiërargie van die personeel beklee.

Die ander faktore is ewe-eens belangrik daar hulle bydra tot die opheldering van die status van die onderwyser.

Die onderwyser wat toetree tot die onderwys - 'n professie wat 'n hoë premie plaas op geroepenheid - sal gou tot die besef kom dat dit die edelste beroep is en dat dit met die grondliggendste sake van die gemeenskap te doen het. 'n Hoër status word ook nie oornag verkry nie. Eers na lang jare van getroue en opregte diens sal dit aan die toegewyde onderwyser toegeken word.

UNIVERSITY of the  
WORLD

Die status van die onderwysprofessie as 'n geheel word deur heelwat meer faktore beïnvloed. Die vernaamste faktore wat 'n invloed op die status uitoefen, sluit die volgende in: diensvoorwaardes waarvan salarisse die belangrikste is, werksomstandighede, keuring, werwing, opleiding en die bestaan van 'n etiekkode.

'n Belangrike punt wat nie uit die oog verloor moet word nie, is dat die onderwysers hul kragte moet saamsnoer deur lid van een of ander onderwysvereniging te word. Deur op 'n kollektiewe en koöperatiewe wyse op te tree, sal dit die vereniging in staat stel om vir aantrekliker diensvoorwaardes en diensomstandighede te beding. Die gevolg daarvan sal wees dat die status van die onderwysprofessie slegs kan verhoog.

## 2.4 Moontlike redes vir die afname van die onderwyser se aansien in die samelewing

In die vroeë jare het die onderwyser 'n lae status gehad. Die rede hiervoor is dat die kerk sterk beheer oor die onderwys uitgeoefen het.<sup>191)</sup> Die kerk se vernaamste oogmerk was om die kind op te voed sodat hy 'n lid van die kerk kon word.<sup>192)</sup> Formele onderwys is dus as onbelangrik beskou, veral waar die ouers hierdie funksie self kon vervul.<sup>193)</sup>

Die predikant het 'n eervolle plek in die gemeenskap ingeneem en in sy skaduwee moes die onderwyser tevrede wees om, behalwe sy onderwys= taak, ook nog ondergeskikte dienste te verrig. Die onderwyser het die kerkklok gelui, die skool uitgegee, Sondagskool gehou en somtyds as plaasvervanger vir die siek predikant opgetree.<sup>194)</sup>

Dit was ondenkbaar vir die onderwyser om eers sy markposisie of enige van sy vaardighede te eksploiteer, aangesien hy voortdurend gebuk moes gaan onder die morele druk wat op hom uitgeoefen is. As die onderwyser nie die verwagte eerbiediging of self-opoffering getoon het nie, dan sou hy sy pos kwyt wees. Interkerklike verskille en vyandskap het verhinder dat die onderwysers 'n gesamentlike aksie kon loods om hul posisie te verbeter.<sup>195)</sup>

Nieteenstaande sy lae status, het die onderwyser in veral die dertiger= jare nietemin 'n hoë aansien in die samelewing geniet vanweë sy pro= fessionele opleiding, sy kennis, sy vermoë om die ongeletterdes met woord en daad by te kon staan en vanweë die feit dat hy as die gemeen= skap se "prokureur", begrafnisondernemer en Sondagskoolonderwyser kon optree. Die "Meester" was alles vir sy mense en daarvoor het hulle hom gewaardeer en gerespekteer.

Met verloop van tyd kon die opvoeder nie meer daarop aanspraak maak om as die enigste alwetende<sup>196)</sup> bekend te staan nie. Sy aansien het afgeneem en die redes hiervoor kon moontlik die volgende wees:

1. Die aanwas van die bevolking het die aanvraag na meer en geskikte onderwys akuut gemaak.<sup>197)</sup> Die enigste korttermynoplossing om hierdie probleem die hoof te bied, was om die deur van die onderwyseroplei= dinginrigtings vir almal wyd oop te maak. Dit het meegebring dat

rekrutering nie op 'n sistematiese en wetenskaplike grondslag gefundeer kon word nie,<sup>198)</sup> met die gevolg dat persone sonder enige roepingsbewustheid in die professie gevind is. Hierdie toedrag van sake het beslis nie die aansien van die opvoeder bevorder nie.<sup>199)</sup>

2. Omdat die werkprogram van die opvoeder hoofsaaklik met die onder-  
rig van kinders te make het, en, soos dikwels gekonstateer word, die opvoeder blykbaar nie oor veel meer kennis as die kind beskik nie, kon dit sy aansien<sup>200)</sup> verlaag. Hierdie feit word aansienlik meer geaksentueer as die onderwyser self ook nog jonk is.<sup>201)</sup>

3. Op die platteland word die lae aansien van die onderwyser deur nog 'n faktor negatief beïnvloed. Aan die onderwyser word nie net as jonk en onervare gedink nie, maar hy bevind hom ook in 'n afhanklike posisie. Dit is onmoontlik vir die onderwyser om hom totaal van die gemeenskap af te sluit of onafhanklik teenoor die ouers te probeer optree. Dit is juis die dorpelinge wat gewoonlik aan hom kos en inwoning verskaf. In sulke gevalle word die junior en afhanklike status van die onderwysers duidelik bekleemtoon.<sup>202)</sup>

4. Onderwysgeriewe by die Kleurlinge, Indiërs en Bantoes van die Republiek van Suid-Afrika is ontoereikend. Dit het tot gevolg dat die aantal beskikbare onderwysers onvoldoende is om die groot getalle leerlinge doeltreffend te onderrig. Die verhouding tussen aantal-leerlinge-per-onderwyser is hopeloos uit verband geruk. In die tydperk 1981 - 1982 was die verhouding tussen onderwyser : leerlinge vir die verskillende bevolkingsgroepe van Suid-Afrika as volg:  
Bantoes: 1:43; Blankes: 1:18; Indiërs: 1:24 en Kleurlinge: 1:27.<sup>203)</sup>

Hierdie toestande verleen 'n lae aansien t.o.v. die onderwys in die algemeen.

5. Die groot persentasie ondergekwalfiseerde en ongekwalfiseerde onderwysers wat diens in Kleurlingskole doen, het veroorsaak dat 'n betreklik lae rang aan die onderwys in die Kleurlinggemeenskap toege-



ken is. Hierdie tendens het meer betekenisvol geword nadat 'n noemenswaardige aantal rigtings wat voordelige werkgeleenthede aan Kleurlinge met hoë akademiese en tegniese kwalifikasies geopen is. Nie net is die beter gekwalifiseerde persoon deur hierdie nuwe werk-rigtings aangetrek nie, maar die meer intelligente persoon het ook in daardie stroom beland. Dit het die gedagte laat posvat dat die onderwysberoep hoofsaaklik die minder intelligente persone aantrek.

6. Baie mense het tot die geloof geraak dat die oordrag van Kleurlingonderwys na 'n afsonderlike departement, bygedra het tot 'n status=<sup>204)</sup> verlaging.

7. Nog 'n strukturele swakheid van die onderwysersrol is die gewone gedagte dat onderwys, veral op primêre vlak, meer geskik vir vroue geag word. By die meeste gemeenskappe het die geloof ontstaan dat die man superieur teenoor die vrou is, sodat 'n werksaangeleentheid wat kindersorg insluit (tradisioneel 'n vroulike aktiwiteit) 'n lae aansien sal geniet.<sup>205)</sup>

8. Menige jong man wend hom tot die onderwys, nie soseer omdat dit sy eerste keuse is nie, maar meer om die onderwys te gebruik as 'n middel tot 'n ander finansieel meer voordelige loopbaan.<sup>206)</sup>

Studiebeurse wat die departement aan kandidate wat die onderwys as 'n loopbaan kies, jaarliks beskikbaar stel,<sup>207)</sup> bring aansienlike finansiële verligting vir talle persone wat dit andersins nie sou kon bekostig het as hulle 'n ander loopbaan moes kies waar beurse nie so vrylik beskikbaar is nie.

Sommige vroue betree die onderwysberoep as 'n tydelike werktuiste met die oog gerig op 'n moontlike troue êrens in die verskiet.<sup>208)</sup>

Die onderwysberoep bied ook aan die getroude vrou 'n veilige hawe waar hulle vir 'n ruk kan aanbly, die pos tydelik verlaat om lewe aan 'n baba te skenk<sup>209)</sup> en later weer terug na die skool te keer.

Jaarliks vind daar heelwat posteverwisseling by skole plaas. Aan-

stellings in bevorderingsposte, sekonderings, oorplasings en die vulling van tydelike poste het al sulke afmetings aangeneem dat in die geval van die Departement van Onderwys en Kultuur nagenoeg 8 000 poste jaarliks geadverteer moet word.<sup>210)</sup> Uit die voorafgaande word die indruk geskep dat 'n permanente karakter nie aan die onderwysposte gekoppel kan word nie - 'n faktor wat 'n lae aansien aan die onderwysersrol verleen.

9. 'n Stereotipe mening wat dikwels gelig word, verwys na die onderwysberoep as een wat voorsiening maak vir diegene wat sukses nie elders kan behaal nie.<sup>211)</sup> Blykbaar werk hierdie negatiewe kritiek deur tot die onderwyserskrops aangesien by sommige opvoeders 'n lae verpligting teenoor hul taak bespeur word.<sup>212)</sup>

10. Oor die jare het die platteland ook gaandeweg sy unieke karakter verloor. Eers kon die plattelanders met sekerheid as 'n nou verenigde en stabiele gemeenskap beskryf word. Dit was ook moontlik om die gemeenskap met die skool te identifiseer. Een van die karaktertrekke van die gemeenskap was juis sy historiese kontinuïteit met die skool. As die leerling in die hoërskool beland het, kon sy onderwysers sy geslag nagaan tot miskien sy oupa. Andersyds het die leerling ook alles omtrent die skool en sy leerkrigte geweet, want hy was hulle al jare bekend. 'n Gemeenskap volksoorlewering t.o.v. die skool het ontstaan waarmee die kind opgegroeï het: vir die kind was daar 'n deurlopendheid vanuit die verlede na die hede en tot die toekoms.

Teenswoordig word so 'n gemeenskap weinig aangetref. Die stabiele karakter van die gemeenskap, sowel as die permanente verbondenheid van 'n leerkrig aan 'n spesifieke skool, het verander. Hierdie tendens kan toegeskryf word aan die geografiese mobiliteit van die hedendaagse samelewing. Hieraan kan die feit gekoppel word dat die aantal leerkrigte wat in dieselfde skool vir hul werkslewe aanbly, aansienlik afneem, aangesien hulle ook deur die mobiele en dinamiese karakter van die gemeenskap geaffekteer word. Hierdie onbestendigheid wat die behou van poste betref, het by die kinders en in 'n mate by die onderwysers ook, 'n gevoel laat ontstaan dat hulle deel uitmaak van 'n

"transitory institution". As die onderwyser die skool as 'n tydelike werkplek beskou, affekteer dit nie net sy identifikasie nie, maar ook die aansien waarmee die onderwys oor die algemeen bejeën word.<sup>213)</sup>

11. Die meeste rekrute vir die onderwysberoep kom uit die laer sosiale klas.<sup>214)</sup> Verder is die toelatingsvereistes vir kolleges laer as die vir universiteite. Dit bring mee dat die beste studente hul studies aan laasgenoemde inrigtings voortsit.<sup>215)</sup> Faktore soos hierdie doen afbreuk aan die onderwysersbeeld.

12. Die ouer-onderwyserverhouding hou aansienlik probleme vir die onderwyser in. Sekere onderwysers slaag daarin om ouers of familielede van leerlinge op 'n diplomatieuse wyse op 'n afstand te hou. Dog, wanneer die gemeenskap voel dat die skool nie behoorlik beheer word nie, of dat 'n onderwyser hom aan een of ander oortreding skuldig maak, is hierdie gebrek aan kommunikasie tussen onderwyser en ouers inderdaad 'n belemmering.

13. Die mening kring al wyer uit dat die opvoeder se aktiwiteite deur te veel burokratiese reëls en regulasies ingeperk word.<sup>216)</sup> Dit is dan ook te verstaan as die beroep dit moeilik vind om ge-gradueerdes te trek, aangesien laasgenoemdes nie deel wil wees van 'n stelsel waarin hulle bloot as werkers gesien word en geen medesegenskap in onderwys sake kan kry nie.<sup>217)</sup>

Al betekenis wat die burokrasie vir die onderwyser inhou, is 'n hele klomp rompslomp wat ook hoofsaaklik of grotendeels irrasioneel lyk.<sup>218)</sup>

14. 'n Faktor wat die aansien van die onderwyser tot 'n lae vlak laat daal het, en waaroor nou al jare gekreeu word, is die skamele salarisse wat aan onderwysers betaal word.<sup>219)</sup> Dit was veral in die sewentiende- en agtiende eeu dat onderwysgee as 'n bybaantjie gebruik is, terwyl 'n meer winsgewende werk die persoon se hoofbron van inkomste was.<sup>220)</sup> Predikante<sup>221)</sup> is ook as onderwysers opgelei en persone wat nie 'n bestaan uit die salaris van 'n onderwyser kon maak nie,

het snyerswerk, timmerwerk, weefwerk of enige ander ambag gekies om die wolf van die deur weg te hou.<sup>222)</sup>

15. Nog 'n strukturele swakheid wat in die onderwys aangetref word, is 'n gebrek aan akademiese vryheid. Dit word van die onderwyser verwag om neutraal te bly en nie betrokke te raak by kontroversiële of kontensieuse vraagstukke nie.<sup>223)</sup> Voorts voel hy nie vry om enige nuwe of revolusionêre gedagtes te toets of te inisieer nie.<sup>224)</sup>

Die onderwyser se entoesiasme kan daardeur gedemp word en die leidende party is die maatskappy wat kan stagneer as gevolg van 'n gebrek aan nuwe idees.<sup>225)</sup> As die onderwyser eers diens aanvaar het, is hy geneig om 'n geesteslose outomaat te word. Hy word gerangeer deur menige "deskundige" burokrate wat voorgee dat hulle weet wat onderwysers benodig. Selde is die onderwyser 'n self-rigtinggewende professionele wat die geleentheid gegun word om met sy eie probleme te worstel.<sup>226)</sup>

16. Sommige leerkrigte se gesindheid teenoor die onderwys bevorder nie die goeie naam van die beroep nie. Die siening van die leerlinge en gemeenskap kan ook daardeur beïnvloed word.

17. Die deure van meer professies word oopgemaak sodat van die talentvolste persone daarheen gelok word.

18. Die Engelssprekende het nog min belangstelling in die onderwysberoep getoon. Sedert die veertigerjare het veral die Engelssprekende mans die onderwysberoep nie aanloklik genoeg gevind nie. Hulle het eerder hul toetrede tot die meer winsgewende private sektor gemaak.<sup>227)</sup>

19. Daar's sommige leerkrigte wat eiesugtige waardes nastreef. Hulle eis bv. beter werksomstandighede en voordele, maar vernalaat om beduidende pogings aan te wend om hul onderwysbekwaamheid verder uit te bou.<sup>228)</sup>

20. Die groot aantal vroue wat toenemend die onderwys hul loopbaan maak, het blykbaar prestige probleme.<sup>229)</sup>

21. Deesdae veroorsaak die getal onderwysers wat jaarliks afstudeer, 'n geweldige groei in die onderwyskorps. Hierdeur word die individuele onderwyser minder seldsaam en invloedryk gemaak.<sup>230)</sup>
22. Die ander professies wat stelselmatig ontluik het, het die onderwysberoep verbygesteek wat populariteit en aansien betref.<sup>231)</sup>
23. Hedendaags bestaan die opvatting dat leer nie uitsluitlik as gevolg van onderrig ontstaan nie. Die meeste leer vind buite die klaskamer plaas.<sup>232)</sup> Hier speel veral die onderskeie media 'n belangrike rol.<sup>233)</sup> Met al die veranderinge wat in die tegnologiese wêreld plaasvind, is dit haas onmoontlik vir die skool om tred te hou.<sup>234)</sup>
24. Vandag se skool kan nie meer as 'n veilige hawe beskou word nie.<sup>235)</sup> Dit word geteister deur onluste, aanrandings en vandalisme<sup>236)</sup> en die redes hiervoor strek van 'n politieke aard<sup>237)</sup> tot 'n onsekere toekoms.<sup>238)</sup>
25. 'n Aspek wat nog nie aangeraak is nie, is 'n nuwe verskynsel wat sy kop in die moderne tyd uitgesteek het. Die verskynsel staan bekend as permissiwiteit en word geopenbaar in gedragsafwykings soos ongedissiplineerdheid, ongehoorsaamheid en gesagsverwerping.<sup>239)</sup> Die onderwyser se gesag en dissipline staan voor die uiterste toets van die moderne samelewing.<sup>240)</sup>
26. 'n Probleem waarmee die onderwys nou nog te kampe het, is die tekort aan goed gekwalifiseerde onderwysers vir die sekondêre skole. In tabel A1 word 'n uiteensetting gegee van die kwalifikasie van die onderwysers van die verskillende bevolkingsgroepe in 1979.

TABEL A1<sup>241)</sup>ONDERWYSERKWALIFIKASIES IN SUID-AFRIKA 1979

Hoogste akademiese kwalifikasie	Bantoe	Blank	Indiër	Kleurling
	%	%	%	%
Univ. graad	2,3	32,0	19,4	4,2
St. 10	15,5	68,0	65,3	26,3
Laer as st. 10	82,2	Geen	15,3	69,5

Die prentjie vir die Kleurlingonderwys het in 1984 in 'n groot mate heelwat beter daaruit gesien. In daardie jaar was slegs 2 427 of 31,61% uit 'n totaal van 7 678 onderwysers gegradueerd, 3,63% het vier jaar opleiding na st. 10 gehad, 44,31% het st. 10 plus drie jaar gehad, terwyl 20,45% laer kwalifikasies gehad het.<sup>242)</sup>

27. Die onderwyser se kliënte is wetlike minderjariges en dit mag wees dat hierdie feit die status van die onderwyser onderdruk. Nog 'n feit wat in noue verband staan met die lae status van die onderwyser se kliënte, is dat skoolbywoning verpligtend is. Hierdie vereiste verander gewone ouerlike besorgdheid in regte om te weet en dus te takseer wat in 'n skool aangaan.<sup>243)</sup>

28. Een faktor van die werksomstandighede wat ergelik vir die onderwyser is, is die feit dat hy te veel van sy kosbare tyd aan sleurwerk moet bestee.<sup>244)</sup>

29. Die inspeksiestelsel was nog altyd 'n steen des aanstoots vir die onderwyser. Die meeste leerkragte maak dit af as tydverkwistend; dit word oppervlakkig gedoen en nie wetenskaplik toegepas nie en dat dit onmoontlik is om 'n onderwyser na 'n vlugtige besoek te evalueer.<sup>245)</sup> Hedendaags is die angel slegs vir die hoërskoolonderwyser daar uitgehaal. Die inspekie het meer konsultasie-adviserend van aard geword.<sup>246)</sup>



30. 'n Verskynsel wat in die moderne tyd kop uitgesteek het en wat 'n groot bekommernis vir die beroep geword het, staan bekend as onderwyser "burn-out". Dit word gekarakteriseer as psigiese inspanning, 'n gevolg van druk van menslike diens. Voorts word beweer dat een uit elke vier onderwysers die onderwys vaarwel toeroep.<sup>247)</sup>

31. 'n Knelpunt in die onderwys wat in die Erika Theron-verslag uitgelig word en wat moontlik ook die status van die beroep kan diskrediteer, gaan oor akkommodasie en fasiliteite. Kleurlingonderwys beskik nie oor voldoende klaskamerakkommodasie nie en die geldbedrae wat beskikbaar gestel word vir meer en beter fasiliteite is ontoereikend.

Sedert 1964 is die toevlug noodgedwonge tot 'n stelsel van dubbelskofklasse geneem om die akute tekort aan klaskamerakkommodasie die hoof te probeer bied. Hoewel die instelling van dubbelskofklasse as 'n tydelike maatreël sou dien, kon die kommissie van ondersoek die beëindiging daarvan nie in die nabye toekoms sien nie. Dat dit 'n "stremende faktor" in die hele skoolstelsel is, kan nie weggeredeneer word nie.<sup>248)</sup>

32. 'n Praktijk van die onderwysdepartement wat dikwels frustasie by die onderwyserkorps veroorsaak, is wanneer vernuwing geïmplementeer moet word. Te dikwels bevind die onderwyser hom in die situasie dat hy die nuwe sillabus in die hand het, maar nie van die nodige hulpmiddele voorsien word nie. Hierdie situasie kan 'n negatiewe gevoel in die onderwyser laat ontstaan sodat hy gekant is teen enige vernuwing. 'n Moontlike konfrontasie met die onderwysowerhede word ook nie uitgesluit nie.<sup>249)</sup>

33. 'n Leemte in die onderwys wat gewis nie die beeld van die beroep ten goede strek nie, is die feit dat die onderwyser nie op hoogte van bepaalde resultate van verdienstelike navorsingsprojekte gehou word nie.<sup>250)</sup>

34. Ten laaste 'n aspek van die werksaamhede van 'n skool wat somtyds 'n gevoel van wantroue en agterdog by die gemeenskap wek, is die



kwessie van skoolfondse. Enige fondsinsamelingsprojek wat die skool van stapel wil laat loop, word deur sommiges verdag gemaak. Dit word deur diesulkes as "weer nog 'n geldmaakstorie" afgemaak en dikwels gebeur dit ook dat een of ander personeellid (gewoonlik die skoolhoof) van geldverduistering verdink word.

Die faktore wat hierbo genoem word, het 'n remmende effek op die onderwys. Dit is nie verbasend dat baie van ons belowende jongmense wegdeins van die onderwys as beroep nie.

As die lys van faktore wat moontlik tot die lae aansien van die status van die onderwyser aanleiding gegee het, in aanmerking geneem word, is dit jammerlik om te moet stateer dat sommige aan swakhede of leemtes in die onderwysstelsel toegedig kan word. Faktore wat hier genoem kan word, is die volgende: ontoereikende geriewe en fasiliteite; ongekwalifiseerde onderwysers wat onderwysposte beman, burokrasie, onrealistiese salarisse, gebrek aan akademiese vryheid, die inspeksiestelsel, gebrek aan voldoende klaskamer-akkommodasie, navorsingsprojekte wat nie vir die onderwyspubliek beskikbaar gestel word nie en die vertraging ten opsigte van hulpmiddels en leerboeke wat plaasvind wanneer nuwe sillabusse ingevoer word.

'n Faktor wat 'n besliste inbreuk op die onderwysprofessie maak en die onderwys dus van die belowendste kandidate "berooft", is die private sektor. Wat salarisse, voordele en byvoordele betref, kan die onderwys eenvoudig nie met die private sektor meeding nie.

As die keuring van kandidate vir die onderwysprofessie strenger en op 'n meer wetenskaplike grondslag toegepas word, sal sulke faktore soos byvoorbeeld om die onderwys as 'n middel vir ander en meer belowende werk later te gebruik, gesindhede van onderwysers, eiesugtige waardes na te streef en klagtes oor sleurwerk, moontlik geëlimineer word.

Dan is daar faktore wat sal bly voortbestaan en hier kan genoem word die feit dat die onderwyser se kliënte altyd hoofsaaklik kinders sal wees, meer vroue in die professie aangetref sal word, leer buite die

klaskamer plaasvind, permissiwiteit, psigiese inspanning en die karakterverandering van die platteland.

Faktore wat betreur word, is die feit dat so min Engelssprekende mans die onderwys hul professionele maak en die onveilige toestande wat deesdae in skole heers.

## 2.5 Kort oorsig oor navorsing wat alreeds in hierdie verband gedoen is

### 2.5.1 Inleiding

In hoofstuk 1 is gepoog om 'n beknopte oorsig van die status van die onderwyser te gee en hoe dit oor die jare ontwikkel het. Voorts is die probleem gestel en dan ook die doel van hierdie ondersoek. 'n Werksprogram is aangedui wat gebruik sal word om die faktore wat die status bepaal, te belig en om daardeur die aansien wat die beroep hedendaags geniet, te probeer vasstel. Oor die status van die onderwyser en sy beroep is daar al heelwat bespiegel en is dit desnoods ook altyd met die statusse van die erkende professionele vergelyk.

Verskeie ondersoekte is gevolglik van stapel laat loop juis om die status van die onderwyser en dus dié van sy beroep in perspektief te stel. Die vrae wat indringend beantwoord moes word, is: wat is die status van die onderwys en hoe vergelyk dit met die ander professiones?

Daar sal nou oorgegaan word om enkele van hierdie ondersoekte van nader te beskou. Die idee is om 'n oorsig te gee van navorsingswerk wat hierdie aspek van die onderwys dek.

### 2.5.2 Enkele ondersoekte wat in Suid-Afrika onderneem is

#### 2.5.2.1 Die ondersoek van Langenhoven <sup>251)</sup>

In 1951 het Langenhoven 'n vraelysondersoek onderneem om die publieke opinie oor die onderwysprofessionele te bepaal. Langenhoven se be-

vindinge oor die status van die onderwyser kan as volg weergegee word. 71,1 persent van al die respondente stel die status van die onderwyser gelyk aan die van ander professionele werkers, soos die dokter, tandarts, prokureur, predikant, ens. 21,8 persent verskil in hul mening en antwoord "nee", terwyl 7,1 persent onseker is.

'n Wenslike verskil in mening tussen die Afrikaanssprekendes en die Engelssprekendes word aangetref. Terwyl 'n oorweldigende 82,5 persent Afrikaanssprekendes seker is dat daar geen verskil in status tussen dié van die onderwyser en dié van die ander beroepe is nie, is daar 57,9 persent van die Engelssprekendes wat beslis die teenoorgestelde mening huldig. Die persentasies van die respondente van die onderskeie groepe wat die hoofmening van elke groep teenstaan, is 13,2 en 31,9 vir die Afrikaans- en Engelssprekende groepe respektiewelik.

Langenhoven meen stellig dat dit moontlik plattelandse Afrikaanssprekendes is wat oortuig is dat die status van die onderwysberoep gelyk is aan dié van ander beroepe. Blykbaar word die status van 'n onderwyser op die platteland hoër geag as in die stadsgebiede. 'n Verdere ontleding van die gegewens gee ook 'n goeie aanduiding dat daar 'n noue verband tussen die status en geneentheid om lid van die beroep te word, bestaan. Die statistiek maak dit duidelik dat die Afrikaanssprekendes eerder tot die onderwysberoep sal toetree as die Engelssprekendes. In sy samevatting lig Langenhoven die volgende feite t.o.v. die status van die onderwysberoep uit:

Die meerderheidsgevoel is dat die boonste laag<sup>252)</sup> van die bevolking aangemoedig moet word om onderwyser te word; die onderwysers in daardie posisie moet wees waar hul leefwyse gelyk is aan dié van ander professionele werkers; hulle 'n kompeterende salaris aangebied moet word sodat dit nie nodig sal wees om ander bronne van inkomste te soek om 'n hoë lewensstandaard te handhaaf nie; die beroep slegs die beste jongmense lok.

'n Eenstemmigheidige gevoel heers ook wat die algemene tekortkomings in die beroep betref. Die publiek is deeglik daarvan bewus dat die

onderwysers nie op gelyke voet met die professionele werkers van die ander beroepe lewe nie en dat hul besoldiging ontoereikend is om 'n hoë lewenstandaard te handhaaf. Daar is ander beroepe wat aan jongmense gelyke kompensasie en somtyds beter ook as die onderwysberoep bied. Moontlik is dit 'n rede waarom 'n groot deel van die gemeenskap nie gretig is om hulle kinders wat oor die nodige bekwaamheid beskik, aan te raai om onderwyser te word nie.

#### 2.5.2.2 Die ondersoek van Olckers <sup>253)</sup>

Die vraelysondersoek wat Olckers in 1951 onderneem het, het onder andere ook oor aspekte van die status van die onderwyser en die onderwysprofessie gehandel.

Daar is nie eenstemmigheid verkry op die vraag of die onderwys voldoende geleentheid bied om te werk en te presteer en die maksimum te lewer nie. Uit die totale bevolking meen 52 persent dat hulle geluk vind in die onderwysberoep, terwyl 35,9 persent hierdie mening nie steun nie.

Olckers kom tot die gevolgtrekking dat die rede vir die onderwyser se frustasie moontlik opgesluit lê in die feit dat die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel gesentraliseerd-outokraties is. Dit is veral die sekondêre assistente wat die gevoel openbaar dat hierdie stelsel hulle beperk om as selfstandige, professionele werkers op te tree.

Op die vraag: "voel u dat u deur u werk as onderwyser 'n belangrike bydrae tot die opbou en ontwikkeling van die gemeenskap lewer?" gee 91,6 van al die respondente 'n bevredigende antwoord, 3,3 persent stem nie saam nie en 5 persent is onseker.

Die proefpersone is verdeeld in hul mening oor die vraag of die status van die onderwyser laer is as die beoefenaars van ander beroepe met gelyke opleidingsduur. 69,6 persent van die totale monster gee gelyk dat dit die geval is, 25 persent reken dat die onderwysers 'n gelykwaardige status handhaaf, terwyl 'n onbeduidende aantal respon-

dente, nl. 5,3 persent, onseker is van hul mening.

Oor die vraag omtrent die aandeel wat skoolkomitees en skoolrade in onderwys sake het, siende dat hulle meestal leke op die gebied van die onderwys is, is die oorweldigende gevoel (74,6 persent) een van ontevredenheid en ongelukkigheid. Slegs 18,3 persent van die aantal proefpersone sien geen beswaar in hierdie twee liggame se bedrywighede nie en 7 persent is onseker.

86,3 persent van die respondente is sterk daarvan oortuig dat die status van die onderwyser benadeel word deur die feit dat ander persone se sienswyse oor onderwysvraagstukke dikwels voorkeur geniet bo dié van onderwysers self. 8,3 persent deel nie hierdie mening nie en 5,3 persent toon onseker te wees. 'n Verrassende 77 persent van die onderwysers reken dat die gemeenskap hulle min erkenning gee vir hul belangrike opvoedingstaak. 13,3 persent egter is die mening toegedaan dat hulle voldoende erkenning kry, terwyl 10,6 persent onseker is. 'n Beduidende meningsverskil oor die vraag: "Is u van oordeel dat u genoeg erkenning en beskerming van u onderwysdepartement kry?" is te bespeur. 33 persent van die respondente antwoord "ja", 46,6 persent gee 'n "nee" antwoord en 30,3 persent swyg oor hul mening.

Meer as die helfte van die onderwysers (54 persent) meen dat die onderwyser se kanse maar skraal is om in enige van die hoogste administratiewe poste wat onderwysaangeleenthede beheer, aangestel te word. 16 persent van die respondente reken dat die onderwysberoep wel in aanmerking geneem word vir sulke poste en 30 persent is onseker.

Verder het Olckers die ontdekking gemaak dat in daardie gevalle waar geen eenstemmigheid verkry kon word oor 'n sekere sienswyse nie, die oorgrote meerderheid van die respondente hulle by die "ontevrede-gevoel" geskaar het eerder as by die groep wat "tevrede" voel oor 'n onderwysaspek. Die onderwyser se vermoede dat sy professionele status nie gelyk gestel is aan die van ander beroepe nie, dat beide die publiek en die owerheid geen erkenning vir sy dienslewering gee nie, is faktore wat ontevredenheid en ongelukkigheid by die onderwyserskorps in die hand werk.

### 2.5.2.3 Die ondersoek van Nathan<sup>254)</sup>

Die vraelysondersoek wat Nathan in 1956 geloods het, het 900 Engelssprekende matrikulante betrek. Die leerlinge se siening oor die sosiale en professionele stand van hoërskoolonderwysers in vergelyking met die lede van twaalf ander professies, kon Nathan die volgende bepaal:

a. 'n Rangordelys van die twaalf professies.

Volgens die matrikulante se keuse van beroepe verskyn hier onder:-

- 1ste Dokter
- 2de Prokureur
- 3de Argitek
- 4de Predikant
- 5de Tandarts
- 6de Ingenieur
- 7de Rekenmeester
- 8ste Sakeman
- 9de Bankier
- 10de Hoërskoolonderwyser
- 11de Boer
- 12de Loods

Die algemene indruk wat verkry word, is dat die publiek die hoërskoolonderwyser as een van die minsgerespekteerdes van die twaalf gegewe professies beskou.

Met die uitsondering van die plattelandse dame matrikulante, het al die ander groepe se menings dit gelyk dat die publiek Hoërskoolonderwysers nie hoër as negende plaas op die lys van die twaalf gegewe professies nie.

Al die groepe seuns meen dat die rangposisie van Hoërskoolonderwyser slegs hoër is as die van Boer en Loods, terwyl die dogters oor die algemeen reken dat dit ook die Bankier oortref.



b. Geen ooreenstemmende opinie word by die groepe Engelssprekende matrikulante verkry oor die aangeleentheid of Hoërskoolonderwys oor die algemeen as 'n "geleerde" professie gelyk aan die Medici, Regte en Ingenieurswese gestel kan word al dan nie.

'n Gemiddelde 39,5 persent meen dat Hoërskoolonderwys as sulks beskou moet word. Die groepe wat beslis "nee" hierop antwoord, is die eersteklas leerlinge met 32,4 persent en die plattelandse dogters met 45,7 persent.

c. Nathan wys daarop dat hierdie bevindings blyk die vermoede te steun dat intellektuele kriteria 'n onvoldoende gids is tot die status van 'n professie in die Engelssprekende gemeenskap. Alhoewel nagenoeg veertig persent van al die respondente aandui dat Hoërskoolonderwys as 'n "geleerde" professie beskou word, gelyk aan Medici, Regte en Ingenieurswese, meen hulle nietemin dat sy status in die oë van die publiek laer is as dié van bykans al die ander gegewe professies en beroepe.

#### 2.5.2.4 Die ondersoek van Visagie

255)

Visagie het 'n teoretiese ondersoek na die status van die onderwysberoep en van die onderwyser gedoen. In sy ondersoek het hy sekere gemeenskaplike faktore uitgelig wat eie is aan en die status bepaal van die drie erkende beroepe, nl. die evangeliebediening, die mediese beroep en die regsberoep.

Aan die hand van hierdie faktore wat as maatstaf dien, het hy die ooreenstemmende aspekte van die onderwysopset getoets.

- a. deur dit met die drie professies te vergelyk;
- b. om vas te stel of daar enige gronde is om te beweer dat die onderwysberoep as minderwaardig teenoor die ander professies staan;
- c. om te bepaal of die onderwysberoep dit regverdig dat sy status indien dit nodig mag blyk, verhoog behoort te word.



Die faktore wat hy in sy ondersoek gebruik het, het die volgende ingesluit:

- i. Belangrikheid en onontbeerlikheid.
- ii. Gesaghebbendheid.
- iii. Opleiding en toerusting.
- iv. Keuring en toerusting.
- v. Gespesialiseerde aard.
- vi. Geslotenheid en samesnoering.
- vii. Verantwoordelike aard.
- viii. Emolumente of inkomste.
- ix. Motief.
- x. Handhawing van etiese beginsels.
- xi. Vryheid.
- xii. Status.

Visagie se ondersoek het aan die lig gebring dat die onderwysberoep in die verlede nie 'n hoë aansien geniet het nie. In sy gevolgtreking noem hy die volgende redes waarom dit die geval was:-

1. Vir 'n te lang tydperk was die onderwys beskou as bloot 'n proses om 'n mate van lees, skryf en die rekenkuns aan die leerlinge te onderrig. Enigeen, selfs die ouers wat 'n bietjie kon lees en skryf, kon hierdie aspek van die kind se lewe behartig. Opleide onderwysers was nie as belangrik en noodsaaklik beskou nie.
2. Selfs nadat dit 'n mate van erkenning gekry het, het die onderwysprofessie nog nie tot 'n selfstandige onderwysvereniging ontwikkel nie. Die leemte van 'n onafhanklike onderwysraad, toegerus met statuêre mag en wetlik erkende funksies en wat beheer sou uitoefen, is 'n rede waarom die status van die onderwysberoep nie verhoog kon word nie.
3. Voorheen was daar nie so iets soos gespesialiseerde opleiding om tot die onderwysberoep toe te tree nie. Slegs 'n oppervlakkige kennis van lees en skryf was voldoende om aan die geringe vereistes van die ouers te voldoen.

4. Die gebrekkige aansien en status wat die onderwysberoep geniet het, kan toegeskryf word aan die onvoldonede maatreëls wat getref is om te verhoed dat ongewenste en ongepermitteerde persone die onderwysberoep kon binnesypel.

5. Vir 'n aantal jare het die onderrig van kinders hoofsaaklik bestaan uit die oordrag van kennis op die heel eenvoudigste wyse - bloot 'n oorvertelling of die nabootsing van handeling. Enige leek is as bevoeg beskou as sy leerlinge 'n bietjie kon lees, skryf en reken. Dit is ook bekend dat matrose en ander opportuniste gehuur is om as onderwysers op te tree. Die besef is derhalwe hierdeur tuisgebring dat enigiemand onderwys kan gee - iets wat tot vandag toe ontsaglik skade aan die beeld van die onderwysberoep berokken.

6. Twee faktore, nl. geslotenheid en samesnoering, wat belangrike eienskappe van die erkende beroepe is, ontbreek by die onderwysberoep. Die onderwysberoep kon nog nooit as 'n verenigde front optree wanneer oor sake betreffende die beroep onderhandel moes word nie.

7. Die breë publiek het nog altyd onverskillig teenoor die onderwys van hul kinders gestaan. Te veel "geleerdheid" het hulle as van minder belang en oorbodig beskou. Vroeë skoolverlating is 'n tendens waarmee ons nog steeds te kampe het.

8. Die ekonomiese welvaart van die onderwyser was oor die jare maar altyd 'n bron van ergenis. Die lae besoldiging wat hy vir sy dienste moes ontvang, het grootliks daartoe bygedra dat 'n minderwaardige status aan die onderwysberoep toegeken is. Eers na die Tweede Wêreld oorlog is aandag aan hierdie aangeleentheid gegee en het daar 'n verbetering in die finansiële posisie van die onderwyser ingetree.

9. Die feit dat die onderwyser nog voortgegaan het om sy dienste te lewer ten spyte daarvan dat hy onder die mees laags besoldigdes geklassifiseer is, is genoegsame getuigenis dat 'n diensmotief eerder as 'n winsmotief nagestreef is. Hiervan is die publiek blykbaar salig onbewus.

Eers nadat dit die publiek aan die verstand gebring is watter belangrike rol die onderwyser in die opheffing en opbouing van 'n volk speel, sal die beroep miskien met meer agting bejeën word.

10. Die onderwysberoep het voorheen mank gegaan aan deeglike opleiding, groepsbewustheid en 'n samehorigheidsgevoel; gevolglik kon dit nie 'n hoë aansien verwerf nie.

Onlangs is onderwysverenigings gestig wat die goeie gees en gesindheid waarin die onderwyser sy taak moet vervul, probeer stimuleer en aanwakker binne die onderwyserkorps.

11. Daar is voldoende getuienis dat die onderwyser van oudsher nie die vryheid gegun is om sy taak sonder voortdurende toesighouding van buite te verrig nie. Hierdie toedrag van sake het by die publiek die indruk geskep dat die onderwyser nie vertrou word nie, wat daartoe gelei het dat sy aansien en wel sy status verminder het.

12a. Die volgende is 'n lys van faktore wat deur Visagie opgestel is en wat hy voel in 'n mate verantwoordelik was vir die verlaging van die status van die onderwys in die algemeen en van die onderwyser in die besonder.

- i. Die belangrikheidsbesef vir die onderwysberoep het nie sterk posgevat nie.
- ii. Die beroep is nie met gesag bekleed nie.
- iii. Die beroep het nie oor 'n wetenskaplik gefundeerde keuringstelsel beskik nie.
- iv. Vir jare het die onderwysberoep nie oor gespesialiseerde onderwystegniese beskik wat deur die praktykbeoefenaars aangeleer moes word om hul taak doeltreffend te verrig nie.
- v. Daar kon nog nie daarin geslaag word om die lede van die beroep as 'n verenigde front saam te snoer nie.
- vi. Die beroep het gesukkel om as verantwoordelik beskou te kon word.
- vii. 'n Gedrags- of erekode waardeur die lede van die beroep aan etiese standaarde verbind word, het ontbreek.

viii. Die onderwysberoep het 'n gebrek aan akademiese vryheid gehad.

12b. Die opleidingspeil van die onderwys was laag wat tot gevolg gehad het dat die onderwyser akademies nie goed toegerus was nie. Hierdie feit het dit in die hand gewerk dat die status van die onderwysberoep en dié van die onderwyser laag gebly het.

12c. Die sosiale lewe van sommige van die pioneeronderwysers het veel te wense oorgelaat. Hul werksomstandighede en diensvoorwaardes was nie juis aantreklik nie. Om hierdie rede is die sosiale status van die onderwyser as minderwaardig beskou.

12d. Die onderwyser was nie goed besoldig nie en moes derhalwe 'n lae sosiale status handhaaf. Hy kon om hierdie rede nie 'n bestaan voer wat sy status en dié van sy beroep sou verhoog nie.

12e. In die verlede kon die onderwyser geen volkome burgerregte geniet nie. Hierdie beperking wat hom opgelê is, het sy status belemmer en sy beroep as afhanklik bestempel.

13. Visagie het die volgende vraag gestel en daarna redes aangevoer waarom die onderwysberoep statuserkenning moet geniet:

Verdien die onderwysberoep om langer met minderwaardige status tevrede te wees en indien nie op welke status durf aanspraak gemaak word.

#### I. Belangrikheid en onontbeerlikheid

Die onderwystaak is een van daardie prosesse waartydens kennis oorgedra word. Die bestaan van die mens en sy verdere ontwikkeling is van hierdie kennis en die uitbreiding daarvan afhanklik. Die onderwysberoep en in besonder die onderwyser is heelwaarskynlik die enigste instansie wat aanspraak kan maak op daardie voorreg dat hy die mediese dokter, die predikant en die prokureur aan sy voete gehad en hulle geskool het.

Wat die onderwysberoep baie belangrik maak, is dat hy hom beywer vir die kind se intellektuele ontwikkeling, karaktervorming, morele opheffing, gesondheidsbewustheid en sy gevoelslewe.

Verder beklemtoon Visagie die feit dat "wanneer 'n beroep se aktiwiteit- en invloedssfeer strek oor die verskeie aspekte van 'n reeds belangrike aangeleentheid soos die opvoedingswetenskap sowel as oor die maatskaplik-kulturele, die politieke en die ekonomiese terreine van die volkerelwe, kan tot geen ander gevolgtrekking gekom word nie as dat die beroep beslis van fundamentele belang en onontbeerlik vir die mensdom is." In die lig hiervan hoef die onderwyser nie terug te staan vir die ander beroepe nie en die mening van die publiek dat dit 'n minderwaardige status het, te aanvaar nie.

## II. Die gesaghebbendheid van die beroep

Deesdae het die onderwysberoep veel meer seggenskap in baie onderwys-sake en word dit in heelwat komitees en rade verteenwoordig waar besluite aangaande die beroep geneem word. 'n Registrasieraad wat groter outonomie aan die onderwysberoep sal verleen, ontbreek egter nog. Sodra so 'n raad eers in die lewe geroep is, sal die beroep met meer gesaghebbendheid kan optree wat sy status dienooreenkomstig sal laat toeneem.

## III. Opleiding en Toerusting

Die kennisontploffing wat in hierdie eeu plaasgevind het asook die geweldige uitbreiding wat die tegnologie in die moderne samelewing ondergaan het, maak dit gebiedend noodsaaklik dat die aspirantonderwyser meerdere gespesialiseerde opleiding moet ontvang sodat hy beter toegerus kan wees vir sy belangrike taak.

Die duurte van sy opleiding steek sleg af by dié van ander beroepe. Eers as die deeglikheid van sy opleiding opgeknip word en die duurte daarvan in lyn met dié van die erkende beroepe gebring word, sal die onderwysberoep aanspraak op hoër status kan maak.

#### IV. Keuring en doeltreffendheid

'n Onderwysertekort asook 'n gebrek aan 'n "wetenskaplik-opgestelde en praktiesbruikbare skema" vir die keuring van voornemende onderwysers, is faktore wat daartoe gelei het dat die beroep oopgegooi is vir enigeen wat 'n heenkome in die onderwys wou soek. Ontoereikende vergoeding en powere werksomstandighede en diensvoorwaardes kon slegs die swakker studente lok. Alvorens toelating tot die onderwysberoep nie strenger beheer word nie, sal dit nie soos die ander beroepe aanspraak op 'n hoë status kan maak nie.

#### V. Gespesialiseerde aard van die beroep

Die stelling dat "enigiemand onderwys kan gee" is deesdae nie meer geldig nie. Die ouer of enige ander persoon kan miskien beperkte hulp verleen, maar slegs 'n opgeleide onderwyser wat oor gespesialiseerde kennis beskik, kan 'n kind stapsgewys deur al die stadia van sy ontwikkeling begelei. Hierdie besondere eienskap ken aan die onderwysberoep 'n hoë status toe soos dit ook die geval met die ander erkende beroepe is.

#### VI. Die geslotenheid van die beroep en die samesnoering van die lede

Die afwesigheid van 'n onderwysraad is 'n struikelblok wat verhinder het dat die onderwysberoep geen professionele solidariteit en geslotenheid kon openbaar nie. By die breë publiek is die indruk geskep dat die beroep oop is vir enigeen en vandaar die lae status wat daaraan toegeken is.

#### VII. Die verantwoordelike aard van die beroep

Die hedendaagse onderwyser word nie net tot die verantwoordelikheid van die kind se onderwys geroep nie; die kind se totale opvoeding word in die brandpunt geplaas. Na sy geestelike en fisiese welsyn, sosiale geluk en benutting van sy burgerregte word omgesien. In die lig hiervan behoort die onderwysberoep se status gelykmatig aan dié van die ander beroepe gestel te word.

#### VIII. Besoldiging

Alhoewel die salarisse van die onderwysers oor die jare en veral oor die laaste vyf jaar groot verbeterings getoon het, kon dit nog nie



vergelyk word met die salarisse wat aan die ander beroepe gekoppel is nie.

Visagie noem heelwat leemtes in die salarisstruktuur van die onderwysberoep wat dit minder aantreklik maak en derhalwe meebring dat die beroep nie dieselfde mate van aansien deel wat ander beroepe geniet nie.

IX. Die motief wat beoefening van die beroep ten grondslag lê

Visagie noem sekere behoudende faktore wat die diensmotief van die beoefenaars in die onderwysberoep sterk beklemtoon. Die beroep kon nog altyd op sy onderwysers staat maak om die ontwikkeling van die kind eerste te stel.

X. Die handhawing van etiese standaarde

Hier te land is daar onderwysersverenigings wat 'n hoë premie op die handhawing van etiese standaarde plaas. Dit word algemeen aanvaar dat verhoogde status alleenlik verwerf kan word as die beoefenaar se gesindheid en houding teenoor sy beroep gesond is.

XI. Vryheid in die beoefening van die beroep

Die onderwysberoep is nog nie 'n selfstandige en selfregerende instansie nie. Van owerheidsweë word die onderwys nog te veel onder noukeurige toesig gehou. Die beperkinge wat sy vryheid aan bande lê, is nie bevorderlik vir sy status en dié van die beroep nie.

XII. Die status van die onderwyser

a. Vervolgens lys Visagie die volgende redes waarom die onderwyser nie langer verdien om met minderwaardige professionele status tevrede te wees nie.

- i. Sy beroep het vandag belangriker en onontbeerlik geword.
- ii. Hedendaags vereis die beroep gespesialiseerde opleiding indien die onderrigtaak tot sy reg moet kom.
- iii. Die verantwoordelike aard van sy beroep het toegeneem namate die gebied van aktiwiteite wat vandag in die beroep aangetref word, uitgebrei het.



iv. Die feit dat hy die diensmotief voorop stel.

Andersyds verlaag die volgende faktore die professionele status van die onderwyser:

- i. Leemtes t.o.v. gesaghebbendheid en outoriteit kom in die beroep voor.
- ii. Keuring wat nie op 'n wetenskaplike grondslag toegepas word nie.
- iii. 'n Geslotenheid en 'n samehorigheidsgevoel ontbreek nog in die beroep.
- iv. Die beroep heg te min waarde aan die handhawing van etiese standaarde.
- v. Die beroep is aan te veel toesighouding van buite onderworpe.

b. Die onderwyser se opvoedkundige status is nog laag deurdat die opleidingsvereistes van die beroep laag is en indiensopleidingsfasiliteite vir hom beperk is.

c. Heelwat verbeterings in die beroep is aangebring en dit het die aansien van die beroep in die oë van die publiek stadigaan geopen vir die belangrikheid van onderwys en dat dit deur opgeleide persone behartig word.

d. Wat die ekonomiese status van die onderwyser betref, is heelwat verbeterings aangebring, maar nogtans vergelyk dit nie gunstig met die drie erkende beroepe nie.

e. Aan die onderwyser se burgerlike status is nog min gedoen.

Visagie vat sy ondersoek as volg saam:

I. As die onderwysberoep aan die hand van die twaalf norme met die ander drie beroepe vergelyk word, kan die gevolgtrekking gemaak word dat die onderwysberoep nog 'n agterstand toon en derhalwe nie dieselfde aansien kan geniet as die ander beroepe nie.

II. Daar is tog genoegsame gronde wat sal toon dat die onderwyser en sy beroep nie langer minderwaardige status hoef te aanvaar nie,

maar op gelyke aansien met die ander beroepe aanspraak kan maak.

#### 2.5.2.5 Die ondersoek van Oosthuizen<sup>256)</sup>

In 1965 het Oosthuizen in 'n landwyse vraelysondersoek probeer bepaal wat die mening van onderwysers is oor hul diensvoorwaardes en diensomstandighede. 'n Totaal van 5 017 skoolhoofde, onderhoofde en assistente asook dosente verbonde aan hoëropleidingsinrigtings is in hierdie ondersoek betrek.

Die vraelys is opgestel om die onderskeie aspekte van die onderwystruktuur te dek. In die eerste gedeelte van die vraelys word die onderwyser se siening gevra oor sy geluk en tevredenheid in die beroep, of hy sou wens om vir 'n ander beroep bekwaam te wees, of hy weer die onderwys as beroep sou kies en of hy ander sou aanraai om onderwyser te word:

1. Bykans vier uit elke vyf onderwysers het hul geluk en tevredenheid om in die beroep te wees, uitgespreek. Aan die anderkant was daar een uit vyf wat ontevrede en ongelukkig was.
2. Een uit elke vyf van die onderwysers wens dat hulle vir 'n ander beroep opgelei was.
3. Nagenoeg twee derdes van die proefpersone sou ongeag van watter kennis hulle alreeds oor die onderwys opgedoen het, weer tot die beroep wou toetree.
4. Ongeveer drie uit elke vier onderwysers sal ander persone aanmoedig om onderwys hul keuse van beroep te maak, terwyl daar een uit elke vier is wat ander sal afraai.

Vervolgens is onderwysers gevra om aan te dui watter aspekte van die onderwyser se diensomstandighede hom in sy beroep as onderwyser ongelukkig stem. Na 'n ontleding van die gegewens, het Oosthuizen 'n rangorde van die faktore wat die onderwysers as beswarend aangedui het, opgestel en dit sien as volg daaruit:

1. Die promosiestelsel of moontlikhede.
2. Die eksamenstelsel wat 'n jag na resultate veroorsaak.
3. Salaris.
4. Dat die huwelik die dame verhoed om 'n vaste betrekking te beklee.
5. Die status van die onderwyser.
6. Die administratiewe werk wat die onderwyser moet doen.
7. Dat die onderwyser nie gedurende sy opleiding genoegsaam toegesê word vir sy taak nie.
8. Die beperkinge wat op die onderwyser gelê word as gewone landsburger.
9. Die prosedure wat gevolg word wanneer 'n onderwyser by 'n tugsak betrokke raak.
10. Die pensioenskema.
11. Die buitemuurse bedrywighede wat die onderwyser moet behartig.
12. Die verlofregulasies.
13. Wat van die onderwyser in die koshuis verwag word.
14. Die onderwyser se werk in die klaskamers.
15. Die ure wat die onderwyser moet skoolhou.

Dit word gewaar dat "status" 'n vyfde plek verdien op die lys van aspekte van diensomstandighede van die onderwysers wat hulle ongelukkig en ontevrede in hul onderwystaak maak .

Aangesien die status van 'n beroep 'n beduidende invloed uitoefen op die geluk en tevredenheid in die beroep, op sy vermoë of onvermoë om sy lede in die beroep te behou en op die sukses van werwing vir die beroep, het Oosthuizen dit wenslik geag om die siening van die onderwysers oor hul status en ook dié van hul beroep binne die raamwerk van ander beroepe, te probeer vasstel.

Vyftien beroepe is in die vraelyste vervat en die respondente is gevra om elke beroep volgens hul keuse in statusrangorde op 'n lys te plaas. Hierdie keer het die respondente uit vier groepe bestaan, nl. hoofde van skole, onderhoofde en assistente aan skole verbonde, dosente aan hoë opleidingsinrigtings en hoofde van hoër opleidingsinrigtings.

Tabel B1 gee 'n aanduiding van die gegewens wat verkry is uit die ondersoek:

TABEL B1  
STATUSRANGSRIKING VAN BEROEPE

	HOOFDE VAN HOËR OPLEIDINGSINRIGTINGS	HOOFDE VAN SKOLE	ONDERHOOFDE EN ASSISTENTE	DOSENTE
1.	Mediese dokter	Mediese dokter	Mediese dokter	Mediese dokter
2.	Ingenieur	Predikant	Predikant	Predikant
3.	Predikant	Ingenieur	Ingenieur	Argitek
4.	Skoolhoof	Skoolhoof	Argitek	Ingenieur
5.	Argitek	Argitek	Prokureur	Prokureur
6.	Prokureur	Prokureur	Skoolhoof	Skoolhoof
7.	Tandarts	Tandarts	Tandarts	Tandarts
8.	Hoërskoolonderwyser	Hoërskoolonderwyser	Hoërskoolonderwyser	Hoërskoolonderwyser
9.	Sakeman	Sakeman	Ouditeur/Rekenmeester	Ouditeur/Rekenmeester
10.	Boer	Ouditeur/Rekenmeester	Sakeman	Sakeman
11.	Laerskoolonderwyser	Boer	Boer	Boer
12.	Ouditeur/Rekenmeester	Laerskoolonderwyser	Laerskoolonderwyser	Laerskoolonderwyser
13.	Loods	Loods	Loods	Loods
14.	Verpleging	Staatsamptenaar	Verpleging	Staatsamptenaar
15.	Staatsamptenaar	Verpleging	Staatsamptenaar	Verpleging

Oosthuizen het die vier ranglyste, wat die statusrangskikking van beroepe van die vier groepe aandui, vergelyk. Hy was getref deur die mate van ooreenstemming tussen die groepe in hul toekenning van rangorde aan die onderskeie beroepe.

Ten slotte wil Oosthuizen verneem waarom die onderwyser 'n laer status handhaaf ten spyte van die feit dat sy kwalifikasies, opleidingsduur en diens aan die gemeenskap gunstig vergelyk met die beroepe wat 'n hoër status geniet. Moontlik word die laer status toegeskryf aan nog 'n komponent van die statusstruktuur, te wete die salaris of vergoeding wat aan die beroep verbonde is, en dit is 'n erkende feit dat die onderwysberoep ver te kort skiet

by die ander beroepe sover dit hierdie aspek betref.

#### 2.5.2.6 Die ondersoek van Venter<sup>257)</sup>

In die vraelysondersoek wat Venter in 1966 onderneem het, het hy onder andere studentonderwysers wat aan onderwyskolleges verbonde is, as sy proefpersone gebruik. Die studente is gevra wat hul siening en dié van hul ouers oor die status van die onderwysberoep is.

##### a. Status van die beroep soos die student dit sien

Na 'n ontleding van die antwoorde, is Venter se bevindinge as volg: In die algemeen gesien, blyk dit dat daar min ooreenstemming is by die groepe onderling of die studente as 'n geheel, oor die status van die beroep soos deur die studente gesien. Die enigste groepe wat dit die hoogste waarde toeken, is die Afrikaanssprekende mans en dames, eerstejaarstudente en die Engelssprekende dames, eerstejaarstudente. Slegs die tweedejaar Engelssprekende mansstudente ken die laagste waarde toe aan die status van die beroep. Al die ander groepe se waardetoekenning val tussenin.

##### b. Status van die beroep soos die ouers dit sien

Die antwoorde wat die onderwysstudente ten opsigte van hul ouers verstrekk, blyk die volgende tendense te toon:

In die algemeen blyk dit dat die status van die onderwysberoep oorwegend hoog aangeslaan word deur beide die Afrikaanssprekende mans en dames. Volgens die respons van die betrokke studentegroepe is die sienswyse van hul ouers bo-gemiddeld en gemiddeld. Die mening van die ouers van die Engelssprekende studente blyk oorwegend gemiddeld tot ondergemiddeld te wees. Slegs die siening van die derdejaar mansstudente en die tweedejaar damestudente is die laagste vir hierdie groep. Hul toekenning van punt een aan hierdie aspek toon hierdie tendens.

#### 2.5.2.7 Die ondersoek van Kemp<sup>258)</sup>

In 1968 het Kemp 'n empiriese ondersoek ten opsigte van die houding

van onderwysers teenoor die onderwys as 'n beroep onderneem. Hy het voltooië vraelyste van 652 proefpersone ontleed en hul siening oor hul status as volg bevind.

7,9% van sy respondente huldig die mening dat die status van die onderwysberoep nie op dieselfde vlak as dié van die ander beroepe verkeer nie. Die onderwyserkorps vind hierdie feit onrusbarend aangesien 91% van die respondente te kenne gee dat die status van die onderwyser alleenlik verhef sal word as erkenning aan die professionele dienste wat 'n onderwyser lewer, gegee word.

Die respondente het veral twee faktore geïdentifiseer wat die status van die onderwysberoep sou bepaal, nl.: 76% van die respondente meen dat die status deur die onderwyser se salaris bepaal word, terwyl 87% van die respondente weer reken dat die status bepaal word deur die siening wat die volk en die staat van die onderwysberoep het.

#### 2.5.2.8 Slotsom

Die ondersoek wat in Suid-Afrika onderneem is, het interessante ontwikkelings opgelewer. Langenhoven kom met sy ondersoek tot die gevolgtrekking dat 'n groter persentasie Afrikaans- as Engelssprekende studente reken dat die status van 'n onderwyser gelyk is aan dié van enige van die ander beroepsbeoefenaars. Sy bevinding is ook dat die Afrikaanssprekendes meer gewillig is om tot die onderwys toe te tree as in die geval van die Engelssprekendes. Ten laaste het Langenhoven tot die gevolgtrekking geraak dat die onderwyser nie 'n realistiese salaris ontvang nie.

Die ondersoek van Olckers het twee belangrike aspekte ten opsigte van die status van die onderwyser wat ook ontevredenheid in die gelede van die onderwyserkorps veroorsaak, aan die lig gebring. Eerstens het die onderwyser die sterk vermoede dat sy status laer is as dié van ander beroepsbeoefenaars en tweedens kry hy geen erkenning en waardering vir sy dienste van die owerheid en publiek nie.

Nathan kom tot die ontdekking dat die hoërskoolonderwyser 'n bedui-

dend lae aansien by die publiek geniet. Uit 'n lys van twaalf gewese professies kan die hoërskoolonderwyser beswaarlik 'n negende posisie op die ranglys beklee.

In sy ondersoek meld Visagie 'n aantal redes waarom die onderwysprofessie in die verlede nie met 'n hoë agting bejeën is nie. Daarna lys hy verskeie faktore wat volgens sy mening tot die lae status van die professie en die onderwyser aanleiding sou gegee het. Visagie kom tot die algemene konklusie dat as die status van die onderwys aan die hand van twaalf kriteria getoets word en die bevindings vergelyk word met dié van die drie erkende professies (die Evangeliebediening, die mediese beroep en die regsberoep), toon die status van die onderwysprofessie 'n aansienlike agterstand.

Voorts meen Visagie dat daar voldoende rede is om te aanvaar dat die status van 'n onderwyser nie langer as minderwaardig beskou hoef te word nie.

Deur middel van sy ondersoek kon Oosthuizen vasstel dat die onderwyserkorps taamlik hoog opgee oor die lae status wat aan hul professie toegeken word.

Die populariteit van die onderwys toon ook 'n lae waarde as dit met ander professies vergelyk word. Die min respek wat teenoor die status van die onderwyser getoon word, stem ooreen met Nathan se bevinding in sy ondersoek.

Ten slotte spreek Oosthuizen die mening uit dat die lae status van die onderwyser blykbaar verband hou met die relatief lae salarisse wat aan onderwysers betaal word.

In verband met Venter se ondersoek is daar uiteenlopende sienswyses ten opsigte van die status van die onderwyser. Wat wel opmerklik na vore kom, is die feit dat die Afrikaanssprekende mans en dames die status van die onderwyser die hoogste aanslaan. Die waarde wat die ouers van die studente aan die status van die onderwyser toeken, wissel tussen bo-gemiddeld en gemiddeld.

Die bevindings waartoe Kemp in sy ondersoek kom ten opsigte van die



feit dat die onderwyser se status nie gelyk is aan dié van ander professies nie, stem ooreen met Visagie se bevindinge. Die onderwyserkorps skryf die lae status toe aan die min erkenning wat aan die onderwyser se dienste gegee word. Tot hierdie gevolgtrekking het Olckers ook gekom.

Ten slotte identifiseer Kemp twee faktore wat blykbaar die onderwyser se status beïnvloed, nl. salarisse en die siening wat die volk en staat daaromtrent huldig.

By vyf van die ondersoeke waaroor 'n kort oorsig gegee is, word dit baie duidelik uitgespel dat 'n groter persentasie van die publiek nie 'n groot respek vir die status van die onderwyser het nie. Slegs in die geval van die ondersoeke van Langenhoven en Venter word gewaar dat 'n groter persentasie van die Afrikaanssprekendes 'n hoë waarde aan die onderwyser se status toeken.



VOETNOOTLYS - HOOFSTUK 2

1. Lieberman, M. Education as a profession, p.452
2. De Witt, J.T. Volkome professionalisasie en die status van die onderwysberoep, p.22
3. Perry, John and Erna. The Social Web. Introduction to Sociology, p.186
4. Thurlow, M.H.J. An Empirical investigation of some aspects of Professionalism and the status of teachers, with special reference to intra-occupational differences, p.32
5. Davis, Kingsley. Human Society, p.364
6. Sorokin, Pitirim A. Social and cultural mobility, p.11
7. Bendix, Reinhard. Max Weber. An intellectual portrait, p.86
8. Sorokin, Pitirim A. Ibid.
9. Ross, H. Laurence. Perspectives on the social order. Readings in Sociology, p.224
10. Perry, John and Erna. op. cit., p.176
11. Rhoodie, Nic J. Sosiale stratifikasie en Kleurlingskap, p.31
12. Thurlow, M.H.J. Ibid.
13. Weber, Max. Economy and Society, p.305
14. Runciman, W.G. (Ed.). Max Weber. Sections in translation, p.60
15. Tumin, Melvin M. Social stratification, p.47
16. Thoodie, Nic J. op. cit., p.32
17. Dressler, David. Sociology. The study of human interaction, p.372
18. Tumin, Melvin M. Ibid.
19. The Oxford English Dictionary, p.866
20. Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (HAT), p.828
21. Webster's Third New International Dictionary, p.2230
22. Verslag van die Werkkomitee (no.13). Werwing en opleiding van onderwysers in Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing. Onderzoek na die onderwys onder voorsitterskap van J.P. de Lange, p.41
23. Van Loggerenberg, N.T. Die verdere professionalisering van die onderwys, p.2 in Die Vrystaatse Onderwyser Deel 73 no. 7 Julie 1983
24. Olsen, Allen D. Teachers. Partners in progress in NEA Journal vol. 55 no. 1 Jan. 1966, p.62
25. Lambert, Sam M.H. NEA and the real world of education in NEA Journal Vol. 56 no. 9 Dec. 1967, p.34
26. Westy-Gibson, Dorothy. Social foundations of education, p.7
27. Sumption, Merle and Engstrom, Yvonne. School community relations, p.182
28. Westby-Gibson, Dorothy, op. cit., p.4

29. Ibid, p.32
30. Sumption, Merle e.a., op.cit., p.183
31. Ibid., p.1
32. Ibid.
33. Ibid., p.2
34. Ibid., p.5
35. Ibid., pp.11-37
36. Westby-Gibson, Dorothy, op.cit., p.45
37. Banks, Olive. The sociology of education, p.14
38. Brookover, Wilbur B. and Gottlieb, David A. Sociology of education, p.42.  
Vgl. De Wet, Truter. Spieëlbeeld van 'n professie. Jy en die oerpubliek in Die Unie vol. 76 no. 2 1979, p.53
39. Westby-Gibson, Dorothy, op.cit., p.22
40. Ibid., p.157
41. De Lange, Gertrude Elizabeth. Die organisatoriese knooppunt tussen skool en huis - 'n herbesinning, p.108
42. Eedle, J.H. Education in rural areas in Teacher education in New Countries vol. 12 1971-72, p.101
43. Pinkney, H.B. Urban education. The committed in Peabody Journal of education Vol. 53 nos. 1-4 1975-6, p.50
44. Esterhuysen, W.P. Onderwys en Opvoeding in 'n snelveranderende wêreld in Die Unie vol. 75 1978-79, p.13
45. Smuts, J.P. Wat is verkeerd met ons opvoeding? in Die Unie vol. 53 1956-57, p.107
46. Simpson, Zacharias Joseph. 'n Sosio-pedagogiese ondersoek na en evaluering van gesins-opvoeding ter ontwikkeling van bestaansverantwoording by senior sekondêre kleurling=leerlinge in die Kaapse stadsgebiede van Belhar, Bonteheuwel, Elsiesrivier, Lavistown en Ravensmead, p.112
47. Adams, Sam and Garret, John, L. Jr. To be a teacher, p.29
48. Grambs, Jean D. The roles of the teacher in School and Society by Gress, Carl H. e.a., p.582
49. Redaksioneel. Die Vrystaatse Onderwyser Deel 71 no. 5 Mei 1981, p.2
50. Nel, Ch. J.L. Die onderwyser van '77 in Die Vrystaatse Onderwyser Deel 66 no. 10 Okt 1977, p.4
51. Grambs, Jean D. ibid.
52. Havighurst, Robert J. and Neugarten, Bernice L. Society and education, p.381
53. Bolton, Frederick E. and Corbally, John E. Educational Sociology, p.11

54. Commonwealth Secretariat. Teacher education in a changing society, p.325
55. Ibid.
56. Bell, Robert R. (Ed.). The sociology of education, p.311
57. Commonwealth Secretariat, op. cit., p.326
58. Craft, Maurice e.a. Linking home and school, p.30
59. Kelsall R.K. e.a. The school teacher in England and the United States, p.35
60. Bolton, Frederick E. e.a., op.cit., p.10
61. Havighurst, Robert J. e.a., op.cit., p.387
62. Kelsall, R.K. e.a., op.cit., p.41
63. Brubaker, Dale L. The teacher as a decision maker, p.64
64. Redaksioneel. Die skoolblad Deel LX no. 2 Febr. 1967, p.2
65. Craft, Maurice e.a., op.cit., p.67
66. Brubacher, Dale L., op.cit., pp.64 en 166
67. Bell Robert R. (Ed.), op.cit., p.311
68. Musgrove, Frank e.a. Society and the teacher's role, p.44
69. De Lange, Gertrude Elizabeth, op.cit., p.116
70. Adams, Sam e.a., op.cit., p.26
71. Scimecca, A. Joseph. Education and society, p.57. Vgl. Hoyle, Eric. The role of the teacher, p.69
72. Butts, R. Freeman, op.cit., p.543
73. Pretorius. J.L. Geestesgesondheid van die onderwyser in Die Skoolblad Deel 59 no. 1 Jan. 1971. p.11
74. Waller. Willard. The sociology of teaching, p.49
75. Backman, F.G. A comparative study of the salary and service conditions of the Coloured teacher for the period 1920 to 1981, p.212
76. Scimecca, A. Joseph, op.cit., p.56
77. Sadker, Myra Pollack. Teachers make the difference, p.46
78. Meyers, Alonzo F. Education in a democracy in commonwealth secretariat, op.cit., p.306
79. Adams, Sam e.a., op.cit., p.84
80. Waller, Willard, op.cit., pp.56-57
81. Ibid., pp.64-66
82. Canbeory, Hugh H. Parent teacher conferences in Today's Education Vol. 64 no. 1 Jan - Febr. 1975, p.67
83. Van Loggerenberg, N.T. Volwaardige opvoedingsvennote in Die Skoolblad Deel 63 no. 4 April 1975, p.2
84. Waller, Willard, op.cit., pp.216-217
85. Perry, John e.a., op.cit., p.186
86. Van den Berg, J.H. Die veranderde en veranderende status en rol van die Blanke onderwyser in Suid-Afrika, p.261

87. Ibid., p.262
88. Waller, Willard, op.cit., p.221
89. Van den Berg, J.H., op.cit., p.263
90. Ibid.
91. Ibid., p.264
92. Waller, Willard, op.cit., p.216
93. Van den Berg, J.H., op.cit., p.264
94. Jooste, J.H. Rasionalisering van die onderwysersopleiding met die oog op die sinvolle samestelling van kursusse vir aanstelling van aspirantonderwysers deur die Onderwysdepartement in Transvaalse Onderwysbulletin Jg. XVII no. 3 Sept. 1974, p.109
95. Musgrove, Frank e.a., op.cit., p.77
96. Stinnett, T.M. The profession of teaching, p.38
97. Musgrove, Frank e.a., op.cit., p.71
98. Van den Berg, J.H., op.cit., p.266
99. Ibid.
100. Ibid., p.267
101. Dorros, Sidney. Teaching as a profession, p.57
102. Van Loggerenberg, N.T. Diensvoorwaardes en diensomstandighede van onderwysers in Die Vrystaatse Onderwyser Deel 73 no. 9 Sept. 1983, p.19
103. C.P.T.A. Teachers' Guide. A handbook of teachers' rights and service conditions. A C.P.T.A. Publication, 1983
104. Aswegen, Izak Gerhardus. Die verband tussen sekere persoonlikheidseienskappe van studentonderwysers en onderwyssukses, p.144
105. Backman, F.G., op.cit., p.212
106. Lieberman, Myron, op.cit., p.469
107. Ibid.
108. Honeyford, B. Starting teaching, p.155
109. Adams, Sam e.a., op.cit., p.84. Vgl. Die Burger, Dinsdag 19 Mei 1987, p.2
110. Ibid.
111. Sadker, Myra P. e.a., op.cit., p.15
112. Richey, Robert W. Planning for teaching, p.264
113. Bell, Robert R. (Ed.), op.cit., p.311
114. Richey, Robert W., ibid.
115. Dorros, Sidney, op.cit., p.78. Vgl. Bell, Robert R. (Ed.), op.cit., p.24
116. Van den Berg, J.H., op.cit., p.281
117. Ibid., p.282
118. Hill, J.S. Onderwyseropleiding in Onderwysbulletin Transvaalse Onderwysdepartement Jg. XII no. 1 Maart 1967, p.47

119. Jooste, J.H., op.cit., p.108
120. Stones, Anette Marie, op.cit., p.27
121. Smit, J.V. Die opleiding van onderwysers binne 'n nasionale patroon van onderwys in Tydskrif vir Geesteswetenskappe Jg. 6 no. 1 Maart 1966, p.48
122. Hill, J.S., ibid.
123. McLean, Donald (Ed.). It's people that matter, p.158
124. Commonwealth secretariat, op.cit., p.108
125. Nel, B.F. Die psigologie van die onderwyser. 'n Studie in verband met beroepseleksie, p.14
126. Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing. Verslag van die hoofkomitee van die RGN-onderzoek na die onderwysvoorsiening in die RSA (Voorsitter: J.P. de Lange) Pretoria Julie 1981, p.67
127. Spady, William G. Status, achievement and motivation in the American High School in School Review vol. 79 May 1971, p.379
128. Hoyle Eric. The professionalization of teachers. A paradox in British Journal of Educational Studies vol. XXX no. 2 June 1982, p.162
129. Balantine, Jeanne H., op.cit., p.270
130. Westby-Gibson, Dorothy, op.cit., p.407
131. Shanker, Albert. In support of teachers. The making of a profession in NASSP Bulletin vol. 69 no. 482 Sept. 1985, p.95
132. Banks, Olive, op.cit., p.160
133. Jooste, J.H., op.cit., p.109
134. Kelsall, R.K. e.a., op.cit., p.145
135. The United States system of education by the U.S. Information Service, London, p.11
136. Inligting verkry by die Oostenrykse Ambassade tydens 'n persoonlike onderhoud.
137. Inligting verkry by die Nederlandse Ambassade tydens 'n persoonlike onderhoud.
138. Foreign and Commonwealth Office. Reference service. Education in Britain. Central Office of information, London, 1984.
139. Education in France. Inligtingsbrosjure, pp.41-42
140. Behr, A.L. Three centuries of Coloured education in South Africa, pp.216-219
141. Ibid.
142. Kellerman, J.G. Die geskiedenis van die opleiding van Blanke onderwys in Suid-Afrika 1652-1936, p.136. Vgl. Redaksioneel Die Unie Jg. 28 no. 9 Maart 1934, p.299
143. Horrel, Muriel. The education of the Coloured community in South Africa 1652-1970, p.45
144. Behr, A.L., op.cit., p.213
145. Horrel, Muriel, ibid.

146. Baartzes, W.B. Die geskiedenis en bydrae van die Opleidingskool Söhnge tot die onderwys, p.142
147. Dept. van Binnelandse Aangeleenthede (Kleurlingsake). Onderwysbulletin no. 1/81, Kaapstad 15 Jan. 1981, p.2
148. Behr, A.L., op.cit., p.212
149. Dept. van Binnelandse Aangeleenthede (Kleurlingsake). Onderwysbulletin no. 11/81 Kaapstad 15 Junie 1981, pp.3-4
150. Alpha vol. 21 no. 9 Nov. 1983, p.26
151. Benter, C.P. Staff development in the teaching profession in Alpha vol. 21 no. 1 Febr. 1983, p.6
152. Alpha vo. 20 no. 9 Okt. 1982, p.2
153. Van der Merwe, A.A. Onderwys. 'n Beroep, 'n professie of professionalisering in Suid-Afrika in Tydskrif vir die pedagogiek Jg. 12 1978, p.139
154. Hoyle, Eric, op.cit., p.81
155. Westby-Gibson, Dorothy. Social perspectives on education, p.403
156. Basson, A.J. Die onderwyser en die status van sy professie in Die Unie Jg. 76 no. 3 Sept. 1979, p.89
157. Thurlow, M.H.J., op.cit., p.37
158. Van den Berg, J.H., op.cit., p.299
159. Thurlow, M.H.J., *ibid.*
160. Banks, Olive, op.cit., p.163
161. Thurlow, M.H.J., *ibid.*
162. Banks, Olive, op.cit., p.161
163. Ballantine, Jeanne H., op.cit., p.140
164. Banks, Olive, op.cit., p.162
165. Thurlow, M.H.J., *ibid.*
166. *Ibid.*, p.41
167. *Ibid.*
168. Lieberman, Myron, op.cit., p.471
169. Hoyle, Eric, op.cit., p.82
170. Lieberman, Myron. The criteria of a profession in School and Society by Gross, Carl H. e.a., p.523
171. Crouch, Colin. Class, status, party and education in Oxford Review of education vol. 2 no. 1 1976, p.59
172. Minnaar, H.H. Teacher status and the improvement of conditions of service in The Transvaal Educational News Vol. LVIII no. 9 Oct. 1962, p.11
173. Hoyle, Eric, *ibid.*
174. Westby-Gibson, Dorothy, op.cit., p.418



175. Ibid., p.402
176. Editorial. The rights and responsibilities of teachers in The Transvaal Educational News Vol. LXII no. 17 Aug. 1966, p.7
177. Lieberman, Myron, op.cit., p.521
178. Hoyle, Eric, op.cit., p.81
179. De Witt, Truter. Spieëlbeeld van 'n professie. Sal die onderwysberoep ooit as 'n ware professie beskou word? in Die Unie Jg. 76 no. 8 Febr. 1980, p.222
180. Westby-Gibson, Dorothy, op.cit., p.418
181. Singo, T.T. Education and the first rate professional teacher in Tuata Sept. - Dec. 1980, p.29
182. Hoyle, Eric, op.cit., p.88
183. Ibid., p.89
184. Ibid., p.91
185. Lieberman, Myron, op.cit., p.521
186. Ibid., p.522
187. Ibid., p.521
188. Ibid., p.574
189. Stinnett, T.M. Is teaching a profession? in School and Society by Gross, Carl H e.a., p.529
190. Cerff, S.M. Die diensstelsel van onderwysers aan skole vir Blankes onder die Kaap-landse Onderwysdepartement veral sedert 1910 - 'n Historiese-kritiese studie van bepaalde aspekte, pp.675-678
191. De Witt, J.T. Volkome professionalisasie, p.33
192. Baartzes, W.B., op.cit., p.79
193. De Witt, J.T., ibid.
194. Lortie, C. Dan. Schoolteacher, p.11
195. Blakemore, Kenneth e.a. A Sociology of education for Africa, p.128
196. Brubacher, John S. A History of the problems of education, p.475
197. Horton, Paul B. e.a. Education problems and conflicts, p.23
198. Abstracts of main decisions and recommendations on teacher education from the Fifth Commonwealth Education Conference held in Canberra 1971, p.170
199. De Witt, J.T., op.cit., p.33
200. Van den Berg, J.H., op.cit., p.322
201. Blakemore, Kenneth, op.cit., p.130
202. Ibid.
203. Crapanzano, Vincent. Waiting. The Whites of South Africa, p.121  
Die gemiddelde onderwyser-leerling verhouding in Kleurling primêre en sekondêre skole het in 1984 op 1:26 gestaan.

- Vgl. Dept. van Binnelandse Aangeleenthede. Jaarverslag 1983-84, p.5. In Brittanje was hierdie verhouding 1:18 vir dieselfde jaar. Vgl. Education in Britain Central Office of Information, London, 1984, p.144
204. Brackman, F.G., op.cit., p.212
205. Horton, Paul B., ibid.
206. Blakemore, Kenneth e.a., op.cit., p.137
207. Administrasie Raad van Verteenwoordigers: Dept. van Onderwys en Kultuur. Onderwys= buletin Vol. 22 no. 2/87. Kaapstad, 31 Jan. 1987, p.1
208. Scimecca, A. Joseph., op.cit., p.67. Vgl. Butts, R. Freeman, op.cit., p.470
209. Criffin, Alan. The teacher as citizen in The Sociology of Education. A Source book by Bell, Robert R. (Ed.), p.310
210. Departement van Onderwys en Kultuur. Omsendbrief no. 60/85, 4 Nov. 1985, p.1
211. Brubacher, John S., op.cit., p.468
212. Blakemore, Kenneth e.a., p.131
213. Bell, Robert R. Decreasing student and community identification with the school, pp.49-50
214. Commonwealth secretariat, op.cit., p.22
215. Jaarboek '87 Deel I. Algemene inligting U.W.K., p.45. Vgl. Welz, Martin. Al minder kan deesdae universiteit toe gaan in Rapport. Febr. 1987
216. Blakemore, Kenneth e.a., op.cit., p.136
217. Theron, Erika. Die Kleurling en sy maatskaplike probleme in Die Kleurling in die Suid-Afrikaanse samestelling. Referate gelewer op die sesde jaarvergadering SABRA Jan. 1955, p.39
218. Hodgkinson, L. Harold. Education, interaction and school change, p.31
219. Report of the Teachers' Commission appointed on 19th July, 1914 to enquire into the circumstances connected with teachers' status and salaries, p. iv
220. Butts, R. Freeman, op.cit., p.254
221. Lortie, Dan C., op.cit., p.11
222. Butts, R. Freeman, op.cit., p.280
223. Richey, Robert W., op.cit., p.157
224. George, Howie. The education of teachers in It's people that matter by McLean, Donald (Ed.), p.162
225. McGrath, Earl J. Academic freedom and academic responsibility in School and Society Vol. 79 Jan-June 1954, p.65
226. Commonwealth Secretariat, op.cit., p.132
227. Redaksioneel. Die S.A.T.A. en die onderwyser in Die Unie Vol. 36 no. 7 Jan. 1941, p.11
228. Van den Berg, J.H., op.cit., pp.318-320
229. Sadker, Myra P. e.a. op.cit., p.17

230. Lortie, C. Dan, op.cit., p.12
231. Van den Berg, J.H., op.cit., p.324
232. Kelsall, R.K. e.a., op.cit., p.146
233. Illich, Ivan. Deschooling society, pp.12-47
234. Battle, J.A. e.a. The new idea in education, p.43
235. Editorial. Assaults on teachers in Today's Education. National Association of the United States. Vol. 61 no. 2 Febr. 1972, p.31. Vgl. McGuire, Willard H. Teacher burn-out in Today's Education Vol. 68 no. 4 Nov-Dec. 1979, p.5
236. Seimecca, A. Joseph, op.cit., pp.105-106
237. Lightfoot, Alfred. Inquiries into the social foundation of Education, pp.89-100
238. Combs, Arthur W. A personal approach to teaching, p.123
239. Faure, J.M.B. Die taan van die opvoeder in die moderne tyd in Die Skoolblad Deel 59 no. 11 Nov. 1971, p.9
240. Van den Berg, J.H., op.cit., p.326
241. Christie, Pam. The right to learn. The struggle for education in South Africa, p.116
242. Depart. van Binnelandse Aangeleenthede. Jaarverslag 1983-84, p.28
243. Thurlow, M.H.J., op.cit., p.42
244. Editorial. Local association work for better teaching conditions in NEA Journal Vol. 53 Febr. 1964, p.28
245. Eloff, Jacobus Johannes. 'n Ontleding van die emosionele probleme van die onderwyser in die klaskamer, p.41
246. Minnaar, H.H., op.cit., p.8
247. Kremier, Liya and Hofman, John E. Teachers' professional identity and burn-out in Research in Education no. 34 Nov. 1985, pp.89-90
248. Theron, Erika. Verslag van die Kommissie van Ondersoek na aangeleenthede rakende die Kleurlingbevolkingsgroep. Pretoria, 1976, p.178
249. Nathan, Hans Bernd. The attitude of English-speaking matriculants in the Cape Province towards teaching as a career, p.226
250. Visagie, J.A.C. Die status van die onderwysberoep en van die onderwyser, pp.1-200
251. Langenhoven, H.P. Die publiek se opinie oor die onderwysprofessie in Tydskrif vir maatskaplike navorsing. Nasionale Raad vir sosiale navorsing Deel 6 no. 2 Des. 1955, pp.85-88
252. "Die boonste laag" kan beskryf word as daardie laag vanwaar kandidate wat hulle as prokureurs, ingenieurs, geneeshere, ens., wil bekwaam, getrek word.
253. Olckers, P.J. Oorsake van ontevredenheid by onderwysers(esse) in provinsiale skole vir Blankes. Tydskrif vir Maatskaplike Navorsing Deel 5 no. 1 Junie 1954, pp.47-108

254. Nathan, Hans Bernd, op.cit., pp.226-227
255. Visagie, J.A.C., op.cit., p.148
256. Oosthuizen, J.H.C. Diensvoorwaardes en diensomstandighede van onderwysers in die RSA en SWA. Navorsingsreeks no. 32, 1965, pp.3-94
257. Venter, Adriaan Johannes. Die beroepsgesindheid van die onderwyser, pp. 216, 221 en 230.
258. Kemp, P.B. Die houding teenoor onderwys as beroep, p.159



## HOOFSTUK 3

### HISTORIESE PERSPEKTIEF

#### 3.1 Inleiding

Elke era het sy eie soort onderwysers opgelewer, asook denkers en skrywers wat oor die vernuwing van die onderwys en die hoë verwagtinge wat hulle van die onderwysers gekoester het, geïdealiseer het. Sommige van hierdie skrywers se sieninge het ooreengestem, terwyl ander weer uiteenlopende sienswyses daaroor gehad het. In hierdie hoofstuk word 'n terugblik gegee van die beeld van die onderwyser soos dit in onderskeie eras geopenbaar is, asook die ideale bevoegdhede wat enkele prominente denkers aan die onderwysowerheid gekoppel wou hê. In die bespreking sal onder andere veral op die status van die onderwyser en sy tugmetodes gekonsentreer word.

Omdat die doel van die onderwys 'n duidelike idee sal gee wat met die onderwys be-oog word, en dus 'n refleksie wees watter waarde daaraan geheg word, m.a.w. watter status aan die onderwys toegeken word, is dit belangrik dat die doel en terselfdertyd die aard van die onderwys ook toegelig word waar dit van toepassing is.

#### 3.2 Die onderwyser in die Voor - Middeleeuse tydperk

##### 3.2.1 Inleiding

Die oermens het 'n eenvoudige bestaan gevoer, en vir sy eenvoudige behoeftes het hy slegs 'n eenvoudige vorm van opvoeding nodig gehad. Sy opvoeding was hoofsaaklik daarop gemik om sy voortbestaan te verseker: deur dit wat eie aan hom was; dit wat hy geskep het; dit wat hy deur ervaring aangeleer het om sy daaglikse lewe gemakliker te maak, behoue te laat bly, met ander woorde, sy kultuur moes bewaar word en van geslag tot geslag oorgedra word. Die enigste metode van kultuuroordrag wat geïmplementeer kon word, was deur middel van opvoeding en opleiding.<sup>1)</sup>

Hierdie opvoeding was basies informeel en toevallig <sup>2)</sup> van aard en dit is deur die ouer geslag aan die kinders deur kommunikasie oorgedra.<sup>3)</sup>

Die klein kindertjies het deur ervaring, beoefening en nabootsing geleer, terwyl die jonger geslag eenvoudig geleer het deur te lewe.<sup>4)</sup> Al wat van belang vir die oermens was, was om voorsiening vir sy daaglikse bestaan te maak en slegs die natuurwette te gehoorsaam.

Die eerste leermeesters van die primitiewe kind was sy ouers. Onder hulle toesig het die kind eers geleer om te speel<sup>5)</sup> en soos hy ouer geword het, is hy oefening in die daaglikse pligte en take van daardie tydperk gegee.<sup>6)</sup> Soos die eerste gemeenskappe uitgebrei en ingewikkelder geword het, het sy kultuur ook verder ontwikkel,<sup>7)</sup> wat, onder andere, ritus en godsdiens ingesluit het. Op sekere dae in die jaar was die hele gemeenskap betrek by rituele en godsdienslike byeenkomste.<sup>8)</sup> Hierdie seremonies het onder leiding van een van die vooraanstaande inwoners van die gemeenskap plaasgevind en dit het later die eksklusiewe verantwoordelikheid van die toordokter en die priesterklas geword.

Om 'n toordokter te kon word of tot die priesterklas te kon behoort, was 'n bevestiging in die kunste van hierdie bedrywe 'n voorvereiste<sup>9)</sup> en moes die belangstellende derhalwe daarvoor opgelei word.<sup>10)</sup> Só het die eerste skoolmeester sy gestalte gekry.



In latere jare kon die opvoeding van die kinders nie die uitsluitlike verantwoordelikheid van die natuurlike ouers alleen bly nie.<sup>11)</sup> Ander instansies moes ook 'n deel van hierdie las dra.<sup>12)</sup> In die moderne gemeenskap is daardie inrigting die skool.<sup>13)</sup>

Die koms van die skryfkuns<sup>14)</sup> het 'n groot deurbraak vir opvoeding gemaak. Enersyds kon die geskrewe woord die leergesprek in die skool aanvul en andersyds het dit die oordrag van die kultuurerfenis verewig.<sup>15)</sup>

Die totstandkoming van die skool het nie die ouer van sy primêre plig, die van opvoeding, onthef nie; dit het slegs voorsiening gemaak om die onderwys van kinders toe te vertrou aan spesiaal opgeleide personeel om in daardie gebiede van die lewe leiding te gee wat vir die leke-ouer nie beskore is nie.<sup>16)</sup>

Dit spreek vanself dat die onderwyser nie net die belangrikheid en invloedrykheid van sy rol moet besef nie, maar bevoeg moet wees om dit te kan uitvoer.<sup>17)</sup>

Meer nog, die onderwyser moes vir die kind 'n gesagsfiguur wees met wie hy hom met veiligheid, geluk, sonder enige vrees en die volste vertroue kan identifiseer. Ofskoon die modelonderwyser slegs as 'n ideaal vir die akademici voorgelê kan word, het die gemeenskap en die kind tog die volste reg om te verwag dat die opgeleide onderwyser die hoogste waardes moet verteenwoordig en 'n beeld projekteer wat met daardie waardes geïdentifiseer kan word.<sup>18)</sup>

### 3.2.2 Opvoeders van die Ou Joodse Volk

Vir die ou Israelitiese beskawing was die hoofdoel van die onderwys om 'n teosentriese dog geïndividualiseerde karakter onder morele wet- te te laat ontwikkel.<sup>19)</sup>

Die vorming van 'n religieuse karakter was die grondbeginsel waarop die Joodse opvoeding berus het. Slegs geringe aandag is aan enige vorm van kennis geskenk, en ook net indien hierdie oogmerk daardeur bereik kon word.

In ooreenstemming met hul religieuse doel, het die Jode egter daarna gestrewe om ook 'n praktiese afleiding te verskaf. In hierdie verband het hul opvoeding 'n voorbereiding vir die pligte van die lewe betreffende handel en beroepe asook godsdiens en seremonies, beoog.<sup>20)</sup>

#### 3.2.2.1 Die ouers as opvoeders

Gedagtig aan die feit dat die Jood nie veel waarde aan akademiese of tegniese kennis geheg het nie, maar eerder opvoeding in heiligheid, het hy die huis as bron van sy opvoeding beskou.<sup>21)</sup> Baie nadruk is op die behoorlike opvoeding van die kind geplaas<sup>22)</sup> en tot hierdie verpligting is die vader as hoof van die huisgesin deur die wette van Moses moreel verbind.<sup>23)</sup>



Die plig van die vader was drieërlei van aard: Om die kind in die Wet te onderrig, om hom in die huwelik te laat bevestig en om hom 'n ambag te leer.<sup>24)</sup> Die moeder het grotendeels haar tyd aan die opvoeding van die klein kindertjies en dogters gewy.<sup>25)</sup>

### 3.2.2.2 Die opvoeders in die skole

Die eerste Joodse skool het sy oorsprong in die Sinagoge gehad.<sup>26)</sup> Hier het die priesters en skrifgeleerdes of rabbi's hul dienste as leermeesters gratis aangebied.

Die Jode het die onderwys besonder hoog geag<sup>27)</sup> en om hierdie rede is hoë eise aan die opvoeder gestel.<sup>28)</sup> Persone wat tot die onderwys wou toetree, is sorgvuldig gekeur en opgelei en moes 'n onkreukbare karakter hê.<sup>29)</sup> Verder moes hy 'n getroude man in sy middeljare wees en in alle opsigte 'n bevoegde persoon.<sup>30)</sup>

Die opvoeder moes met oorleg onderrig gee. Sy strewe moes nie net wees om God aan hulle wat aan sy sorg toevertrou is, bekend stel nie, maar dat hulle daarin sou slaag om 'n sukses van hul lewe te maak.<sup>31)</sup> In die lig hiervan is dit geen wonder dat die opvoeder 'n hoë aansien in die gemeenskap geniet het nie<sup>32)</sup> en dit sonder dat hy enige materiële vergoeding van die ouers van sy leerlinge kon verwag.<sup>33)</sup>

### 3.2.3 Opvoeders in die Ou Griekse Tydperk

#### 3.2.3.1 Die Spartaanse opvoeders

Die hoofdoel van die Spartaanse opvoeding was militaristies van aard<sup>34)</sup> en om hierdie rede moes die gemeenskap geharde en patriotiese krygsmanne voortbring.<sup>35)</sup> Behalwe dat die staat in volle beheer van die kind se opvoeding was,<sup>36)</sup> het dit ook elke detail van die handel en wandel van sy onderdane regstreeks en onregstreeks beheer.<sup>37)</sup>

##### 3.2.3.1.1 Die ouers as opvoeders

Nadat die staat die pasgebore kind as fisies sterk en gesond verklaar het - die sieklike of gebrekklike babas is blootgestel aan die natuurelemente as gevolg waarvan hul later gesterf het<sup>38)</sup> en verder onderneem het om na sy voortbestaan om te sien, is die baba tot die ouderdom van sewe jaar aan die sorg van die ouers toevertrou.<sup>39)</sup>

### 3.2.3.1.1.1 Die moeder

Die rol wat die moeder gespeel het, was relatief gering.<sup>40)</sup> Haar moederlike plig het grotendeels gegaan om die voorbereiding van die toekomstige geharde en gedissiplineerde soldaat.<sup>41)</sup>

### 3.2.3.1.1.2 Die vader

Paternalistiese betrokkenheid het merendeels te make gehad met die bekenstelling van die leefwyse van die volwassene aan die jong seun.<sup>42)</sup>

### 3.2.3.1.2 Die staat as opvoeder

Die Spartaanse leermeester het as die paidonomos bekend gestaan.<sup>43)</sup> Hy is deur die staat aangestel om toesig oor die opvoeding van die jeug te hou.<sup>44)</sup> Die paidonomos het 'n hoë rang in die samelewing beklee en het derhalwe die agting en respek van ieder en almal gehad.<sup>45)</sup> Die status posisie wat hy beklee het was hoog.<sup>46)</sup> Vanweë sy militêre stand, moes die paidonomos 'n hoë morele standaard handhaaf en 'n genadelose tugmeester wees om juis die deugde van bedagsaamheid en gehoorsaamheid by die jeug in te skerp.<sup>47)</sup>

### 3.2.3.2 Die Atheense opvoeders

Die Atheense opvoeding was gekenmerk deur demokratiese individualisme.<sup>48)</sup> Dit het die opleiding van die gehoorsame "staatsburger door een harmonishe vorming van lichaam en geest" ten doel gehad.<sup>49)</sup>

#### 3.2.3.2.1 Die huis

In die huis het die ontwikkeling van die kind onder die toesig van die ouers en somtyds 'n slaaf plaasgevind.<sup>50)</sup> Hulle het oor sy karaktervorming waggestaan en het daarna gestreef om hom tot 'n sterk, gesonde en welvoeglike individu te lei.<sup>51)</sup>

#### 3.2.3.2.2 Die pedagogus

Die dienste van 'n betroubare slaaf is gebruik om die kind na en van die skool te begelei.<sup>52)</sup> Die pedagogus was ook die plig opgelê om toe te sien dat die sedes van sy pleegkind na wense gevorm word.<sup>53)</sup>

### 3.2.3.2.3 Die Leermeesters (didaskalas)

In die primêre skole het die grammatiste diens gedoen.<sup>54)</sup> Hulle het nie 'n hoë status in die gemeenskap beklee nie weens die feit dat sommige van hulle slawe was, dat hulle tot niks anders instaat was nie en dat hulle die onvergeeflike gedoen het, nl. om geld vir hul dienste te vra.<sup>55)</sup> Daarbenewens was die onderwysprofessie ook nog verag omdat die leermeesters geen opleiding vir hul beroep gehad het nie.<sup>56)</sup> Die paidotribes en sophroniste weer was aan die hoërskole verbonde.<sup>57)</sup> In teenstelling met die laaggeklaste grammatiste, het die hoërskoolleermeesters 'n aansienlike hoër aansien geniet.<sup>58)</sup> Veral ten opsigte van die indiensneming van die paidotribes moes daar sorgvuldig gekeur word, aangesien hulle welopgevoede persone moes wees en 'n deeglike kennis van die gesondheidswette moes hê asook van die voortvarendheid van die jeug.<sup>59)</sup>

### 3.2.3.2.4 Die Sofiste

Die Sofiste het 'n nuwe vorm van onderrig na die Atheners gebring.<sup>60)</sup> In wese was dit utilitaristies <sup>61)</sup> in dié sin dat dit 'n praktiese vorm van opvoeding aan die jeug verleen het.<sup>62)</sup> Die gespesialiseerde vakgebiede wat hulle onder leiding van die sofiste beoefen het, het die redenaarskuns, taal- en politieke wetenskap ingesluit.<sup>63)</sup> Hierdie opleiding het die jeug vir 'n politieke loopbaan voorberei.<sup>64)</sup> Die sofiste het 'n besonder hoë status in die gemeenskap waarin hulle beweeg het, beklee; eerstens omdat hulle die hoogste vorm van onderwys aangebied het en tweedens omdat hul dienste baie gesog was, veral deur diegene wat tot die staatsdiens wou toetree.<sup>65)</sup> Daar moet ook gewag gemaak word van die feit dat die sofiste 'n hoë dunk van die waarde van hul onderwys, en 'n diep geloof in die onfeilbaarheid daarvan gehad het.<sup>66)</sup>

Die Sofiste het egter weer in onguns van die meer konserwatiewe deel van die gemeenskap gekom omdat hul dienste eerder op selfverryking gemik was as om die jeug behoorlik te skool.<sup>67)</sup> Verder is die jeug se lewe vir persoonlike gewin en vooruitgang gebruik terwyl die belange en welvaart van die staat agterweë gehou is.<sup>68)</sup>

### 3.2.3.2.5 Filosowe as opvoeders

#### 3.2.3.2.5.1 Socrates (469 - 399 vC )

Socrates se benadering tot die onderwys was nie volgens die aanvaarde metodes van onderrig nie. Eerstens was sy "skool" enige plek op die markplein, in die winkels, in die palaestra, in die gimnasium en oral waar hy gewillige leerlinge kon aantref.<sup>69)</sup> Tweedens was sy doel nie sodanig die inskerping van kennis nie,<sup>70)</sup> maar eerder die ontwikkeling van die vermoë om te kan dink.<sup>71)</sup> Dan was sy onderrigmetode hoofsaaklik daarop gemik om die kennis deur ondervraging uit sy leerlinge voort te bring.<sup>72)</sup> In kort was sy onderwys informeel <sup>73)</sup> en was dit gedoen deur middel van die leergesprek.<sup>74)</sup>

Hy het die opvoeder gesien as 'n persoon wat oor voldoende kennis en wysheid moet beskik <sup>75)</sup> om daardeur die opvoedeling tot self-kennis te kan lei <sup>76)</sup> en van hom 'n nuttige en bruikbare burger te maak.<sup>77)</sup> Die hoofdoel van die goeie opvoeder moet nie bloot die gejaag na materiële gewin wees nie, <sup>78)</sup> maar ingestel wees op die verkryging, vir sy leerlinge, van universele kennis <sup>79)</sup> wat aan alle mense gemeenskaplik is.<sup>80)</sup>

Omdat Socrates self 'n kritiese, skeptiese, geduldige, simpatieke en goed gemanierde leermeester was, <sup>81)</sup> sou hy juis hierdie voor-treflike eienskappe in die goeie opvoeder wou sien.

Socrates, het die leermeesters van sy tyd, die sogenaamde Sofiste, met minagting, bejeën.<sup>82)</sup> Dat hy wel hoë agting vir die ware onderwyser gehad het, het duidelik geword toe hy gedurende sy verhoor die gifdood <sup>83)</sup> meer aanvaarbaar gevind het as om voort te leef en die voorreg om die jeug te onderrig, ontsê te word.<sup>84)</sup> Socrates het streng dissipline en tug as oorbodig beskou. Sy leerlinge was sy gespreksgenote <sup>85)</sup> en hierdie verhouding het 'n wedersydse respek tussen hulle laat ontstaan.<sup>86)</sup>

#### 3.2.3.2.5.2 Plato

Plato het 'n vorm van selektiewe onderwys voorgestaan.<sup>87)</sup>

Dit het gegaan om die voorbereiding van diegene wat in die onderskeie strata van die samelewing opgeneem sou word.<sup>88)</sup> Die onderwys sou 'n staatsaangeleentheid wees wat volle beheer oor die opvoeding van die kind vanaf sy geboorte sou uitoefen.<sup>89)</sup> Om hierdie verwagtinge te vervul, moes die opvoeder of voog soos hy ook bekend gestaan het, 'n uiters verantwoordelike en uitdagende rol speel. Eerstens moes die opvoeder 'n staatsampenaar wees wat daarop neerkom dat hy self aan die eise van die staat moes konformeer.<sup>90)</sup> Dit sou hom in staat stel om as bewaker van die sedes van die staat op te tree.<sup>91)</sup>

Dan moes hy in staat wees om die potensiaal van sy opvoedlinge te kan bepaal en hulle in ooreenstemming met hul vermoëns in hul bestemde sosiale strata te kan kanaliseer.<sup>92)</sup>

Plato het geëis dat die onderwyser oor die beste intellek en die edelste karakter moes beskik en het aan hom 'n hoë statusposisie in die samelewing toegeken.<sup>93)</sup>

### 3.2.3.2.5.3 Aristoteles

Die geluk van die individu en dus van die staat het Aristoteles as die grootste verpligting van die opvoeding beskou.<sup>94)</sup> Om hierdie rede het hy die kind sentraal in die onderwys geplaas en aan hom (die kind) sy plek midde-in die gesin teruggegee.<sup>95)</sup>

Die natuurlike ouers sou as die eerste opvoeders van die kind optree.<sup>96)</sup> Tuis moes die kind mooi maniere aangeleer word wat daarop neergekom het dat die ouers altyd voorbeeldig in hul optrede moes wees.<sup>97)</sup>

Hierna moes die onderwys van die kind die verantwoordelikheid van die staat word.<sup>98)</sup> Aristoteles se bewering dat karakterisering 'n belangrike aspek van die kind se opvoeding moes uitmaak, is insiggewend.<sup>99)</sup> Vir hierdie taak het dit gebiedend noodsaaklik geword dat die onderwyser in liggaam en siel hoogsontwikkeld moes wees aangesien hy meester van die universele waardes moes wees.<sup>100)</sup> Die onderwyser se taak moes nóg 'n las nóg minder 'n ligsinnige geldbedryf wees.<sup>101)</sup> Aanvanklik was die opvoeder in Aristoteles se tyd nie 'n gerespekteerde persoon nie. Hierdie lae status wat hy geniet het, was vanweë die feit dat hy 'n lae besoldiging ontvang het, oor geen kwalifikasie beskik het nie en van die slawestand afkomstig was.<sup>102)</sup>

### 3.2.4 Opvoeders in die Romeinse Opvoeding

Die Romeinse onderwys was hoofsaaklik daarop gemik om aan die mens 'n praktiese opleiding in die sake van die staat te gee. Daar was weinig sprake van intellektuele of estetiese opleiding.<sup>103)</sup>

#### 3.2.4.1 Primêre en sekondêre opvoeders

##### 3.2.4.1.1 Die ouers

Die kind het groot geword onder die liefdevolle hand van die moeder.<sup>104)</sup> Sy het hom die volkstradisies aangeleer,<sup>105)</sup> terwyl die vader hom meestal in die drie r'e, ambagte en vaardighede onderrig het.<sup>106)</sup> In die huis het die godsdiens ook sy beslag gekry.<sup>107)</sup> In die huis was die dissipline streng toegepas.<sup>108)</sup> Die vader was die absolute gesagvoerder. Hy het die alleenreg gehad om te besluit of 'n kind mag lewe.<sup>109)</sup> Die seun op sy beurt moes algehele trou en onderdanigheid aan sy vader sweer.<sup>110)</sup> Die Romeinse ouers was gerespekteerde mense, en het 'n hoë posisie in die samelewing beklee.<sup>111)</sup>

##### 3.2.4.1.2 Die Ludi Magister (litterator)

Op die ouderdom van sewe het die kind die primêre skool bygewoon waar hy deur die ludi magister onderrig is.<sup>112)</sup> Hy was na en van die skool deur 'n getroue en gewoonlik afgetrede slaaf, die pedagogus, vergesel.<sup>113)</sup>

Die ludi magister het geen opleiding vir sy amp gehad nie.<sup>114)</sup> Aangesien geen lisensie nodig was om onderwys te gee nie, het dit enigiemand vrygestaan om 'n skool te begin.<sup>115)</sup>

Slegs 'n oppervlakkige kennis was nodig om die drie r'e te onderrig.<sup>116)</sup> Verder het die litterator staat gemaak op sy eie vlak van opvoeding (gewoonlik ook maar laag) en sy kennis van volksoorleweringe en mite wat hy by monde van ander aangeleer het.<sup>117)</sup>

Die ludi magister was 'n laag besoldige ploeteraar,<sup>118)</sup> gewoonlik 'n slaaf.<sup>119)</sup> As gevolg van die lae status wat hy beklee het, kon hy geen respek en eerbied afdwing nie. Hy was met minagting bejeën en die ouers het hom nie eers vertrou nie.<sup>120)</sup>

### 3.2.4.1.3 Die Grammaticus

Vanaf sy twaalfde jaar het die kind na die skool van die grammaticus gegaan.<sup>121)</sup> Hierdie opvoeder was beter onderleg in die kennis wat hy moes oordra en het gevolglik ook 'n beter emolumente vir sy dienste ontvang.<sup>122)</sup>

Sy klante was die hoëlui en diegene wat sy dienste kan bekostig. Hy het in hoë kringe beweeg en was derhalwe 'n meer gesiene persoon.<sup>123)</sup>

### 3.2.4.1.4 Die Rhetor

Sou die ouers verlang dat die kind sy skoolloopbaan moet voortsit, en in die kuns van welsprekendheid opgelei word, was hy na die skool van die rhetor verwys.<sup>124)</sup>

Die rhetor het 'n hoër sosiale posisie as enige van sy kollegas bekleed; gevolglik was hy 'n beter gesalarieerde onderwyser.<sup>125)</sup>

### 3.2.4.2 Enkele invloedryke Romeinse beskouinge van die opvoeder

#### 3.2.4.2.1 Cicero (106 - 43 vC)

Cicero was nie 'n onderwyser nie en kon nie volledig oor onderwys sake uitwei nie, maar wat hy wel nagelaat het, is betekenisvol. Hy het goed geweet watter fundamentele plek onderwys in die gemeenskap inneem en die eise wat die gemeenskap aan die geleerde man stel.<sup>126)</sup>

Cicero se opvoedingsideaal was die volmaakte orator wat oor wye kennis<sup>127)</sup> beskik en 'n hoë standaard van gedrag handhaaf.<sup>128)</sup> Vroeg al moes met die kind se opvoeding begin word<sup>129)</sup> en hier sonder hy huis en haard uit as die bron van vrugvolle onderwys.<sup>130)</sup>

Hy voel sterk daarvoor dat slegs die dienste van die mees bekwaame en goed gekwalifiseerde onderwysers bekom moet word om die onderwys van die kind te behartig. Hy het groot respek en waardering vir die goeie opvoeder gehad en hy het jong mans aangeraai om altyd in die geselskap van persone wat hoë aansien geniet, te verkeer.<sup>131)</sup>



### 3.2.4.2.2 Lucius Annaeus Seneca (3 vC – 65 nC)

Die doel wat Seneca voor oë gehad het, was tweërlei. Eerstens het hy probeer om skoolonderrig tot praktiese doeleindes te rig, m.a.w. dit wat in die skool geleer word, moet prakties toegepas kan word.<sup>132)</sup> Tweedens moet die kind deeglik opgevoed en sedelik gevorm word vir 'n beter lewe.<sup>133)</sup>

Hy beklee 'n baie belangrike posisie, daarom het hy 'n groot respek vir 'n opregte en goeie opvoeder gehad. Volgens Seneca is die onderwyser meer werd as die dienste wat hy verrig. 'n Persoon wat hom lewenslank beywer vir die opheffing en welsyn van ander en wat al daardie sluimerende moontlikhede by hulle kan opwek, kan slegs met die grootste eer bekroon word.

Die bekwame en voorbeeldige onderwyser wat sy opvoedingstaak ernstig opneem, het hoë agting by Seneca afgedwing. Sy status het by Seneca hoog opgegaan.<sup>134)</sup>

### 3.2.4.2.3 Marcus Fabius Quintilianus (+ 35 – + 100 nC)

Quintilianus het die opleiding van die orator vooropgestel.<sup>135)</sup> Hy was die mening toegedaan dat dit nooit te vroeg kan wees om met die kind se opvoeding te begin nie.<sup>136)</sup> Daarbenewens moet die kind 'n deeglike onderwys ontvang en hier bepleit Quintilianus dat die ouers baie nou aan sy onderrig verbonde moet wees.<sup>137)</sup> Aan die versorgster tuis is die verpligting opgelê om goeie maniere en gewoontes asook korrekte taalgebruik by die kind in te skerp.<sup>138)</sup>

Waar daar van die dienste van 'n pedagoëus gebruik gemaak word, is dit verkieslik dat hy 'n geleerde en 'n voorbeeldige persoon moet wees, anders mag dit gebeur dat sy verkeerd beduidende pogings die werk van die onderwyser kan belemmer.<sup>139)</sup>

Quintilianus het aangevoer dat die morele vlak en intellektuele kwalifikasies van die opvoeder baie hoog moet wees.<sup>140)</sup>

In Quintilianus se tyd het die onderwyser nie 'n hoë aansien geniet nie,<sup>141)</sup> maar tog was daar tekens dat belangstelling in die onderwys gaandeweg aan die toeneem was.

Quintilianus se eie belangstelling in die onderwys, die sukses wat hy daarmee behaal het, die hoë status wat hy self geniet het, tesame met die feit dat hy hoë verwagtinge van die onderwyser gekoester het, is onteenseglik genoegsaam bewyse dat hy die rol van die onderwyser baie hoog geag het.<sup>142)</sup>

### 3.2.5 Die opvoeders van die Vroeë Christelike Tydperk

Aan die begin van hierdie tydperk was daar nie veel sprake van formele onderwys of enige vorm van Christelike onderwysinrigtings nie.<sup>143)</sup> Die onderwys wat wel aangebied is, was hoofsaaklik sedelik-religieus gerig.<sup>144)</sup>

Die Christen-volk het van die gewoontes en tradisies van die ou Joodse volk oorgeneem en dit hul eie gemaak. Die kind is ook as die grootste gawe van God beskou en vir sy opvoeding in die Christelike leer het dit die plig van veral die vader geword.<sup>145)</sup>

Huisonderwys was derhalwe aan die orde van die dag en hier het die vader streng gewaak oor die morele opvoeding van sy kind.<sup>146)</sup> Sy tug was uiteraard onverbiddelik.

Daar het vroeg in die tweede eeu die behoefte ontstaan om vir die onderrig van die bekeerling wat tot sy lidmaatskap tot die Christelike Kerk sou lei, voorsiening te maak.<sup>147)</sup> So het die Christelike skole soos die Katekumene-, Kategete- en Episkopele skole ontstaan.<sup>148)</sup>

Die onderwysers verbonde aan hierdie skole was kerkleiers.<sup>149)</sup> Aangesien hul hoofdoel die sedelike herlewing van die gemeenskap was,<sup>150)</sup> was dit dringend noodsaaklik dat hul karakter sedelik onberispelik moes wees. Hulle het 'n baie belangrike taak vervul en daarom was hul dienste baie gewaardeer.<sup>151)</sup>

Ook is die Christenonderwyskorps aangevul deur hoogstaande heidense onderwysers wat hulle bekeer het.<sup>152)</sup> Die status van die onderwysers is hierdeur verhoog omdat hulle nie net bekwame geleerde manne was nie, maar ook uitstaande en gerespekteerde kerkleiers.<sup>153)</sup>

In die geleedere van die onderwyserskorps het 'n statushiërargie voorgekom. Die biskoppe en priesters was hoër aangeskryf as die kerkdienaars wat onderwys in die Katekumeneskole gegee het.<sup>154)</sup>

### 3.2.5.1 Jesus Christus as opvoeder-onderwyser

Die betekenis van Jesus Christus se lewe op aarde en in 'n groot mate Sy onderwys was om die mens uit sy diepte van verworping te verhef <sup>155)</sup> en sy lewe so te verander dat dit na-aan die Christusbeeld gebring word.<sup>156)</sup>

Jesus se beroep was nie sodanig op die intellek van die mens gerig nie; dit het direk na die gewete, die hart en siel gegaan.<sup>157)</sup> Sy onderwys was hoofsaaklik morele onderrig.

Die verheffingswerk van Christus het onder by die kind begin. Uit die vroegste jare het die gelowige Israelitiese gesin baie waarde aan die opvoeding van hul kinders geheg. Hulle het streng volgens die bevel van die Here hul kinders groot gemaak en die kinders van kleins af Sy grootheid en Sy goedheid geleer, soos dit in die Wet vervat en in die geskiedenis van Israel geopenbaar is.<sup>158)</sup>

Jesus het sy opvoedingstaak as die belangrikste sending op aarde beskou. Sy taak was tweedelig. Behalwe dat Hy die mense tot bekering en 'n beter lewe geroep het, <sup>159)</sup> het Hy ook die addisionele verantwoordelikheid onderneem om Sy dissipels self op te lei om Sy Woord na Sy dood te bedien.<sup>160)</sup>

In die drie jaar wat Jesus Sy dissipels opgelei het, het Hy gepoog om goeie eienskappe in hulle in te boesem sodat hul statuur kón groei tot dié van voorbeeldige leiers, maar ootmoedig bly om met die geringstes en nederigstes van Sy mense te kan verkeer.

Hy het Sy posisie met waardigheid bekleed. Al die mooiste eienskappe wat enige leermeester behoort te hê, het die Heiland geopenbaar. Sy persoonlike beeld, Sy voortreflike voorbeeld, Sy liefdevolle gemeenskap met almal, selfs met die armes, nederiges en ellendiges,<sup>161)</sup> Sy opregte belangstelling in elkeen se welsyn is aangryplike eienskappe waarmee slegs die grootste leermeester van alle tye bekroon kan word.<sup>162)</sup>

Sy volgelinge het Hom rabbi genoem,<sup>163)</sup> 'n titel wat 'n hoë statussimbool in die Joodse gemeenskap was.<sup>164)</sup> Hy het Sy hoogheilige roeping met soveel erns benader, met soveel waarde bejeën, dat selfs Sy besondere leefwyse die betekenis van Sy onderwys uitgebeeld het.<sup>165)</sup> Van sy dissipels het Hy daardie eienskappe vereis wat hul roeping slegs tot eer sal strek en aan hulle derhalwe 'n gerespekteerde en gewaardeerde posisie in die samelewing sal besorg.<sup>166)</sup>

Jesus het altyd Sy tere liefde aan kinders betoon. Kinders moet met die grootste sorg en liefde grootgemaak word. Hulle moet nie verstoot of stiefmoederlik behandel word nie, maar omhels en geseën word.<sup>167)</sup>

Liefde bring liefde voort en as kindertjies in liefde onderrig word, sal hul ontvanklike harte in liefde reageer. Hierdie situasie sal baie beslis die leerproses begunstig, wat weer die toepassing van streng tug oorbodig maak.<sup>168)</sup>

Jesus het die individualiteit van elke wese gerespekteer en so ook het Hy elkeen se oortreding op meriete behandel.<sup>169)</sup> Sy tug het 'n verskeidenheid van vorms aangeneem en die roede het hy ook nie agterweë gelaat nie.<sup>170)</sup>

### 3.3 Die opvoeder gedurende die Middeleeuse Tydperk ( + 500 - + 1500)

#### 3.3.1 Opvoeders in die Klooster - en Katedraalskole

Die totstandkoming van kloosters gedurende die Middeleeue het die voortbestaan van die Christelike onderwys en kultuur verseker.<sup>171)</sup>

Die monnik - onderwyser was verantwoordelik vir onderrig in hierdie skole. Hulle was die draers van kennis en het ook gedurig pogings aangewend om hul kennis uit te brei.<sup>172)</sup>

Hoewel hul onderwys bra middelmatig en somtyds weliswaar swak was, het die monnike immers die gloeiende kooltjies van die onderwys aangeblaas om daardeur 'n mate van opvoeding en opleiding aan die gang te hou.<sup>173)</sup>

Die monnik - onderwysers was nie met hoogagting bejeën nie. Die gewone kerkamptenare wat behalwe hul ander veelvuldige pligte ook nog onderrig gegee het, se status was veel laer. Die opvoeders in die katedraalskole se aansien was veel hoër, met die biskop aan die spits van die statushiërargie.<sup>174)</sup>

### 3.3.2 Enkele Middeleeuse opvoeders se sieninge van die ideale opvoeder

#### 3.3.2.1 Flaceus Alcuīnus ( + 735 - 804 nC)

In sy strewe om ongeletterdheid in sy koninkryk te bekamp, het Karel die Grote onder andere 'n skool aan sy hof tot stand gebring. Hierheen het hy groot geleerdes en onderwysmanne genooi om onderwysers vir die klooster- en katedraalskole op te lei. Een van hulle wat 'n invloedryke rol in die hofskool gespeel het, was Alcuīn.<sup>175)</sup>

Alcuīn was 'n eenvoudige, openhartige, opregte en eerlike geleerde man wat bewondering en respek deur die onkreukbaarheid (opregtheid) van sy daaglikse lewe by almal afgedwing het.<sup>176)</sup>

In sy omgang met sy leerlinge op skool het hy op 'n wonderlike wyse kontak met hulle gemaak en daardeur getoon dat hy 'n ware onderwyser is.<sup>177)</sup> Daarbenewens was Alcuīn 'n opwindende persoon wat deur sy entoesiasme sy leerlinge se nuuskierigheid kon prikkel.<sup>178)</sup> Sy leefwyse, sy persoon, was vir andere aanmoedigend om verder te studeer.<sup>179)</sup> Inderdaad, sy hele wese as voorbeeldige mens is 'n duidelike aanduiding met watter hoë agting en respek hy die onderwysberoep bejeën het.<sup>180)</sup> Dit was vir hom belangrik dat die onderwyser 'n hoë status moet handhaaf.

#### 3.3.2.2 Petrus Abelardus (1079 - 1142)

Abelardus het sukses as onderwyser behaal nie omdat dit vir hom lonend was nie,<sup>181)</sup> maar eerder vanweë sy inskiklike persoonlikheid, sy slag om geskilpunte vreedsaam te skik en sy leerlinge tot selfwerksaamheid aan te moedig.<sup>182)</sup>

Verder was hy 'n spontane, minsame en vrolike persoon en het die vermoë besit om op 'n selfversekerde, duidelike en dramatiese wyse sy leerstof goed oor te dra.<sup>183)</sup>

Abelardus was 'n briljante onderwyser, ortodoks in sy onderrig gee, maar het nie gehuiwer om die geestelike kerkleiers teen te gaan nie. Sy knapheid, moed en verbeelding het sy studente geïmponeer.<sup>184)</sup>

Sy ideale onderwyser is die hoogs gekwalifiseerde persoon wat voortdurend deur studie sy horison wil verbreed. Die toegewyde onderwyser moet verworwe kennis en onderrigmetodes so aanwend dat dit die kind tot 'n liefde vir kennis en dat die soeke daarna vir hom 'n aangename oefening sal wees. Dat die onderwyser 'n gerespekteerde persoon moet wees, het hy geen geheim van ge- maak nie.<sup>185)</sup>

### 3.3.2.3 Thomas van Aquino (1227 - 1274)

Aquino het die onderwys gesien as die voorbereiding van die kind vir die vervulling van sy pligte hier op aarde, sonder dat daar vergeet word wat sy eindbestemming sal wees - nl. God.<sup>186)</sup>

Sy betoog is dat slegs God die kind leer, maar dat die onderwyser gebruik word om die kennis wat alreeds in die kind is, (deur God daar gestel) na vore te bring.<sup>187)</sup> Die onderwyser gee leiding, die leerling vorder onder sy eie lig (kennis) en maak ontdekkings.<sup>188)</sup> Dan bereik hy konklusies wat die onderwyser beoog het om aan hom te bewys.<sup>189)</sup>

Maar meer as dit: die onderwyser verteenwoordig die Christelike Kultuur, die geloof en orde van waardes waarsonder die allerslaaste waarheid vir die kind ontnem sal word en waarvan sy vordering na persoonlike volmaaktheid onvermydelik afhang.<sup>190)</sup>

Verder lê hy besondere klem op die mag van die onderwyser en sy vermoë om kennis te kan verskaf vir karaktervorming.<sup>191)</sup>

### 3.3.3 Dosente aan die Middeleeuse Universiteit

Die Middeleeuse universiteit het sy oorsprong in die klooster- en katedraalskool gehad.<sup>192)</sup> Dan ook het dosente en professore gildes gevorm wat tot die stigting van 'n universiteit gelei het.<sup>193)</sup>

By al die universiteite was die metode van onderrig die lesing-tipe. Hierna het 'n verduideliking en vertolking van die geskrewe woord gevolg. Die student het alles neergeskryf aangesien leerboeke uiters skaars was.<sup>194)</sup>

Om as dosent opgelei te word, het 'n tydperk van vyf tot sewe jaar van intensiewe studie geverg. Die enigste toelatingsvereiste tot 'n universiteit was om bevoegd in Latyn te wees.<sup>195)</sup>

Na afloop van hierdie tydperk van opleiding, het die student homself aan 'n komitee van professors voorgestel om deur die komitee mondeling ge-eksamineer te word.<sup>196)</sup>

As die kandidaat suksesvol was, is die eerste graad van baccalaureus aan hom toegedien. Verdere studie, wat omtrent net so lank sou duur en net so moeisaam sou wees, sou 'n meester- en doktersgraad aan hom besorg.<sup>197)</sup> Alle grade wat uitgereik is, het bevoegdheid in 'n gegewe vak gesertifiseer en grade was tegnies lisensies om onderwys te gee.<sup>198)</sup> Dit is die eerste keer in die geskiedenis dat 'n onderwysertifikaat (licentia docendi) aan 'n afgestudeerde student uitgereik is.<sup>199)</sup>

Universiteitsopleiding het sy voordele gehad. Die suksesvolle student kon na 'n paar jaar van tersiêre opleiding, sy toetrede tot die onderwysberoep maak.<sup>200)</sup> Die gildes waaraan die dosente behoort het, het hoër status aan hul beroep verleen.<sup>201)</sup>

Verdere statusverhoging is verkry deur sekere privilegies wat aan die doserende personeel van 'n universiteit toegestaan is. Die dosente was byvoorbeeld van belasting en militêre diensplig vrygestel.<sup>202)</sup> Alhoewel hulle dit altyd nie breed gehad het nie, kon die dosente tog daarin slaag om werk van 'n hoër gehalte te lewer en daarvoor het hulle aansienlike respek by hul studente ontboesem.<sup>203)</sup>



### 3.4 Die opvoeder in die Renaissance - Humanistiese Tydperk ( ± 1400 - ± 1600)

In essensie het die Renaissance 'n wedergeboorte van die menslike gees beteken.<sup>204)</sup> Hierdie ontwaking is gekenmerk deur 'n algehele intellektuele en kulturele herlewing.<sup>205)</sup> Dit het ook ingesluit 'n wegbeweging van die teosentriese gerigtheid wat teweeggebring het dat die individualiteit van die mens weer vierkantig in die brandpunt van belangstelling geplaas is vandaar die term - "Humanisme."<sup>206)</sup> Die Renaissance - humaniste het hulle in drie onderskeie gedagtevelde uitgedruk, naamlik die Sedelike, Naturalistiese en Stilistiese Humaniste.<sup>207)</sup>

#### 3.4.1 Die Sedelike Humaniste se beskouing van die opvoeder

##### 3.4.1.1 Vittorino da Feltre (1378 - 1446)

Aan Vittorino is die titel van die eerste moderne skoolmeester toegeskryf<sup>208)</sup> vanweë sy besondere kennis van al die aspekte van die opvoedingswysheid soos dit in daardie tyd bekend was.<sup>209)</sup>

Vittorino was 'n nederige mens,<sup>210)</sup> het vaderlik teenoor sy leerlinge opgetree, na hul welsyn omgesien en baie moeite gedoen om hulle van enige kwade invloed te beskerm.<sup>211)</sup> Hy het die rare onderskeiding verwerf om deur beide die ouers en sy leerlinge vereer te wees.<sup>212)</sup>

Sy keuse van 'n onderwyser is 'n persoon met 'n onberispelike karakter, wat gemaklik en vertroulik met sy leerlinge kan verkeer, geduld kan beoefen,<sup>213)</sup> 'n deeglike studie van kinders gemaak het om sodoende die verskille in die vermoëns van sy kinders gou agter te kom en derhalwe sowel die inhoud van sy leerstof as die onderrigsmetode diensooreenkomstig aan kon pas.<sup>214)</sup> Die skool moet 'n aangename plek vir die leerling wees.<sup>215)</sup> Vittorino het gevoel dat die onderwyser 'n hoogstaande persoon in sy gemeenskap moet wees. Vittorino het uitermatige tug verafsku. Slegs in uiterste gevalle mag lyfstraf toegedien word, maar dan moet dit onmiddellik geskied,<sup>216)</sup> nie wreed wees en geensins die selfrespek van die kind skaad nie.<sup>217)</sup> Hy het meer geglo aan 'n nugtere benadering tot die onderwysituasie sover dit tug betref.<sup>218)</sup>

### 3.4.1.2 Desiderius Erasmus (1466 - 1536)

Die onderwysideaal wat Erasmus ten doel gestel het, was die ontwikkeling van die wetende en denkende persoon met inagneming van die gevoelsaspek van die mens.<sup>219)</sup>

Om sy oogmerke werklikheid te maak, het Erasmus daarop aangedring dat die formele onderwys van die kind reeds op 'n vroeë stadium, trouens in die eerste drie jaar van die kind se bestaan, moet plaasvind.<sup>220)</sup>

Die moeder is die aangewese persoon om hierdie vroeë onderrig te begin. Daarna kom die vader of 'n tutor aan die beurt totdat die kind in 'n openbare skool opgeneem word.<sup>221)</sup> Erasmus was een van die eerste opvoedkundige denkers wat 'n stelselmatige opleiding van onderwysers voorgestaan het.<sup>222)</sup>

Hy was hierdie mening toegedaan, omdat hy nie veel van die onderwysers van sy dae gedink het nie.<sup>223)</sup> Erasmus het hoë eise aan die onderwyser gestel. Volgens hom moet die onderwyser die drie kardinale konsepte van die leerproses nl. die natuur, rede en gebruik kan waardeer en aanwend tot die beste taktiese voordeel.<sup>224)</sup>

Ook moet die opvoeder in die fleur van sy lewe wees, 'n natuurlike simpatie jeens die jeug openbaar en hom by die eise van die jeug kan aanpas. Verder moet hy gekenmerk word deur sy ouerlike houding teenoor die kind. Hierdie hartlike onderwyser - kind - verhouding sal beide die onderrig- en leerproses bevorder. Hy moet 'n goeie karakter hê en 'n geleerde man wees; oor daardie vermoë beskik om die kind op 'n onopsigtelike wyse tot leer aan te moedig as om daartoe te dryf.<sup>225)</sup>

Erasmus het ongetwyfeld goeie redes gehad waarom hy eienskappe in 'n onderwyser wou sien wat in die onderwysers van daardie tyd nie teenwoordig was nie. Die gerespekteerde statusfiguur was sy ideaal.

Die kind se eerste indrukke van die skool moet mooi en gelukkig wees. Dit is belangrik om eers die toegeneëntheid van die kind te wen en hom sover te kry om sy werk te geniet.<sup>226)</sup>

### 3.4.2 Die Naturalistiese Humanisme se beskouing van die opvoeder

#### 3.4.2.1 Juan Luis Vives (1492 - 1540)

Vives word beskou as die voorvader van die empiriese pedagogiek.<sup>227)</sup> Sy onderwysideologie was sedelik - godsdienstig georiënteerd.<sup>228)</sup>

Vives is van mening dat die kind sy basiese opvoeding by die huis moet ontvang en hier het die moeder 'n belangrike rol te speel. Die vader se aandeel is om toesig te hou oor sy kind se onderwys en welsyn.<sup>229)</sup>

Die gepeupel wat die skole van sy tyd beman het, het geensins vir Vives beïndruk nie. Waarna hy gesoek het, was persone met integriteit, wat met 'n deeglike vakkennis toegerus is, wat moreel gesond is en wat ook as onderwyser opgelei is.<sup>230)</sup>

In hul opleiding moes die leerlingonderwysers voldoende proef- onderwys in 'n voorbereidingskool gehad het en as hulle die onderwysloopbaan betree het, moet hulle hul dienste aanbied in 'n omgewing wat geskik is vir die leerproses.<sup>231)</sup>

Om aan hom status te verleen, het Vives voorgestel dat die onderwyser deur die staat besoldig word en nie afhanklik wees van bydraes wat deur die kinders se ouers gemaak word nie.<sup>332)</sup>

### 3.4.3 Die Stilistiese Humanisme se beskouing van die opvoeder

#### 3.4.3.1 Johann Sturm ( 1507 - 1589 )

Die doelstelling van Johann Sturm se lewensbeskouing oor die onderwys was piëteit, kennis en welsprekendheid.<sup>233)</sup> Hierdie eienskappe wou hy graag in die beskaafde persoon vorm laat kry.<sup>234)</sup>

Die skool moes 'n beperkte leergang volg <sup>235)</sup> en vrome, dog geleerde persone van hoë aansien, voortbring.<sup>236)</sup>

Dit is 'n uitgemaakte saak dat die opvoeders self oor diep christelike beginsels moet beskik om aan die hoë vereistes van moraliteit te kan voldoen.

Met hierdie Godvrugtige bewapening was dit die taak van die opvoeder om die kind na die goeie te lei.

Volgens Sturm moet die organisasie van die skool onder die beheer van die stadsvaders resorteer<sup>237)</sup> en as dit doeltreffend uitgevoer sou wees, sou dit die handhawing van goeie dissipline verhef.<sup>238)</sup>

### 3.5 Die opvoeder gedurende die Protestantse Hervorming en die Teenhervorming (16 de eeu)

#### 3.5.1 Die Protestantse Hervorming

Die hervorming kan primêr gesien word as 'n rekonstruksie van die sosiale, politieke en religieuse lewe van die mens teen die einde van die Middeleeue tydperk.<sup>239)</sup> Dit het gegroei uit 'n reaksie teen die leerstellings en die misbruike van die kerk en het op 'n terugkeer na die meer simplistiese onderwys van Christus aangedring.<sup>240)</sup> Anders as die Humaniste wat individualiteit van die mens beklemtoon het, het die Reformiste 'n geloofsluwe bepleit wat direk tot 'n versoening met God sou lei.<sup>241)</sup>

Die leerinhoud sowel as die stelsel van die onderwys moes sodanig verander word dat dit elke kind kon bereik,<sup>242)</sup> en aan hom 'n mate van opvoeding besorg sodat hy (die kind) minstens die Bybel kon lees en verstaan.<sup>243)</sup>

##### 3.5.1.1 Martin Luther (1483 - 1546)

Die onderwysstelsel wat Luther bepleit het, was godsdienstig in wese en moes in die landstaal gegee word.<sup>244)</sup> Hy het 'n volkskool voorgestaan wat deur die staat onderhou word en waarvan die bywoning deur elke kind verpligtend gemaak moes word.<sup>245)</sup> Gedwonge skoolplig sou verseker dat die christelike leer elke individu bereik.<sup>246)</sup>

Die christelike grondslag moes alreeds aan huis gelê word.<sup>247)</sup> Daarvandaan moes die kind sy vertrek na die volkskool neem waar hy in die drie christelike beginsels en Kategismus onderlig word.<sup>248)</sup>

Daarbenewens het Luther die waarde van 'n goeie opvoeder raak gesien. Hy het hoë agting vir hom gehad.<sup>249)</sup> Behalwe die lae status wat die onderwyser geniet het, het hy ook die skamele besoldiging wat hy (die onderwyser) ontvang het, beween.<sup>250)</sup> 'n Opvoeder van gehalte kan nie gekompenseer word vir die humanistêre diens wat hy lewer nie.<sup>251)</sup>

### 3.5.1.2 Malanchton (Philippus Schwarzied) (1497 - 1560)

Malanchton word gesien as die beste verteenwoordiger van Luther se idees wat hy ook met groot ywer probeer ontvanklik maak het vir die intelligensia.<sup>252)</sup>

Soos die ander hervormers het hy die tweeledige doel van die onderwys ondersteun, nl. om die kind vir die geestelike diens asook die staatsdiens voor te berei.<sup>253)</sup>

Oor die lot van die onderwysers en die gehalte werk wat hulle gelewer het, was hy diep bekommerd. Nie net was hulle oorwerk nie, maar het ook nie eens 'n billike vergoeding vir hul onbaatsugtige dienste ontvang nie.

Hy het nietemin 'n baie hoë dunk van die onderwys gehad. Die beoefening van die beroep het hy beskou as die beste leefwyse wat 'n mens kon tref. Vir die onderwys sal dit 'n bate wees as die onderwyser hoog genoeg geag word. Die onderwyser is 'n persoon met 'n sending in die lewe.<sup>254)</sup> Deur te leer, kan 'n teelaarde vir 'n gedissiplineerde en Godvresende gemeenskap geskep word.<sup>255)</sup>

### 3.5.1.2 Maturin Cordier (1479 - 1564)

In sy Colloquia Scholastica het Cordier die idee van sy onderwys duidelik uitgedruk. Dit was belangrik dat by die jeug 'n doelgerigtheid, met hul hele lewe sou inkleur, gekweek word.<sup>256)</sup>

Cordier voel dat die primêre oogmerk van die skool moet wees om die goedheid van God vir die kind voor te hou en om daarna te poog om hom deur onvermoeide geduld nader aan die troon van God te bring.<sup>257)</sup>

Hy het sy ontevredenheid uitgespreek oor die feit dat die skool meer aandag aan die akademie gegee het en bittermin aan die geestelike lewe van die kind gedoen het.<sup>258)</sup>

Hy was 'n streng sedemeester,<sup>259)</sup> maar het tog volle simpatie met die jongeling gehad.<sup>260)</sup> Sover dit die dissipline betref, het hy 'n meer genaakbare tug verkondig. Wat Cordier nagestreef het, was die ontwikkeling van 'n gesonde onderlinge verhouding tussen ouer en kind,<sup>261)</sup> asook onderwyser en kind. So 'n openhartige verhouding sal veel daartoe bydra dat die dissiplinêre probleme in veral die skool tot 'n minimum beperk word. Waar hierdie gunstige omstandighede voorkom kan dit nie anders dat 'n aangename gees in die skool heers en dit vir die leerling 'n plesier is om skool te gaan nie.<sup>262)</sup> 'n Toegewyde en voorbeeldige onderwyser sal beslis 'n innerlike en selfopgelegde gehoorsaamheid by die kind in die hand werk.<sup>263)</sup>

#### 3.5.1.4 Johannes Calvyn (1509 - 1564)

Calvyn het min te sê gehad oor onderrig oor die algemeen en onderwysers in die besonder.<sup>264)</sup> Hy het meer aandag geskenk aan die informele onderwys wat deur die omgewing aangebied is.<sup>265)</sup>

Hy het die huis uitgesonder as die plek waar die kind sy eerste opvoeding moet ontvang, en waar hy in die Kategisme en Christelike lewe onderrig moes word. Hierdie standpunt het Calvyn nougeset toegepas. Streng toesig is gehou om te verseker dat sy opdragte stiptelik uitgevoer is en ook om te bepaal of elke ouer hom nog daagliks by die letter van God se Geboorte hou.<sup>266)</sup>

Calvyn het egter die waarde van die skool gesien <sup>267)</sup> en om dié rede daarop aangedring dat die onderwysers hulle daarop moet toelê om in die kind 'n liefde vir God en Sy Woord te ontwikkel.<sup>268)</sup> Dat Calvyn goed opgeleide onderwysers met onberispelike karakters sou vereis het, kan aanvaar word as in gedagte gehou word dat hy baie waarde aan deeglike onderwys geheg het.<sup>269)</sup> Die opvoeders was per slot van rekening leke dienaars van die kerk en as sulks moes hulle hul onderwerp aan dieselfde gedragskode en streng tugmaatreeëls soos dit van toepassing op die predikante was.<sup>270)</sup>

Hy het beklemtoon dat die onderwyser 'n hoë status moes handhaaf.

### 3.5.2 Die Teenhervorming

Die handelinge van Luther wat tot die verset teen en die breuk met die Rooms-Katolieke kerke gelei het, het laasgenoemde genoop om sy huis in orde te bring.<sup>271)</sup>

Die Rooms-Katolieke Kerk het probeer verlore aansien herwin deur interne reformasie in die kerk self te bewerkstellig.<sup>272)</sup> Daarbenewens het die kerk oor hernuwing in die onderwysstelsel ingevoer as 'n teenvoeter vir die gewildheid wat die Protestantse skole geniet het.<sup>273)</sup> Hierdie pogings van die Katolieke was uitsluitlik daarop gemik om die breuk te heel en die ontevredenheid na die kerk terug te lok.<sup>274)</sup> Om hierdie redes is die Jesuïte-onderwysorde onder leiding van Ignatuis Loyola in 1540 gestig.<sup>275)</sup>

Die Jesuïte-skole was goed georganiseer. Dit het geen voorsiening vir elementêre onderwys gemaak nie, aangesien dit uitsluitlik ingestel was vir die opleiding van onderwysers.<sup>276)</sup>

Die gehalte onderwyser wat die Jesuïte-skole opgelei het, was wêreldberoemd en derhalwe hoogs aangeskryf.<sup>277)</sup> Die hoë status wat die Jesuïte-onderwyser geniet het, het die verbeelding van onderwysmanne orals aangegryp. Hul sukses is toegeskryf aan die streng keuring van kandidate<sup>278)</sup> en die deeglike opleiding wat oor 'n tydperk van 17 jaar gestrek het.<sup>279)</sup>

Die onderwysers het hul onderwystaak ernstig opgeneem en het hart en siel hul hele lewe daaraan gewy. Sonder enige besoldiging<sup>280)</sup> het die Jesuïte-onderwyser onvermoeid en met algehele toewyding sy pligte nagekom.<sup>281)</sup>

### 3.6 Die Realisme

Die Realisme het sy beslag gekry eers nadat die wetenskap bekendheid as 'n dissipline verwerf het.<sup>282)</sup> In skrilte teenstelling met 'n hoogs verbalistiese onderwys wat die Humaniste voorgestaan het,<sup>283)</sup> wou die Realiste die skole na hul oorspronklike utilitaristiese karakter terugvoer.<sup>284)</sup>



Realisme beteken dan 'n terugkeer na konkrete kennis sowel as na die praktiese en beroepsvaardighede.<sup>285)</sup> Die kind moet voorberei word vir die konkrete pligte wat op hom wag.<sup>286)</sup>

Sy opvoeding moet van so 'n aard wees dat hy selfstandigheid in denke en oordeel kan bereik. Insteede dat die onderwyser hom gedurig met die abstrakte en teoretiese konfronteer, moet die kind elke geleentheid gegun word om te eksperimenteer en self waar te neem.<sup>287)</sup>

### 3.6.1 John Milton (1608 - 1674)

Milton stel as doel daardie opvoeding wat die kind sal voorberei vir die werklike lewe in 'n werklike wêreld. Veel aandag moet aan sy sedelike en godsdienstige sowel as aan sy intellektuele opleiding gegee word. Tyd moet ook ingeruim word vir die kind se fisiese ontwikkeling.<sup>288)</sup>

Die leerplan wat Milton aangebied het, was so ensiklopedies in omvang,<sup>289)</sup> dat dit essensieel was dat die onderwyser se veld van kennis net so ruim daar moes uitsien.<sup>290)</sup>

Die ou klassieke werke moes bestudeer word om so 'n magdom van kennis te akkomuleer.<sup>291)</sup> Milton het die vereistes waaraan die onderwyser moet voldoen, hooggestel. Sekerlik was sy doel om die onderwyser te verhef tot 'n posisie waar hy die respek van almal kan afdwing.

### 3.6.2 Michel Eyquem de Montaigne (1533 - 1592)

Montaigne, het die standpunt gehuldig dat die funksie van onderwys moet wees om leer by ware kennis te laat aansluit sodat oordeel en sedelike karakter daardeur gevorm kan word.<sup>292)</sup> Hy het hom beywer vir die opvoeding van die hele mens.<sup>293)</sup>

Omdat Montaigne die huis,<sup>294)</sup> die skool<sup>295)</sup> en veral boekgeleerdheid nie goedgesind was nie,<sup>296)</sup> het die keuse van 'n geskikte en waardige tutor vir die kind 'n gebied geword waar hy veel belang by gehad het.<sup>297)</sup> Alhoewel Montaigne meer omgegee het vir 'n tutor wat oor 'n goed saamgestelde en matige brein beskik as een wat slegs met kennis gevul is, het hy glad nie omgegee as altwee eienskappe in een persoon verenig is nie.<sup>298)</sup>

Die tutor moet vir die kind die wêreld daar buite sy skool kan rekonstrueer <sup>299)</sup> en hom nie tot 'n eenvoudige pedant reduseer nie, <sup>300)</sup> sy natuurlike neiging om te wil leer aanmoedig <sup>301)</sup> en sy onderwysmetodes so aanpas dat voorsiening vir die kind se belangstelling en vlak van ontwikkeling gemaak word. <sup>302)</sup>

### 3.6.3 Johann Amos Comenius (1592 - 1670)

Die vorming van die kind en sy opvoeding tot geluksaligheid by God het Comenius die naaste aan die hart gelê. <sup>303)</sup> Om hierdie rede het hy beklemtoon dat die kind se opvoeding die ouers <sup>304)</sup> en die staat se hoogste prioriteit moet wees. <sup>305)</sup>

Die ouers moes as sy eerste opvoeders optree en vir hierdie doel het Comenius 'n handleiding vir gebruik, by die onderrig van die kindertjies, aan die ouers beskikbaar gestel. <sup>306)</sup>

Comenius het hoë verwagtinge van die opvoeders gekoester. Hy het daarop aangedring dat die opvoeder 'n gekeurde persoon moet wees sodat hy as 'n gerespekteerde en gesiene persoon sy plek in die gemeenskap kan volstaan. <sup>307)</sup> Sy besoldiging moet hom instaat stel om 'n gemaklike bestaan te kan voer. <sup>308)</sup>

Benewens die feit dat die onderwyser 'n onberispelike moraliteit moet hê, <sup>309)</sup> het Comenius ook verwag dat hy die psige van sy leerlinge moet verstaan. <sup>310)</sup> Hy moet derhalwe begrip van die kind se vermoë hê om die leerinhoud asook sy onderrigmetodes diensooreenkomstig aan te pas. <sup>311)</sup>

## 3.7 Die Piëtisme

### 3.7.1 August Hermann Francke (1663 - 1727)

Francke was 'n aanhanger van die Piëtisme, 'n 17de eeuse beweging in die Lutherse kerk teen wat hulle beskou het as koue, kleurlose dogma sonder enige religieuse gevoel en praktiese vroomheid. <sup>312)</sup>

Die hoofdoel wat Francke in sig gehad het, was om die kind eerste in die belangrike kennis van God te onderrig. Daarna mag die ander dissiplines volg. <sup>313)</sup> Ter bereiking van hierdie doel is dit essensieel dat die onderwyser 'n voorbeeldige persoon, deurtrek met piëtisme, moet wees. <sup>314)</sup>

Verder moet die onderwyser se onderrig gebaseer wees op 'n tipe opleiding wat tot die kind se praktiese voorbereiding vir die lewe aanleiding sal gee.<sup>315)</sup> Hy moes 'n gesiene persoon en 'n aanwys vir sy gemeenskap wees.

### 3.8 Die Rasionalisme

Die Rasionalisme het sy oorsprong in die Renaissance gehad. Die denkrigting van die Renaissance - Humanisme, waarvolgens die mens as die maatstaf van alle dinge beskou word, is deur die Rasionaliste uitgebou tot 'n verheerliking van die menslike rede (ratio). "Die mens", of te wel sy verstandelike vermoë, sou in staat wees om tot die uiterste beproef te kon word, indien sy vorming behoorlik geskied. Die vorming is bepaal deur die rol wat die onderwys speel.<sup>316)</sup>

Vir sukses het die Rasionaliste vervolgens 'n vierledige ondersoek van die onderwys gemaak. Aspekte van die onderwys wat onder die loep geneem is, was die wese van die opvoeding, onderwysmetodes, onderwys opleiding en kindersielkunde. Die hoë eise wat aan die onderwys gestel is, het die opvoeder sowel as sy sienswyse sover dit die onderwys aangaan, beslis beïnvloed.<sup>317)</sup>

#### 3.8.1 John Locke (1632 - 1704)

Locke se uitgangspunt is 'n ontkenning van 'n inherente verdorwe natuur van die mens.<sup>318)</sup>

Hy volstaan by die teorie dat by geboorte die gees van 'n kind 'n "tabula rasa" of skoon vel is waarop die onderwyser met verloop van tyd indrukke ingrif.<sup>319)</sup> Die onderwyser is dus in daardie almagtige posisie geplaas om vorm en rigting aan die kind se opvoeding te gee.<sup>320)</sup>

Locke se uitgangspunt omtrent die onderwys is dat dit 'n sedelike dissipline eerder as 'n proses van intellektuele onderrig is. Sy hoofdoel was die ontwikkeling van 'n praktiese edelman wat sy plek in 'n konvensionele gemeenskap kan volstaan.<sup>321)</sup>

Locke was behep met die idee dat 'n onderwyser (tutor) vir die kind se onderrig gekies moet word.<sup>322)</sup>

Die leerling se behoorlike opleiding kan slegs verkry word d.m.v. 'n (tutor) wat van goeie geboorte is, goed opgevoed is en gedurig sorg dat die kind na die goeie neig.<sup>323)</sup> Locke het ook aanbeveel dat die tutor jonk en 'n veel berese persoon moet wees.<sup>324)</sup> Sy ideale onderwyser, een wat met hoë status bekleed is, het hy nadruklik benadruk.

### 3.9 Die Naturalisme en die Filantropisme (agtiende tot negentiende eeu)

#### 3.9.1 Jean - Jacques Rousseau (1712 - 1778)

Rousseau was 'n verteenwoordiger van die Naturalisme, 'n Filosofie wat eintlik 'n antitese van die Idealisme is. Naturalisme het ontstaan as gevolg van die teenkating wat daar teen die oorheersing van gesag en formalisme tot stand gekom het.<sup>325)</sup>

In sy opvattinge betreffende die onderwys, skilder hy die rol van die onderwyser as toesighoudend. Hiervolgens word die onderwyser nie toegelaat om te onderrig nie en die leerling word vrye teuels gegee om sy natuurlike instinkte, impulse en gevoelens onbelemmerd uit te druk.<sup>326)</sup>

Rousseau het hoë eise aan die onderwyser gestel.<sup>327)</sup> Hy moet oor wysheid beskik, betreklik jonk wees en as speelmaat van sy leerling optree.<sup>328)</sup>

Sy onderwystaak moet geen materialistiese ondertone hê nie. Hy moet bereid wees om sy leerling vir minstens 25 jaar onder sy leiding en bewaring te neem.<sup>329)</sup>

#### 3.9.2 Johann Bernhard Basedow (1723 - 1790)

Basedow het daarin geslaag om deur middel van sy skool Rousseau se konsepte populêr te maak.<sup>330)</sup>

Basedow het die taak van die onderwyser gesien as een wat die kind na 'n nuttige en gelukkige sosiale wese moet omvorm.<sup>331)</sup> Sy benadering tot die onderwys moet "alles volgens die natuur" wees.

Aan die natuurlike neigings en belangstellings van die kind moet dryfkrag gegee word. Ook moet dit in die regte rigting gekanaliseer word, maar geensins moet pogings aangewend word om sy self-uiting te onderdruk nie.<sup>332)</sup> Die leerling moet as kind en nie as 'n volwassene behandel word nie.<sup>333)</sup> Dit word van die opvoeder vereis dat hy vriendelik, intelligent, inskiklik en gesond moet wees.<sup>334)</sup>

### 3.10 Die Sielkundige Rigting (negentiende eeu)

Die Sielkundige denkrigting wat die opvoedkundiges in die negentiende eeu aangegryp het, het 'n deeglike studie van die kind ten doel gestel.<sup>335)</sup> Invloedryke onderwysmanne wat met hierdie beweging geïdentifiseer word, is Pestalozzi, Herbart en Froebel.

Vir al drie was die gehalte van die onderwys en die daarmee gepaardgaande lae status van die onderwysers 'n gevoelige plek. Dat drastiese veranderinge daaraan gebring moes word, het tot die besef van elkeen deurgedring. Dit is ook die rede waarom die drie by geleentheid hul onderskeie indrukke omtrent die ideale onderwyser gegee het en opvoedkundige insette gelewer het wat daarop gemik was om die onderwysstelsel te hernu.

#### 3.10.1 Johann Heinrich Pestalozzi (1746 - 1827)

Vir Pestalozzi moes die onderwys 'n sosiale hervorming wees.<sup>336)</sup>

Om die rede het hy die individualiteit van die mens beklemtoon. Die individu moes ontwikkel en verhef word sodat die samelewing in sy geheel daardeur geregenereer kon word. Die onderwys was die enigste middel waardeur hy sy oogmerke kon verwesenlik,<sup>337)</sup> en dié proses het hy gemeen, sou die harmonieuse ontwikkeling van al die kragte - sedelik, intellektueel en liggaamlik - van die kind behels.<sup>338)</sup>

Die onderwyser moet 'n welgeleerde persoon en bevoegd in die kuns van onderrig wees.<sup>339)</sup> Sy rol moet een van voortdurende en welwillende toesighouding en leiding wees.<sup>340)</sup> Geen pogings moet aangewend word om die kind te onderrig nie. Slegs metodes moet gevind word om sy inherente en sluimerende moontlikhede deur middel van 'n geskikte omgewing uit te lok.<sup>341)</sup>

Hy moet die beginsel van "anschauung" kan toepas <sup>342)</sup> en die kind tot so 'n mate oplei dat hy (die kind) al sy sintuie kan gebruik om sy omgewing deur waarneming meer betekenisvol te maak. <sup>243)</sup>

Die gehalte van die onderwysers van sy tyd was pateties aangesien die oorgrote meerderheid van hulle hoegenaamd geen opleiding gehad het nie.

Hierdie gedagte was 'n groot bron van kommer vir Pestalozzi, maar hy het nie in as en sak gaan sit nie.

Hy het dit goed besef dat as die kwaliteit van die onderwyser enigsins verbeter moet word en daardeur sy status, is dit van die uiterste belang dat die onderwysers vir hul loon opgelei moes word. Die skool wat Pestalozzi te Yverdon tot stand gebring het, het behalwe die onderrig van kinders, ook voorsiening vir die opleiding van die onderwysers gemaak. <sup>344)</sup> Sy gemoeidheid met onderwysopleiding het tot beter onderwysmetodes, beter opleiding en 'n beter begrip van die onderwysproses gelei. <sup>345)</sup> Die leerlingonderwyser moes in al die nuwe aspekte en onderwysstegnieke onderleg wees voordat hy aanspraak op die titel, "onderwyser," 'n professionele man, kon maak. <sup>346)</sup>

### 3.10.2 Johann Friederick Herbart (1776 - 1841)

Herbart het 'n gesistematiseerde opvoedingsteorie ontwikkel. Daarbenewens was hy ook een van die eerste groot onderwysmanne wat die onderwys gepysigoliseer het. <sup>347)</sup>

Hy het hom nie veel uitgespreek ten opsigte van die verstandelike ontwikkeling van die kind nie, maar het sedelike en karaktervorming sterk benadruk. <sup>358)</sup> Die kind moet 'n goeie en gelukkige staatsburger in 'n geordende samelewing word. Die primêre doel van die onderwys sal dus wees om in die jeug die waardes wat kosbaar deur die bewaarders van die gevestigde sosiale orde gehou word, in te prent. <sup>349)</sup>

Herbart het hoë eise aan die opvoeder gestel.

Die onderwyser moet van die sterkste moontlike kaliber wees; <sup>350)</sup> goed onderlegd in kindersielkunde wees <sup>351)</sup> en die vermoë besit om die kind se belangstelling na vore te bring en daaraan rigting te gee. <sup>352)</sup>

In Herbart se opvoedingssisteem beklee die onderwyser die sentrale posisie en nie die kind nie, hoewel sy opvoedingstaak so gerig moet wees om van die kind 'n beter mens te maak.

Om te verseker dat die aspirantonderwyser 'n behoorlike opleiding ontvang, het Herbart 'n pedagogiese seminaar sowel as 'n oefenskool tot stand gebring. In hierdie opvoedkundige inrigtings kon die studente onder sy persoonlike toesig hulself bekwaam. <sup>353)</sup> Soos Pestalozzi het hy die heil van die onderwys in die behoorlike voorbereiding van die beoefenaars gesien. Grondliggend aan sy dissipline is sedelike vorming. <sup>355)</sup>

### 3.10.3 Friedrich Froebel (1782 - 1852)

Froebel gaan van die standpunt uit dat die onderwys 'n tweeledige doel moet hê, nl. om die kind sedelik op te voed en, in 'n breër sin, hom sosiaal te laat ontwikkel. <sup>355)</sup> Hieronder word verstaan dat sy persoonlikheid, met inbegrip van karakter, geskool moet word <sup>356)</sup> en dat sy wese so verander word dat hy in vrede met die natuur sal lewe en 'n eenheid met God bereik. <sup>357)</sup>

In sy kinderdae is die kind se opvoeding hoofsaaklik 'n kwessie om die kind se inherente verborgenheid na buite te bring. Dit kan bereik word deur toe te laat dat die kind natuurlik ontplooi deur selfwerkzaamheid. <sup>358)</sup>

Froebel het intens belanggestel in die vroeë opvoeding van die klein kindertjies. Terselfdertyd het hy 'n baie nou skakel tussen die huis en skool bepleit. Om hierdie redes het hy sy "skool" of sogenaamde "Kindergarten" wat 'n samelewing in die klein voor-gestel het, opgerig. <sup>359)</sup> Die "Kindergarten" moes aan die kind die geleentheid bied om deur spel sy moontlikhede en potensiaal te openbaar. Die onderwyser was die plig opgelê om toe te sien dat die kind altyd aktief moes wees. Ten alle tye moes sy prestasie uit sy eie kinderlike belangstelling groei. <sup>360)</sup> Verder moet die onderwyser se rol 'n passiewe een wees. <sup>361)</sup>



Die "Kindergarten" was dus nie alleenlik bevorderlik vir self-uitlewing nie; dit was ook 'n uitstekende plek vir sosiale wisselwerking.<sup>362)</sup> 'n Addisionele belangrikheid van die "Kindergarten" was dat dit 'n sentrum gebied het vir die opleiding van kindertuinonderwyseresse.<sup>363)</sup>

Froebel was van mening dat die opvoeder se onderwys meer effektief sal wees as hy rekening hou met die kind se individualiteit. Dit is dan noodsaaklik dat hy 'n deeglike studie van die kind moet maak.<sup>364)</sup>

### 3.11 Die Natuurwetenskaplike Rigting

Die werke van veral Rousseau, gepaardgaande met die vordering wat die wetenskap gemaak het, het in die negentiende eeu 'n nuwe geestesdenkrigting, die natuurwetenskaplike filosofie, tot gevolg gehad.

Die voorloper van hierdie beweging was Auguste Comte. Volgens hierdie filosofie is die mens as 'n produk van die natuur gesien wat God en Sy Skepping totaal negeer. Kennis sowel as die praktiese vermoë en vindingrykheid van die mens is verhoog tot 'n vlak wat geen ruimte vir die Konserwatisme gelaat het nie. Die Konserwatisme het die opvoeding van die kind nie op praktiese leefwyse aangewys nie. Spencer het hom ook by hierdie geestesstroming aangesluit.<sup>365)</sup>

#### 3.11.1 Herbert Spencer (1820 - 1903)

Spencer het beweer dat opvoeding die kind vir 'n "complete living" moes voorberei.<sup>366)</sup> Die stereotiepe skool van sy tyd het hom meestal toegelê op suiwer akademiese en literêre opvoeding en geen of min ag geslaan op die voorbereiding van die kind om aan te kan pas by die veelvuldige aspekte van die lewe. Hierdie tipe skool het Spencer verag.<sup>367)</sup> Die taak van die onderwyser moes wees om die kind natuurlik te laat leer wat hoofsaaklik op aanskoulikheid en selfwerkzaamheid gegrond is.<sup>368)</sup> Die leerinhoud van die kind se praktiese onderrig moes hom kon voer tot 'n kennis van selfbehoud, sy voortbestaan kon verseker, van hom 'n bruikbare landsburger maak, 'n bestaan kan laat maak en in staat stel om 'n aangename lewe te kan lei.<sup>369)</sup>

Die "Kindergarten" was dus nie alleenlik bevorderlik vir self-uitlewing nie; dit was ook 'n uitstekende plek vir sosiale wisselwerking.<sup>362)</sup> 'n Addisionele belangrikheid van die "Kindergarten" was dat dit 'n sentrum gebied het vir die opleiding van kindertuin-onderwyseresse.<sup>363)</sup>

Froebel was van mening dat die opvoeder se onderwys meer effektief sal wees as hy rekening hou met die kind se individualiteit. Dit is dan noodsaaklik dat hy 'n deeglike studie van die kind moet maak.<sup>364)</sup>

### 3.11 Die Natuurwetenskaplike Rigting

Die werke van veral Rousseau, gepaardgaande met die vordering wat die wetenskap gemaak het, het in die negentiende eeu 'n nuwe geestesdenkrigting, die natuurwetenskaplike filosofie, tot gevolg gehad.

Die voorloper van hierdie beweging was Auguste Comte. Volgens hierdie filosofie is die mens as 'n produk van die natuur gesien wat God en Sy Skepping totaal negeer. Kennis sowel as die praktiese vermoë en vindingrykheid van die mens is verhoog tot 'n vlak wat geen ruimte vir die Konserwatisme gelaat het nie. Die Konserwatisme het die opvoeding van die kind nie op praktiese leefwyse aangewys nie. Spencer het hom ook by hierdie geestesstroming aangesluit.<sup>365)</sup>

#### 3.11.1 Herbert Spencer (1820 - 1903)

Spencer het beweer dat opvoeding die kind vir 'n "complete living" moes voorberei.<sup>366)</sup> Die stereotiepe skool van sy tyd het hom meestal toegelê op suiwer akademiese en literêre opvoeding en geen of min ag geslaan op die voorbereiding van die kind om aan te kan pas by die veelvuldige aspekte van die lewe. Hierdie tipe skool het Spencer verag.<sup>367)</sup> Die taak van die onderwyser moes wees om die kind natuurlik te laat leer wat hoofsaaklik op aanskoulikheid en selfwerkzaamheid gegrond is.<sup>368)</sup> Die leerinhoud van die kind se praktiese onderrig moes hom kon voer tot 'n kennis van selfbehoud, sy voortbestaan kon verseker, van hom 'n bruikbare landsburger maak, 'n bestaan kan laat maak en in staat stel om 'n aangename lewe te kan lei.<sup>369)</sup>

### 3.12 Die Pragmatisme (twintigste eeu)

Die Pragmatisme is 'n filosofie wat weier om die ordinêre en aanvaarde waarhede van die metafisika, as die allerlaaste, te erken, en bepaal homself totaal tot daardie waarhede wat beslis korreleer met die aktuele feite van die eksistensie.<sup>370)</sup>

Hierdie mensbeskouing het lynreg in stryd met die tradisionele skool van die negentiende eeu gekom.<sup>371)</sup>

Die tradisionele skool het los van die gemeenskap gestaan en het nie eintlik die kind vir 'n praktiese en sosiale lewe voorberei nie.<sup>372)</sup>

Hierdie skool was gegrond op die leerling se afhanklikheid van die verstand, gemoed en wil van iemand anders.<sup>373)</sup> Die kind moes dus 'n passiewe ontvanklike en absorberende houding inneem. Die omstandighede was sodanig dat hy nie toegelaat is om die wette van sy natuur te volg nie.<sup>374)</sup>

Die onderwyser het die aktiewe rol gespeel; hy het die leerinhoud saamgestel, aangebied, die kind se onthou vermoë geëvalueer en tug toegedien. Hy het die stand van oorheerser ingeneem, met die leerling as sy kneg.

Hierteenoor het die "nuwe opvoeding" meer ruimte, t.o.v. vryheid aan die kind, toegestaan. Die uitgangspunt was dat die kind wat vry is om 'n natuurlike bestaan te voer, gouer tot selfdissipline geraak sou word. Die onderwys het ook meer sekulêr geword en die individualiteit van die kind geakkommodeer.

Die "nuwe opvoeding" was eintlik 'n stelsel wat die gedagte van De Montaigne, Locke, Rousseau, Spencer en andere geïmplementeer het.<sup>375)</sup>

#### 3.12.1 John Dewey (1859 - 1952)

Sommige van die hoofgedagtes van Dewey se onderwysstelsel kan as volg opgesom word: opvoeding is die lewe en nie sommer maar 'n voorbereiding vir die lewe nie; opvoeding is 'n sosiale proses en om dit moontlik te maak moet die skool 'n demokratiese gemeenskap wees.

In sy eksperimentele skool het Dewey geprobeer om sy ideale ten opsigte van die onderwys te laat uitkristalliseer.

Sy opvatting was dat die skool die bestaande sosiale bestel tot 'n vereenvoudigde vlak moet reduceer sodat dit vir die kind betekenisvol kan wees.<sup>376)</sup>

Inderdaad moes die skool 'n miniatuur gemeenskap wees waarin die kind kon lewe en groei.<sup>377)</sup> Die skool moes wegdoen met die praktyk dat dit 'n luisterskool is en meer daarop ingestel wees om dit in 'n moderne werkskool te verander.<sup>378)</sup>

Van die opvoeder was dit verwag om die kind die beste opvoeding te gee sodat hy 'n gesonde lewe kon voer en 'n gehoorsame en nuttige staatsburger word.<sup>379)</sup> Die vroeëre rol wat die onderwyser op 'n podium geplaas het, moes verander.<sup>380)</sup> Die onderwyser moes op dieselfde vlak as die leerlinge beweeg, saam met hulle na oplossings vir sosiale probleme soek, situasies skep wat hul natuurlike belangstelling sal prikkel, hulle met raad en advies bedien en dan ook as hul leidsman optree.<sup>381)</sup>

### 3.13 'n Beknopte oorsig oor die status van die opvoeder in enkele Westerse lande in die twintigste eeu

Die hoë status wat aan die onderwyser in die twintigste eeu toegeken is kon alleenlik bereik word as gevolg van verbeterings wat aan die onderwysstelsel oor die jare heen aangebring is. Die onderwys word nou as 'n professionele liggaam erken en deesdae geniet die onderwyser hoë professionele status ten spyte van die sinisme waarmee sommiges dit wil inkleef.

Soos voorheen vermeld, is die status van die onderwyser aan vooreen teenspoed onderhewig. In byvoorbeeld Amerika het die vermoede ontstaan dat die onderwyser se status besig is om terug te val in die duisterheid waarin dit voorheen verkeer het. Redes vir hierdie erosie van die onderwyser se status wat aangevoer word, blyk die volgende te wees:

- die onderwyser word dikwels in sy klaskamer geïsoleer;
- professionele outonomie verminder;
- ambisieuse onderwysers word aangemoedig om administrateurs te word - advies wat die professie van menige talentvolle onderwyser beroof;<sup>382)</sup>

- die onderwysprofessie altyd maar sy rekrute uit die onderste derde van kollege graduandi trek;
- afname van die verdienvermoë van onderwysers relatief aan dié van individue in ander beroepe en professies;
- die opening van loopbaangeleenthede in ander terreine;
- hoër vereistes vir sertifikate;
- die besef onder kollegestudente dat beide onderwyseropleiding en onderwys lae-status ondernemings is;
- 'n afname in die kwaliteit van werksomstandighede en - omgewing vir die onderwyser.<sup>383)</sup>

Die lae aansien wat die onderwyser deesdae geniet, het die idee om onderwyser te word, minder gewild gemaak. Die "Gallys Poll of the Public's Attitudes toward the Public Schools" het in 1983 bevind dat die populariteit van die onderwyser definitief afgeneem het.<sup>384)</sup>

Alles is ook nie plus met die status van die onderwysprofessie in Skotland nie. In 1985 is die onderwys daar deur onderwyserstakings ontwrig en dit het hoofsaaklik gegaan oor die "under-paid, under-valued, under-resourced and grossly over-stretched teaching profession."<sup>385)</sup>

Ten spyte daarvan dat die onderwysers in Skotland voel dat hul status oor die afgelope dekade afgeneem het, word hulle nog steeds hoog aangeskryf en die ontwrigting in die skole gedurende die afgelope twee jaar het hierdie geloof geensins geskaad nie.

Dit word gereken dat die status van die "dominie"(Skotse onderwyser) verhoog sal word indien hy uit die staanspoor by onderwys- en beleidsbeplanning betrek word.<sup>386)</sup>

In Brittanje weer het die Thatcher-regering stappe in die Witskrif afgekondig wat daarop gemik is om onder andere die professionele doeltreffendheid van die onderwyser te verbeter.<sup>387)</sup>

Die onderwyser in Belgieë beleef 'n gevoel van onsekerheid en angsten opsigte van sy status wat veroorsaak word deur die vlaag administratiewe verordenings en opdragte wat hy ontvang, die voortdurende wysigings wat aan werksomstandighede aangebring word en die afname in die geboorte syfer wat nou al tot die sekondêre onderwys deurgewerk het.<sup>388)</sup>

In Denemarke aan die ander hand, word 'n beter prentjie geskilder van die onderwys in die Folkeskole van daardie land. Die hoë status van die onderwyser in Denemarke word toegeskryf aan die relatief onafhanklikheid van die Deense onderwysers, hul homogene en hoë professionele kwalifikasies en hul noue verbondenheid met die ouergemeenskap.<sup>389)</sup>

### 3.14 Opvoeders in Derde Wêreldlande

Met die onderwys in die Derde Wêreldlande gaan dit maar beneebreek. Die probleme waarmee hierdie lande worstel, is moontlik nie so ernstig of so weerspanning soos dié van die onopgeleide onderwyser nie.<sup>390)</sup> Afgesien van die feit dat die oorgrote meerderheid van die onderwysers geen opleiding gehad het nie, het die akademiese opleiding van bykans die helfte van hulle nie verder as geringe primêre onderwys gevorder nie.<sup>391)</sup> Wat die probleem meer gekompliseerd maak, is die feit dat dit juis van hierdie halfgeskoolde onderwyser verwag word om feitlik alle primêre skoolvakke te onderrig. Sou die leerkrag addisionele kwalifikasies bekom, beteken dit 'n verlies vir die primêre skool.<sup>392)</sup>

Omdat die onderwys in die Derde Wêreldlande op die lees van massasonderwys en nuwe tegnieke geskoei moet wees,<sup>393)</sup> word die lae status van die onderwyser deur 'n aantal faktore in die hand gewerk. Die belangrikste hiervan is die geweldige leerlingtalaanwas waarmee onderwyservoorsiening nie tred kan hou nie. Die gevolg is dat 'n patroon van ondoeltreffende onderwysers wat halfgeskoolde leerlinge oplewer, geskep word.<sup>394)</sup>

Dit bring mee dat die kwaliteit van die produkte van die toevoerbron nie gebruik is om as onderwysers opgelei te kan word nie.<sup>395)</sup> Moontlike potensiele kandidate vir die onderwysberoep wat daar mag wees, word afgeskrik deur die swak onderwystoestande<sup>396)</sup> en die negatiewe beeld wat die ouers oor die onderwys het.

Verder is die onderwyser self verantwoordelik vir sy lae aansien, grotendeels omdat hy nie oor die nodige selfvertroue beskik nie; hy homself veroordeel en hy verwag dat iemand anders sy probleme sal oplos.<sup>397)</sup>

### 3.15 Die onderwyser in die onderwysgeskiedenis van Suid-Afrika

#### 3.15.1 Die onderwyser in die vroeë onderwysgeskiedenis van Suid-Afrika

Die eerste opvoeders wat in die Kaap aangetref is, was die sieketroosters. In die buitelandse distrikte het die rondgaande boeremeesters hierdie funksie verrig.<sup>398)</sup>

##### 3.15.1.1 Die Sieketroosters (1652 - 1866)

Gedurende die eerste dertien jaar na die Blanke volksplanting aan die Kaap was daar geen predikante nie. Die verantwoordelikheid om die inwoners van die Kaap geestelik te bearbei het op die skouers van die sieketrooster gerus.<sup>399)</sup> Daarbenewens het hulle onderwys aan sowel die kinders van die Blankeneders as dié van die gekleurdes gegee.<sup>400)</sup>

##### 3.15.1.1.1 Opleiding

Die werwing van geskikte kandidate en die keuring van applikante was onder andere aangeleentheid waarmee die Kompanje,<sup>401)</sup> Kerkraad en sy Deputatied res Indicas, Classis en Sinode in 'n mindere of meerdere mate mee gemoeid was.<sup>402)</sup>

Wat die opleiding van die suksesvolle kandidate betref, kan genoem word dat dit die verantwoordelikheid van die predikante was. Behalwe die onderrig wat hulle ontvang het, moes die kandidaat-sieketrooster die predikante vergesel tydens hul besoeke aan siekes, afvalliges en behoeftiges.<sup>403)</sup>

Na hul voorbereiding is die kandidate geëksamineer in die teenwoordigheid van die voorsitter van die Deputati. Besondere klem is gelê op die lees van hoofstukke uit die Bybel, die sing van Psalms en proef vertroosting.<sup>404)</sup>

Aan diegene wat die eksamen met goeie gevolg afgelê het, is die instruksies, ten opsigte van hul werk, voorgelees, is hulle gemaan om nie die funksies, wat eie aan die amp van 'n predikant is, vir hulself aan te matig nie.<sup>405)</sup>



Die kandidaat se opleiding het ten einde geloop wanneer hy die "Confessie, den Catechismus en die synodale canones" as 'n wettig-aangestelde sieketrooster onderteken het.<sup>406)</sup> Uit Nederland is die sieketroosters verskeep na ander lande,<sup>407)</sup> soos bv. Die Kaap die Goeie Hoop.

#### 3.15.1.1.2 Kwaliteit

Persone wat tot die sieketroosters beroep toegetree het, het uit verskillende agtergronde gekom, verskillende beroepe voorheen bekleed en verskillende geloofsoortuiginge gehad. Sommige het 'n mate van opvoeding gehad; ander weer, was geleerd.<sup>408)</sup>

Eienskappe waarop veral gelet is wanneer 'n kandidaat vir die amp oorweeg is, was sy opregtheid, morele standaard, sedelike lewe en Christelike beginsels. Elke kandidaat was verplig om 'n attestasie oor sy leer en lewe aan sy ondersoekers voor te lê.<sup>409)</sup>

Die sieketrooster moes sy amp met waardigheid bekleed en 'n voorbeeldige lewe voer. Daardeur sou hy sy leerlinge inspireer om sy voorbeeld te volg.

#### 3.15.1.1.3 Status

Sieketroosters was nie met hoë agting bejêen nie. Die ander amptenare van die kompanje het min respek en waardering vir hul onbaatsugtige taak gehad.<sup>410)</sup> Slegs sommige ouers en veral die kinders het 'n mate van respek vir die sieketrooster getoon.<sup>411)</sup>

Die vergoeding wat die sieketroosters van die Kompanje ontvang het, was nie voldoende nie. Sy salaris was egter aangevul deur sekere voorregte wat hy geniet het, soos byvoorbeeld vrye maaltye en somtyds gratis woning.<sup>412)</sup>

Die onderstaande tabel vergelyk die maandelikse salaris van 'n sieketrooster met ander amptenare aan boord 'n skip:

TABEL C. 413)

Maandelikse salarisse van enkele amptenare van die Kompanje

Amptenaar	Maandelikse salaris (gulde)
Kaptein	80
Opperstuurman	50
Oppertimmerman	48
Onderkoopman	40
Barbier of opper- chirurgyn	40
Sieketrooster	24

Die sieketrooster se karige salaris kon hom nie in staat stel om ordentlike klere vir hulself of sy gesin aan te koop nie.<sup>414)</sup> Die ouers van die kinders moes ook 'n finansiële bydrae lewer om die lewe van die sieketrooster verdraagsamer te maak.<sup>415)</sup>

Dit is dus duidelik dat die sieketrooster ook maar 'n sukkel bestaan gevoer het, wat hom nie 'n hoë aansien in die gemeenskap besorg het nie.

3.15.1.1.4 Tug

Die sieketrooster se tug was streng.<sup>416)</sup> Omdat sy les hoofsaaklik op die voorsê - agterna sê onderrigmetode berus het, moes die sieketrooster noodgedwonge van uiterlike dissipline gebruik maak om sukses te behaal. Dit was 'n alledaagse verskynsel om die swartgeklede sieketrooster te sien met die plak in die hand.<sup>417)</sup>

3.15.1.2 Die boeremeesters

Die boeremeesters is aangetref in daardie gebiede waar daar nog nie skole opgerig was nie.<sup>418)</sup>

Die boere wat dit kon bekostig, het hierdie rondreisende huis-  
 onderwysers in diens geneem om hul kinders te onderrig.<sup>419)</sup>  
 Hul gesogte dienste was hoofsaaklik daarop gemik om die kinders  
 voor te berei sodat hulle as lidmate van die kerk aangeneem kon  
 word.<sup>420)</sup>

#### 3.15.1.2.1 Opleiding

Die boeremeesters het geen onderwyser opleiding gehad nie.  
 Enige persoon wat kon lees en skryf, kon hom as 'n "Meester"  
 voordoën. Dit is dan ook nie verbasend om gedroste of ontslane  
 matrose, soldate en kompanjediensmaats in die geledere van die  
 boeremeesters aan te tref nie.<sup>421)</sup>

#### 3.15.1.2.2 Kwaliteit

Die moraliteit van sommige van die boeremeesters en die gehalte  
 van hul werk het veel te wense oorgelaat.<sup>422)</sup> Die boeregesinne  
 in die buite distrikte moes tevrede wees met hierdie toedrag  
 van sake aangesien hulle vir die onderwys van hul kinders op  
 die boeremeesters aangewese was.<sup>423)</sup> Al wat hulle verlang het,  
 was dat hul kinders 'n bietjie skryf, uit die Bybel lees en  
 Psalms sing.<sup>424)</sup>

#### 3.15.1.2.3 Status

Die boeremeesters was met minagting bejeën. Hulle het 'n deel  
 uitgemaak van die ongepermitteerde onderwysers wat nie wou hê  
 dat hul bekwaamheid en lewende ondersoek moet word nie.<sup>425)</sup> Die  
 meeste van hulle was onbekwaam<sup>426)</sup> en het hulle ook sleg  
 gedra.<sup>427)</sup>

Die boeremeesters het 'n salaris van tussen 10 en 18 gulden  
 ontvang.<sup>428)</sup> Ander voordele het tabak, voedsel, drank, huis-  
 vesting en somtyds 'n pak klere aan die einde van 'n jaar, inge-  
 sluit.<sup>429)</sup>

Benewens hul onderrigtaak het die boeremeesters ook sekere  
 plaaswerkies gedoen.<sup>430)</sup>

Hierdie addisionele verpligtinge onderstreep die feit dat die boeremeesters nie daarop kon aanspraak maak dat hulle die kinders 'n deeglike opvoeding kon gee nie. Verder het hulle van plaas tot plaas getrek,<sup>431)</sup> wat 'n aanduiding is dat hulle nie juis bekommerd was oor die sukses van hul onderwys nie. Hierdie swak beeld van die boeremeesters het 'n slegte naam aan die onderwyser besorg.<sup>432)</sup>

#### 3.15.1.2.4 Dissipline

Die boeremeesters het geen dissiplinêre probleme ondervind nie. Die klasse was maar klein en vir enige oortreding van watter aard ookal is daar wreed opgetree.

Die ouers het nie geglo in 'n onderwyser wat nie die rottang kon gebruik nie.<sup>433)</sup>

#### 3.15.1.2.5 Slotsom

Die ontwikkeling van die status van die opvoeder was 'n geleidelike proses wat oor baie jare plaasgevind het. Die uiters stadige verloop was te wyte aan sekere faktore waarvan die volgende die belangrikste is:

- aan die begin van die onderwysgeskiedenis van die wêreld was die onderrig van kinders nie as 'n essensiële aspek van die daaglikse leefwyse van die mens beskou nie;
- die onderrigtaak was aan die minderbevoorregtes en die minder-geskiktes toevertrou;
- onderrig moes onder uiters treurige omstandighede volvoer word;
- die staat nie verantwoordelik vir die onderwys was nie met die gevolg dat die ouers wat dit kon bekostig die onderwysers self moes betaal;
- oor die algemeen ongeorganiseerde onderwys in feitlik elke land aan die orde van die dag was;
- onderrig nooit meer moes wees as bloot die oordra van slegs 'n basiese kennis nie. Dit blyk dat die invloed van genoemde faktore daartoe gelei het dat die opvoeder geminag en sy taak gering geskat is.

Dit móét egter hier bygevoeg word dat die status van die onderwyser nie in alle lande en by alle volke op 'n gegewe tydperk op 'n laagtepunt verkeer het nie. By die vroeë Joodse volk byvoorbeeld, waar onderwysgee 'n heilige amp was, is die Joodse seun geleer om sy onderwyser as 'n geestelike ouer en tot 'n groter mate as sy natuurlike vader en moeder te eer.

Waar die staat wel beheer oor die onderwys uitgeoefen het, soos byvoorbeeld in die geval van Sparta, het die opvoeder 'n hoë sosiale profiel gehad. Sparta het sy eie opvoeders uit die geleedere van vooraanstaande persone aangestel.

Die voorbeeld wat Sparta gestel het en die aandrang van Quintilianus dat die uiterste sorg by die keuring van 'n kinderjuffrou en onderwyser uitgeoefen moet word, het min daartoe bygedra om die maatskappy se agting jeens kleinkinderonderwys in beide Athene en Rome te verbeter. Die hoër stande Grieke en later die Romeine het slawe vir hierdie funksie in diens geneem.

Die status van die opvoeder wat gevorderde vakke soos bv. filosofie en retoriek onderrig het, was heelwat hoër. Die eerste leermeesters van hierdie hoër vakke, nl. die Sofiste, kon nie eintlik enige respek by die publiek afdwing nie. Die rede hiervoor was hul radikale opvoedkundige leerstellings en die feit dat hulle betaling vir hul dienste geëis het.

Dus, in teenstelling met wat later die aanvaarbare sosiale norm geword het, het die agting wat die samelewing jeens die opvoeder gekoester het, van die opvoeder se amateur - en nie van sy professionele status nie, afgehang.

In die Middeleeuse tydperk was Karel die Grote terdeë bewus van die donkerte waarin die onderwys gehul was. Om hierdie rede het hy 'n beroep op alle onderwysers gedoen om met die onderrig van kinders behulpsaam te wees.

Vanaf die sesde tot die tiende eeu was die kerk die enigste gemeenskapsinstansie wat onderwys behartig het.

Die priesters aan wie die onderrig van kinders toevertrou is, het 'n lae statusposisie gehad terwyl die biskop wat aan die hoof van die skool gestaan het, 'n ereplek in die gemeenskap bekleed het.

Die toekenning van grade om onderwys te gee deur die Middel-eeuse universiteit, het die status van onderwysers op hoër en meer professionele vlakke geplaas.

Gedurende die veertiende tot die sestiende eeu was die onderwystoestande nog beroerd. In hierdie tyd was die skole deur onbevoegde persone beman wat tot gevolg gehad het dat op primêreskoolonderwysers wat in so 'n personeel gedien het, neergesien is.

Die finale oplossing om onderwysers vir hul beroep professioneel op te lei, het 'n groot deurbraak vir die status van die onderwyser in die laaste helfte van die sestiende eeu versoorsoek. Vanaf daardie tyd het die onderwystoestande stadig verbeter, asook die onderwyser se status. Laasgenoemde is nog meer sterk krag verleen deur die ontstaan van onderwysverenigings in die negentiende eeu.

Soos die onderwys op 'n beter en meer gesonde georganiseerde grondslag geplaas is, en aan die onderwyser al hoe beter diensvoorwaardes en diensomstandighede toegeken is, het sy status stelselmatige groei ondergaan.

Die geskiedenis van die status van die onderwyser op Suid-Afrikaanse bodem het min of meer dieselfde loop as in oorsese lande geneem.

Die eerste Blanke persone wat die onderwys hier gedien het, was die sieketroosters. Hulle was nie werklik vir die onderwys opgelei nie, maar het nietemin die taak behartig aangesien ander geskikte persone nie beskikbaar was om onderrig te gee nie.

Die betreklike lae status wat die sieketroosters as onderwysers gehandhaaf het, is te wyte aan die swak vergoeding wat hulle ontvang het en die feit dat onderwys nie hul eerste prioriteit was nie.

Die boeremeesters wat hul verskyning later gemaak het en meestal op verafgeleë plekke aangetref is, was geensins hoog aangeskryf in die gemeenskap wat hulle gedien het nie. Hierdie lae status van die onderwys en die boeremeester - hy het ook as "**Meester**" bekend gestaan - het tot in die twintigste eeu voortbestaan, soos in die volgende deel van hierdie hoofstuk aangedui sal word.





### 3.15.2 Die opvoeder in die laaste helfte van die negentiende eeu en in die twintigste eeu

Die onderwyspad waarlangs die pioneeronderwysers voortgesukkel het, is gevolg deur "Meester" wat algaande 'n toenemend beduidende rol in die geestelike opheffing van die gemeenskap gespeel het. Ongeag die lae status wat aan hom toegeken is, het hy op 'n besondere wyse die gemeenskap bearbei, hul lief en leed gedeel en as 'n onwrikbare anker onder in hul lewe gestaan. Die vrug van sy arbeid was nie net sigbaar in die intellektuele gedy van sy leerlinge nie, maar ook in die hoë agting en respek waarmee die gemeenskap hom bejeën het.

#### 3.15.2.1 Die periode 1839 - 1900

Voor 1839, toe onderwysbeheer nog in die hande van die Nederlandse Gereformeerde Kerkraad was,<sup>434)</sup> het die onderwys oor die algemeen maar swak daar uitgesien<sup>435)</sup> en het die onderwyser nie 'n noemenswaardige status gehandhaaf nie.<sup>436)</sup> Die status van die Kleurlingonderwyser was nog slegter daaraan toe omdat die onderwys wat die minderbevoorregte Kleurlinggemeenskap ten doel geval het, nie van 'n standaardgehalte was nie en die werksomstandighede en geriewe te veel na wense oorgelaat het.<sup>437)</sup>

Die verskillende sendinggenootskappe wat vir die grootste gedeelte van die Kleurlingonderwys verantwoordelik was, moes onder moeilike omstandighede en sonder enige staatshulp of erkenning, Kleurlingonderwys self finansier.<sup>438)</sup>

Na die totstandkoming van die Onderwysdepartement in 1839 wat die onderwysbeheer op 'n georganiseerde grondslag geplaas het,<sup>439)</sup> en sendingonderwys deur die staat sedert 1841 gesubsidieer is,<sup>440)</sup> is aan die onderwyser 'n effens verbeterde posisie besorg.

'n Faktor wat baie beslis 'n nadelige invloed op die status van die onderwyser gehad het, was die uiters swak ekonomiese posisie waarin die onderwyser homself bevind het.

'n Salaris wat aan hom 'n goeie en gerieflike lewe moes bied, was in wese ontoereikend om aan hom enige noemenswaardige status te verleen.

Toe die eerste vry skole in 1822 tot stand gekom het, het die onderwysers 'n vasgestelde salaris van R120 per jaar plus 'n huistoelae ontvang.<sup>441)</sup> In 1843 is sy salaris en indiensneming vir 'n tydperk van 3 jaar deur die staat gewaarborg,<sup>442)</sup> 'n situasie wat die dienstyd van die onderwyser nie vreeslik verseker het nie.

Die staat het egter by verskeie geleenthede 'n minimum salaris geprobeer vasstel, maar dit het nie geslaag nie. Dit was in 'n mate te wyte aan die feit dat geen formele onderwysopleiding van voorgenome onderwysers vereis was nie. Die tekort aan opgeleide onderwysers het 'n toestand laat ontstaan waar enigeen wat 'n bietjie kon lees en skryf vir die onderwys aanvaarbaar was.<sup>443)</sup>

'n Verslag wat in 1855 uitgebring is, het die onderwysstelsel in 'n algemene toestand van wegkwyning gevind en die agteruitgang aan die ontoereikende getal onderwysers en lae besoldiging toegeskryf. Die kommissie het 'n salarisverhoging sterk aanbeveel met die hoop dat die haglike onderwystoestande daardeur te bowe gekom sou word.<sup>444)</sup>

In die Skiereiland en distrikte het die onderwysers se salarisse van so laag as R20 per jaar tot R400 en meer per jaar gewissel.<sup>445)</sup> In die geval van die sendingskole kon die onderwyser se salaris nie op 'n vaste skaal geopen word nie, aangesien die plaaslike gemeenskap die onderwyser moes besoldig en hoewel die staat 'n deel van die salaris betaal het, het die staat se salaristoelae van die bedrag wat plaaslik ingevorder kon word, afgehang.<sup>446)</sup>

Die finansiële posisie van die onderwysers het egter nie staties gebly nie. Verbeteringe is van tyd tot tyd aan sy salaris aangebring. Later het 'n skoolhoof van 'n A-skool 'n jaarlikse salaris van nagenoeg R600 ontvang met 'n vry onderwyserswoning op die koop toe. Die hoof van 'n groterige sendingskool het 'n kleiner salaris ontvang. Sy vergoeding was gemiddeld R120 per jaar.

Benewens die feit dat sendingskoolonderwysers swak vergoed is, was daar ook weinig sprake van uniformiteit t.o.v. hul salarisse. Sendingskoolhoofde se salarisse het van R48 tot R200 per jaar gewissel, en dié vir assistente tussen R24 tot R120 per jaar.<sup>447)</sup>

Die swak vergoeding wat die onderwysers vir hul dienste ontvang het, het inderdaad 'n nadelige invloed op die werwing van rekrute vir die onderwysberoep gehad en het eweneens veroorsaak dat dit 'n swakerige houvas op dienende onderwysers gehad het.

Gedurende die tydperk 1842 tot 1854 het 353 studente die Normaal Skool te Kaapstad bygewoon en 66 was in die hoërklasse. Van hierdie getal het slegs 12 as onderwysers afgestudeer, maar geeneen het tot die onderwys toegetree nie. Dieselfde het vir kwekelinge en assistent-onderwysers wat hul opleiding by eerste-klas skole ontvang het, gegeld. Sedert 1842 is 65 opgelei en slegs 12 het onderwysposte aanvaar. Ander onderwysers het hul poste in eersteklas skole bedank en net een het 'n beter pos met beter vooruitsigte aanvaar.<sup>448)</sup>

Wat die onderwysstelsel nog 'n verdere slegte reuk gegee het, was die misbruik wat met toelae gemaak is en wanpraktyke wat geheers het. Sommige bestuurders het nie die volle salaris waarop onderwysers geregtig was, aan hulle uitbetaal nie.<sup>449)</sup> Voorts het die gebruik ontstaan om te veel kinders in 'n klas-kamer te stop om daardeur 'n groter toelae te ontvang. Hierdie gebruik het beslis afbreuk aan die onderwys gedoen.<sup>450)</sup>

In 1855 is die stelsel om die onderwyser op 'n driejarige grondslag aan te stel, steeds voortgesit en sy salaris (insluitend die staatstoelae) wat vasgestel is, was R120 vir die eerste jaar, R130 vir die tweede jaar en R140 vir die derde jaar. 'n Vry woning en tuingrond was byvoordele wat hom toegeval het. Sou die leerlingtal bokant dertig styg, is die klasgeld wat deur al die leerlinge bokant dertig betaal is, tussen die onderwyser en die trustees verdeel.<sup>451)</sup>

Die departement was blykbaar bewus van die lae salarisse wat aan die onderwysers betaal is en die swak werk wat dit tot gevolg gehad het.

Vandaar dat Langham Dale aanbeveel het dat 'n "Capitation grant" van 50 sent aan 'n onderwyser betaal word vir elke leerling wat hoër as die neergelegde slaagvereiste presteer het.<sup>452)</sup>

Die Onderwyswet van 1865 het die waarborg- of die R2 - vir R2 - stelsel ingelei. Die staat het R2 bygedra vir elke R2 wat plaaslik deur die gemeenskap vir onderwys ingevorder is.<sup>453)</sup> Hierdie stelsel het meegebring dat die Kleurling-gemeenskap moes betaal vir die onderwys van hulle kinders. Verder het die onderwyser se salaris afgehang van die goedgeeftigheid en ekonomiese toestand van die gemeenskap waar hulle onderwys gegee het.<sup>454)</sup>

'n Stelsel wat bekend gestaan het as die "Payments-by-Results"-stelsel, is in 1882 deur Dale voorgestel en in 1884 in proklamasie nr.183 vervat. Hierdie addisionele vergoeding is aan onderwysers toegeken wat goeie uitslae gelewer het in skole waar die skoolbywoning goed was. Dit het egter net gegeld vir skole in die dunbevolkte platteland.<sup>455)</sup>

Eers in 1887 het die Kleurlingonderwyser weer aan die beurt gekom om 'n verbeterde salarispakket te ontvang. Intussen is die onderwysers in openbare skole bevoordeel deur middel van spesiale regulasies wat aan hulle gunstige materiële vergoeding besorg het. Twee gevalle wat as voorbeelde kan dien waar die lot van Kleurlingonderwysers nie in aanmerking geneem is nie, is die volgende:

- a) In 1874 is aan sekere skole fondse voorsien wat gebruik moes word vir die salarisse van addisionele assistent-onderwysers.
- b) Sedert 1875 is goeie dienstoelaes aan onderwysers betaal wat vir vyf jaar volgehoue en bevredigende diens onder die departement gelewer het.<sup>456)</sup>

Oor die algemeen was die onderwysers nie tevrede met hul ontoereikende salarisse nie. Daar het stemme opgegaan om hul lot te bepleit, maar Langham Dale het betoog dat 'n verhoging nie voor die voet aan onderwysers toegeken moes word nie.

Hy het sy redes as volg aangevoer:

- a) Baie gebruik die onderwys as 'n afspringplek vir beter betalende posisies later.
- b) Sekere skole se gehalte werk is swak en regverdig nie verdere uitgawes van publieke geld op hulle nie.<sup>457)</sup>

Soos alreeds genoem, is eers weer in 1887 aandag aan die salarisposisie van die Kleurlingonderwyser gegee. Die salarisverbeterings wat die onderwyser te beurt geval het, het ook voorsiening vir goeie dienstoelae en pensioene gemaak.<sup>458)</sup>

In 1897 is bepaal, soos in 1865, dat die Kleurlinggemeenskap medeverantwoordelik gemaak word vir die onderrig van hul kinders. Die gemeenskap se finansiële bydraes het deel uitgemaak van die onderwysers se salarisse.<sup>459)</sup>

Die salarisvoorsiening vir onderwysers wat hoofsaaklik op die waarborgstelsel van 1865 gefundeer is, en wat tot aan die einde van die 19de eeu gegeld het, het heelwat leemtes gehad.

Eerstens was die waarborgstelsel nie tot die maksimum benut nie. Die probleem was dat die skoolkommissie in baie gevalle nie 'n groot genoeg bydrae kon waarborg wat deur die staat geewenaar sou word nie. Tweedens was die "Payments-by-Results"-stelsel bykomende vergoeding vir slegs sekere onderwysers. Die oorgrote meerderheid skole het nie daarby gebaat nie. Selfs die goeie dienstoelae het slegs vir onderwysers wat uitstekende werk gedoen het of wat in die goeie guns van die inspekteurs was, 'n addisionele inkomste besorg. Ook is geen minimum of maksimum salaris vasgestel nie en die basiese salaris van menige onderwyser het vir lang tydperke op dieselfde vlak gebly. Verder het daar geen gereelde jaarlikse salarisverhogings en 'n behoorlike pensioenskema bestaan nie. Nog minder was daar sprake van 'n eenvormige salarisstelsel. Dan was dit ook nie snaaks om gevalle aan te tref van onderwysers wat oor dieselfde kwalifikasies beskik het, maar nie dieselfde besoldiging ontvang het nie.

Hierdie anomalieë wat in eksistensie in die salarisstruktuur was, het die onderwysers 'n onsekere tydperk laat beleef. Nie net het dit die onderwyser se status nadelig getref nie, maar ook was dit 'n oorsaak van die swak gehalte van die onderwys wat die 19de eeu gekenmerk het.<sup>460)</sup>

Ander faktore wat bygedra het tot die lae status van die onderwyser, het die swak gehalte van die onderwys, onopgeleide en lae kwalifikasies van onderwysers ingesluit.

Reeds in 1837 was dit vir Bell en Herschell duidelik dat die heersende swak onderwystoestande 'n uitstekende teelaarde vir dronk, berugte karakters geword het, 'n toedrag van sake wat niks goeds vir die status van die onderwyser beteken het nie. Om 'n gesonde onderwysklimaat te skep wat aantrekliker vir enige voornemende onderwyser sal wees, het hulle aanbeveel dat groter staatsbesteding vir die betaling van aantrekliker salarisse vir onderwysers, die instandhouding van skoolgeboue en die aankoop van skoolmateriaal, van nader beskou moet word.<sup>461)</sup> Daarbenewens het Herschell hom sterk ten gunste daarvan uitgespreek dat die onderwys as 'n onafhanklike professie moet fungeer.<sup>462)</sup>

In 1861 het die S.G.O. in sy verslag gewag gemaak van die feit dat die onderwys in 'n treurige toestand was. Gevalle by skole is aangetref waar kleiner klasse in die hande van monitors gelaat is. Die monitors was net so onbekwaam as die kindertjies vir wie hulle leiding moes gee.<sup>463)</sup>

Die swak gehalte van die onderwys kan ook toegeskryf word aan die swak beheer en kontrole wat deur die bestuurder uitgeoefen is. Dit het geleenthede geskep vir die lustelose en onywerige om kanse in die onderwys te waag.<sup>464)</sup>

Die groot struikelblok in die onderwys was egter die swak toegeruste onderwyser wat benewens die lae salaris wat hy ontvang het, ook nog onder treurige toestande sy onderrigtaak moes uitvoer.



In die vroeë jare van die onderwysgeskiedenis in Suid-Afrika het daar geen fasiliteite vir die opleiding van onderwysers bestaan nie. Die monitor-stelsel was die enigste in gebruik wat 'n mate van opleiding aan aspirantonderwysers kon verskaf.<sup>465)</sup>

Verder moes die ouers tevrede wees met enigeen wat hul kinders kon leer lees en skryf. Die platteland en verafgeleë gebiede was hierdeur die ergste getref. Persone "of low moral character and requirements" was dikwels in sulke plattelandse skooltjies aangetref.<sup>466)</sup>

Met die Kleurlingonderwyser het dit glad nie beter gegaan nie. Baie van hulle was swak toegerus ten opsigte van skolastiese bekwaamhede en algemene agtergrond met die gevolg dat die gehalte van die werk in die skole dienooreenkomstig daaronder gelei het.<sup>467)</sup>

Die De Villiers-kommissie het aanbeveel dat die skoolrade gemagtig word om die bestaande sendingskole oor te neem sodat werk gemaak kon word om hul peil van onderwys op te hef, maar hiervan het niks gekom nie. Onder Sir Langham Dale kon geen vooruitgang in Kleurlingonderwys bespeur word nie, aangesien die Onderwys Departement se eerste prioriteit die onderwys van die Blanke kind was.<sup>468)</sup> In hierdie verband het die A.P.O. in 1909 berig dat dit geblyk het dat dit die skoolrade se menings was dat dit vir die Kleurlinge "hun onderwijs moet zoo gering mogelijk zijn"<sup>469)</sup>

In die breë gesien was die gehalte van die onderwysers in die algemeen maar swak. Die De Villiers-kommissie van 1879 het tot die gevolgtrekking gekom dat 'n groot getal onderwysers in openbare skole nie behoorlik vir hul taak toegerus was nie. Die dilemma waarin die onderwys departement hul self gevind het, was dat hulle nuwe applikante nie te streng kon keur nie aangesien daar maar min onderwysers beskikbaar was.<sup>470)</sup>

Die beeld wat Donald Ross van die gehalte van die onderwysers en die onderwys in die algemeen gekry het tydens sy inspeksie-reis in 1883 deur die land, het hom hoegenaamd nie beïndruk nie.



Sy bevinding was dat die onbeduidende onderwyser nog aangetref is met dieselfde gebrek aan "moral stamina and intellectual capacity and refinement" as die boeremeesters.<sup>471)</sup>

Dat die owerheid geensins onverskillig en onsimpatiek teenoor die onderwys wou staan nie, veral nadat dit bevind is dat onderwysposte deur heelwat onbevoegde persone beman is, kan gesien word in die pogings wat aangewend is om hierdie probleem te probeer oplos.

Eerstens het die owerheid gepoog om so v er moontlik gekwalifiseerde leerkragte in alle poste aan te stel.<sup>472)</sup> Waar daar nog steeds 'n onderwysstekort voorgekom het, is onderwysers in oorsese lande gewerf en toegelaat om na Suid-Afrika te immigrer.<sup>473)</sup> 'n Ander poging was om onderwysers self op eie bodem op te lei.<sup>474)</sup> Ten laaste is die kwekelingstelsel aangemoedig om te ontwikkel<sup>475)</sup> en uit te brei.<sup>476)</sup>

Die skema om immigrante-onderwysers in poste aan te stel, was nie 'n reuse-sukses nie. Hulle het min entoesiame getoon om in die staatsdiens aan te bly. Tussen 1842 en 1855 het dit geblyk dat sowat 13 onderwysers in Eersteklas skole hul aanstellings bedank het en almal behalwe een het daarin geslaag om meer invloedryke of beter betalende werkgeleenthede te bekom.<sup>477)</sup>

Die pogings om onderwysers op te lei was nie elke keer met sukses bekroon nie. Die eerste Normaal Kollege is in 1842 gestig. Sy deur was vir drie jaar oop en in daardie tydperk het nie 'n enkele onderwyser afgestudeer nie. In 1859 het die N.G. Kerk onderwysers opgelei, maar ook daar is probleme ondervind. In 1859 is die Normaal Kollege gesluit nadat dit bewus geword het dat dit nie aan sy doel kon beantwoord nie. In 1878 is die beheer van die Kollege deur die N.G. Kerk oorgeneem om in later jare 'n staatsinrigting te word.<sup>478)</sup>

Dit was Rose-Innes wat in 1842 aandag aan die kwekelingstelsel gegee en kwekelinge en assistent-onderwysers laat oplei het.

Hierdie skema het eweneens min sukses behaal; van die 65 kandidate wat as kwekelinge en assistent-onderwysers indiens geneem is, het slegs 6 aanstellings in 'n staatskool aanvaar; van hierdie ses het almal behalwe een tot 'n ander diens toegetree.<sup>479)</sup>

Met die kwekelingstelsel is nietemin voortgegaan en nadat dit in 1858 van owerheidsweë sy amptelike beslag gekry het, het dit vir vele jare as die vernaamste bron van onderwyser=voorsiening gedien.<sup>480)</sup>

Vir die departement was die wantoestande in die onderwys 'n steen des aanstoets. Ross het 'n oplossing vir die probleme in die daarstelling van 'n nasionale onderwysstelsel gesien. Hy het ook voorgestel dat alle Derdeklas Skole waaraan onbevoegde of ongekwalifiseerde onderwysers verbonde was, gesluit moes word. Die oprigting van goeie primêre skole asook sekondêre of intermediêre skole sou van meer waarde vir die onderwys wees.

Verslae van die S.G.O., van inspeksies en kommissies het dit duidelik na vore gebring dat die swak gehalte van die onderwys en karige salarisse wat aan onderwysers betaal is, faktore is wat tot die lae status van die onderwyser aanleiding gegee het. Boonop was die oorgrote meerderheid van die onderwysers laag gekwalifiseerd; hulle het slegs oor 'n T3-sertifikaat beskik. Hierdie sertifikaat kon kwekelinge na drie jaar van opleiding na St.vi verwerf.

Teen die einde van negentiende eeu het dit baie duidelik geword dat die kwekelingstelsel uitgedien geword het en vervang moes word deur 'n onderwyseropleidingsprogram wat 'n hoë status aan die onderwyser sou besorg. Aan hierdie gedagtes is wel aandag gegee en in die twintigste eeu is die kwekelingstelsel met 'n meer progressiewe en doelmatige onderwyseropleidingskema vervang.

### 3.15.2.2 Die periode vanaf 1900

Op hierdie stadium sal dit sekerlik vanpas wees om uit te wys dat hoewel die onderwys vir Blankes en dié vir Kleurlinge skouer aan skouer ontwikkel het, daar tog 'n wesenlike verskil tussen die twee groeperinge se statusse ingetree het. Hierdie verskil in status het kop uitgesteek deurdat Kleurlingonderwys vanaf die vroegste tye 'n afsonderlike rigting ingeslaan het. Nieteenstaande die feit dat daar geen landswette was wat 'n ouer verhinder het om sy kind na 'n skool van sy eie keuse te stuur nie, het 'n situasie ontstaan waar sosiale status hom grootliks laat geld het. In die onderskeie kerk- of sending-skole is die minderbevoorregte kleurlingkinders opgeneem.<sup>481)</sup>

In 1893 is afsonderlike onderwys aan Blank en nie-Blank opgedwing en die Skoolraadswet van 1905 het die beginsel verder verskans. Sedert 1911 mag Kleurlingkinders nie meer openbare Blanke skole bywoon nie.<sup>482)</sup>

Eers vanaf 1930 is die onderwys vir Kleurlinge afsonderlik van Blanke onderwys geadministreer,<sup>483)</sup> terwyl wetgewing in 1963 die onderwys vir die verskillende bevolkingsgroepe in Suid-Afrika totaal gesegregeer het.<sup>484)</sup>

In die praktiese uitvoering van 'n beleid van afsonderlike onderwys, word bevind dat die Kleurlinge en Bantoes altyd aan die kortste ent getrek het. Segregasie in skole wat deur publieke fondse ondersteun word, het vir 'n geruime tyd minderwaardige akkommodasie en ontoereikende fasiliteite vir die Kleurlinge beteken. Desgelyks het dit die salarisse van onderwysers geaffekteer - die minsbetaalde onderwysers is in die Kleurling- en Bantoeskole aangetref.<sup>485)</sup>

Baie van die onderwysers het ongelukkig gevoel oor die lae status wat aan hul beroep gekoppel is. Die gevolg is dat minder rekrute na die onderwys getrek kon word. Die min belangstelling kan toegeskryf word aan die klein salarisse van onderwysers, die min respek wat ouers en jongmense vir die onderwys gehad het en die heersende onkunde ten opsigte van die onmisbare belangrikheid van die onderwyser.<sup>486)</sup>

Die ongelukkiges wat alreeds hul toetrede tot die onderwys gemaak het, het dit verlaat na twee jaar nadat hulle die departementele verpligting nagekom het.<sup>487)</sup>

Behalwe diegene wat die onderwys verlaat het, het onderwysers in hul menigtes hul poste gewissel en die redes hiervoor was dat dit die enigste wyse was wat 'n swak-betaalde onderwyser kon vind om sy posisie te verbeter. Daar was geen salarisverhogings, geen hoop op bevordering en die natuurlikste begeerte was om 'n beter betalende pos te bekom, met ander woorde, om 'n meer vrygewige skoolraad te vind.<sup>488)</sup>

Die Fremantle-kommissie het in 1912 die volgende faktore wat die onderwys onaantreklik en ongewild gemaak het, geïdentifiseer: karige salarisse, gebrek aan 'n bevredigende pensioenskema, onsekerheid van diens, gebrek aan afdoende status, ontoereikende opleidingsfasiliteite en gebrek aan vryheid.<sup>489)</sup>

Die bevinding van die Russel-kommissie (1914) was dat die grootste grief van die onderwysers die ongelyke skale van staatstoelae soos neergelê vir assistente in die drie klasse van openbare skole, was. Die twee onderwysorganisasies<sup>490)</sup> het aanbeveel dat salarisse onafhanklik van die plaaslike owerhede vasgestel moes word deur die invoering van stelselmatige salarisskale met bepaalde salarisverhogings. Die kommissie het op sy beurt nuwe skale aanbeveel met verhogings wat tussen R10.00 en R20.00 per jaar gewissel het. Voorts het die kommissie gevoel dat die diensvoorwaardes vir onderwysers in verafgeleë plekke billiker gemaak moes word. Verlofvoordele en 'n nuwe pensioenskema is ook voorgestel.<sup>491)</sup>

Daardie onderwysers wat teen wil en dank in hul poste aangebly het, het afwagting na Uniewording uitgesien, aangesien hulle gemeen het dat dit ook die einde sou wees van verdeelde onderwysbeheer, ongelyke salarisse in die verskillende provinsies en derhalwe die lae status wat aan die onderwys vasgekleef het. Die teleurstelling vir veral die Kaaplandse onderwysers was groot toe dit nie kon geskied nie.<sup>492)</sup>

By verskeie geleenthede en op besonderlike wyse is die gehalte van die Blanke onderwyser verbeter, wat meegebring het dat die status van die Blanke onderwyser ooreenstemmend op 'n hoër vlak gebring is ten opsigte van die onderwys.

Die eerste wysiging wat plaasgevind het, was die vervanging van die ou plaaslike beheer met die nuwe skoolrade en komitees in 1905.<sup>493)</sup> Die voordele van die skoolrade is dat volle aandag aan onderwysaangeleenthede gewy kan word en tweedens het dit vir 'n meer stabiele vorm van vergoeding gesorg en kon hulle aan die Blanke onderwyser 'n groter salaris betaal. Die bronne van inkomste vir die Blanke onderwyser se salaris was die staats-toelaes, die ouers se bydraes en die plaaslike onderwysbelasting.<sup>494)</sup>

Die Tweede wysiging het in 1910 gekom toe die beheer van Blanke onderwys onder een gesag, die Provinsiale Administrasie, geplaas is wat onderwys namens die Sentrale Regering bedryf het. Daarbenewens kon die Blanke onderwysers deur bemiddeling van twee gesaghebbende onderwysorganisasies hul verhoë oor onderwysaangeleenthede tot die owerheid rig.<sup>495)</sup>

Derdens is die toelatingsvereistes tot die kwekelingstelsel verhoog<sup>496)</sup> en vierdens is die omstrede tugordonnansie na hewige argitasie in 1920 herroep.<sup>497)</sup>

Ook op sosiale en ekonomiese gebied is die status van die onderwyser verhef.<sup>498)</sup> Die onpopulêre waarborgstelsel wat soveel inherente gebreke en leemtes gehad het, is uiteindelik in 1905 afgeskaf toe die Skoolraadswet van krag geword het.<sup>499)</sup> Ofskoon die afskaffing van hierdie stelsel nie algehele verligting in al die skoolraadgebiede gebring het nie, het die verandering tog die weg na 'n salarisstruktuur wat op skale gebaseer is, gebaan. Ordonnansie 12 van 1918 het aan die onderwysers 'n nuwe salarisskaal toegeken.<sup>500)</sup>

Laastens is die status van die onderwyser verhoog namate hy meer seggenskap in die onderwys gekry het.

Hy is as lid toegelaat in die eksamenkommissies, die boekkommissie, die Adviserende Raaddiens, en sy hulp is gevra wanneer nuwe leerplanne opgestel moes word.<sup>501)</sup>

Die gehalte van Kleurlingonderwys was op 'n lae peil as dit met Blanke onderwys vergelyk word. Die toestande waaronder die Kleurlingonderwyser sy onderwystaak moes verrig, was betreurenswaardig. Daagliks is hy gekonfronteer met groot klasse, ondoelmatige klaskamers, 'n maksimum toelae van R150 per jaar en geen vasgestelde minimum salaris nie. Een ernstige effek van hierdie toestande en vernameklik die lae salarisse wat aangebied is, was dat ouers van belowende kinders al hoe meer onwillig geword het om hul kinders toe te laat om tot die onderwys toe te tree. Die ouers het ander en meer belonende beroepe vir hul kinders verkies.<sup>502)</sup>

Hieruit kon afgelei word dat die gemeenskap terdeë bewus was van die lae status van die Kleurlingonderwyser en dat die beroep slegs die swakker tipe kandidaat kon trek.

Die agterstand wat Kleurlingonderwys getoon het, het die Kleurlingonderwyserkorps nie gelukkig gestem nie. Daadwerklike pogings moes aangewend word om die status van die Kleurlingonderwyser naastenby op dieselfde vlak as dié van die Blanke onderwyser te bring.

Dit het geblyk dat 'n oplossing gevind sou word in die skepping van 'n verenigde front wat sou dien as 'n gesaghebbende spreekbuis waaragter die kragte van die onderwyserskorps gemobiliseer kon word. 'n Onderwysersvereniging moes gestig word en die eerste poging het te Grahamstad plaasgevind, maar daarvan het niks gekom nie. 'n Paar jaar later, in 1905, is weer onsuksesvol geprobeer om die stigting van 'n onderwysersvereniging van stapel te laat loop.<sup>503)</sup> Eers in 1913 is 'n onderwysersvereniging wat as die "Teachers' League of South Africa" bekend gestaan het, tot stand gebring.<sup>504)</sup> Die "Teachers' League" was daarop aangewys om 'n wakende oog oor die onderwys en al sy fasette te hou.



'n Groot beletsel in die weg van die vooruitgang van Kleurling-  
 onderwys het geblyk om in 'n mate in die beheer daarvan gesen-  
 treer te wees. Soos alreeds genoem, was die beheer van Kleurling-  
 onderwys in die hande van die sendinggenootskappe gesetel en die  
 koste om dit te dra het 'n te groot las vir hulle geword. Vandaar  
 dat aartsdeken Brookes die regering versoek het om die verantwoorde-  
 likheid van Kleurlingonderwys oor te neem.<sup>505)</sup>

Een aspek waarop die "Teachers' League" sy aandag nougeset toege-  
 spits het, was die salarisse van onderwysers. In die praktyk  
 het daar afsonderlike salarisskale vir onderwysers in sending-  
 skole bestaan.<sup>506)</sup> Die hoofdoelwit van die "Teachers' League"  
 sou dan wees om die sendingonderwyser in die onderwyser-salaris-  
 skema van die openbare skole ingesluit te kry.<sup>507)</sup>

Bowendien het die "Teachers' League" die onderwyser se salarisse  
 ewigdurend met die salarisse van ander beroepslui en dié van  
 Blanke onderwysers vergelyk. So byvoorbeeld is gevind dat 'n  
 vulliswabestuurder van die Kaapse munisipaliteit 'n salaris van  
 R220 per jaar verdien het wat baie meer as die Kleurlingonder-  
 wyser s'n was.<sup>508)</sup> Die beginsalaris van 'n Kleurling-assistent  
 was R144. 'n Blanke onderwyser met omtrent dieselfde kwalifika-  
 sies het met R270 begin. Na 23 jaar het 'n Kleurling R240 ver-  
 dien terwyl die blanke al R900 gekry het; 'n verhoging van 20  
 sente per maand in die geval van die Kleurling en R2.50 per  
 maand in die geval van die Blanke.<sup>509)</sup> Vir die "Teachers'  
 League" was dit onaanvaarbaar dat die waarde van 'n Kleurling-  
 onderwyser 25 persent minder is as dié van 'n Blanke s'n sou  
 wees as in ag geneem word dat almal dieselfde werk moes doen.<sup>510)</sup>

Hierdie groot verskille in salarisse tussen Kleurling en Blank  
 kon ontstaan het aangesien staatsbesteding ten opsigte van die  
 onderwysers se salaris sodanig was dat die Blanke onderwyser  
 daardeur bevoordeel is. In 1912 het die totale bedrag wat aan  
 die salarisse van onderwysers bestee is, R2 488 892 beloop waar-  
 van R2 205 288 aan onderwysers in Blanke skole betaal is en die  
 balans van R183 604 tussen die onderwysers in Kleurling-, Indiër-  
 en Bantoeskole verdeel is.



Vir elke R2.00 wat die staat vir die onderwys begroot het, is R1.79 vir die Blanke-skole bestem en 'n bedrag van 23 sente vir al die nie-Blanke skole gesamentlik.<sup>511)</sup>

Dit spreek vanself dat sou die status van 'n onderwyser met 'n aantrekliker salaris beloon word, sy status daardeur aansienlik verhoog sou word. Derhalwe het 'n interkerklike komitee in 1917 vir hervormings ten opsigte van die salarisse van sendingonderwysers bepleit. Die pleidooie was:

- a) dat huur betaal moes word vir die gebruik van skoolgeboue wat die eiendomme van die sendinggenootskappe was;
- b) dat 'n meer liberale beginsel ten opsigte van staatshulp teenoor die salarisse van onderwysers en voorrade aange- neem moes word, te wete R3 vir elke R1 wat plaaslik geïen word;
- c) dat die skool van maksimum toelae vir gediplomeerde sendingonderwysers verhoog moes word van R150 tot R240 vir 'n skoolhoof en van R90 tot R160 vir 'n assistent.<sup>512)</sup>

Salarisaanpassings is gevolglik in 1918 aangebring, maar dit het nie 'n vreeslike verligting vir die Kleurlingonderwyser ingehou nie.<sup>513)</sup>

Nog 'n faktor wat die status van die Kleurlingonderwyser nadelig getref het en waaraan die "Teachers' League" 'n wysiging aangebring wou hê, was die feit dat vakansie- en siekteverlof benut kon word, maar met dien verstande dat dit sonder enige betaling toegestaan sou word en mits 'n geskikte plaasvervanger gekry kon word.<sup>514)</sup>

Aanvanklik was die Departement nie geneë om sy standpunt ten opsigte van die verlofvoorwaardes te verander nie, maar later het die Departement getoon dat hy slegs in die geval van siekteverlof 'n wysiging sou aanbring. Die Departement het hom toe bereid verklaar om 'n toelae aan 'n onderwyser wat met siekteverlof was, te betaal indien die plaaslike bestuur bereid was om 'n bydrae te maak wat gelyk gestaan het aan die gebruikelike skaal waarop 'n onderwyser se toelae van owerheidsweë gegrond was.<sup>515)</sup>

'n Ander faktor wat insgelyks 'n neerdrukkende invloed op die onderwys gehad het, was die vraagstuk van verpligte skoolbywoning. Hieraan kon blykbaar min gedoen word, want sou verpligte skoolbywoning geïmplementeer word, sou dit nie doeltreffend toegepas kan word nie, aangesien dit die verantwoordelikheid van die kerk sou word.<sup>516)</sup>

'n Gebrek aan 'n doeltreffende opleidingstelsel het ook daartoe gelei dat die onderwys nie met 'n hoë status beklee kon word nie.

Die opleiding van Kleurlingonderwysers was nie in so 'n gunstige posisie as wat die Bantoes geniet het nie. Die lae persentasie gesertifiseerde onderwysers in Kleurlingskole was genoegsame bewys dat 'n groter toevoer van onderwysers vir daardie skole benodig was.<sup>517)</sup>

Die getal gediplomeerde onderwysers in die sendingskole het in 1913 op die lae persentasie van 2,18 gestaan. Van die 2,843 onderwysers was die meeste in besit van kwekelingonderwyserssertifikate vir die eerste of tweede jaar.<sup>518)</sup> Die volledige kursus het oor drie jaar gestrek.

Om 'n bereikende toevoer van goed toegeruste onderwysers te verkry, het die Fremantle-kommissie in 1912 aanbeveel dat die onderwysberoep genoegsaam aantreklik gemaak word om geskikte persone na hom te trek en dat die persone wat daarheen getrek word, bevredigend vir hul taak opgelei word.<sup>519)</sup>

Die gevolg was dat in die tydperk 1910 - 1912, die toelatingsvereistes vir Blankes tot onderwysinrigtings verhoog is, maar nie in die geval van Kleurlinge nie en so ook het die opleiding tussen die twee groepe verskil.<sup>520)</sup>

'n Verbetering in die kwalifikasies van onderwysers is egter in 1912 bespeur. 'n Toename van gesertifiseerde onderwysers vir alle groepe het van 64,41% tot 65,08% gestyg.<sup>521)</sup>

In 1913 was daar geen erkende opleidingskool, nog minder 'n enkele sekondêre of hoërskool vir Kleurlinge nie.<sup>522)</sup> Die onderskeie kerke moes die opleiding van Kleurlingonderwysers beheer; met die gevolg dat die "Teachers' League of South Africa" die ondoeltreffende opleiding van onderwysers aan hierdie feit (Kerkbeheer) toegeskryf het.<sup>523)</sup> Die kerke was nie in staat om geskikte fasiliteite vir onderwysopleiding daar te stel nie. Dit is een van die redes waarom die A.P.O. die belangrikheid van 'n opleidingskool in 1911 al uitgespreek het.<sup>524)</sup>

Die advies wat die staat in 1915 gegee het om 'n beter opgeleide onderwyser voort te bring, het die volgende ingesluit:

- a) Geskikte kandidate moet gewerf word;
- b) Die inrigtings moet die opleiding van onderwysers ernstig opneem; en
- c) Minder boekgeleerdheid en meer vaardighede in hande-arbeid moet aangeleer word.<sup>525)</sup>

In die twintigerjare het die status van die Blanke onderwyser 'n opwaartse gradering beleef. Verskeie faktore het meegehelp om hierdie neiging te beïnvloed.

Eerstens is die toelatingsvereistes tot kolleges geleidelik verhoog totdat met ingang Januarie 1929 slegs 'n Senior Sertifikaat 'n kandidaat toegang tot 'n onderwyskollege kon verleen. Ter selfdertyd is die ou derdeklas onderwysersertifikaat (0.3) geabrogeer en in die plek daarvan is 'n "Senior Derdeklas Onderwysers Sertifikaat" uitgereik aan kandidate wat 'n eenjarige kursus na die ou driejarige kwekelingskursus suksesvol voltooi het.<sup>526)</sup>

Sy salaris het ook verbeter veral nadat die Blanke onderwyser sitting in die Viljoen-kommissie, van 1919 gehad het.<sup>527)</sup>

Die opening van die universiteite, nl. Kaapstad, Stellenbosch en Suid-Afrika wat deur wetgewing die enigste inrigtings sou wees waar sekondêre onderwysers opgelei word, het 'n positiewe invloed op die status van die onderwyser gehad.<sup>528)</sup>

Die aansienlike toename van gesertifiseerde onderwysers en onderwysers wat hoër kwalifikasies verwerf het, het nie net die gehalte van die onderwys 'n inspuiting gegee nie, maar het ook daarin geslaag om die status van die onderwyser op 'n hoër vlak te plaas.<sup>529)</sup>

Die Unie het in 1928 die bewering gemaak dat die gehalte van die onderwys soveel vooruitgang getoon het dat dit aantrekliker vir aspirant rekrute geword het. Aan die universiteite het die onderwys die beroepskeuse van veel meer van die beter kwaliteit student geword.<sup>530)</sup>

Die totstandkoming van twee Blanke onderwysersverenigings, te wete S.A.O.U. en die S.A.T.A., en hul jarelange onderhandelinge met die Departement om 'n aantrekliker bedeling vir die onderwyserskorps te beding, het die status van die onderwyser goed gedoen. En die uiteindelijke stigting van 'n Federale Raad in 1922 wat voortaan sou optree as kampvegter en spreekbuis van al die onderwysersverenigings in Suid-Afrika, is 'n faktor wat die onderwyser se status bokant die ordinêre verhef het.<sup>531)</sup>

Na die tweede Wêreldoorlog het die status van die onderwys egter 'n terugsinking ondervind. Een van die redes vir hierdie agteruitgang was die private sektor wat al hoe meer kompetierend op die voorgrond getree het en die onderwysberoep tot 'n ondergeskikte posisie gerelegeer het.<sup>532)</sup>

Die De Villiers-kommissie (1948) het die oorsake van die onderwyserstekort wat derhalwe ontstaan het, aan die volgende faktore gewyt: <sup>533)</sup>

- \* ontoereikende besoldiging;
- \* die onsekere status van die onderwyser;
- \* ontoereikende opleiding;
- \* gebrek aan bekwame leierskap;
- \* gebrek aan 'n regverdige bevorderingstelsel;
- \* onaangename werktoestande.<sup>(534)</sup>

Die verslag van die Smuts-kommissie (1951) het aan die lig gebring dat die tekort aan onderwysers te wyte is aan die powere, onbevredigende en onaantreklike diensvoorwaardes en dat dit beslis verantwoordelik is vir die afname in status van die onderwys-professie.<sup>535)</sup>

Die Smuts-kommissie beweer dat ten einde die onderwys te beskerm, dit belangrik is om die individu teen onverdiende aanvalle van buite te beskerm. Voorts het die kommissie die Departement versoek om pogings aan te wend om die onderwys in sy ware lig aan die publiek bekend te stel.<sup>536)</sup>

Groot kommer het onder onderwysgeledere geheers oor die lae vlak waartoe die onderwys gedaal het wat ontstaan het as gevolg van die ernstige onderwysertekort waarmee die beroep te kampe gehad het.

Die besluit om 'n kommissie van ondersoek (die Britz-kommissie van 1952) aan te stel om onder andere die status van die onderwyser te ondersoek en aanbevelings te doen, is gebore uit hierdie oorheersende kommer.<sup>537)</sup>

Die Britz-kommissie het bevind dat die onpopulariteit van die onderwys wat 'n onderwysertekort tot gevolg gehad het, sy wortels in geldelike oorweging, diensvoorwaardes, werktoestande en die algemene tekort aan mannekrag het.

Behalwe die aanbevelings wat die kommissie uitgebring het wat beter salarisse, diensvoorwaardes en werktoestande moontlik teweeg sou bring en die probleem van 'n tekort aan mannekrag sou oplos, het die kommissie gevoel dat die volgende aanbevelings ook die aandag van die onderwysowerhede en die onderwysverenigings moet geniet:

- a) Groot onderwyskonferensies behoort by belangrike sentrums in die land gehou te word waarheen invloedryke opvoedkundiges en sprekers genooi word. Hierdeur sal hedendaagse onderwysendense hier ter plaatse en in oorsese lande onder die aandag van die publiek gebring word.
- b) Die potensiële insette wat die pers kan maak om die beeld van die onderwys te bevorder, moet ontgin word.
- c) 'n Adviserende onderwysraad behoort vir elke provinsie gestig te word om die onderwyshoof oor alle aspekte rakende die onderwys van raad te bedien.<sup>538)</sup>

Verder het die kommissie die sienswyse van die publiek betrefsende die onderwysprofessie en aanverwante aangeleenthede uitgelig, asook moontlike oplossings vir die onderwysertekort wat die publiek aan die hand doen.<sup>539)</sup>

Vanaf die sestigerjare is nog steeds oor die status van die onderwyser gemor. Onderskeie onderwysmanne het alle weë ondersoek om die onderwyser se status op 'n gesonde voet te plaas. Leemtes wat in die onderwysstelsel was en wat die status negatief beïnvloed, is gekritiseer. Hulle het met nuwe gedagtes en voorstelle vorendag gekom wat die status van die onderwyser sal verbeter, sou dit geïmplementeer word.

Minnaar het gevoel dat die onderwyser 'n groter mate van kontrole oor onderwyseropleiding en sertifikasie moet hê. Teenswoordig beheer die staat die opleiding van die meeste onderwysers en kan dit aan die wette van vraag en aanbod toerring deur die standaarde van opleiding en sertifikasie te verlaag in plaas van om die standaard te handhaaf en salarisse te verhoog. Hy wys uit dat die benaming onderwyser vir enige persoon wat in 'n klassituasie aangetref word, geld - of hy nou 'n aantal grade verwerf het of as 'n ongekwalfiseerde voor 'n klas staan. Die status van die onderwyser sal nie hoër styg nie tensy die minimum toelatingsvereiste op die driejaarvlak gehou word.

Te dikwels nog, beweer Minnaar, moet die onderwys lei onder die diktatoriale praktyke van die onderwysowerheid ten opsigte van skoolbeleid en skoolwerk. Net so onverteerbaar vir die onderwyser is die feit dat 'n onprofessionele groep - die skoolkomitee, 'n onderhoud met hom voer of aanstellings maak.

Minnaar noem gevalle waar verbeteringe in die onderwys ingekruip het en daardeur die status van die onderwys na 'n hoër vlak gevoer het. Die inspeksiediens het merkwaardig verander. Die inspekteur is nie meer die outokraat wat daarop uit is om slegs fout te vind nie. Deesdae tree hulle op as vakadviseurs en deskundiges wat aan onderwysers leiding en hulp kan verleen om meer sukses in hul werk te behaal.

Voordat enige innovasie in die onderwys ingevoer word, word daar met die onderwysers gekonfereer. Verteenwoordigers van die onderwysersvereniging is nou toegelaat om in komitees te dien wat nuwe sillabusse opstel, ens. Voorts het onderwysers die smaad ontvlug om as derdeklasburgers geklassifiseer te word. Deesdae geniet hulle volle politieke en burgerregte. Ten laaste wys Minnaar op die "Bureau of Educational Research" wat 'n stap in die regte rigting is. Navorsingswerk oor onderwysaangeleenthede sal nie net die onderwys verryk nie, maar ook die status daarvan verhef.<sup>540)</sup>

In sy referaat het Pretorius die verlaging van status wat by die onderwys ingetree het, aan die deur van die volgende faktore gelê:

- a) 'n Breër spektrum van die bevolking het 'n hoër peil van opvoeding bereik. Die onderwyser kan nie meer as een van die weiniges beskou word wat 'n goeie opvoeding ontvang het nie.
- b) Die publiek het 'n skewe waarde aan status en verkeer onder die wanindruk dat status deur 'n persoon se besittings bepaal word. Die onderwys het hom nog nooit as 'n geldmaakprofessie voorgedoen nie.
- c) Skewe salarisstrukture word aangetref wat nie jare van studie of die tipe werk wat gedoen word, in ag neem nie. Byvoorbeeld die onopgeleide messelaar of skrynerker met 'n beperkte skoolopleiding en min beroepsopleiding word beter as die onderwyser vergoed.
- d) Hedendaags is daar 'n wêreldtendens om mense te nivelleer. Een beroep word hoër as 'n ander geag en so is respek vir die onderwyser verloor.

Pretorius het aangevoer dat die onderwyser se status inderdaad herstel kan word as indringend na die volgende aspekte gekyk word:

1. Die onderwyser moet daarna streef om sy kwalifikasies te verbeter en sy kennis gedurig uit te brei.
2. Die onderwyser moet geroepe voel en aanvaar dat opvoeding primêr sy godgegewe taak is.



3. Sy toewyding moet van die hoogste aard wees.
4. Die voorbeeld wat hy gedurig moet stel, moet navolgenswaardig wees.
5. Daarbenewens moet die onderwyser 'n intense liefde vir die kind en sy werk toon.
6. Hy moet meer gebruik maak van die onderwysmiddels van waardering en aanmoediging.<sup>541)</sup>

Bacher huldig die mening dat die onderwyser nie genoegsame en tydige praktiese erkenning vir verdienstelike werk ontvang nie. Daar is geen dryfveer vir harde werk nie en nog minder 'n rede waarom 'n onderwyser toegewyd moet wees. Enige erkenning sal aan hom toeval eers nadat hy vir 'n aansienlike aantal jare getroue en bevredigende diens gelewer het. Intussen ontvang die goeie en die slegte onderwyser dieselfde salaris. Die onderwyser se status sal alleenlik verhoog kan word indien hy 'n mate van erkenning vir sy meriete en sy eie toewyding aan die beroep ontvang.<sup>542)</sup>

Du Toit benadruk dit baie sterk dat dit uiters belangrik is dat elke lid van 'n professie sy etiese gedragskode op 'n waardige wyse te alle tye volkome gehoorsaam en eerbiedig aangesien die status en aansien van die professie sal afhang van die dissipline wat binne die professie gehandhaaf word.<sup>543)</sup> Hierdie feit word verder deur Singo beklemtoon as hy beweer dat die prestige van die onderwysberoep verlaag word die moment die onderwyser nalaat om bewus te wees dat die onderwysprofessie vermag dat elke waardige onderwyser sy lewe tot die bereiking van die ideale en doelwitte wat deur die professie hoog geag word, te wy.<sup>544)</sup>

'n Mikpunt waarna die onderwyser oor die jare heen strewe, is outonomie in eie sake wat statutêr vasgelê moet word. Sou hy volkome seggenskap of volwaardige medeseggenskap in die onderwys verkry, sal dit heel waarskynlik tot meer doeltreffende dienslewering en dus 'n hoër status lei.<sup>545)</sup>

'n Effense stap is in 1979 in hierdie rigting gegee toe die Federale Buro tot stand gekom het.

Twee persone verteenwoordig elke onderwysdepartement in die Buro. Die Buro is die plig opgelê om onder andere die onderwysbehoeftes van die bevolking te monitor en gepaste stappe waar nodig te doen om die onderwys van alle groepe te koördineer en te bevorder.<sup>546)</sup>

In Julie 1979 het die Minister van Nasionale Opvoeding die Departement van Nasionale Opvoeding versoek om 'n navorsingsprojek oor die status van die opvoeder in die Suid-Afrikaanse samelewing te loods.

Met die projek is beoog om te bepaal wat die teenswoordige en verwagte status van die opvoeder in die Suid-Afrikaanse samelewing is. In die ondersoek is die werklewe van die Blanke opvoeders onder die ontledings gebring en die belangrikste probleemarea, te wete salarisse, uitgelig.

In sy voorwoord tot die verslag het die voorsitter van die projekkomitee, dr. H.S. Steyn, die aandag daarop gevestig dat die verslag op sekere uitgangspunte gegrond is.

Hy het veral verwys na die salarisse van onderwysers en dat dit as redelik beskou kan word as dit goed vergelyk kan word met salarisse wat gekoppel is aan vergelykbare poste in die private sektor. Hierdie uitgangspunt is gefundeer op die aanname dat die onderwys nie 'n hoër prioriteit geniet as die res van die openbare dienste nie. Verder wil Steyn dit duidelik stel dat die salarisse in die openbare sektor per slot van rekening afhang van die prioriteitsposisie wat die regering aan daardie diens toeken. Die verslag word ingelei deur 'n historiese perspektief wat gegee word ten opsigte van die ontwikkeling van Onderwys in Suid-Afrika<sup>547)</sup> en die besoldiging van onderwysers.<sup>548)</sup>

In hierdie deel van die ondersoek word die volgende ontwikkelings in die onderwys wat 'n beter bedeling vir die onderwyser tot gevolg gehad het en derhalwe sy status verhef het, uitgebeeld.

- a) Doeltreffender onderhandelings - meganismes is ingestel wat die bedingingskrag van die onderwyserskorps soveel meer effektief gemaak het.<sup>549)</sup>
- b) Vanaf 1 April 1979 is aan skoolhoofde en ander opvoeders in bevorderingsposte verskillende salarisskale wat oorestemmend met hul kategorie-indeling is, toegeken. Dit beteken dat 'n skoolhoof wat goed gekwalifiseerd is, 'n posvlak sal beklee wat hom beter sal vergoed as sy minder gekwalifiseerde kollega wat presies dieselfde werk verrig, maar by 'n laer posvlak ingedeel is.<sup>550)</sup> Die gedagte is om opvoeders aan te moedig om hul kwalifikasies te verbeter.
- c) Vir vele jare het die onderwyserskorps heftig geagiteer vir meer bevorderingsposte by skole. Hieraan is uitvoering gegee en tans bestaan daar behalwe dié van skoolhoof, ander bevorderingsposte soos byvoorbeeld Onderhoofde, Adjunkhoofde, Departementshoofde, ens. 'n Verdere ontwikkeling in die onderwys is die instelling in 1978 van die stelsel van meriete-erkenning.<sup>551)</sup> Hierdie stelsel is grootliks daarop gemik om die toppresteerder te identifiseer en hom vir sy topgehalte werk te vergoed.
- d) Vanaf die begin van die twintigste eeu is die georganiseerde onderwysberoep in 'n stryd gewikkel om statutêre erkenning vir die onderwys as 'n professie te verkry. Hierdie stryd is beëindig nadat die Wet op die Suid-Afrikaanse Onderwysersraad vir Blankes (1976) aangekondig is en die onderwysberoep sy doelwit bereik het. Die erkenning van die onderwys as 'n volwaardige professie het meegebring dat die binnegeledere van die onderwyserskorps sekere vereistes waaraan 'n salarisskaal vir sy professionele lede moet voldoen, voorop gestel het. Van hierdie vereistes is die volgende:
- Groter kerwe moet aan die beginneronderwyser toegestaan word sodat hy vinniger sy maksimum kan bereik.
  - In die onderwyspostestruktuur is die hiërargie en postestratifikasie te streng.  
Vir 'n professie behoort dit nie so te wees nie.
  - Wanneer 'n professioneel gekwalifiseerde persoon se salaris bepaal moet word, behoort daar nie 'n te hoë premie op sy akademiese kwalifikasies geplaas te word nie.<sup>552)</sup>

Hierna word 'n studie van die kwaliteit van die arbeidsvoorsiening van die opvoedingsektor gemaak.<sup>553)</sup> In die ondersoek word tot die gevolgtrekking geraak dat daar 'n gebrek aan kwaliteit is.<sup>554)</sup>

'n Verdere ondersoek behels 'n ontleding van die gehalte van die werklewe van die opvoedersgroep.<sup>556)</sup> Die bevinding identifiseer drie probleemareas wat vergoeding, besluitnemingsvryheid en die organisasieklimaat insluit.<sup>557)</sup> Van die drie blyk dit dat vergoeding die belangrikste is wat die kwaliteit van die opvoeder wesenlik beïnvloed.<sup>558)</sup>

Die verslag word afgesluit met 'n gedetailleerde ondersoek van die salaris as 'n faktor in die gehalte van die werklewe van Blanke opvoeders in die Republiek van Suid-Afrika.<sup>558)</sup>

Omdat daar oor die jare heen gedurig vir beter salarisse geagiteer is en sommige van die hewige argitasies die geloofwaardigheid van die status van die onderwys geskaad het, word in die versoek aanbeveel dat 'n salarisstruktuur gevind word wat billik genoeg sal wees om tevredenheid by alle betrokkenes te verseker. Verder word gevoel dat voldoende bevorderingsposte geskep moet word om aan die hardwerkende onderwyser toereikende bevorderingsgeleenthede te bied. Daar moet pariteit wees tussen die vergoeding van 'n opvoeder en dié van 'n beoefenaar in die privaatsektor met vergelykbare kwalifikasies en 'n pos beklee met dieselfde kompleksiteit. Persone wat hul toetrede tot die opvoedersberoep maak, moet oor vergelykbare kwaliteite beskik. Vergoeding moet op 'n wetenskaplike grondslag geskied en die opvoeder moet regverdig behandel word.<sup>559)</sup>

Om te verseker dat die gehalte van die onderwyser naby sy optimum verkeer en sodoende 'n hoë status te handhaaf, blyk dit belangrik te wees om voortdurend die vinger op die pols van die opleidingsaspek van die onderwys te hou. Hierdie belangrikheid is ook deur die onderskeie onderwysersvereniging beseef en derhalwe die Suid-Afrikaanse onderwysersraad (S.A.O.R) in samewerking met die Federale Raad (FR) in 1985 hul volle aandag aan fasette van onderwysopleiding gegee.

Aangeleenthede soos die moontlike akkreditering van inrigtings vir die opleiding van onderwysers, vennootskapsopleiding van onderwysers, die professionalisering van onderwysstudente, die invloed van 'n opleidingsmilieu op studente, die finansiering van onderwysersopleiding en 'n moontlike model vir onderwysersopleiding is aangesny.<sup>560)</sup>

Die volgende bykomende knelpunte oor onderwysersopleiding is deur die S.A.O.R. en die F.R. in 1986 uitgewys:

- Die skepping van 'n raadgewende forum vir die Minister van Onderwys wat hom in sake betreffende onderwysopleiding kan adviseer.
- Die totstandkoming van 'n sertifiseringsraad.
- Die stigting van 'n komitee waarin onderwyskollege rektore kan dien.<sup>561)</sup>

'n Mylpaal in die onderwysgeskiedenis van die Blanke is in April 1986 bereik toe alle Blanke onderwys onder een wetgewende liggaam (die Volksraad) en een staatsdepartement (die Departement van Onderwys en Kultuur = Volksraad) geplaas is. Hierdie stap het verdeelde beheer oor Blanke onderwys wat vir bykans 76 jaar geduur het, tot 'n einde gebring.<sup>562)</sup> Die nuwe dispensasie ten opsigte van Blanke onderwys het die professie se wens om inspraak te hê in onderwysbeheer op die hoogste vlak, ten einde laas laat gerealiseer en is statutêr bevestig.<sup>563)</sup>

In Junie 1986 het nog 'n historiese moment vir die Blanke-onderwys aangebreek met die amalgamering van die S.A.O.R. en die F.R. in 'n enkele nuwe liggaam, die Federale Onderwysersraad (F.O.R.) Die verenigde onderwysersvereniging kan nou met meer gesag die funksionering van die georganiseerde onderwys-professie ondersoek met die klem op veral meer doeltreffendheid deur middel van rasionalisering.<sup>564)</sup>

Bovermelde twee gebeurtenisse het veel daartoe bygedra om die status van die Blanke-onderwyser op 'n hoogte te plaas wat heel moontlik nie vantevore bereik is nie.

Die onderwystoestand van die Kleurlinge in die twintigerjare het min tekens van verbetering getoon. Selfs Gen. Smuts het sy besorgdheid uitgespreek en dus vir 'n gunstiger bedeling vir Kleurlingonderwys bepleit.<sup>565)</sup>

Die Kleurlingonderwyser se status het ook op 'n lae vlak verkeer, maar die volgehoue vertoë wat die "Teachers' League" aan die Departement gerig het ten opsigte van die algemene posisie van die onderwyser, het vrugte afgewerp. Die verskyning van Ordonnansie 8 van 1920 kan as 'n oorwinning vir die onderwyser gesien word, want daardeur is sy status in 'n mate verhoog.

In hierdie Ordonnansie word die onderwyser erken as 'n staatsdienaar onderworpe aan departementele dissiplinêre regulasies en deur die Departement beskerm. Die professionele onderwysersvereniging waaraan hy behoort, word nou erken. Sy advies word gesoek in problematiese situasies en sy sieninge oor onderwysaangeleenthede en aanverwante vraagstukke word in ag geneem. So ook kry hy verteenwoordiging in die Adviesraad van Onderwysers. Salarisse sal voortaan direk deur die Departement betaal word wat al die hindernisse van plaaslike bydraes uitskakel.<sup>566)</sup>

Die verbeteringe wat aan sy status aangebring is, was met geesdrif ontvang, maar nog steeds het sy status agtergebly as dit in vergelyking met die Blanke-onderwyser s'n gebring word.

Dit is veral op ekonomiese gebied waar die status van die Kleurlingonderwyser 'n beduidende agterstand getoon het. Alhoewel beter salarisskale vir sendingskoolonderwysers ingevoer en voorsiening vir verhogings gemaak is,<sup>567)</sup> het die Kleurlingonderwyser nog nie 'n  $\frac{3}{5}$  deel van 'n Blanke-onderwyser se salaris ontvang nie <sup>568)</sup> en eers na elke vyf jaar kon hy 'n verhoging verwag.<sup>569)</sup>



Dispariteit tussen die twee groepe het ook voorgekom wat siekteverlof, pensioene <sup>570)</sup> en algemene werksomstandighede betref. Oorvol klasse in Kleurlingskole was ook nie'n seldsame verskynsel nie.<sup>571)</sup>

Die ondersoek wat die Viljoen-kommissie in 1925-26 onderneem het ten opsigte van Kleurlingonderwys, het aan die lig gebring dat daar geen tekort aan onderwysers vir die standerds tot St.iv was nie, maar dat die onderwysers vir die St.v- en St.vi- klasse nie tred met die eise gehou het nie. Die lae salarisse wat betaal is, het die kwaliteit van die kandidate wat getrek is om as onderwyser opgelei te word, nadelig geaffekteer.<sup>572)</sup>

Ten einde die kwaliteit van die onderwys te verbeter, het die kommissie die volgende aanbevelings gemaak:

- dat die opleiding van onderwysers nog steeds deur die kerke beheer word;
- dat die toelatingsvereistes tot die kursus vir onderwyseropleiding vir die teenwoordige nog behoue bly, maar dat die ongewenste kandidate daar gedurende die eerste jaar geëlimineer moet word om te verhoed dat ongewenste persone 'n onderwyssertifikaat mag verwerf.
- dat die salarisskale hersien moet word.
- dat voorsiening vir 'n jaarlikse verhoging gemaak word.
- dat stappe geneem word om die salaris en die goeie diens-toelae te konsolideer.
- dat 'n behoorlike pensioenskema ingestel word.

'n Verdere pleidooi wat die kommissie gelewer het, was dat veral in die groter stedelike gebiede, die diensvoorwaardes van onderwysers verbeter moet word.<sup>573)</sup>

Van die aanbevelings van die Viljoenkommissie is in Ordonnansie nr.17 van 1930 vervat. Die effek van die Ordonnansie was dat dit Kleurlingonderwys tot die status van 'n waardige profesie verhef het.



Die Ordonnansie het voorsiening vir die kategorisering van die Kleurlingonderwyser gemaak, aan hom verbeterde siekteverlof- en pensioenprivileges toegeken, spoorwegkonsessies toegestaan en 'n jaarlikse verhoging van R8 vir vroue en R12 vir mans bewillig.<sup>574)</sup> Die goeie dienstoelae is in die salaris opgeneem en daar word gedifferensieer tussen die begin salaris van 'n dorps- en 'n plattelandse onderwyser.<sup>575)</sup>

Een van die faktore wat 'n bepaalde invloed op die status van die onderwyser uitoefen, is die standaard en duurte van sy opleiding en wat daarmee saamgaan, die vlak van sy akademiese en professionele opleiding.

Voor 1924 is onderwysers nog aan die hand van die ou kwekelingskursus opgelei. Die toelatingsvereiste vir hierdie kursus was maar laag. In 1904 was akademiese opleiding tot die st.6-vlak voldoende om tot die kwekelingskursus toegelaat te word.<sup>576)</sup>

Eers vanaf 1924 toe die kwekelingskursus deur nuwe kursusse vervang is, is die toelatingsvereiste tot een van die nuwe kursusse verhoog. 'n Junior Sertifikaat is vereis om die nuwe tweejarige Hoër Primêre kursusse te volg terwyl st.6 as minimum standaard behou is vir toelating tot die nuwe driejarige Laer Primêre kursus. 'n Eenjarige kursus vir kleinkinderskoolonderwys kon gevolg word nadat die Laer Primêre Onderwysersertifikaat verwerf is.<sup>577)</sup>

Teen 1936 is die kursusse wat tot die Laer Primêre Onderwysersertifikaat en die Hoër Primêre onderwysersertifikaat geleidelik, deur die nuwe kursus vir die Laer Onderwysersertifikaat vervang. 'n Junior Sertifikaat het as minimum toelatingsvereiste gedien.<sup>578)</sup>

Die regulasies en opleidingskursusse vir Kleurlingonderwysers is in 1942 hersien en in 1943 is voorsiening vir drie nuwe kursusse gemaak, nl:

- 'n tweejarige kursus vir 'n Laer Primêre onderwysersertifikaat (L.P.J.S.) na St.8
- 'n tweejarige kursus vir 'n Hoër Primêre onderwysersertifikaat (P.O.S.) na St.10.

- 'n eenjarige kursus wat kon lei na 'n Gevorderde Primêre Onderwyserssertifikaat.<sup>579)</sup>

'n Faktor wat tot gevolg gehad het dat die regulasies en op= leidingskursusse weer hersien moes word, was die bitter min beroepsrigtings wat vir Kleurlinge bestaan het; 'n situasie wat daartoe gelei het dat die onderwys feitlik die enigste professie geword het wat 'n heenkome vir veral die Kleurling= man kon bied.<sup>580)</sup> 'n Verdere uitvloeisel hiervan was dat daar in die dertiger-, veertiger- en vyftigerjare 'n tekort aan Kleurlingonderwyseresse was.<sup>581)</sup>

Die Botha-kommissie (1953 - 1956) het in sy ondersoek die bevinding gemaak dat daar in 1951 1,650 damesposte was wat deur mans gevul is. Veral in die platteland en verafgeleë plekke was toestande wat losies en ander geriewe betref so= danig dat dameleerkrigte sulke poste gewoonlik van die hand gewys het. Om meer dames tot die onderwysberoep te trek, het die kommissie aanbeveel dat dames nog steeds met 'n Junior Sertifikaat tot die L.P.O.S.- kursus toegelaat word en dat Kleurlingmans vanaf 1960 'n tweejarige professionele oplei= dingskursus moet volg eers nadat 'n Senior Sertifikaat ver= werf is.<sup>582)</sup>

Daar is op die aanbevelings van die Botha-kommissie gereageer sodat tot 1958 beide mans en damestudente die L.P.O.S. - kursus nog kon volg, maar vanaf 1959 is mansstudente nie meer tot hierdie kursus toegelaat nie. Kleurlingmans wat nie hul opleiding aan 'n universiteit wou voortsit nie, is toe verplig om hul onderwysopleiding aan 'n onderwyskollege te ontvang waar hulle die tweejarige P.O.S. - kursus kon volg.<sup>583)</sup> Die P.O.S.-kursus is later deur 'n driejarige Primêre onderwysdiplomakursus (P.O.D.) vervang.<sup>584)</sup>

Dames is nog steeds toegelaat om as onderwyseresse na St.8 opgelei te word, maar hul tweejarige L.P.O.S.-kursus is in 1977 tot 'n driejarige Junior Primêre Onderwyskursus (J.P.O.S.) uitgebrei.<sup>585)</sup>

Laasgenoemde kursus is egter in 1981 gestaak en sedert die jaar daarna word 'n Senior Sertifikaat van mans sowel as dames vereis om tot die nuwe driejarige Onderwysdiploma en vierjarige Hoër Onderwysdiploma-kursusse (O.D. en H.O.D.) toegelaat te word.<sup>586)</sup>

Dit het geblyk dat die eerste instansies wat in beheer van die opleiding van Kleurlingonderwysers was, in 'n mate verantwoordelik vir die swak gehalte van die onderwyser was.

Die eerste Kleurlingonderwysers is in sendingskole opgelei. In later jare is Kleurling opleidingskole opgerig en teen 1922 was daar vier wat deur die Departement erken was, te wete Dower Memorial College, Perseverance, Wesley College en Zonnebloem. In 1924 was daar nog 21 Sendingskole wat opleidingsfasiliteite aan aspirantonderwysers verskaf het.<sup>587)</sup>

In 'n poging om die gehalte van Kleurlingonderwysers te probeer verbeter, was die S.G.O., dr. Viljoen, se benadering om meer aandag aan die opleidingsaspek te gee. Hy het derhalwe aanbeveel dat opleidingskole in sentrale gebiede gekonsentreer word waar behoorlike toegeruste inrigtings verskaf en wat deur goed-opgeleide personeel beman kon word.

Sy sentralisasie beleid is sistematies uitgevoer en so is die opleidingsinrigtings Battswood (1925), Athlone Institute (1926) Rynse Kleurling Opleidingskool (1928), St. Augustines (1935) en Hewat (1941) tot stand gebring.<sup>588)</sup>

In die jare daarna is nog meer opleidingsinrigtings opgerig en tesame met die opleidingskole wat tot kolleges opgegradeer is, <sup>589)</sup> bestaan daar vandag 12 opleidingskolleges en een technikon.

'n Probleem waarmee die onderwys al van vroeë jare mee te kampe het, is die aantal ongediplomeerde onderwysers wat hul toetredetot die beroep maak. Die onderwysdepartement het geprobeer om hierdie probleem op te los deur vakansiekursusse vir diensdoende onderwysers om hul kwalifikasies te verbeter, sedert 1893 in te stel. Hierdie stelsel was in 'n mate geslaagd, want in die tydperk 1893 tot 1909 kon 1,737 ongediplomeerde/...

/... ongediplomeerde leerkragte onderwyserssertifikate verwerf.<sup>590)</sup>

Voorsiening is ook gemaak vir onderwysers wat begerig is om hoër kwalifikasies ten opsigte van professionele opleiding te verkry. Sedert 1905 kan onderwysers hulle as voltydse studente by onderwysinrigtings laat inskryf vir gespesialiseerde opleiding in vakke soos Houtwerk, Naaldwerk, Sang, Teken asook Kindertuinmetodiek. Dit was 'n eenjarige kursus wat gevolg kan word deur 'n onderwyser wat alreeds in besit was van 'n Onderwyser Sertifikaat. Aan die suksesvolle kandidaat is 'n spesiale sertifikaat uitgereik.<sup>591)</sup>

Hierdie stelsel van indiensopleiding is in 1965 uitgebrei en nou kan diensdoende leerkragte wat naby 'n onderwyskollege woonagtig is, en in besit van 'n P.O.S. is, vir die derde jaar van die P.O.D.-studie as 'n deeltydse kandidaat ingeskryf word. Hierdie kursus strek oor twee jaar en word smiddae aangebied.<sup>592)</sup>

Nadat 'n behoeftebepaling in 1980 gemaak is om die geldigheid vir die instelling van korrespondensiekursusse vir laer gekwalifiseerde onderwysers wat buite die bereik van 'n kollege is, te determineer,<sup>593)</sup> is 'n Onderwyskollege vir verdere opleiding te Kaapstad gestig. Vanaf hierdie kollege geskied onderrig deur middel van korrespondensie wat op 'n nasionale vlak aangebied word. By wyse van afstandopleiding word leerkragte nou in staat gestel om hul kwalifikasies te verbeter.<sup>594)</sup>

Die snelle groei van die bevolking en die oprigting van skole wat tred moet hou met die geweldige aanwas van getalle het 'n probleem geskep. Prinsipale moet aangestel word in hierdie skole en behalwe dat hulle akademies en professioneel goed toegerus vir hul taak moet wees, is dit ook noodsaaklik dat hulle oor eienskappe soos leierskap, bestuursvermoë en organisatoriese vernuf moes beskik. Baie van die onderwysers wat in prinsipaalposte opgeneem word, het min of geen ervaring om 'n skool te beheer nie.

Die belangrikheid van 'n diensopleidingsprogram vir prinsipale was alreeds terdeë besef in die vroeë sewentigerjare. By 'n konferensie wat in 1971 gehou is vir hoofinspekteurs, inspekteurs van onderwys en prinsipale, is daar tot die besluit gekom dat indiensopleidingskonferensies elke drie jaar gehou moes word. Die eerste een is in 1974 gehou, daarna weer in 1977 en die een wat vir 1980 beplan is, moes noodgedwonge afgelas word.<sup>595)</sup>

Gegradueerd en gediplomeerd	19
Gegradueerd sonder onderwysdiploma	2
St 10 plus 4 jaar of meer	8
St 10 plus 3 jaar	136
St 10 plus 2 jaar	37
Slegs St 10	20
St 9 plus 2 jaar	1
St 8 plus 3 jaar of meer plus St 10	13
St 8 plus 2 jaar plus St 10	34
St 8 plus 3 jaar	40
St 8 plus 3 jaar L.P.O.S. spesiaal	5
St 8 plus 2 jaar	106
Slegs St 8	8
Laer as St 8	3

4.2 Die vraelys

Om gegewens vir die samestelling van die vraelys in te win, het die volgende werkswyse die gewenste resultate gelewer:

1. Literatuurstudie uit oorsese en eie bodem van 'n toepaslike aard;
2. Samesprekings, gesprekvoering en onderhoude met alle onderwysinstansies;
3. Sistematisering en verwerking van agtergrondkennis wat skrywer in sy jarelange ondervinding as onderwyser deur sy kontakte met ouers, leerlinge, personeellede en kollegas opgedoen het.

Na deeglike pedagogiese besinning en rype oorweging van die gegewens verkry, het die vorm en inhoud van die geslote vraelys gestalte gekry.

4.2.1 Samestelling van die vraelys

Die vraelys (sien Bylae A) het uit twee afdelings, naamlik A en B, bestaan, en elk uit 31 en 23 vragies onderskeidelik. Die vragies was in die vorm van bewerings wat oor sekere aspekte van die onderwys gemaak is. Die respondent is versoek om elke bewering sorgvuldig te oorweeg en dan sy mening daaromtrent te gee deur 'n kruisie in 'n

blokkie onder een van vyf moontlikhede te maak. Die moontlikhede het die volgende ingesluit:

1. Beslis ja
2. Ja
3. Onseker
4. Nee
5. Beslis nee

Die eerste twee vrae van Afdeling A het persoonlike inligting van die respondente verlang, naamlik hul beroep en geslag. Die daaropvolgende 29 vrae het informasie verlang oor die faktore wat die status van die onderwyser as sodanig beïnvloed waaronder die volgende moontlikhede geressorteer het:

- A. Woongebied en werksituasie, vrae 3, 4, 5, 6, 7.
- B. Kwalifikasies en materiële besit, vrae 8, 9, 10, 11, 12, 13, 14, 15.
- C. Sosiale betrokkenheid en betrokkenheid by buitemuurse aktiwiteite, vrae 16, 17, 18, 19, 20, 21.
- D. Persoonlikheidsienskappe, vrae 22, 23, 24, 25, 26, 27, 28, 29, 30.
- E. Oortuigings, vrae 31 en 32.
- F. Maritale status, vraag 33.

Afdeling B het gehandel oor hoe die onderwyser deur die gemeenskapsaansien gesien word, d.i. die beeld van die onderwyser.

Die eerste vraag is 'n inisiërende vraag. Dit sou in die onderhawige ondersoek as uitgangspunt kon dien vir die eventuele vergelykende studie en logiese gevolgtrekkings wat uit die ondersoek kon spruit.

Van vraag 2 tot vraag 6 is gefokus op die onderwyser se effektiwiteit. Vrae 7 en 8 het gehandel oor die keuring en werwing van onderwysers, terwyl vrae 9, 10 en 11 te doen gehad het met die dissipline wat die onderwyser handhaaf. In vraag 12 het die fokus op die burokratiese

beheer van die onderwys geval, in vrae 13 tot 20 op sy professionele ingesteldheid en gesindheid teenoor die onderwys, en in vraag 21 op die blykbaar moderne neiging in die onderwys. Vraag 22 het gehandel oor die teenwoordigheid van 'n onderwysersvereniging en vraag 23 of die respondent sy kinders sou aanmoedig om eendag die onderwysberoep te betree.

#### 4.3 Die Steekproef

Die veld van ondersoek is beperk tot respondente (dosente, onderwysers, leerlinge, ouers, beoefenaars van ander beroepe) wat in die Ceres-Tulbagh-Wolseley-Worcester-gebied woon.<sup>4)</sup> Personeel verbonde aan die onderskeie streekkantore, nl. Bellville, Paarl, Worcester, Wynberg asook die hoofkantoor van die Onderwysdepartement en wat met onderwyseraangeleenthede werk, is by die ondersoek betrek. Studente van die Opleidingskollege Söhnge en die Universiteit van Wes-Kaapland is ook in die ondersoek opgeneem.

Om sover moontlik beide 'n gebalanseerde en objektiewe beeld te kry, ten spyte van die beperkinge op getalle, is vooraf besluit om 'n steekproef ten opsigte van ses kategorieë te maak, te wete dosente en onderwysers, personeel van streekkantore en die hoofkantoor van die Departement, die ouergemeenskap en die leerling- en studente-gemeenskap. Die sesde kategorie is deur lede van ander professies verteenwoordig.

Die beweegrede waarom tot bogenoemde kategorieë besluit is, kan as volg verduidelik word:

1. Die dosent of onderwyser staan binne die beroep en slegs hy kan aanvoel, eerstens, of hy onder gunstige omstandighede sy onderwys-taak vervul en, tweedens, of hy as 'n gerespekteerde deur die student- of leerlinge- en ouergemeenskap gesien word.

Die opleiding wat die dosent aanbied sal grotendeels daarop gemik wees om positiewe gesindhede jeens die onderwys by sy studente in te boesem. Hyself sal uit die aard van die saak navolgenswaardige



eienskappe wat die ideale onderwyser sal tipeer, moet openbaar.

Aan die anderkant sal die gesindheid van die onderwyser wel sy agting wat hy vir die beroep het, in 'n groot mate die siening van sy leerlinge beïnvloed, veral wanneer laasgenoemde voor 'n beroepskeuse te staan kom.

2. Die klerke by die onderskeie streekkantore en hoofkantoor wat in die Afdeling Personeel werksaam is, is elke dag met onderwyseraangeleenthede doenig. Die kennis rakende onderwysers wat hulle sover opgedoen het deur regstreekse of onregstreekse kontak met die onderwyserkorps, stel hulle in staat om in 'n mate 'n beeld van die deursnee onderwyser op te bou.

3. Dit is essensieel om die ouergemeenskap by die ondersoek te inkorporeer, aangesien hulle 'n belangrike opinie-vormende rol in die lewens van hul kinders speel. Die dunk wat die ouer van die onderwyser het, sal baie beslis die kind se besluit om die onderwys sy loopbaan te maak, beïnvloed.

4. Die sts. 9- en 10-leerlinge het die hoogste standerds in die skool bereik en dit maak hul mening m.b.t. die onderwyser des te meer geloofwaardig omdat hulle, hulle aan die einde van hul skoolloopbaan bevind, alreeds 'n beroep of tersiêre loopbaan in gedagte het en derhalwe 'n sekere ingesteldheid jeens die onderwys as sodanig het. Die feit dat hulle daagliks met hul onderwysers verkeer en al welbekend met die onderwysers se wel en weë is, sal tot gevolg hê dat hulle moontlik 'n duidelike persepsie van die deursnee-onderwyser het.

5. Die studentonderwyser het alreeds die onderwys as sy loopbaan gekies. Sy bydrae tot die ondersoek is belangrik aangesien hy moontlik sterk gemotiveerd en positief beïnvloed is om tot so 'n besluit te kon geraak het.

6. Die bydrae van individue uit verskillende beroepsfere tot die ondersoek kon nie agterweë gelaat word nie omdat menings m.b.t. die

faktore wat die status van die onderwyser beïnvloed en menings oor die heersende onderwysbeeld uiteen sal loop afhangende van deur watter sosio-ekonomiese of selfs ideologiese bril daarna gekyk word. Die lede van al die ander professies se keuse van beroep was klaarblyklik nie die onderwys nie. Die belangrikheid van hierdie kategorie se bydrae sal betekenisvol wees veral wanneer hul gegewens vergelyk word met dié van die lede van die kategorieë wat die onderwysberoep as eerste keuse gestel het.

Vervolgens word nou na die samestelling van elk van die kategorieë gekyk.

#### Kategorie 1

Die eerste kategorie sluit in dosente en onderwysers. Al 26 dosente van die Opleidingskollege Söhnge is genader om die vraelys in te vul, maar slegs 6 van hulle het dit ingevul en teruggegee.

Die onderwysers is spesiaal geselekteer met die volgende kriteria in gedagte; hulle moet verteenwoordigend van beide geslagte wees en onderwys aan óf primêre óf sekondêre skole gee.

Aan al die onderwysers van vier sekondêre skole, nl. een in Ceres en drie in Worcester is 209 vraelyste gestuur waarvan 73 voltooid terug ontvang is. Van een sekondêre skool in Worcester is geen voltooide vraelyste ontvang nie ten spyte van telefoniese versoeke om dit wel te doen.

Van die 45 primêre skole in die Ceres gebied (Warm- en Koue Bokkeveld ingesluit), is 'n 40 persent monster van al die skole in die Warm Bokkeveld, Koue Bokkeveld en twee addisionele groot skole, een in Tulbagh en een in Wolseley, getrek.

'n Totaal van 208 vraelyste is dus aan die onderwysers van die 8 skole gestuur en 158 is voltooid terugbesorg.

#### Kategorie 2

Al die 30 klerke aan wie die vraelyste gestuur is, het dit voltooid

teruggestuur.

TABEL G

KLERKE VAN DIE BETROKKE STREEKKANTORE EN HOOFKANTOOR WAT ONDERWYSERAANGELEENTHEDE BEHARTIG

STREEKKANTOOR	GETAL
Bellville	4
Paarl	4
Worcester	12
Wynberg	5
Kaapstad (hoofkantoor)	<u>5</u>
	30

Tabel G gee 'n aanduiding van die getalle van klerke by die verskillende streekkantore en hoofkantoor van die Departement van Onderwys en Kultuur wie se menings betreffende die status wat onderwysers geniet, verwerk is.

Kategorie 3

Die vraelyste was aan 49 ouers uitgedeel en deur almal ingevul.

Kategorie 4

In die leerlinggemeenskap is st. 9- en st. 10-leerlinge in die ondersoek betrek. Vraelyste is voltooi deur 'n 20 persent steekproef van die universum van elk van die st. 9- en st. 10-leerlinggroeperinge van die Sekondêre Skool Fred Gaum in Ceres. (Sien Tabel H)

Kategorie 5

Wat die studente van die Opleidingskool Söhnge betref, is ook 'n 20 persent steekproef getrek van elk van die aantal eerste, tweede en derdejaarstudente.

50 Vraelyste is aan studente van die Universiteit van Wes-Kaapland uitgedeel, maar slegs 23 wat behoorlik ingevul is, is terugontvang. Hoe die studente in die onderskeie jare van studie geselekteer is, word in tabel J aangedui.

Die getalle van die leerlinge in hul onderskeie standerds,

die kollege- en universiteitstudiante in hul onderskeie jare van studie, word in tabelle H, I en J aangegee.

TABEL H

GETAL SEKONDÊRE SKOOLLEERLINGE IN DIE ONDERSOEK BETREK

STANDERD	TOTALE GETAL LEERLINGE	GETAL
9	252	50
10	<u>150</u>	<u>30</u>
	402	80

TABEL I

GETAL OPLEIDINGSKOLLEGE-STUDENTE IN DIE ONDERWYS BETREK

STUDIEJAAR	TOTALE GETAL STUDENTE	GETAL
Eerste	134	27
Tweede	104	21
Derde	<u>67</u>	<u>14</u>
	305	62

TABEL J

GETAL UNIVERSITEITSTUDENTE IN DIE ONDERSOEK BETREK

STUDIEJAAR	GETALLE VAN BE- OOGDE STEEK= PROEF	WERKLIKE GETALLE STUDENTE OPGENEEM IN STEEKPROEF
Eerste	12	6
Tweede	12	5
Derde	12	6
Vierde	<u>14</u>	<u>6</u>
TOTAAL	50	23

Kategorie 6

Die beroepslui wat gewerf kon word om die vraelyste in te vul, is hoofsaaklik van Ceres. Slegs 2 dokters en 4 maatskaplikewerke beoefen hul beroepe in Tulbagh.

Oorsigtelik word die getalle van die respondente van beroepe ander as die onderwys in Tabel K weergegee.

TABEL K

GETALLE VAN RESPONDENTE VAN ANDER BEROEPE WAT AAN DIE ONDERSOEK DEELGENEEM HET

BEROEP	MANLIK	VROULIK	TOTAAL
Bankbestuurder	3	-	3
Bankklerk	-	1	1
Boekhouer	-	1	1
Dokter	6	1	7
Eiendomsagent - afslaer	1	-	1
Gemeenskapsvoorligter	-	1	1
Ingenieur	1	-	1
Maatskaplike werker	-	6	6
Polisiebeampte	11	-	11
Predikant	5	-	5
Regspraktisyn	3	-	3
Rekenmeester	1	1	2
Tikster	-	1	1
Vakman	1	-	1
Verkoopslui	1	-	1
Verpleegkundige	-	7	7
TOTAAL			49

Heelmoontlik kan die steekproef wat in hierdie ondersoek gebruik is, op statistiese gronde afgemaak word as 'n nie-verteenwoordigende ewekansige steekproef, maar blykbaar is daar geen rede waarom die bevindinge nie gebruik kan word om tendense in die onderwyspopulasie aan te toon nie.

Al die voltooide vraelyste wat terug ontvang is, is ontleed.

4.3.1 Verwerking van data

Die statistiese analise van die verkreë data was tweërlei van aard. Eerstens is die response van die totale groep ontleed en daarna het die analise van die response van die onderskeie kategorieë gevolg.

Ten opsigte van die response van die onderskeie kategorieë, het die

klem hoofsaaklik geval op die feit of daar enige verskille tussen die antwoorde van die onderskeie kategorieë voorgekom het en indien wel, of sodanige verskille betekenisvol was.

#### 4.3.1.1 Metode van verwerking

Die vraelys is so opgestel dat die respondente in drie groepe onderskei kan word, naamlik:

- (i) die wat "ja" antwoord of wat saamstem (response 1 en 2)
- (ii) die wat "nee" antwoord of wat nie saamstem nie (response 4 en 5) en
- (iii) die onseker groep (response 3) wat nie kan besluit tot watter mening hul hulself moet verbind nie.

Hierdie verdeling is op besluit om die verwerking van die gegewens te vergemaklik. Omdat die onseker of neutrale groep nie 'n duidelike standpunt ten opsigte van 'n bewering of vraag kan inneem nie - hulle kan nie by die "ja"-groep bygevoeg word nie en sê ook nie eintlik "nee" nie - word hul antwoorde vir alle praktiese doeleindes nie in berekening gebring by die verwerking van die gegewens nie.

Die katagorieë (veranderlikes) wat in hierdie studie gebruik word is geslag, die tipe skool waaraan die onderwysers verbonde is, lede van die totale onderwysersgroep en professionele beroepsbeoefenaars, studente en leerlinge, klerke en ouers.

'n Verdere doel van hierdie ondersoek is om vas te stel op watter wyse die respondente op die vrae en die vraelys reageer. Sou daar enige verskille tussen die antwoorde van die groepe in 'n kategorie voorkom, moet daar bepaal word of sodanige verskille bloot toevallig of enigsins betekenisvol is. Indien 'n betekenisvolle verskil wel bestaan, word gedetermineer tussen watter grense die grootte van die verskil val sodat die beduidendheid daarvan korrek geïnterpreteer word. Die limiete van die grense is deur middel van statistiese tegnieke alreeds bepaal.

Die tegniek wat gebruik word om te toets of verskille beduidend is,

is gebaseer op die statistiese model wat gebruik maak van die verskil tussen twee onafhanklike verhoudings.

Om totale sekerheid te hê dat verskille beduidend is en nie vanweë toevalligheid ontstaan het nie, word die nul-hipotese toegepas.

In werklikheid dui die nul-hipotese op die negatiewe aan en gaan van die veronderstelling uit dat daar geen verskil tussen twee veranderlike waardes is nie, met ander woorde die verskil is nul.<sup>5)</sup>

Enige verskille wat wel mag voorkom, is alleenlik aan steekproefneming toeskryfbaar.<sup>6)</sup>

In hierdie ondersoek word ten opsigte van elke afsonderlike kategorie met twee onafhanklike veranderlikes gewerk: byvoorbeeld die tipe skool waaraan elk van die twee groepe onderwysers verbonde is, sal een onafhanklike veranderlike voorstel en die wyse waarop elke groep op die betrokke vraag geantwoord het, die ander.

Die nul-hipotese kan slegs verwerp word dus moet daar in elke geval duidelik getoon word om watter rede die nul-hipotese nie aanvaar kan word nie sou dit die geval wees.

Downie en Heath stel voor dat die volgende prosedure gevolg kan word as die beduidende verskil bereken moet word.

Stap I. Bereken die standaard fout van die verskille tussen die twee onafhanklike verhoudings deur gebruik te maak van die formule:

$$S.D.P. = \sqrt{\frac{P_1 Q_1}{N_1} + \frac{P_2 Q_2}{N_2}} \dots\dots\dots (1)$$

Die betekenis van die simbole wat in die formule verskyn, is as volg:

S.D.P. = standaard fout van die verskille tussen die twee onafhanklike verhoudings.

P<sub>1</sub> = die persentasie van die respondente van die eerste veranderlike



- Q1 = 100 - P1
- N1 = die totale aantal respondente van die eerste veranderlike.
- P2 = die persentasie van die respondente van die tweede veranderlike.
- Q2 = 100 - P2
- N2 = die totale aantal respondente van die tweede veranderlike.

Stap 2. Bereken die standaardpunt deur gebruik te maak van die formule:

$$Z = \frac{P1 - P2}{S.D.P.} \dots\dots\dots (2)$$

Waar Z die standaardpunt of standaardtelling voorstel.<sup>7)</sup>

Voorbeeld:

As vraag 1 as voorbeeld geneem oword om vas te stel of daar enige betekenisvolle verskille tussen die antwoorde van studente en leerlinge voorkom, word die betrokke waardes van die kategorie naamlik: P = 29% ; Q = 71% ; N1 = 34% ; P2 = 48% ; Q = 52% ; N2 = 38% in formule (1) vervang om eerstens die standaardfout (S.D.P.) as volg te bereken:

$$S.D.P. = \sqrt{\frac{P1 \cdot Q1}{N1} + \frac{P2 \cdot Q2}{N2}}$$

$$S.D.P. = \sqrt{\frac{.29 \times .71}{34} + \frac{.48 \times .52}{38}}$$

$$S.D.P. = \sqrt{\frac{0.2059}{34} + \frac{0.2496}{38}}$$

$$S.D.P. = \sqrt{.0060558 + .0065684}$$

$$S.D.P. = \sqrt{0,0126242}$$

$$S.D.P. = 0,1123574$$

Hierna word die waarde van S.D.P. in formule (2) vervang, as volg:

$$Z = \frac{P1 - P2}{S.D.P.}$$

$$Z = \frac{.29 - .48}{0,1123574}$$

$$Z = \frac{-0,19}{0,1123574}$$

$$Z = -1,691034$$

Die Z waarde (-1,6910324) is groter as die 10% vlak (1,65) van beduidendheid. Die nul-hipotese word dus verwerp wat beteken dat 'n beduidende verskil tussen die antwoorde wel voorkom op die 10% vlak van betekenisvolheid of beduidendheid.

Al die statistiese berekeninge in hierdie werkstuk is deur middel van 'n rekenaar gedoen. Nadat die verwerkte data in tabelle opgestel is (sien tabelle 1 tot 50), is dit aan 'n deeglike analise onderwerp.

In die volgende deel van hierdie hoofstuk sal die faktore wat volgens die respondente die onderwyser se status bepaal en sy lae aansien beïnvloed, uitgelig en ontleed word.

#### 4.3.2 Bevindinge en afleidings

##### 4.3.2.1 Faktore wat die status van 'n onderwyser bepaal

Uit die gegewens blyk dit dat die volgende faktore volgens die menings van die steekproef respondente die status van 'n onderwyser bepaal.

##### 4.3.2.1.1 Die onderwyser se rang

Van al die respondente dui 'n meerderheid persentasie van (56%) aan dat die onderwyser se rang in die skoolpersoneel immers sy status in die samelewing bepaal.

Ontleding toon dat die volgende subgroepe saamstem dat 'n onderwyser se rang 'n invloed op sy status het.

1. Mans as dames, betekenisvol op die 10% vlak;
2. Hoërskool- en laerskoolonderwysers, betekenisvol op nagenoeg die 20% vlak en

3. Klerke as onderwysers, betekenisvol op die 20% vlak.

Dit is te verwag dat aan 'n persoon wat 'n hoë posisie in 'n hiërargiese sisteem beklee, 'n hoë status toegeken sal word en dus sal die gemeenskap die skoolhoof van 'n skool hoër ag as enige van die ander onderwysers wat in dieselfde personeel dien.

#### 4.3.2.1.2 Die onderwysinrigting waaraan die onderwyser verbonde is

Ofskoon 'n geringe meerderheid (slegs 50% teenoor 38% wat "nee" sê) van die totale groep reken dat die hoërskoolonderwyser meer aansien as die primêreskoolonderwyser geniet, word hierdie groep sterk verteenwoordig deur die meerderheid van "ja" antwoorde van die leerlinge (74%) en die studente (66%).

By verdere ontleding van die data het dit getoon dat die onderwysinrigting waaraan die onderwyser verbonde is, 'n faktor is wat sy status kan beïnvloed en dat hierdie mening sterker deur hoërskool- as laerskoolonderwysers beleef word en wel op naastenby die 20% vlak van betekenisvolheid. Dié beskouing van die meerderheid is blykbaar gegrond op die aanname dat 'n hoërskoolonderwyser beter gekwalifiseerd as 'n laerskoolonderwyser is.

Dit is duidelik dat die gemeenskap hoër waarde aan 'n hoëronderwysinrigting heg, met die gevolg dat die onderwysers wat aan 'n hoëronderwysinrigting verbonde is, met meer prestige bejeën sal word.

#### 4.3.2.1.3 Die onderwyser se kwalifikasies

Die meerderheid van die proefpersone (54%) het geen twyfel oor die feit dat 'n onderwyser se status toeneem namate hy een of meer grade verwerf het. Die subgroepe wat dieselfde mening huldig (hul onderskeie meerderheid persentasies verskyn in hakies) is die volgende: ouergemeenskap (74%) leerlinge (68%) studente (64%) en professionele beroepbeoefenaars (45%).

Hierdie gegewens bevestig die algemene geloof dat die beter gekwali-

fiseerde onderwyser beter in staat sal wees om sy belangrike funksie te kan verrig.

Ongelukkig stem hierdie bevinding nie ooreen met die mening wat die meerderheid van die respondente jeens die opvoedkundige inrigting waar die onderwyser sy professionele opleiding ontvang het – huldig nie. Blykbaar het die respondente dit uit die oog verloor dat 'n onderwyser slegs beter kwalifikasies aan 'n hoërondwysinrigting kan verwerf.

#### 4.3.2.1.4 Die onderwyser se salaris

Die meerderheid van al die respondente (52%) aanvaar dit as 'n feit dat die salaris van die onderwyser sy status bepaal.

'n Ontleding toon dat daar meer mans as dames saamstem dat dit wel die geval is en die verskil beduidend op die 10% vlak is.

Die kategorieë waar 'n meerderheid van "ja"-antwoorde hierdie mening sterk ondersteun, is die onderwysers (49%), die leerlinge (71%) en die studente (66%).

Die gegewens dui op die feit dat 'n persoon se salaris sy lewenstandaard bepaal en derhalwe sy status grootliks sal beïnvloed. Dit kom daarop neer dat as 'n onderwyser 'n goeie salaris betaal word, sal hy dienooreenkomstig 'n doeltreffende lewenstandaard kan handhaaf.

Dit kom snaaks voor dat die meerderheid van die respondente nie materialistiese bestittings soos byvoorbeeld die besit van 'n motor, of die buurt waarin 'n onderwyser se woning opgerig is, met sy salaris assosieer nie en beskou dus materialistiese besittings nie as statusbepalend nie. 'n Goeie lewenstandaard impliseer immers onder andere materialistiese besittings.

#### 4.3.2.1.5 Die onderwyser se resultate

66% Van al die respondente se mening is dat die gehalte werk wat die .....

onderwyser lewer, soos gereflekteer word in die resultate wat hy met sy leerlinge behaal, beslis sal bydra tot die status wat hy handhaaf.

Die oortuiging dat 'n onderwyser se resultate sy stauts kan beïnvloed, word beleef deur al die subgroepe, maar analise van die gegewens toon dat die persentasies groter is by

1. mans as dames, op die 1% vlak van betekenisvolheid;
2. hoërskool- as laerskoolonderwysers, op die 20% vlak van betekenisvolheid;
3. professionele beroepsbeoefenaars<sup>8)</sup> as die totale onderwysersgroep, op die 20% vlak van betekenisvolheid en
4. studente as leerlinge, ook op die 20% vlak van betekenisvolheid.

Die afleiding wat hier gemaak kan word, is dat die gemeenskap behep is met die goeie onderwyser en dat daar vordering moet wees sover dit hulle kinders betref. Geen groter vreugde sal die ouerhart verbly as juis die feit dat sy kind se sukses te danke is aan die volharding en onbaatsugtige poging van sy suksesvolle onderwyser nie. Sou hierdie die werkwyse van die onderwyser wees, sal hy die hoogste agting en waardering toegeken word.

#### 4.3.2.1.6 Die vak wat die onderwyser onderrig

Dit blyk dat daar 'n gevoel onder 'n geringe meerderheid van al die respondente (49% teenoor 38%) is dat die gewildheid van die vak wat die onderwyser aanbied, hom 'n hoë aansien laat geniet; 'n gevoel wat ook byklank vind by die klerke (53%), die ouers (62%), die leerlinge (71%) en die studente (52%).

Blykbaar sien die meerderheid van die toetsgroep 'n korrelasie tussen die gewildheid van die vak en die sukses wat die onderwyser daarmee behaal. Slegs dit wat die kind intens interesseer, wat sy verbeelding intens aangryp, sal sy volgehoue belangstelling daarin en dus sy sukses verseker. Deur die sukses wat hy behaal as gevolg van die populariteit van sy vak, styg die onderwyser se status in die oë van die gemeenskap.

#### 4.3.2.1.7 Die onderwyser se vriende

61% van al die respondente is van mening dat die onderwyser se keuse van vriende sy status bepaal. Feitlik al die subgroepe steun hierdie mening, maar die volgende groepe beleef dit sterker:

1. Studente as leerlinge, op die 5% vlak van beduidendheid en
2. Ouers as klerke, op die 5% vlak van beduidendheid.

Die sienswyse wat hoofsaaklik deur die onderskeie groepe geopenbaar word, is dat die edel, die waardige en die aanvaarbare met goeie geselskap assosieer word. Die onderwyser wat verkies om in die kringe van die swakkeriges te sit, sal op neergesien word deur die gemeenskap en dus 'n lae status toegeken word.

#### 4.3.2.1.8 Die onderwyser en buitemuurse aktiwiteite

Die meerderheid van die monster groep 53% stem saam dat die onderwyser wat aktief betrokke by buitemuurse aktiwiteite is, 'n hoë status geniet.

By ontleding blyk dit dat dieselfde mening naastenby ewe sterk by feitlik al die sub-groepe voorkom, te wete

1. Mans as dames, op die 1% vlak van betekenisvolheid;
2. hoërskool- as laerskool onderwysers, op die 20% vlak van betekenisvolheid en
3. studente as leerlinge op die 10% vlak van betekenisvolheid.

Dit blyk dat die publiek nie die pligte van die onderwyser van sy naskoolese betrokkenheid wil skei nie. Heel moontlik wil hulle te kenne gee dat die kind nie net akademies nie, maar ook kultureel, in die kreatiewe kunste en in sport opgevoed moet word.


Die onderwyser wat die kind ook na skool konstruktief besig kan hou, se moedige pogings sal nie ongesiens verby gaan nie. Sy waarde en wel sy status sal toeneem waar hy ookal dien.

#### 4.3.2.1.9 Die onderwyser en huisbesoek

'n Betekenisvol groot persentasie van 86% is hoog oortuig dat as 'n onderwyser af en toe by sy leerlinge se huise besoek aflê, dit sy aansien sal bevorder. Al die subgroepe beskou hierdie as 'n essensiële deel van 'n onderwyser se plig, maar die groepe wat sterker hieroor voel, blyk die volgende te wees:

1. Mans as dames, op die 10% vlak van beduidenheid;
2. laerskool- as hoërskoolonderwysers, op die 10% vlak van beduidendheid;
3. totale onderwysersgroep as die professionele beroepsbeoefenaars op naastenby die 20% vlak van beduidenheid en
4. ouers as klerke, op die 10% vlak van beduidendheid.

Dit wil voorkom asof die ouers wil hê dat die onderwyser meer waarde aan die kind se huislike omstandighede moet heg. Moontlik wil die ouers ook die verlange uitspreek dat hul kinders tuis aangemoedig word om daardeur hul hand te sterk in die opvoeding wat hulle tuis aanwend.



#### 4.3.2.1.10 Die onderwyser se beroepsaktiwiteite

61% van die totale groep is oortuig dat die onderwyser se betrokkenheid by beroepsaktiwiteite sy status bepaal. Die meerderheid van al die subgroepe stem saam dat die onderwyser se betrokkenheid by sulke aktiwiteite in sy daaglikse taak vervleg moet wees.

Ontleding toon dat die volgende groepe meer saam stem dat 'n onderwyser se beroepsaktiwiteite sy status kan beïnvloed:

1. Mans as dames, betekenisvol op die 1% vlak;
2. studente as leerlinge, betekenisvol op die 20% vlak en
3. ouers as klerke, betekenisvol op die 10% vlak.

Dit is voor die handliggend dat waar daar met die ouergemeenskap kontak gemaak en leiding gegee kan word, soos bv. by oueronderwyser=



vergaderings en sportvergaderings, is geleentheid wat 'n onderwyser se status in die oë van die gemeenskap sal laat toeneem.


#### 4.3.2.1.11 Die onderwyser en kerklike pligte

Die meerderheid van al die respondente (46% teenoor 38%) glo dat as 'n onderwyser eers aktief betrokke by kerklike aangeleenthede is, sy status sal styg.

Analise toon dat die volgende subgroepe voel dat die onderwyser meer by kerklike aangeleenthede betrokke moet wees om daardeur sy status te verryk:

1. Mans as dames, betekenisvol op die 20% vlak en
2. ouers as klerke, betekenisvol op die 1% vlak.

Die gedagte wil deurskemer dat die onderwyser nie afsonderlik van die gemeenskap moet staan nie. Hy moet in al sy aktiwiteite deel, betrokke by die opheffing van die gemeenskap wees en sy belange op die hart dra.



Die onderwyser wat sodanig sy plek in die gemeenskap volstaan, sal 'n hoër status beklee in die gemeenskap waarin hy dien.

#### 4.3.2.1.12 Professionele gedrag van 'n onderwyser

'n Betekenisvolle meerderheid (90%) van al die respondente reken dat die professionele gedrag van 'n onderwyser, beslis 'n bepalende faktor vir sy status is.

Al die groepe dui met groot persentasies aan – in die meeste gevalle met 90% en plus – dat die professionele (korrekte) gedrag van 'n onderwyser, beslis 'n bepalende faktor vir sy status is. Die leerlinge is die enigste groep wat minder as 90% "ja"-antwoorde gegee het.

Die gegewens maak dit baie duidelik dat al die sektore van die gemeenskap die onderwyser met geen ander gedrag kan vereenselwig nie. Sy

gedrag moet net professioneel, korrek en opreg wees en niks anders nie. Sou hy nie aan hierdie ideale van die gemeenskap kan voldoen nie, sal sy status ingeboet word.

#### 4.3.2.1.13 Die onderwyser en sy karakter

Die respondente stem tot 'n groot mate saam dat die karakter, reputasie en 'n "skoon" naam, 'n onderwyser se status bepaal. 87% van die totale groep reken dit is die geval.

By verdere analise word dit getoon dat karakter 'n faktor vir 'n onderwyser se status is by al die subgroepe, maar dat die gevoel daaromtrent sterker beleef word by die volgende groepe:

1. Mans as dames, betekenisvol op die 20% vlak;
2. studente as leerlinge, betekenisvol op die 1% vlak en
3. ouers as klerke, betekenisvol op die 10% vlak.

As 'n onderwyser alles wat mooi, goed en reg in 'n kind na vore moet bring, is dit te verstane dat hy self daardie deugdes eie in sy lewe moes gemaak het. Dit is ondenkbaar dat 'n onderwyser 'n edele karakter by 'n kind kan inskerp, as sy eie karakter mank daaraan gaan. 'n Onderwyser met 'n onverkwiklike karakter sal nie die respek van die gemeenskap kan verower nie.

#### 4.3.2.1.14 Die drankgebruik en rookgewoontes van 'n onderwyser

'n Groot meerderheid van die totale groep stem volkome saam dat die drankgebruik en rookgewoontes wel die onderwyser se status beïnvloed. Verdere ontleding bring aan die lig dat al 'die subgroepe met 'n meerderheid van "ja"-antwoorde aandui dat hulle die invloed van hierdie faktor sterk beleef, veral die volgende drie:

1. Dames as mans, beduidend op die 1% vlak;
2. hoërskool- as laerskoolonderwysers, beduidend op die 5% vlak;
3. klerke as ouers, beduidend op die 1% vlak.

Volgens mediese en wetenskaplike bevindinge en navorsing is beide hierdie gewoontes/gebruike nadelig vir die menslike liggaam, feite wat 'n opgeleide onderwyser behoort te weet. As die onderwyser veronderstel is om gesonde gewoontes by die kind te kweek en hy homself skuldig maak aan hierdie gebruike, dan sal enige van sy vermanings aan kinders ten opsigte van die gevare van die gebruik daarvan bevestigte word.

Die maatskaplikewerker sal meer kan bewys watter verwoestende effek die oormatige gebruik van sterk drank op 'n gesin kan hê. Die euwels wat gepaard gaan met die misbruik van veral drank is so verdoemend, dat nie eens die onderwyser verskoon kan word as hy nie as die regte voorbeeld vir sy kinders kan optree nie.

Die ouers vereis dat net die mooiste en die skoonste in die lewe vir hul kinders voorgehou moet word en as 'n onderwyser hulle in hierdie opsig teleurstel, sal sodanige onderwyser se aansien aansienlik daal.

#### 4.3.2.1.15 Netheid van die onderwyser

Bykans die helfte van die respondente reken dat deur net op sy persoon te wees, 'n onderwyser hoër status sal geniet. Die ouers (90%), die klerke (77%) en die professionele beroepe (59%) spreek hulle sterk ten gunste hiervan uit.

Die ouers verwag dat die onderwyser professioneel gekleed in sy diens moet wees. Na skool kan hy gerieflike klere aantrek, natuurlik binne die perke van algemene ordelikheid en welvoeglikheid. Enige vorm van onnetheid, slordigheid of onmaaklikheid sal sekerlik nie geduld word nie en sodanige "oortreders" sal in die onguns van die gemeenskap kom.

#### 4.3.2.1.16 Die onderwyser en sy dissipline

Driekwart van al die respondente wil dit sterk beklemtoon dat die onderwyser wat dissipline sowel in die skool as buite kan handhaaf, hoër status geniet. Hierdie hoër response ten opsigte van goeie

dissipline, word ook deurgaans by al die subgroepe weerspieël.

Ontleding toon dat die verhouding tussen die onderskeie groepe wat positief gereageer het, as volg is:

1. Mans as dames, betekenisvol op die 20% vlak;
2. hoërskool- as laerskoolonderwysers, betekenisvol op die 1% vlak en
3. professionele beroepsbeoefenaars as die totale onderwysersgroep, betekenisvol op die 5% vlak;
4. studente as leerlinge, betekenisvol op die 1% vlak en
5. ouers as klerke, betekenisvol op die 5% vlak.

Die gegewens maak dit baie duidelik dat die gemeenskap nog steeds glo dat die onderwyser die handhawer van streng dissipline moet wees. Daarby wil hulle impliseer dat die roede nie agterweë gelaat moet word nie, maar vryelik gebruik word wanneer billike, oordeelkundige en regverdigte straf toegedien moet word.

#### 4.3.2.1.17 Die onderwyser as 'n leierfiguur

'n Oorweldigende meerderheid respondente (80%) meen dat deur 'n leierfiguur te wees in die klas en samelewing, die onderwyser se status bepaal. Al die subgroepe reken dat dit wel die geval is. Die groepe wat hulle hieroor sterk uitlaat is die klerke (89%), die professionele beroepsbeoefenaars (86%), die ouers (84%), die onderwysers (81%) en die studente (81%). Die steun wat van die leerlinge verkry word, is eweneens sterk, maar hul meerderheid is benede die 80%-merk.

Wat hier blykbaar geopenbaar word, is dat almal in 'n sterk leierfiguur glo, iemand wat op 'n uiters verantwoordelike wyse voor kan vasvat in die klas en buite in die samelewing.

Die gemeenskap wil na 'n onderwyser opsien as 'n gesaghebbende, as 'n persoon wat leiding kan gee waar dit die nodigste en belangrikste is. Die onderwyser se status sal slegs kan toeneem as hy oor hierdie ken-

merk beskik.

#### 4.3.2.1.18 Die onderwyser en beroepstrots

80% van die totale groep is oortuig dat beroepstrots belangrik vir die status van 'n onderwyser is.

Die meerderheid van al die subgroepe stem volkome hiermee saam, veral die:

1. hoërskool- as laerskoolonderwysers, betekenisvol op die 5% vlak en
2. studente as leerlinge, betekenisvol op die 20% vlak.

Dit is geen verbasing dat die gemeenskap beroepstrots met hoë status assosieer nie. Dit sal ondenkbaar wees om 'n beroep te beoefen en nie besiel daarmee te wees nie. Die belanglose en laat gods-water-oor-gods-akker-loop-persoon kan onberekenbare skade aan ongevormde kindertjies berokken en dit kan selfs gedebatteer word of hy in die onderwysprofessie hoort. Sulke onderwysers sal nooit die hoë agting van die gemeenskap wegdra nie.

#### 4.3.2.2 Faktore wat tot die lae aansien van die onderwyser gelei het

Die data toon dat die volgende faktore moontlik aanleiding tot die lae aansien van die onderwyser kon gegee het.

##### 4.3.2.2.1 Toediening van lyfstraf

Van al die proefpersone meen 50% dat die doeltreffendheid van die onderwyser benadeel word deurdat hy deesdae nie meer lyfstraf kan toedien soos voorheen nie. 65% van die onderwysers en 66% van die klerke steun hierdie standpunt baie sterk. Die ouers, 56% van hulle, gaan akkoord met die meerderheidsgevoel van die proefgroep, maar daar moet opgelet word dat bykans 'n kwart van die ouers nie hiermee saamstem nie. Die lede van die professionele beroepe blyk meer versigtig met hierdie vraagstuk te wees, aangesien slegs 52% saamstem.

Die "nee"-stemme van al die subgroepe en veral die leerlinge en studente, wil impliseer dat die beperkinge wat ten opsigte van die toediening van lyfstraf opgelê is, nie as rede vir die afname van die leerkrag se doeltreffendheid beskou moet word nie. Blykbaar wil hulle te kenne gee dat daar wel onderwysers is wat hulle nie by die regulasies vir die toediening van lyfstraf hou nie.

Nadere analise van die gegewens toon dat die oorgrote meerderheid van die ou garde, en hier word veral na die onderwysers, ouergemeenskap en lede van die professionele beroepe verwys, nog vaskleef aan die gedagte dat die goeie onderwyser die een is wat nie sal huiwer om die rottang te gebruik nie. Na hom was opgesien, want hy was die beste in staat om dissipline op hul kinders af te dwing. Noudat die onderwyser lyfstraf nie meer so vrylik kan toedien nie, beskou hierdie groep dit as 'n faktor wat blykbaar tot sy lae aansien bygedra het.

#### 4.3.2.2.2 Agting vir die onderwyser

Sonder enige uitsondering dui al die groepe hul gevoel aan dat die onderwyser deesdae minder agting afdwing omdat hy nie meer na opgesien word soos voorheen die geval was nie. As na die groot meerderheid gekyk word: klerke - (83%), beoefenaars van die professionele beroepe - (75%), onderwysers - (69%) en ouers - (64%), bestaan daar geen twyfel dat die onderwyser 'n mate van aansien verloor het as gevolg van die feit dat hy deesdae nie meer met dieselfde agting bejeën word nie.

#### 4.3.2.2.3 Die onderwyser as die enigste alwetende

Met 'n meerderheid van "ja"-antwoorde stem die respondente van al die groepe saam dat die onderwyser deesdae minder aansien geniet omdat hy nie meer die enigste alwetende in die samelewing is nie. 58% van al die respondente beleef dit sterk. 'n Moontlike rede vir hierdie sienswyse is die feit dat die opvoedingspeil van die gemeenskap nie meer so laag is as voorheen nie en dat die sukkelaar met sy probleme na ander bekwame persone kan gaan en nie net na 'n onderwyser nie.

Die onmisbaarheid van die onderwyser wat eers 'n kenmerk van die gemeenskap was, het verdwyn en daardeur ook die hoë aansien wat hy geniet het.

#### 4.3.2.2.4 Die onderwyser en moderne media

Al die groepe dui met 'n meerderheid van stemme aan dat dit blyk 'n feit te wees dat moderne media as 'n bron van informasie die kind sodanig geskool het dat hy sy onderwyser se tekortkominge gou kan agterkom. 53% van die onderwysers wil egter nie met hierdie bewering saamstem nie.

Die groot persentasies leerlinge en studente wat die bewering steun, (66% leerlinge en 62% studente), het glo al ontdek dat die onderwyser nie die enigste bron van informasie is nie. Opvoedkundige programme oor die radio en televisie asook leersame artikels wat in tydskrifte verskyn, dien moontlik as getuienis wat hul mening sal staaf.

Die moment wat dit as 'n feit aanvaar word dat daar wel alternatiewe bronne van kennis in eksistensie is, verloor die onderwyser daardie unieke kenmerk om as die enigste bron van informasie bekend te staan en verloor hy dan ook die status wat hy beklee het.

#### 4.3.2.2.5 Die keuring van persone vir die onderwysberoep

'n Groot meerderheid (65%) van al die respondente voel die keuring van persone vir die onderwysprofessie nie op 'n wetenskaplike en sistematiese grondslag geskied nie, met die gevolg dat persone met geen roepingsbewustheid in die professie gevind word.

Alhoewel die behoefte aan 'n effektiewe keuringsproses deur al die subgroepe beleef word, toon 'n analise dat die verhouding groter is by:

1. mans as dames, beduidend op die 5% vlak en
2. hoërskool- as laerskoolonderwysers, beduidend op die 1% vlak en
3. studente as leerlinge, beduidend op die 1% vlak.

Hierdie feit is kommerwekkend veral as in ag geneem word dat die



onderwysers en studente alreeds die keuringsproses deurgemaak het, en oor eerstehandse kennis beskik oor watter leemtes in die prosedure bestaan. Die besef dat die onderwysberoep nie in die keuring en werwingstadia gesuiwer kan word nie, laat die vraag ontstaan of dit 'n hoë status toegeken kan word.

#### 4.3.2.2.6 Werwing van onderwysers

Die meerderheid van al die groepe is dit eens dat die werwing van rekrute vir die professie deur die meer aantrekliker materiële voordele van die private sektor gekortwiek word.

Dit is die siening van die meerderhede van al die subgroepe.

Daardie groepe wat sterker hieroor voel realiseer as volg:

1. mans as dames, beduidend op die 5% vlak;
2. totale onderwysersgroep as professionele beroepsbeoefenaars, beduidend op die 20% vlak;
3. studente as leerlinge, betekenisvol op die 1% vlak en
4. ouers as klerke, betekenisvol op die 10% vlak.

Die afleiding kan gemaak word dat die beste kandidate deur die private sektor deur aantrekliker diensvoorwaardes gelok word. Die onderwyser self sal hiervan terdeë bewus wees aangesien hulle sal weet watter kaliber onderwyser hulle in hul midde aantref en so ook die ouer wat die gehalte van die onderwyser wat sy kind onderrig, sal kan peil.

Sou die onderwysberoep 'n toevlugsoord vir die minder suksesvolle kandidate wees, sal dit 'n bydraende faktor tot sy lae aansien wees.

#### 4.3.2.2.7 Skoolreëls

Al die groepe wil die blaam vir die afname van die aansien van die onderwyser op verslakte skoolreëls plaas. Selfs die meerderheid van die studente (58%) en leerlinge (49%) steun hierdie mening sterk.

Die gevolgtrekking wat hier gemaak kan word, is nie dat 'n verwatering van skoolreëls plaasgevind het nie, maar eerder dat dit nie konsekwent

toegepas word nie. Daar kan eerder van 'n verslapping in die toepassing van skoolreëls gepraat word. Sou dit die geval wees, dan het die skool sy karakter verloor en die onderwyser sy aansien.

#### 4.3.2.2.8 Die onderwyser se dissipline

Meerderhede wat 60% te bowe gaan wat by feitlik al die groepe opgemerk word, meen dat die effektiwiteit van die onderwyser se vermoë om dissipline te handhaaf deur die moderne permissiwiteit belemmer word. Die groepe wat hul steun ten opsigte van hierdie siening die sterkste uitspreek is:

1. studente as leerlinge, beduidend op die 20% vlak en
2. ouers as klerke, beduidend op die 20% vlak.

Die syfers toon dat alle sektore van die gemeenskap bewus is van die moderne tendens van die jeug om in verzet teen die norme en standaarde van die maatskappy te kom en daardeur die onderwyser se gesag te ondermyn en wat inderdaad 'n faktor is wat tot sy swak aansien gelei het.

#### 4.3.2.2.9 Die staat en die onderwys

Al die groepe toon aan met 'n meerderheid van "ja"-antwoorde dat hulle seker is dat daar aanduidings is dat die staat nie genoeg neem met die swak aansien wat die onderwysbeeld hedendaags aangeneem het nie. Die subgroepe wat dit sterk beleef, is die ouers (66%) en die studente (61%).

Hierdie sienswyse het moontlik ontstaan nadat die skool deur omstandighede in 'n politieke arena verander is, en die staat geen steun ongeroer laat om toestande by skole te normaliseer nie.

In die gedaanteverwisseling wat die skool ondergaan het, het die aansien van die onderwyser sover dit die staat betref, ook in die slag gebly.

#### 4.3.2.2.10 Die onderwyser en burokrasie

45% van die onderwysers voel oortuig dat die burokratisering van

die onderwys die inisiatief van die onderwyser in 'n mate versmoor het, met die gevolg dat sy status daardeur nadelig beïnvloed is. As daar na die geringe 12% "nee"-stemme van die onderwysers gekyk word, kan tot die konklusie gekom word dat hierdie 'n aktuele aangeleentheid is wat die onderwyser voel wat sy beeld skaad en sy aansien nadelig tref.

#### 4.3.2.2.11 Salarisse

Die meerderheid van die proefgroep se mening is dat die onderwyser van vandag se behepthed met salarisse, die beeld van die onderwys nie tot eer strek nie.

'n Ontleding van die gegewens dui 'n sterk gevoel onder 'n meerderheid van die respondente aan dat die onderwyser materiële gewin jag.

Die groepe wat hierdie mening sterk onderskraag, is as volg:

1. hoërskool- as laerskoolonderwysers, betekenisvol op die 1% vlak;
2. professionele beroepsbeoefenaars, betekenisvol op die 20% vlak;
3. studente en leerlinge, betekenisvol op die 20% vlak en
4. ouers as klerke, betekenisvol op die 5% vlak.

As dit die tendens is, dan sal dit sekerlik nie die aansien van die onderwyser bevorder nie. Die gemeenskap sal meer respek hê vir die onderwyser wat die diensmotief voorop stel.

Hier moet ook na die keersy van die argument gekyk word. Die 44% van die onderwysers wat nie die mening van die meerderheid van al die respondente steun nie, kan nie sonder meer vir hul negatiewe standpunt gekritiseer word nie. Dit is immers so dat elke persoon vir sy dienste vergoeding wil ontvang en dat dit goed moet vergelyk met dit wat lede van ander beroepe ontvang.

Die betrokke onderwysers se behepthed met salarisse sal sekerlik nie uitsluitlik op 'n winsmotief gemik wees nie, maar eerder om 'n aanvaarbare lewenstandaard te handhaaf.

#### 4.3.2.2.12 Administratiewe pligte van die onderwyser

Die meerderheid van die onderwysers (58%) spreek die gevoel van die meerderheid van al die respondente (47%) uit dat al die administratiewe verpligtinge wat aan 'n onderwyser opgedra word, eintlik sy primêre plig om les te gee, beperk.

Die enigste afleiding wat hier gemaak kan word is dat die onderwyser nie nog met nie-kurrikulêre verpligtinge en enige ander rompslomp belas moet word nie. Sou hierdie addisionele verpligtinge verwyder word en die onderwyser se werkklas daardeur verlig word, sal die onderwyser se primêre plig om onderwys te gee, moontlik op 'n doeltreffender wyse kan geskied om daardeur verlore aansien te herwin.

#### 4.3.2.2.13 Pligsgetrouheid van die onderwyser

Die 49% van die toetsgroep wat reken dat vandag se onderwyser die dae tel wanneer dit weer vakansie sal wees, bevraagteken die pligsgetrouheid van die onderwyser. Nog meer onrusbarend is die feit dat 30% van die onderwysers met hierdie mening saamstem. Heel moontlik konstitueer hierdie onderwysers 'n groot deel van die groep onderwysers wat te kenne wil gee dat die addisionele administratiewe verpligtinge 'n groter werkklas op hulle plaas en daarom word daar na 'n vakansie uitgesien.

Uit die oogpunt van die breër publiek gesien, sal 'n tendens van onderwysers om die dae na die volgende vakansie te tel, beskou word as 'n gebrek aan werkywer en pligsgetrouheid en wat ook aanleiding tot hul lae aansien sal gee.

#### 4.3.2.2.14 Onderwyser-leerlingverhouding na skool

Die oorwig "ja"-antwoorde, verteenwoordigend van feitlik al die groepe, toon duidelik aan dat daar gereken word dat die onderwyser nie meer veel bekommerd is oor die doen en late van die skoolkind na skool nie.

Die skrywer moet tot die gevolgtrekking raak dat die gemeenskap nog gesteld is op persoonlike kontak tussen onderwyser en leerling na skool en dat die onderwyser se belangstelling in die kind nie moet eindig wanneer die skoolklok die einde van die skooldag aandui nie. As die onderwyser in gebreke bly om aan die ouer se verwagtinge te voldoen, sal sy aansien ernstig benadeel word.

#### 4.3.2.2.15 Die werksdag van die onderwyser

Alhoewel die meerderheid van al die proefpersone nie saamstem met die bewering dat die onderwyser nooit oor die feit kla dat hy slegs vir 'n halwe dag werk nie, is daar van die subgroepe wat met 'n meerderheid van "ja"-antwoorde aandui dat hulle glo dat dit wel die geval is. Die subgroepe wat so reken is die lede van die professionele beroepe (55%), die klerke (66%), die studente (57%) en die leerlinge (54%).

Die verskille in die verhouding van daardie groepe wat meer saamstem dat die onderwyser nooit kla oor 'n halwe dag se werk nie, is die volgende:

1. mans en dames, beduidend op die 1% vlak;
2. hoërskool- as laerskoolonderwysers, beduidend op die 10% vlak;
3. professionele beroepsbeoefenaars as die totale onderwysersgroep, beduidend op die 5% vlak en
4. klerke as ouers, beduidend op die 20% vlak.

Wat hiervan afgelei kan word, is dat daar 'n groot deel van die maatskappy is wat onder die indruk verkeer dat 'n onderwyser se taak nie veeleisend kan wees nie, aangesien hy slegs vir 'n halwe dag werk. Die onderwyser se aansien sal deur hierdie groep ook nie hoog geag word nie.

#### 4.3.2.2.16 Respek vir die onderwyser

Eenstemmigheid word deur al die groepe bereik in hul geloof dat die gemeenskap nie veel respek vir die onderwyser het nie en dat dit by=

gedra het tot die lae aansien wat deesdae jeens die onderwysbeeld gekoester word. Dit is interessant om op te merk dat 59% van die onderwysers hiermee saamstem.

Sekerlik is dit nie net een faktor wat verantwoordelik vir die afname van respek vir 'n onderwyser is nie. Al die faktore wat alreeds in hierdie hoofstuk genoem is, kan moontlik daartoe aanleiding gee het.

#### 4.3.2.2.17 Die onderwyser se taak

Die groot persentasie "ja"-antwoorde wat by elk van die onderskeie groepe aangetref word, is 'n duidelike aanduiding dat daar gereken word dat die hedendaagse onderwyser meer en meer gedwing word om sy benadering tot die onderwys eksamen-gerig aan te pas as om na die geestelike en morele opheffing van sy leerlinge om te sien. Die subgroepe wat hulle hieroor sterk uitspreek, is die onderwysers (70%), studente (72%) en klerke (66%) en die ouers (62%). Moontlike redes vir die sterk standpunt van die onderwysers, kan die burokratisering van die onderwys wees en die verdrewe nadruk wat op eksamenuitslae gelê word.



Die gemeenskap se probleem spruit voort uit die tendens van hul kinders om meer en meer af te wyk van die aanvaarde sosiale norme. Die rede vir hierdie afdwaling wil die ouers toeskryf aan die feit dat die skool die geestelike en morele opheffing van hul kinders nie genoeg beklemtoon nie, 'n faktor wat die aansien van die onderwyser nie ten goede strek nie. Dit blyk dat die ouergemeenskap wil hê dat die onderwyser se benadering tot sy onderrigtaak moet ruimer fokus hê as bloot op eksamensgerigtheid.

#### 4.3.2.2.18 Gewildheid van die onderwysberoep

Ten spyte van al die faktore wat die aansien van die onderwyser negatief beïnvloed, sal die geringe meerderheid van al die respondente (39% teenoor 38%) hul kinders aanraai om eendag onderwyser te word. Heel moontlik ontstaan hierdie gedagte as gevolg van ekonomiese faktore wat die ouers in ag neem. Beurse vir die opleiding van onderwy-

sers is maklik bekombaar en dan ook vind die ouers die keuring=proses iets wat nie gevrees behoort te word nie.

#### 4.4 Die onderhoud

Uit die Kleurlingpopulasie van Ceres is 'n toevalmonster van 330 getrek met wie onderhoude gevoer is. Die onderhoudsrespondente is in drie kategorieë onderverdeel naamlik:

- a. 200 ouers wat ook lede van die onderskeie skoolkomitees ingesluit het.
- b. 105 hoërskool- en laerskoolonderwysers.
- c. 32 prinsipale van laerskole en  
3 bestuurders wat toesig oor  
14 primêre skole hou, almal kleinerige plaasskooltjies.

Die redes waarom die skrywer tot hierdie keuse van monster besluit het, is die volgende:

- a. Die ouers verteenwoordig 'n aantal beroepe in die samelewing en vorm ook 'n integrale deel van die gemeenskap waarin 'n onderwyser sy dienste lewer. Die onderwyser se verantwoordelikhede en aktiwiteite binne die gemeenskap kan hoegenaamd nie van die betragting van die gemeenskap geïsoleer word nie en sy waarde nie die ouer se taksering vryspring nie. Hierdie opinie of sienswyse wat die ouers jeens die onderwyser koester, sal 'n barometer van die waarde (hoog of laag) wat die ouers aan sy status toeken, wees.
- b. Die aandeel van die onderwysers se sienswyse in die ondersoek is uiters belangrik, aangesien hulle die kern van die tema vorm waaroor die ondersoek juis gaan. Die onderwyser word in 'n posisie geplaas om sy standpunt ten opsigte van bewerings wat oor sy status gemaak word te stel en 'n eerlike opinie te gee van presies wat sy gevoelens oor sy status is.
- c. Die belangrikheid van die prinsipale en bestuurders van skole en betrokkenheid by hierdie ondersoek, is gesetel in die feit dat



hulle in noue kontak met die assistent-onderwyser en sy probleme staan en dus 'n bevredigende bydrae tot die ondersoek kan lewer. Die mening wat deur veral die prinsipale uitgespreek word, sal in 'n mate verteenwoordigend wees van die sienswyse van 'n groot groep onderwysers wat onder hulle (die prinsipale) diens doen.

#### 4.4.1 Ontleding

Die skedule (sien Bylae B) vir die ouers het 'n reeks sleutelvrae wat verband hou met die status van die onderwyser soos byvoorbeeld die professionele vlak van die onderwysers, bevat.

Gerieflikheidshalwe is die vrae in vier algemene groepe verdeel. Die eerste is heterogeen wat betrekking het op 'n verskeidenheid van gesindhede jeens die onderwyser. Die tweede groep hou hoofsaaklik verband met die gemeenskapsaktiwiteite van die onderwyser; die derde handel oor sy professionele status; en die vierde oor sy finansiële toestand.

Die vrae wat aan die onderwysers gestel is, het hoofsaaklik gegaan oor hul salarisse, tuisbesoek en buitemuurse aktiwiteite, knelpunte wat hul onderwystaak bemoeilik, bevorderingsaangeleenthede en hul aftrede.

Die vrae aan die prinsipale van kleinerige skooltjies en die bestuurders van skole, was van 'n algemene aard. Die respondente is die geleentheid gebied om openhartig oor onderwysaangeleenthede uit te wei. Die rede vir hierdie werkswyse is om 'n breër perspektief van die onderwys te kry en is ook spesiaal daarop gemik om eerstehandse informasie in te win oor hoe die onderwyser by sy werksituasie in 'n plattelandse gebied inskakel.

#### 4.4.2 Die voer van onderhoude

Soos vermeld is die onderhoude in die privaatheid van die wonings van die respondente gevoer nadat hulle vooraf verwittig is van 'n besoek wat aan hulle gebring sou word en die redes vir die besoek aan

hulle duidelik gemaak is. Tydens die onderhoud is die respondente gelei deur aan hulle die sleutelvrae te stel sodat hulle in 'n mate tot die vooropgestelde riglyne van die onderhoud beperk is, maar nietemin is hulle om kommentaar gevra in die ope vrae. Die onderhoudsdata wat verkry is, is getabuleer en opgestel in tabel 54.

#### 4.4.3 Afleidings en bevindinge

##### 4.4.3.1 Ten opsigte van die ouers

##### 4.4.3.1.1 Gesindhede teenoor onderwysers

##### 4.4.3.1.1.1 Die vriende van onderwysers

Die eerste vraag in hierdie groep was: "Is u bevriend met enige onderwysers?"

Van die 200 respondente was 68% met een of ander onderwyser bevriend terwyl 29,5% van hulle geen vriendskapverbintenisse met onderwysers op daardie stadium gehad het nie. 2,5% van die respondente het geen antwoord op hierdie vraag verskaf nie.

Volgens die data is dit duidelik dat onderwysers nie op grond van sosio-ekonomiese of enige ander diskriminerende kriteria hul vriendskapsbande baseer nie. Hulle maak vriende met persone laer af in die stratifikasie van die gemeenskap.

Die volgende vraag was in noue verband met die eerste: "As daar nie onderwysers onder u vriende tel nie, sal u 'n onderwyser in u vriendekring verwelkom?"

Nagenoeg 2,2% het laat blyk dat hulle nie onderwysers as lede van hul groep verwelkom nie. Die antwoord van hierdie vyf persone dui in die algemeen aan 'n gebrek aan 'n gemene verbond met onderwysers.

Ten opsigte van die vraag: "Wie die onderwyser se vriende moet wees" was die persentasieverspreiding van die antwoorde as volg: 2% het gemeen slegs vooraanstaande persone, 2% het gemeen onderwysers moet mekaar se vriende wees terwyl 96% gemeen het dat enige individu uit die gemeenskap die vriend van 'n onderwyser mag wees.

Daar die ouer dié belangrikste vennoot is van die onderwyser in die opvoedende onderwys, is dit verblydend en gerusstellend dat 94% van die respondente (ouers) ja geantwoord het op die vraag: "Moet die ouer die onderwyser as sy vriend sien sodat hulle mekaar kan vertrou?" Slegs 4 respondente (2,2%) het nee geantwoord, terwyl 9 respondente (4,5%) geen antwoord hierop verskaf het nie, wat heel moontlik toegeskryf kan word aan 'n kombinasie van sosio-ekonomiese omstandighede en algehele apatie.

Die gegewens bring dit duidelik na vore dat die gemeenskap meer sosiale verkeer met onderwysers sal verwelkom. Dat die onderwysers as 'n afsonderlike statusgroep moet bestaan, blyk nie aanvaarbaar vir die ouers te wees nie. Daar kan dus met groot vertroue staatgemaak of verwag word dat voortgebou kan word op 'n gesonde, progressiewe projeksie van die ken-, weet- en vertrouensverhouding.

#### 4.4.3.1.1.2 Kontak tussen onderwyser en ouer

Wat persoonlike kennis van hul kinders se vakleerkragte betref, ken slegs 53,5% van die respondente hul kinders se leerkragte terwyl 46,5% geen persoonlike kennis het nie.

Aansluitende by bogenoemde toon die statistiek dat wat genoegsame kontak betref, 13% van die respondente voel dat daar genoeg geleentheid vir fisiese kontak is, terwyl 82% voel dat daar te min kontak tussen ouer en onderwyser is en 5% geen antwoord gemaak nie.

99% van die respondente meen dat daar meer geleentheid vir formele kontak tussen ouers en onderwysers moet wees terwyl 1% meen dat meer kontak irrelevant is.

Op die vraag of die ouer ouer-onderwysersvergaderings bywoon, het die respondente as volg geantwoord:

25,5% woon die vergaderings gereeld by, 56% woon dit soms by en 18,5% woon sodanige byeenkomste glad nie by nie.

Die data toon dat daar ruimte vir meer kontakgeleenthede tussen primêre en sekondêre opvoeders is. Verder is dit duidelik dat ouers

verwag dat leerkrigte geleentede moet skep vir nadere kennismaking. Dit moet egter onthou word dat die meeste ouers werkers is en die meeste van hulle in skofte by fabrieke werk, veral gedurende die vrugte-seisoen. Vir die meeste van hulle sal dit herhalwe onmoontlik wees om ouer-onderwysersvergaderings gereeld by te woon tensy defintiewe reëlins daarvoor deur die skool getref kan word.

#### 4.4.3.1.1.3 Wat van die onderwysers verwag word

Of die onderwysers tuisbesoek moet doen meen 80,5% van die totale groep dat hulle van die onderwysers verwag om tuisbesoeke af te lê, 7,5% meen dis nie nodig nie en 7% het nie hierop geantwoord nie. Die respondente voel besonder sterk daaroor dat die leerkrigte tuisbesoeke moet aflê.

Wat die verwagting van die respondente van die leerkrigte van 'n hoërskool betref, teenoor hul verwagting van primêre skool leerkrigte, meen 64% van die respondente dat hulle hoër verwagtinge van hoërskool leerkrigte koester, 35,5% meen dis nie belangrik nie en 0,5% wou geen antwoord waag nie.

Die respondente verwag meer van 'n hoërskool se leerkrigte as die primêre skool leerkrigte. Dit mag wees dat die ouer besef dat die groter kind meer leiding nodig het as die jonger een.

Op die vraag of die respondente dink dat die leerkrigte hul plig teenoor die leerlinge nakom, is 47,5% van mening dat dit die geval is, 24,5% meen dit is nie die geval nie terwyl 28% onseker is.

Dis kommerwekkend dat meer as die helfte van die respondente (52,5%) of onseker of beslis seker is dat die leerkrigte nie hul plig teenoor leerlinge nakom nie. Moontlik spruit hierdie gevoel voort uit die mening dat die onderwyser minder buitemuurs betrokke met die kind is en nie te veel belangstel in die kind se huislike omstandighede nie.

"Voldoen die onderwyser aan die ouer se verwagtinge?"

Volgens die data toon 56,5% van die respondente aan dat die leerkrigte aan die leerlinge se ouers se verwagtinge voldoen, 37% meen dis nie

die geval nie en 6,5% het geen antwoord verskaf nie.

Soos die vorige is hierdie ook 'n ongesonde respons deurdat 43,5% van die respondente meen of onseker was of die onderwyser aan hul verwagtinge as ouers voldoen.

#### 4.4.3.1.1.4 Die gedrag wat van 'n onderwyser verwag word

In die meeste van die ondersoeke word tot die gevolgtrekking gekom dat die publiek 'n besondere hoë standaard van gedrag van die onderwyser verwag. Enkele vrae in hierdie ondersoek het op die vraagstuk ingegaan. Die eerste vraag is as volg gestel: "Moet die standaard van gedrag van onderwysers van dié van ander goeie burgers verskil?" Die antwoorde was: Ja, 37%; nee, 46,5%; geen antwoord, 16,5%.

Of die optrede van die onderwysers teenoor leerlinge algemeen aanvaarbaar is, stem 58% van die respondente ja, 23,5% nee en 18,5% lug nie 'n mening nie.

Oor die algemeen wil dit voorkom asof die onderwyser-leerling verhouding die goedkeuring van die ouers wegdra.

#### 4.4.3.1.2 Opinies aangaande die gemeenskapsaktiwiteite van onderwysers

##### 4.4.3.1.2.1 Gemeenskapsaktiwiteite

Die eerste vraag in hierdie groep was as volg geformuleer:

"Dink u dat die onderwysers genoeg op sport-, buitemuurse- of kulturele gebied vir die kind aanbied?"

Op hierdie steekproef het al die respondente as volg gereageer: 34,5% is tevrede met die huidige stand van sake; 62,5% voel egter dat die onderwyser meer op hierdie terrein moet doen; 3% blyk besluiteloos of onseker om rede hulle geen antwoord hierop verstrekket het nie. Dis dan opvallend dat die meerderheid respondente die mening toegedaan is dat die leerkrag die kind kultureel beter moet opvoed.

Die tweede vraag wat hierby aansluit, was die volgende: "Is die onderwysers na u mening genoeg betrokke in die samelewing?"

Die volgende was die reaksie van die respondente: Ja, 25%; nee, 51%; geen antwoord, 24%.

Dis weer eens opvallend dat die negatiewe menings omtrent die leerkrachtbetrokkenheid en -opoffering 'n getalle oorwig toon. Dit wil voorkom of die leerkracht te samelewingsongebonde is. Omtrent die 24% respondente wat geen antwoord gegee het nie, kan die afleiding gemaak word dat hulle blykbaar nie bewus is van die leerkracht se buitemuurse aktiwiteite nie of argumentshalwe self nie aan enige gemeenskapsaktiwiteite deelneem nie.

#### 4.4.3.1.2.2 Politieke aktiwiteite

Of onderwysers akteif aan die politiek mag deelneem as hy dit so verkies, het heelwat warm debatte al voortgebring. Uit die opname blyk dit dat die meerderheid geen besware het teen die politieke bedrywighede of oortuiging van die leerkracht nie. Dit is opmerklik aan die volgende steekproefresultaat: 43% keur dit goed; 23,5% voel gekant hierteen; 33,5% het geen kommentaar gelewer nie.

#### 4.4.3.1.3 Die status van die onderwyser

##### 4.4.3.1.3.1 Die beeld wat die onderwyser projekteer

Die vierde groep vrae onderneem om te bepaal watter aansien die onderwyser in die gemeenskap geniet en ook op verskillende wyses hoe die mense in die gemeenskap die onderwyser met persone in ander beroepe vergelyk.

Die eerste vraag in hierdie groep het as volg gelees: "Het u respek vir 'n onderwyser?" Van al die respondente was 90% van mening dat die onderwyser gerespekteer word; 8,5% was onseker en slegs 1,5% het nee geantwoord.


Die groot persentasie ja-antwoorde (90%) blyk die versekering te gee dat die gemeenskap nog groot respek vir die onderwyser het.

Die tweede vraag: "Sal u 'n onderwyser hoër ag as 'n dokter, 'n prokureur, 'n predikant of 'n bankbestuurder?" 23,5% van die respondente het gemeen dat die onderwyser hoër as byvoorbeeld 'n dokter, 'n prokureur, 'n predikant of bankbestuurder gereken moet word. 50,5% het nee gesê en 26% het geen mening gewaag nie.

Feitlik die helfte van die respondente meen dat die onderwyser nie dieselfde status handhaaf as die ander professionele beroepsbekleders nie. Slegs ongeveer 'n kwart van die respondente ag die onderwyser se status hoër.

Derde vraag: "Die beeld wat die onderwyser uitdra, is dit 'n voorbeeld vir toekomstige onderwysers?"

Die statistiek toon dat die onderwyser in 'n mate 'n goeie voorbeeld vir voornemende onderwysers is. 48% van die respondente het so gedink, 16% het negatief geantwoord en 36% het nie 'n mening uitgespreek nie.



Vierde vraag: "Handhaaf die onderwysers van u kind 'n goeie gepaste beeld in die gemeenskap oor die algemeen?" Persentasiegewys het die antwoorde van die respondente as volg daaruit gesien: 42% het gemeen dat dit nie altyd die geval is nie; 33,5% het ja gesê, 4,5% nee en 20% het geen antwoord op die vraag verskaf nie.

Hierdie toedrag van sake het geen goeie uitwerking op die status van die onderwyser nie. Die aansienlike persentasie respondente wat buite stemming gebly het, is ewe onrusbarend. Dit gee die indruk dat die respondente onseker kon wees of hulle oor die nodige kennis van die onderwyser se doen en late beskik om so 'n vraag te beantwoord.

Vyfde vraag: "Is die onderwyser nog die gesagsfiguur as voorheen?" Die respondente het as volg hul menings op hierdie vraag gelug: 61,5% dink dat die onderwyser geen gesagsfiguur meer is nie;



21,5% meen hy is dit nog en 17% het geen antwoord voorsien nie.

Die beduidende aantal respondente (61,5%) wat reken dat die onderwyser sy beeld as gesagsfiguur verloor het, grond heelmoontlik hul mening op die feit dat die onderwyser te min gemeenskapsbetrokke is. Dit is juis in gemeenskapsaktiwiteite waar 'n onderwyser 'n indrukwekkende inpak op sy medemens moet maak.

Sesde vraag: "Dink u dat die onderwysers goed genoeg toegerus is om u kind op te voed?" Op hierdie vraag het 72,5% positief en 7% ontkennend geantwoord. 20,5% het nie 'n mening uitgespreek nie.

Uit bogenoemde blyk duidelik dat bykans twee derdes (72,5%) van die ouers vertrouwe het in die toerusting van die onderwyser en dus hul kinders met vertrouwe aan hom kan toevertrou.

#### 4.4.3.1.3.2 Die taak van die onderwyser

Die belangrike rol wat die onderwyser in die opvoedingsproses van die kind speel, is oor die eeue heen nog altyd besef. 'n Paar vrae wat hierdie item sou nagaan, is ingesluit.

Eerste vraag: "Wat dink u van die taak van die onderwyser?"

92,5% het geantwoord dat hulle dink die onderwys is 'n verhewe, edele taak. 3,5% dink niks van die onderwys nie en 4% verswyg 'n mening.

Die onderwyser mag miskien nie hoog aangeskrewe staan nie, maar van sy werk word baie gedink. Iets wat nie goed op die oor val nie, is die kennisname dat daar tog 'n minderheid persone is wat die onderwys afskryf.

Tweede vraag: "Besef u dat die onderwyser besig is met 'n godgegewe taak en dat dit nie slegs 'n beroep (werk) is nie?"

Ten opsigte van hierdie vraag meen 82,5% van die respondente dat die onderwyser 'n goedgegewe taak verrig, 5,5% sê nee en 12% swyg.

Die begrip by die groot persentasie respondente vir die taak van die onderwyser is verblydend.

Derde vraag: "Besef u dat die onderwyser verantwoordelik is vir die vorming van u kind?"

Hierdie vraag het die volgende reaksie uitgelok: 96,5% respondente besef die onderwyser speel 'n belangrike rol in die vorming van die kind, 0,5% sê nee dis nie waar nie en 3% gee geen antwoord.

Dit blyk dat die klein persentasie wat negatief antwoord en nie hul mening gee nie, sien die rol van die ouer as primêr. Origens sal die onderwyser groot steun uit die gemeenskap ontvang vir sy taak, maar hy moet beslis kontak met die ouers maak.

Op die vraag hoe die respondente die onderwyser sal klassifiseer, is die volgende antwoorde ontvang: 0,5% meen die onderwyser doen niks nie, 4,5% dink hy werk net halfdag en kry baie vakansies, 36% dink hy kan beslis meer doen, 48% meen onderwysers is hardwerkend en 11% is meningloos.

Bogenoemde statistiek is geen pluspunt vir die status van die onderwyser nie. Meer as 50% van die respondente het 'n negatiewe beeld van die onderwyser, as die 11% wat nie 'n stem uitbring het nie, in berekening geneem word.

#### 4.4.3.1.3.3 Die onderwyser se dissipline

Eerste vraag: "Die skool moet streng wees met die toepassing van dissipline."

Die reaksie op die bogemelde steekproef is as volg:

- a. Ja = 95,5%
- b. Nee = 1,5%
- c. Geen antwoord = 3%

Die oorweldigende meerderheid respondente is dit eens dat dissipline op skool streng gehandhaaf moet word. Die belangrikheid van 'n goed-gedissiplineerde leerling word beklemtoon want 'n groot premie word daarop geplaas.

Tweede vraag: "Om dissipline in te skerp is 'n rottang (a) nodig, (b) soms nodig, (c) geen antwoord.

'n Steekproef in dié verband het die volgende interessante resultate opgelewer:

- a. Nodig = 16,5%
- b. Soms nodig = 65%
- c. Geen antwoord = 18,5%

Die interessantheid lê in die volgende:

- Die rol van die rottang (hulpmiddel) word in aanmerking geneem;
- Die meerderheid respondente voel egter ook dat daar, behalwe die rottang, alternatiewe metodes vir dissipline moet wees;
- Die 18,5%-groep laat blyk dat hulle óf geen dissiplinêre hulpmiddels gebruik nie óf geen dissiplinêre probleme ondervind nie, óf ander gewenste metodes het om dissipline daar te stel.

Derde vraag: "Met betrekking tot dissipline, sou u sê die leerkrag is (a) te streng, (b) nie streng genoeg nie, (c) redelik?"

Met betrekking tot die dissipline van die onderwysers, sê 5% ouers dat onderwysers te streng is, 38% antwoord dat onderwysers nie streng genoeg is nie en 45% voel dat die onderwyser se dissipline redelik is. 12% van die ouers het nie 'n uitspraak gewaag nie.

Oor die algemeen is ouers dus tevrede met die dissipline van onderwysers. Die rede vir die verskil vir die syfers kan moontlik daarin lê dat baie ouers onbekend is met die situasie by die skool of dat hulle nie 'n geheelsiening van alle onderwysers gegee het nie, maar slegs die dissipline van hul kinders se leerkrage.

#### 4.4.3.1.4 Die finansiële status van die onderwyser

Die enkele vraag wat in hierdie groep gestel is, het as volg gelui: "Voel u dat die onderwyser oor die algemeen onder-, oor of net genoeg besoldig word?"

Volgens die uitslae van die opname blyk dit dat die oorgrote meerderheid respondente (51,5%) die leerkrag se inkomste onderksryf en goedkeur.

#### 4.4.3.1.5 Algemene stellings

Ten einde die 200 respondente se algemene opinies ten opsigte van die onderwyser en sy status uit te lok, is 'n paar ope vrae ingesluit. Geen geformuleerde responskategorieë is aan die respondente gegee nie en hulle is toegelaat om in hul eie woorde te antwoord.

Die eerste vraag was die volgende: "Hoe vergelyk die hedendaagse onderwyser met die eertydse 'Meester'?"

Of die ondergevraagdes wat in hierdie ondersoek betrek is 'n akkurate waardering van die historiese agtergrond van die eertydse 'Meester' in Suid-Afrika het al dan nie, het hulle 'n taamlike kennis van heersende omstandighede bewys.

Nadat 'n analise van die kommentaar wat verkry is, gemaak is, is 6 responskategorieë geïdentifiseer wat in tabel V weergegee word. Dit moet egter aangewys word dat die kommentaar nie statisties verteenwoordigend is nie; dit demonstreer nietemin die meer opmerkbare omvang van opinie wat deur die ondersoek ter sprake gebring is.

#### TABEL V

#### GROEPERING VAN REDES WAT MOONTLIK TOT DIE AFNAME VAN AANSIEN VAN DIE HEDENDAAGSE ONDERWYSER SOU GELEI HET

	<u>Persentasie</u>
Sy dissipline is nie meer na wense nie	(N=200) 21
Respek vir die onderwyser het afgeneem	12
Die onderwyser dien nie meer die gemeenskap soos voorheen nie	11
Die onderwyser doen deesdae selde huisbesoek	8
Effektiewe kommunikasie tussen ouer en onderwyser ontbreek	7
Lyfstraf word nie meer toegepas soos in die verlede nie	4
Geen antwoord nie	37

Die tweede vraag: "Watter optrede van die onderwyser sal u die meeste teleurstel / u die meeste grief?" het die reaksie soos in tabel W aangetoon, tot gevolg gehad.

TABEL W

ONDERWYSEROPTREDES WAT DIE OUERS DIE MEESTE SAL TELEURSTEL/GRIEF

	<u>Persentasie</u>
In die openbaar onder die invloed van drank verkeer	(N=200) 27
Onweloweglike taal gebruik	15
Intieme verhouding met skooldogters aanknoop	11
Wan- en/of onsedelike gedrag in die openbaar	8
Met slegte vriende omgaan	7
Geen antwoorde	32

Uit die antwoorde op die twee vrae kan afgelei word dat daar nog vasgehou word aan die beeld van die hedendaagse onderwyser se voor-ganger. Die voorbeeld wat 'Meester' vir sy mense gestel het, sy be-dagsaamheid en bereidwilligheid om altyd te wil help, het by sy ge-meenskap hoog opgegaan. Dit kon blykbaar die redes wees waarom die respondente sekere afwykende gedragspatrone genoem het (Tabel W) wat hulle graag nie met die opvoeder van hul kinders wil vereensel-wig nie.

4.4.3.2 Ten opsigte van die onderwysers

Die onderhoude wat met die onderwysers van die hoër- en laerskole gevoër is, was hoofsaaklik gebaseer op kommentaar wat die onderwysers oor ses aspekte van die onderwys moes lewer. Die aspekte van die onderwys het die volgende ingesluit:

- i. tuisbesoek
- ii. buitemuurse bedrywighede
- iii. knelpunte in die onderwys
- iv. salarisse
- v. promosie aangeleenthede
- vi. aftree-ouderdom

Analise van die kommentaar wat ontvang is ten opsigte van die eerste drie aspekte, is in tabelle X, Y en Z wat onderaan verskyn, opgesom. In Bylae C word die data ten opsigte van die laaste drie aspekte verstrekk.

TABEL X

WAAROM 'N LEERKRAG NIE GRAAG GEWILLIG OF OOR-YWERIG IS OM TUISBESOEK TE DOEN NIE

	<u>Persentasie</u>
1. Leerkrags vrees beledigings en negatiewe vrae aangesien ouers 'n weersin in onderwysers ontwikkel het.	(N=105) 48
2. Leerkrags het ook nog ander aktiwiteite wat hulle gedurig besig hou en dus is sy tyd maar beperk.	26
3. Die afstand waar sommige leerlinge woon is 'n probleem.	15
4. Ouers stel min belang in hul kinders se vordering en ontwikkeling.	13
5. Moeilik om afsprake met ouers te reël omdat die meeste van hulle tot saans werk.	10
6. Sekere woongebiede is onveilig veral vir onderwyseresse.	3
7. Ouers geneig is om verkeerde neigings en houdings van hul kinders goed te praat en die fout eerder by die onderwyser te soek.	2
8. Ouers 'n besoek gewoonlik met 'n probleem assosieer.	1
9. Leerkrags beskou tuisbesoek as 'n onnodige las.	1

In tabel X word dit vir ons duidelik dat daar blykbaar 'n kommunikasiegaping tussen die ouers en die onderwysers bestaan wat aanleiding gegee het tot die hoë persentasie (48%) wat uit vrees nie gewillig is om tuisbesoeke te doen nie.

Die 26% respondente wat, soos dit blyk, vanweë 'n druk program nie die tyd vind om aan huise van die ouers van hul leerlinge te gaan nie, het blykbaar 'n legitieme rede.

TABEL YWAAROM 'N LEERKRAG NIE GEWILLIG IS OM BETROKKE BY BUITEMUURSE AKTIWITEITE TE WEES NIE

	<u>Persnetasie</u>
1. Leerkrag het 'n vol akademiese program.	(N=105) 39
2. Leerkrag veral die dame ook nog huislike pligte na skool het.	20
3. Leerkrag het min belangstelling.	17
4. Ervaring ontbreek.	6
5. Leerlinge gee nie hul samewerking nie.	6
6. Leerkragte die leerlinge na die aktiwiteite na hul huise nog moet vervoer.	4
7. Party leerkragte het vervoerprobleme.	4
8. Voldoende fasiliteite en toerusting ontbreek.	3
9. Leerkrag se betrokkenheid word nie waardeer nie.	3
10. Leerkrag beskou buitemuurse aktiwiteite nie as deel van 'n leerling se opvoeding nie.	1

In tabel Y word weer eens getoon dat 'n vol akademiese program nie veel ruimte vir 'n onderwyser laat om nog aktief betrokke by buitemuurse aktiwiteite van die skool te raak nie. 39% van die onderwysers en 20% wat hoofsaaklik die vroulike leerkragte insluit, het te kenne gegee dat hul tyd bra beperk is.

TABEL ZKNELPUNTE IN DIE ONDERWYS WAT 'N ONDERWYSER SE TAAK BELEMMER

	<u>Persentasie</u>
1. Leerlinge per klas is te groot.	(N=105) 31
2. Gebrekkige onderwysfasiliteite en -hulpmiddels.	17
3. Burokratiese voorskrifte wat geen voorsiening vir eie inisiatief maak nie.	9



4. Dissiplinêre probleme met leerlinge.	9
5. Klaskamers is ongerieflik veral mobiele eenhede.	8
6. Leerlinge wat ongemotiveerd is.	7
7. Gejaagdheid met sillabus wat te wyd is.	5
8. Te veel administratiewe pligte.	4

Uit tabel Z het geblyk dat die oorwegende knelpunte in die onderwys oorvol klasse en ontoereikende onderwysfasiliteite en -hulpmiddels is. Burokratiese voorskrifte en dissiplinêre probleme van leerlinge blyk ook 'n ergenis vir onderwysers te wees.

Op die vraag of die onderwyser se salaris toereikend is om 'n gerieflike lewenstandaard te handhaaf, het die respondente hul antwoorde as volg gegee: 99% het geantwoord dat dit ontoereikend is, 17% het gevoel dat hul salarisse voldoende is en 6% het nie 'n mening gewaag nie. Die gemene deler van die redes van die groep wat nie met hul salarisse 'n gerieflike lewenstandaard kan handhaaf nie, het neer gekom op die feit dat die samelewingsnorme 'n redelike hoë lewenspeil vereis wat gepaard gaan met lewenskoste en verwagtinge wat al hoë vlakke bereik het.

Van al die respondente (105) het 51 "ja" geantwoord op die vraag of voldoende bevorderingsgeleenthede vir onderwysers in die onderwysprofessie is; 51 het "nee" hierop geantwoord en daarby bygevoeg dat geleenthede tot bevorderingsgeleenthede wat wel bestaan, opsetlik moeilik gemaak word. Hier word heelwaarskynlik na prestasie-erkenning verwys waar 'n totaal van 132 uit 168 punte op die evalueringsskaal behaal moet word om in aanmerking vir prestasie-erkenning te kom.

Drie dames het laat blyk dat daar wel voldoende bevorderingsgeleenthede in die onderwysprofessie bestaan, maar daar is die tendens om voorkeur aan manlike leerkragte te gee om sodanige poste te vul.

Ten laaste het 96 van al die respondente te kenne gegee dat hulle voor die keuse gestel moet word om op 60-jarige ouderdom af te tree; 8 het

nie omgee om op 65 af te tree nie en 1 respondent het buite stemming gebly.

#### 4.4.3.3 Ten opsigte van prinsipale en skoolbestuurders

Die onderhoude wat met prinsipale van klein primêre skole en met skoolbestuurders gevoer is, het nie aan die hand van vooropgestelde vrae geskied nie. Die respondente was vry om enige knelpunte in die onderwys uit te lig.

Twee faktore wat hierdie respondente aangevoer het wat die onderwyser van klein staatskole se status moontlik benadeel, blyk die volgende te wees:

1. Die meeste van die plaasskooltjies is staatsondersteunde skooltjies en behoort of aan een of ander kerk of is die eiendom van 'n plaaseienaar. In beide gevalle word die geboue aan die onderwysdepartement verhuur.

Te dikwels ondervind die prinsipale die probleem dat behalwe die burokratiese druk wat hulle van die onderwysdepartement moet verduur, hulle ook nog na die pype van die plaaseienaars moet dans.

2. Die inskrywings van plaasskooltjies is in baie gevalle onderhewig aan seisoenale wisseling. Arbeiders trek met hul kinders van een plaas of gebied na 'n ander en die redes hiervoor is legio. Dit bring mee dat in sommige gevalle die inskrywing sodanig daal dat een of meer onderwysposte afgeskaf en in uiterste gevalle die skooltjie selfs gesluit moet word. Menige leerkrag wat aan plaasskooltjies verbonde is, is nie elke dag seker dat hul dienste nog veel langer benodig sal wees nie.

#### 4.4.4 Koördinering van bevindinge uit die vraelys en onderhoude asook uit dié van ander navorsers

In die studie het dit duidelik geword dat sekere faktore wat die status van die onderwyser beïnvloed en wat deur middel van die vrae=

lysondersoek uitgelig is, raakpunte vind en aansny by ooreenstemmende faktore wat geïdentifiseer is nadat die onderhoude aan deeglike analise onderwerp is. Die bevindinge uit die vraelys en onderhoude en dié van ander navorsers sal vervolgens in die volgende paragrawe gekoördineer word.

#### 4.4.4.1 Die onderwyser se kwalifikasies

Tydens die onderhoude het die ouers dit duidelik laat blyk dat die leerkragte van hul kinders opgevoede persone moet wees en wat akademies goed toegerus is. Ontevredenheid sal ontstaan as hul kinders in die hande van onbevoegde persone gelaat word.

'n Bevinding uit die vraelys beklemtoon dit sterk dat die status van 'n onderwyser toe sal neem namate sy kwalifikasies verbeter. Die toegerustheid van 'n leerkrag of anders gestel, die kwalifikasies van 'n leerkrag sal derhalwe baie beslis sy status beïnvloed. Hierdie bevinding stem ooreen met die bevindinge wat Eric Hoyle<sup>9)</sup> en Visagie<sup>10)</sup> in hul onderskeie ondersoeke gemaak het.

#### 4.4.4.2 Die onderwyser se salaris

Die vergoeding wat die onderwyser ontvang, bepaal in 'n groot mate sy standaard van die lewe en dus sy status. Hierdie feit stem ooreen met die sienswyse van nagenoeg die helfte van die respondente in die vraelysondersoek.

Meer as driekwart van die ondergevraagde ouers koppel die lewenstandaard van die onderwyser aan die vergoeding wat hy ontvang.

Die meerderheid van die onderwysers met wie onderhoude gevoer is, is nie gelukkig en tevrede met hul salarisse nie. Dit is vir hulle onmoontlik om 'n gerieflike lewenstandaard te handhaaf met die vergoeding wat hulle toeval.

In die ondersoeke van Lieberman<sup>10)</sup> Visagie<sup>11)</sup> en Steyn<sup>12)</sup> is die bevinding ook dat salarisse 'n definitiewe invloed op die status van die

onderwyser het. Pretorius<sup>13)</sup> het op sy beurt in 'n referaat, swak vergoeding as 'n faktor geïdentifiseer wat die lae status van die onderwyser tot gevolg gehad het.

#### 4.4.4.3 Die onderwyser se vriende

Alhoewel feitlik al die ouers met wie onderhoude gevoer is, dit eens is dat 'n onderwyser met almal op 'n professionele verhoudingsgrondslag bevriend moet wees, is die bevinding uit die vraelys dat die onderwyser tog 'n mate van versigtigheid moet uitoefen by die keuse van persone tot sy intieme vriendekring. Sy status sal sterk beïnvloed word deur die vriende met wie hy daaglik omgaan.

#### 4.4.4.4 Die onderwyser en buitemuurse aktiwiteite

Bevindinge uit beide die vraelys en onderhoude dui aan dat die buitemuurse aktiwiteite van 'n onderwyser 'n bepalende faktor vir sy status is. 'n Aansienlike persentasie (62,5%) van die ondergevragedes voel egter dat die onderwyser te min gemeenskapsbetrokke is, 'n situasie wat die beeld van die onderwyser nie goed doen nie. In hierdie verband vermeld Grambs<sup>14)</sup> dat dit eintlik van die onderwyser verwag word dat hy aan gemeenskapsaktiwiteite moet deelneem.

Die onderhoude met die onderwysers het laat blyk dat hulle graag meer betrokke by die leerling se buitemuurse aktiwiteite wil wees, maar word deur 'n oorlading van akademiese verpligtinge verhinder om hieraan reg te laat geskied.

#### 4.4.4.5 Die onderwyser en huisbesoek

Die oorgrote meerderheid respondente van beide die vraelys- en onderhoud ondersoekte het dit sterk benadruk dat hulle huisbesoek deur 'n onderwyser as belangrik ag. Sou die onderwyser meer belangstelling in die huislike omstandighede van sy leerlinge toon, sal sy aansien daardeur sekerlik verhoog word.

Blykbaar is die vrees van onderwysers om tuisbesoeke af te lê, onge-

vraag en ongegrond, aangesien die meerderheid van die ouers 'n toenadering deur die onderwysers hartlik sal verwelkom.

#### 4.4.4.6 Professionele gedrag van 'n onderwyser

Volgens die uitslae van die opname deur middel van die vraelys het nagenoeg 90% van die respondente die professionele gedrag van 'n onderwyser as belangrik vir sy status beskou. Die meerderheid van die ondergevoegdes het tot dieselfde konklusie gekom. Dit kom daarop neer dat die professionele gedrag van 'n onderwyser onlosmaaklik met sy status verbind is.

Singo<sup>15)</sup> voel sterk daarvoor dat die onderwyser hom altyd op 'n professionele wyse moet gedra. Nooit mag sy optrede en gedrag sodanig wees dat dit afbreek sal maak aan sy status nie.

#### 4.4.4.7 Die drankgebruik en rookgewoontes van 'n onderwyser

Volgens bevindinge uit beide die vraelys en onderhoud, wil die meerderheid van die gemeenskap veral drankmisbruik nie met onderwysers assosieer nie. Die ondergevoegdes het dit baie pertinent gestel dat drankmisbruik by onderwysers teleurstellend vir hulle sal wees.

Hierdie blykbare huigelary by ouers om die onderwysers uit te sonder en van hulle goeie gedrag te verwag terwyl ander in die gemeenskap nie oor dieselfde misbruike aangespreek word nie, is vir Bell<sup>16)</sup> onaanvaarbaar.

#### 4.4.4.8 Die onderwyser en sy dissipline

Net soos die respondente van die vraelysondersoek, stem die meeste van die ondergevoegdes heelhartig saam dat dissipline beslis die status van die onderwyser positief beïnvloed. Dit is vanselfsprekend dat 'n onderwyser wat nie goeie dissipline kan handhaaf nie, blykbaar ook nie bevoegd sal wees om gesonde leiding te kan gee nie.

In die skole vanaf voor die Middeleeuse tydperk tot in die negentiende

eeu het die opvoeder sy dissipline deur middel van die rottang laat geld.

Coetzee<sup>17)</sup> beskryf dat lyfstraf by die ou Joodse Volk aan die orde van die dag was, maar die hardvogtigheid daarvan was dikwels met welwillendheid getemper. Dobson<sup>18)</sup> en Beck<sup>19)</sup> haal onderskeidelik aan dat in Sparta en Athene het dissipline aan wreedheid gegrens.

Aan die anderkant het die Sofiste streng dissipline afgemaak. Bisschoff<sup>20)</sup> sê dat die Sofiste voorstanders vir die regte van die individu was en dat hul tug gegrond was op die beginsel dat diegene wat nie wou konformeer of 'n deel van die opvoeding wou hê nie, hulle outomaties uitgesluit het van dit wat daardeur vermag kon word.

Groot opvoeders of persone wat intens in die opvoeding belanggestel het, soos bv. Socrates<sup>21)</sup>, Plato<sup>22)</sup>, Aristoteles<sup>23)</sup>, Cicero<sup>24)</sup>, Seneca<sup>25)</sup>, Quintilianus<sup>26)</sup>, da Feltre<sup>27)</sup>, Erasmus<sup>28)</sup>, Vives<sup>29)</sup>, Sturm<sup>30)</sup>, Luther<sup>31)</sup> en so ook al die ander opvoeders van die sestienste, sewentiende, agtiende en negentiende eeue, het òf 'n milde vorm van tug voorgestaan òf dit totaal verwerp. Cole<sup>32)</sup> voeg by dat Malanchton was die mening toegedaan dat die wreedheid uit die onderwyser se tug sou verdwyn as hy 'n meer leefbare salaris betaal word.

In Suid-Afrika het die ouers respek vir Meester se streng dissipline gehad.<sup>33)</sup>

#### 4.4.4.9 Die onderwyser as 'n leierfiguur

Die meerderheid van die respondente van die vraelys-meningspeiling gee te kenne dat deur 'n leiersfiguur te wees 'n onderwyser se status daardeur verhoog sal word. Die bevindinge uit die onderhoud wil dit egter laat blyk dat die meerderheid van die respondente die onderwyser nie meer as 'n gesagsleier reken nie.


Bell<sup>34)</sup> merk op dat die gesag wat die onderwyser eers in die gemeenskap kon uitoefen, as gevolg van verstedeliking verskaal het. In 'n referaat van die Commonwealth Secretariat<sup>35)</sup> word genoem dat in die

plattelandse gebiede meestal jong, on- en ondergekwalfiseerde onderwysers aangetref word en wat oor die algemeen glad nie as leierfigure kan optree nie.

#### 4.4.4.10 Respek vir die onderwyser

Wat respek jeens die onderwyser betref, word 'n anomalie te bespeur as die bevindinge uit die vraelys met dié uit die onderhoud vergelyk word. Bykans 90% van die ondergevraagdes het laat blyk dat die onderwyser respek verdien, terwyl die meerderheid van die vraelystoetsgroep nie gediend was met hierdie mening nie. Laasgenoemde reken dat die onderwyser 'n mate van respek verloor het wat blykbaar dan ook tot sy lae aansien aanleiding kon gegee het.

Vir Stinnett<sup>36)</sup> is dit 'n bekommernis dat die onderwyser nie met dieselfde respek bejeën word as wat dit die geval is met beoefenaars van ander beroepe nie. Hy meen stellig dat die onderwyser hoër aansien sal geniet as die ouers oor die algemeen meer vertrou in hul onderwysers het.



#### 4.4.4.11 Pligsgetrouheid van die onderwyser

Die vraelys-bevinding bring dit pertinent na vore dat daar 'n sterk gevoel is dat die onderwyser nie genoegsaam gemotiveerd is om sy plig getrou uit te voer nie.

'n Ooreenstemmende bevinding word uit die onderhoud-ondersoek verkry. By hierdie ondersoek het bykans die helfte van die respondente 'n negatiewe beeld jeens die onderwyser gekoester.

#### 4.4.4.12 Die onderwyser en burokrasie

Bevindinge uit beide die vraelys en onderhoud, dui sterk daarop dat die meerderheid van die onderwysers gegrief voel oor die uitermatige burokrasie waaraan hul onderwystaak onderworpe is. Tydens die onderhoude was dit duidelik uitgespel dat 'n onderwyser meer gelukkig en tevrede in sy beroep sou wees as hy meer vryheid vir eie inisiatief



gegun word.

Erika Theron<sup>37)</sup> rig die waarskuwing dat die uitermatige burokratisering van die onderwys die rekrutering van geskikte kandidate vir die onderwys, in 'n mate in die wiede ry. Cowper<sup>38)</sup> meen dat aan die onderwyser medeseggenskap in die onderwys toegeken moet word.

Ten slotte maak die bevindinge dit baie duidelik dat 'n onberispelike karakter 'n eienskap is wat die ouers in die opvoeders van hul kinders graag wil sien.



VOETNOOTLYS - HOOFSTUK 4

1. Statistiek deur die bestuur van die Bokkeveld Hoofdesvereniging verstrekk.
2. Ibid.
3. Statistiek van die inspekteur van onderwys verkry nadat die Onderwysdepartement goedkeuring daartoe verleen het om dit te mag gebruik.
4. In beide Tulbagh en Wolseley is daar primêre skole wat die Kleurlinghoërskool in Ceres voed.
5. Siegel, Sidney. Nonparametric Statistics for the Behavioral Sciences, p.7
6. Rheimann, W.J. Use and abuse of Statistics, p.225
7. Downie, N.M. and Heath, R.W. Basic statistical methods, p.148
8. Die term "professionele beroepsbeoefenaars" in hierdie verhandeling sluit nie onderwysers in nie, maar verwys deurgaans na lede wat tot al die ander beroepe behoort.
9. Hoyle, Eric, op.cit., p.81
10. Visagie, J.A.C., op.cit., p.148
11. Lieberman, Myron, op.cit., p.469
12. Visagie, ibid.
13. Departement van Nasionale Opvoeding. Verslag oor die gehalte van die werklewe van die Blanke opvoeder in die Republiek van Suid-Afrika, pp. 2.12 - 5.3
14. Pretorius, S.G., op.cit., p.13
15. Grambs, Jean D., op.cit., p.582
16. Singo, T.T., op.cit., p.29
17. Bell, Robert R. (Ed.), op.cit., p.311
18. Coetzee, J. Chr., op.cit., p.30
19. Dobson, J.F., op.cit., p.15
20. Beck, Frederick A.G., op.cit., p.104
21. Bisschoff, T.C. e.a., op.cit., p.211
22. Albertyn, op.cit., p.176
23. Rusk, Robert R., op.cit., p.19
24. Castle, E.B. The teacher, op.cit., p.96
25. Coetzee, J. Chr., op.cit., p.69
26. Castle, E.B., op.cit., p.143
27. Ulich, Robert, op.cit., p.58
28. Eby, Frederick, op.cit., p.929
29. Gillett, Margaret, op.cit., p.93
30. Bisschoff, T.C. e.a., p.227
31. Duggan, Stephen, op.cit., p.126
32. Eavey, C.B., op.cit., p.147

33. Cole, Luella, *op.cit.*, p.249
34. Lugtenburg, A.H., *op.cit.*, p.14
35. Bell, Robert R. (Ed.), *op.cit.*, p.311
36. Commonwealth Secretariat. *Teacher education in a changing society*, p.325
37. Stinnett, T.M. *Is teaching a profession?* in *School and Society* by Gross, Carl H e.a., p.529
38. Theron, Erika, *op.cit.*, p.39
39. Cowper, Henry, *op.cit.*, p.159



## HOOFSTUK 5

### SLOTSOM EN AANBEVELINGS

#### 5.1 Slotsom

Voorheen het ons in die onderwys aangetref, 'n persoon, miskien eenvoudig en nederig, maar beslis 'n man van integriteit na wie opgesien is. Hierdie persoon het aan almal as "Meester" bekend gestaan.

In die sosiale lewe van veral die kleiner plattelandse dorpie was Meester 'n persoon van geen geringe belangrikheid nie. In die mag en invloed wat hy in die gemeenskap uitgeoefen het, het hy naas die predikant slegs die tweede plek ingeneem.

Meester was deur oud en jonk gerespekteer. Hy was 'n beminde persoon in die gemeenskap. Vir elkeen het hy 'n vertroostende of 'n bemoedigende woord gehad en wat Meester gesê het, was deur almal aanvaar. In elke huis was Meester welkom en daar by die haard het sy wysheid op menige ontvanklike oor geval en het sy onderwys en opvoeding nog steeds voortgegaan.

Benewens sy onderwysstaak het "Meester" sy medemens op alle terreine en vlakke bygestaan en gehelp. Hy het alles vir sy gemeenskap beteken.

Ons stem heelhartig saam dat "ofskoon de schoolmeester dikwijls een versmade soort van persoon is, ongewaardeerd en slecht betaald, is sijn werk het hoogste en edelste van alle menselijke roepingen." 2)

Vandag se onderwyser kan blykbaar nie met die statuur van Meester van ouds gereken word nie. Volgens die studie blyk dit dat hy teenwoordig 'n laer aansien geniet en derhalwe ook 'n laer sosiale status beklee.

In hoofstukke 2,3 en 4 is 'n historiese en 'n impiriese ondersoek respektiewelik gemaak van daardie faktore wat enersyds die status van die onderwyser bepaal en andersyds wat moontlik tot sy lae aansien aanleiding gegee het.

As ons u kennis het van watter faktore die status van die onderwyser in die verlede benadeel het en hoe sy status hedendaags daar uitsien, sal dit relatief moontlik wees om met aanbevelings wat tot die opheffing van sy aansien sal lei, vorendag te kom.

Wat nie uit die oog verloor moet word nie, is ons hipotese en dit is die opweging van die hedendaagse onderwyser teen ons Meester van die verlede.

Meester kon 'n hoë aansien in sy gemeenskap geniet het blykbaar vanweë sy onmisbare betrokkenheid met sy mense. Hy was so te sê die enigste alwetende en raadgever in die gemeenskap, maar vandag kan hierdie uitsondering nie meer aan die hedendaagse onderwyser gekoppel word nie.

In ons moderne tegnologiese wêreld is daar 'n oorvloed van gespesialiseerde kennis en hulp waarheen die gemeenskapsmens hom kan wend. As ons dink aan die funksies wat die maatskaplike werker, die huweliksraadgever, gesinsbeplanningsklinieke (om maar 'n paar voorbeelde van moderne maatskaplike instansies te noem) vervul, sal dit nie vreemd klink as gekonstateer word dat die invloed wat Meester destyds onder sy mense gehad het (Meester het immers al die maatskaplike probleme van sy mense behartig) stelselmatig gekrimp het.

Selfs die opvoedingspeil van die gewone man in die straat is op 'n hoë vlak gebring wat hom in staat stel om in 'n mate minder afhanklik van die onderwyser se hulp te wees. Die man in die straat kan blykbaar nou sy eie briewe skryf, sy vorms self invul en miskien ook nog die daaglikse nuusblad lees.

Dit blyk dus dat die ineengevlegde gebondenheid van die onderwyser met sy mense losgewikkel het of anders gestel, 'n vreemding tussen die onderwyser en die gemeenskap ingetree het.

Die gebrek aan belangstelling, noue betrokkenheid en ander kloue in die ouer-onderwyser verhouding ten opsigte van die skool moet in die volgende gesoek word, in die saam en wisselwerking daarvan:

- sosio-ekonomiese agterstande en huidige omstandighede: bv. werksomstandighede, werksure, ruimte, ens.;
- ongeletterdheid van sommige van die ouers;
- onkunde van sommige van die ouers;
- antagonisme teenoor die skool en die onderwyser;
- 'n kloof geskep deur die ouer self;
- wegstotende faktore binne en van die skool.
- politieke klimaat waarin die skole funksioneer en dus 'n hewige ideologiese aanslag op die kind sowel as die ouer maak.

Derhalwe sal gepoog word om aanbevelings aan die hand te doen wat die status van die hedendaagse onderwyser moontlik sal verhoog om daardeur die onderwyser se aansien op 'n vlak te bring wat naasteby gelyk is aan die aansien waarmee ons Meester geassosieer het.

## 5.2 Aanbevelings

### 5.2.1 Inleiding

Ter inleiding moet gemeld word dat dit deur alle opvoedkundiges en onderwysmanne erken word dat die professionele status van die onderwyser die kwaliteit van die onderwys direk beïnvloed.

Sou daar gepoog word om die onderwyser se status te verhef, is dit essensieël dat verbeteringe aan sekere van die omstandighede vir onderwysers gebring word. Van die areas wat aandag behoort te geniet staan in nou verband met werwing en die professionele opleiding wat onderwysers ontvang. Die volgende voorbeelde kan genoem word:

- die kwaliteit van die opleiding wat die onderwyser ontvang en hier word ingesluit die aard van die opleidingsinrigting, die standaard en die duurte van die opleiding;
- outonomie wat aan 'n professie toegeken word;
- inspraak wat die georganiseerde professionele onderwysersverenigings moet hê in die kurrikulum van die onderwyseropleidingsinrigtings.

- meer en beter kontak tussen skole en opleidingsinrigtings sodat die gaping tussen teorie en praktyk oorbrug kan word.<sup>3)</sup>

Ander status bepalende faktore wat direk verband hou met die werksomstandighede en - klimaat van die onderwyser, behoort ook ondersoek te word.

Die volgende aanbevelings wat gegrond is op die bevindinge van hierdie studie, word gemaak.

### 5.2.2 Werwing en keuring van onderwysers

Die gemeenskap het 'n sekere konsepie van die beeld van 'n professie. Dit is hierdie konsepsuele beeld wat belangrik is vir die werwing van nuwe rekrute vir die beroep.

Daar is egter sommige faktore wat die werwing van onderwysers van die verlangde gehalte nadelig beïnvloed. Die volgende areas dien as voorbeelde waar werwing geaffekteer word:

- onderwysers ontvang nie 'n realistiese en kompeterende salaris nie.
- Die onderwys wat veronderstel om 'n professie te wees word oormatig geburokratiseer.
- Professioneel ongekwalifiseerde persone word nog in skole aangetref.<sup>4)</sup>

Dit kan as vanselfsprekend aanvaar word dat sou bevredigende oplossings vir bovermelde probleemareas gevind word, die onderwysprofessie aantrekliker vir nuwe rekrute gemaak sal word.

Die sukses van die keuringproses sal grootliks afhang van die sukses wat deur die werwingsproses behaal is. Hoe groter die groep rekrute wat tot die onderwysberoep aangetrek kan word, des te strenger kan die aspirantkandidate gekeur word. Die omgekeerde is net so waar: as nie voldoende rekrute getrek kan word nie sal dit daarop neerkom dat die keuringskriteria wat gebruik word om kandidate te keur, desnoods verslap moet word.




Keuringskriteria moet so opgestel word dat dit ruim voorsiening maak om die eienskappe van die aspirantonderwyser meer wetenskaplik te bepaal en te identifiseer. Dit sal die keurkomitee in staat stel om die kandidaat se eienskappe wat geïdentifiseer is, te vergelyk met 'n stel voorafopgestelde eienskappe van die ideale onderwyser. Deur hierdie werkswyse kan derhalwe vasgestel word of die kandidaat as geskik gevind is vir die onderwysprofessie al dan nie. Die kandidaat wat nie aan die vereiste standaard kan voldoen nie, moet afgewys kan word.

Verder moet die keurkomitee tred hou met die jongste onderhoudestegnieke en dit effektief kan toepas.

### 5.2.3 Opleiding van onderwysers

Opvoedkundiges is dit eens dat die erkenning van status afhanklik is van die opleiding wat ontvang is aangesien die standaard van opleiding direk die kwaliteit van onderwys sal beïnvloed. Om die status van die onderwyser te verhoog sal dit dus essensieel wees om verbeterings aan onderwysersopleiding aan te bring.



Een aspek wat verband hou met die opleiding en voorsiening van onderwysers, is die volgende:

As gevolg van die toepassing van 'n afsonderlike onderwysstelsel, word in die Ceres-Tulbagh gebied enersyds 'n tekort aan Kleurlingonderwysers en andersyds 'n ooraanbod van Blankeonderwysers aangetref. Insgelyks mag dieselfde situasie hom in ander gebiede ook laat geld.

Die ontoereikende opleidingsgeriewe vir Kleurlinge plaas egter 'n beperking op die aantal kandidate wat per jaar vir onderwyseropleiding ingeskryf kan word. Om hierdie probleem te oorbrug, word dit derhalwe aanbeveel dat die opleidingsinrigtings vir alle bevolkingsgroepe onvoorwaardelik oopgestel word. Dit sal meebring dat staatsbesteding sodanig moet wees dat voorsiening gemaak word vir eenvormige en gelyke opleidingsgeleenthede vir almal sodat gelyke toelatingsvereistes, standaarde en sertifisering gehandhaaf kan word. Voorts sal onbenutte Blanke onderwysinrigtings weer beskikbaar gestel kan word vir onderwyseropleiding.

In die opleidingskursusse moet daar voorsiening gemaak word ten opsigte van aspekte wat die gemeenskap sal raak. Die hoofdoel moet wees om die jong onderwyser gemeenskapsbetrokke te kry.

#### 5.2.4 Indiensopleiding en opgradering van onderwysers

Publieke aanvaarding van 'n professie is naverwant aan pogings wat deur die professie aangewend word om sy lede op te gradeer.

Dit word ondervind dat as 'n onderwyser eers sy onderwysersertifikaat verwerf het, word hy onder geen besondere druk geplaas om sy professionele bevoegdheid op te gradeer of op enige wyse te verbeter nie. Die ideale situasie sal wees waar die drang by elke onderwyser steeds voortbestaan om in kennis en onderwyskundigheid te gedy.

Onderwyservaring op sigself sal wel vertrouwe ten opsigte van lesaanbieding bring, maar op die lange duur sal dit nie die waarde wat indiensopleiding en opknappingskursusse inhou, kan vervang en nog minder sal dit enige professionele groei kan waarborg nie.

UNIVERSITY of the  
WESTERN CAPE

Die Departement moet in sy beplanning voorsiening maak om 'n onderwyser indiens te laat oplei, indien dit vir die Departement blyk dat sodanige onderwyser geen sukses met die gehalte werk wat hy lewer, kan behaal nie.

Wanneer indiensopleidingsprogramme opgestel en oor besin word, moet dit toekomstgerig wees om voorsiening vir langtermyn beplanning te maak wat toekomstige onderwysbehoefte betref.

Hier behoort navorsing 'n belangrike rol te speel. Navorsingsresultate wat verkry word, kan geïmplementeer word om onderwys in die toekoms vooruit te beplan.

Indiensopleidingsprogramme behoort al die kategorieë van onderwysers te betrek.

Daar moet afgesien word om die opleiding op 'n sporadiese wyse oor kort tydperke aan te bied. Dit sal 'n deurlopende kursus moet wees wat tot beter kwalifikasies sal lei en wat in aanmerking sal kom vir salariserkenning. Hierdie indiensopleiding moet binne die eerste 5 jaar diensteryn, verpligtend gemaak word vir alle onderwysers wat slegs die minimum onderwyskwalifikasies verwerf het.

#### 5.2.5 Salarisse

Die bevindinge dui aan dat die salarismvraagstuk slegs een van talle belangrike faktore van 'n komplekse situasie is wat die status van die onderwyser beïnvloed.

Die aantreklikheid van die onderwys sal nie verbeter deur salaris-aanpassings te maak wat net sommige van daardie matrikulante aan te trek wat voorheen alleenlik deur onvoldoende salarisse afgeskrik is nie. Die professie moet aan 'n wyer omvang van leerlinge as daardie aantreklik gemaak word; en veral aan 'n groter getal matrikulante met 'n A-gemiddelde slaagsyfer.

Wanneer nuwe salaris-aanpassing oorweeg word moet dit markverwant <sup>5)</sup> wees. Realistiese salarisse moet aan onderwysers betaal word sodat dit geensins by dié van die privaatsektor afsteek nie en die professie nog steeds in staat sal wees om nuwe rekrute te trek en sy onderwysers te behou.

#### 5.2.6 Diensomstandighede en diensvoorwaardes vir onderwysers

Professioneel- verantwoordes diensvoorwaardes en diensomstandighede is nou verbind met werwing en keuring van aspirant-onderwysers. Om 'n persoon met 'n hoë kaliber tot die onderwys te lok, sal dit voor-die-hand-liggend wees dat aanbeveel word dat diensomstandighede en diensvoorwaardes so aantreklik gemaak word dat dit vergelykbaar met dié van ander professies is.

Gebiede waar verbeteringe aan die diensvoorwaardes en diensomstandighede aangebring kan word, sluit die volgende in:

- Diensvoorwaardes moet in so 'n mate aantrekliker gemaak word dat jong rekrute nie sal skroom om die onderwysberoep hul tuiste te maak nie.

- Dienvoorwaardes en diensomstandighede sal gedurig aangepas moet word om in pas te bly met die ontwikkelinge wat in die onderwys plaasvind.
- Diensomstandighede moet van so 'n aard wees dat dit nie die beoefening van die professie sal belemmer nie. Om hierdie beginsel prakties uitvoerbaar te maak sal aandag gegee moet word aan die kwessie van ontoereikende onderwyspersoneel wat knelpunte soos byvoorbeeld oorvol klasse en dubbelskofsessies in die handwerk; die daarstelling van doeltreffende gespesialiseerde hulpdienste (sielkundige voorligting, ens) om die opvoedingstaak van die onderwyser aan te vul, en behalwe die (enkele) sekretariële hulp wat 'n groot bate vir die skoolhoof is, ook nog addisionele nie-doserende personeel om die werkslas van die onderwyser te verlig deur administratiewe pligte te behartig sodat die onderwyser meer aandag aan sy primêre taak kan gee wat, behalwe sy gemoeidheid met die onderrig van kinders, ook onder andere insluit: gereelde huisbesoek; betrokkenheid by buitemuurse bedrywighede en formele én informele kontak met ouers.<sup>6)</sup>
- Dit word sterk aanbeveel dat die onderwysprofessie minder burokraties gemaak word. Aan die onderwyser moet veel ruimte toegelaat word vir besluitnemingsvryheid om kennis na te vors en oor te dra sonder enige beperkinge behalwe dit wat inherent in die soeke na kennis is.

### 5.2.7 Evaluering

Die metode van evaluering van leerlinge wat deesdae ingebruik is, behoort in heroorweging geneem te word. Insteede dat 'n leerling vir bevorderingsdoeleindes eers aan 'n einde van 'n jaar geëvalueer word, moet 'n stelsel ontwerp en geïmplementeer word wat die leerling deurlopend deur die akademiese jaar sal evalueer. Vir elke voltooide taak of opdrag moet die leerling gekrediteer word en aan die einde van sy akademiese jaar moet hy bevorder word ooreenstemmend die kumulatiewe punt wat hy verwerf het.

Moontlik sal so 'n stelsel die benadering tot die onderwys in 'n mate minder eksamen-gerig maak. Die onderwyser sal dan voldoende geleenthede kry om na die geestelike en morele opheffing van sy leerling om te sien, 'n plig wat deur die ouers hoog gewaardeer sal word.

#### 5.2.8 Buitemuurse aktiwiteite

Daar word gevoel dat die onderwysers nie genoeg by buitemuurse bedrywighede betrokke is nie. Die Onderwysdepartement behoort dus die moontlikheid te ondersoek om nuwe poste van sportadministrateurs by skole te skep. Die hoof funksie van sodanige addisionele personeel moet wees om alle fasette van sport by skole te behartig en te administreer. Op hierdie wyse sal die buitemuurse aktiwiteite van die skool meer doeltreffend georganiseer kan word en elke onderwyser sal ook dan presies weet wat sy aandeel is en wat van hom verlang word.

#### 5.2.9 Sentralisering van skole in landelike gebiede

Dit word sterk aanbeveel dat klein staatsondersteunde plaasskooltjies gesluit en vervang word deur groot staatskole met koshuisgeriewe wat sentraal in landelike gebiede opgerig moet word. Sulke skole sal dan direk onder die beheer van die staat ressorteer wat die so te sê dubbele seggenskap oor prinsipale en sy personeel totaal sal uitsluit. Die kinders sal dan in die koshuise gehuisves kan word al sou die ouers van een plek na 'n ander verhuis. 'n Konstante leerlinginskrywing sal heel moontlik op hierdie wyse gehandhaaf kan word.

Daar is natuurlik nadele verbonde aan verafgeleë koshuise. Een daarvan is dat dit kan lei tot vervreemding tussen ouers en kinders. Waar die kindertjies dalk te jonk is, kan gebruik gemaak word van 'n vervoerskema wat hulle daaglik by die sentraal-geleë skool sal besorg.

#### 5.2.10 Professionele Raad


Ten laaste word aanbeveel dat 'n enkele Professionele Raad by wyse van wetgewing vir die onderwys van al die bevolkingsgroepe daar gestel word. Die hoof funksies van sodanige Raad moet onder andere/...

/... onder andere insluit die uitoefening van professionele dissipline en tug, beheer oor toelatingsvereistes tot professionele opleidingskursusse en die sertifisering van onderwysers.

Die daarstelling van 'n enkele Professionele Raad moet gepaard gaan met die totale afskaffing van die apartheidstelsel in die onderwys. So 'n grootse stap sal heel waarskynlik 'n einde maak aan die dubbele standaard wat in die onderwys toegepas word, onnodige duplisering van onderwysgeriewe en die krete van "gutter education" uit die swart gemeenskap. Inderdaad sal dit 'n geweldige inspuiting vir die status van die onderwys in die algemeen en vir die onderwyser in die besonder wees.

### 5.3 Slot

As daar eers tot elke onderwyser deurgedring kan word dat 'n onderwyser se status nie in 'n vakuum ontwikkel nie, maar ook afhanklik is van die waardebeoordeling wat die gemeenskap daaraan toeken, sal daar alreeds 'n betekenisvolle stap geneem wees op die weg om die status van die onderwyser verhoog te kry.



Dit is nou so dat die oë van die gemeenskap gedurig op die wel en weë van die onderwyser gerig is. Om die respek van die gemeenskap af te dwing, moet die onderwyser se karakter onbesproke wees, hy 'n gesofistikeerde lewenswyse op alle terreine openbaar en hy genoegsame bewyse kan lewer dat hy die naam van opvoeder van die jeug waardig is.

Verder moet hy 'n bereidwilligheid toon dat hy al sy kennis en dienste vir die gemeenskap beskikbaar sal stel en die geleenthede waar hy in direkte kontak met die gemeenskap kom tot die optimum te benut. Sy optrede in die openbaar moet deur waardigheid gekenmerk wees sodat hy oor die vermoë beskik om mense na hom te trek wat hom met eerbied sal bejeën.

Die gemeenskap moet vertrouwe in die onderwyser het en dit waardeer dat die onderwyser met 'n godgegewe taak besig is wat slegs met vrug deur professioneel opgeleide onderwysers verrig kan word.

In die klaskamer is hy die regverdige, ewewigtige, verfynde, eerbare en standvastige persoon met 'n positiewe lewensfilosofie en beginsels. Die standpunte en norme wat hy vir sy leerlinge voorhou moet sodanig waardig en verhewe wees dat sy leerlinge na hom sal opsien as hul geestelike leier en altyd sy voorbeeld sal wil volg.

As die onderwyser deur die gemeenskap en die kind in die gemeenskap aanvaar en gerespekteer word, het sy aansien ver op die punteleer van die gemeenskap gevorder wat definitief 'n pluspunt vir sy status sal wees.

Die diensvoorwaardes en diensomstandighede van die onderwyser soos bv. sy salaris, is ook faktore wat sy status beïnvloed en dit is uit-en-uit die verantwoordelikheid waarmee die staat gemoeid is. Die diensvoorwaardes en diensomstandighede word na gelang van omstandighede verander en hang in 'n groot mate af van die status wat die staat self aan die onderwysberoep toeken.

Die status van die onderwyser is nie onderhandelbaar nie nog minder kan dit statutêr vasgelê word. Dit hang uitsluitlik af van die onderwyser se optrede in die onderwysituasie en in die publiek. In al sy handelings moet hy deur 'n beroepstrots gelei word. Met ander woorde die onderwyser moet self daarvan werk maak as hy sy status op 'n hoër vlak geplaas wil hê.

Alles in ag genome is dit die kwaliteit van die onderwyser wat deurslaggewend vir sy status is want hy is die enigste persoon wat deur taktvolle aanmoediging die totale kind tot volwassenheid kan lei en daarin lê die egte waarde van 'n ware opvoeder, daarin is die status van die onderwyser opgesluit.

#### 5.4 Gebreke van die ondersoek

Vir die empiriese ondersoek is hoofsaaklik van die geslote vraelys metode om inligting van die grootste moontlike groep respondente te verkry, gebruik gemaak.



Die informasie wat deur hierdie metode ingesamel kon word, was in 'n mate beperk. Addisionele inligting kan slegs bekom word deur middel van onderhoude wat gevoer kon word, maar hierdie keer op 'n kleiner skaal.

Omdat die vraelys nie die panasee is om inligting te bekom nie, maar ook sy gebreke en leemtes het, is die navorser se bevindinge totaal afhanklik van die eerlike menings en opinies van die respondente soos dit in die vraelyste verstrek is.

Voorts was die studie beperk tot die leerlinge, studente en onderwysers van Kleurlingonderwysinstansies en ouers van die Kleurlinggemeenskap. Slegs in die geval van die professionele beroepe is inligting van Blanke respondente verkry. Die ondersoek behoort wyer gestel gewees het om ook die ouers, leerlinge, studente en onderwysers van die ander bevolkingsgroepe in te gesluit het.

Alhoewel hoofstuk 2 deurspek is met verwysings na studies wat in oorsese lande onderneem is, is 'n oorsig oor navorsing wat alreeds in verband met die status van 'n onderwyser gedoen is, slegs beperk tot dit wat in Suid-Afrika gedoen is.

#### 5.5 Voorstelle vir verdere ondersoek

Die ouer-onderwyser-verhouding ten opsigte van die skool en hoe dié verhouding die status van die onderwyser beïnvloed met spesiale verwysing na:

- a) Vervreemding wat tussen ouer en onderwyser ontstaan het;
- b) Politieke oortuigings van die werkersklas/middelklas van plattelandse dorpe in die huidige situasie wat in verband gebring word met die situasie in die stedelike konteks;
- c) Die plattelandse ouer se sienswyse oor aspekte soos lyfstraf, skoolreëls en hoe dit met dié van die stedelike situasie vergelyk.

#### 5.6 Opsomming

In hierdie verhandeling word 'n kritiese studie ten opsigte van die status van die plattelandse onderwyser in die Ceres-Tulbagh-gebied gedoen.

## Hoofstuk 1

'n Oriënterende inleiding tot die studie word gegee. Die probleem word omlyn en dit gaan hoofsaaklik oor die status wat aan die hedendaagse onderwyser toegeken word en hoe hierdie status vergelyk met die aansien wat ons vroeë Meester geniet het.

Verder word 'n verduideliking van die metodes van ondersoek wat gebruik is, gegee, asook die bronne-materiaal wat nagevors is om feitlikhede ten opsigte van die onderwyser se status in te samel.

## Hoofstuk 2

Die status van die onderwyser word in perspektief gestel deur eerstens die begrip "status" te verklaar. Die verklarings en betekenis van die term word uit menige bron aangehaal, maar die navorsing volstaan met die begrip waar dit aansien, posisie of stand in die samelewing aandui.

Tweedens word oor die plek van die onderwyser in die samelewing uitgebrei met spesiale verwysing na die onderwyser se verantwoordelikheid teenoor die samelewing, die rol wat hy daar speel asook die rolverwagting wat die samelewing van die onderwyser eis.

Voorts word 'n aantal faktore wat die status van 'n onderwyser beïnvloed, bespreek en ten slotte enkele ondersoeke wat in Suid-Afrika onderneem is.

## Hoofstuk 3

'n Kursoriese oorsig ten opsigte van die ontwikkeling van die status van die onderwyser oor die eeue heen <sup>word</sup> uiteengesit. 'n Beskrywing van die opvoeder se statusontwikkeling word begin met die primitiewe mens, en word in volgorde progressief deurgevoer na die moderne tyd.

Na die primitiewe mens, kom die opvoeder in die voor-Middeleeuse tydperk aan die beurt. In hierdie tydperk word die status van die opvoeder van die Joodse volk, die Spartane, die Athene en die Romeine beskryf.

Die Atheense opvoeders waaraan aandag gegee word, is die pedagogus, die didaskalas, die Sofiste en enkele filosowe, te wete Socrates, Plato en Aristoteles.

Opvoeders in die Romeinse tydperk waaroor besin word, is die Ludi Magister, grammaticus en rhetor asook enkele invloedryke Romeine wat hul sieninge oor die opvoeder gelug het soos byvoorbeeld Cicero, Seneca en Quintilianus.

Ten opsigte van die Christelike tydperk word veral oor Jesus Christus as opvoeder-onderwyser uitgewy.

Hierna word 'n beskrywing van die status van die onderwyser in die daaropvolgende tydperke gegee asook die beskouinge van enkele denkers en onderwysmanne van elke betrokke tydperk.

Die eerste tydperk wat na die Christelike era volg, is die Middeleeuse tydperk en daarna kom die Renaissance-Humanistiese tydperk, die denkrigtings van die Realisme, Piëtisme, Rasionalisme, Naturalisme en die Filantropisme, die Sielkundige rigting van die negentiende eeu en die Pragmatisme aan die beurt.

'n Beskrywing van die opvoeder in die onderwysgeskiedenis van Suid-Afrika, sluit die hoofstuk af. Ten opsigte van die opvoeder in die vroeë onderwysgeskiedenis van Suid-Afrika word hoofsaaklik op die status van die eerste Blanke leermeesters aan die Kaap, naamlik die sieketroosters en daarna die boere-meesters, gekonsentreer.

Vervolgens word 'n oorsig van die ontwikkeling van die status van die onderwyser vanaf die laaste helfte van die negentiende eeu tot in die twintigste eeu gegee.

## Hoofstuk 4

'n Beskrywing van die steekproef en vraelys word behandel. Ten opsigte van die data wat deur middel van die vraelys ingevorder is, word die verwerking en vertolking daarvan uiteengesit. Hieruit is bevindinge en afleidings gemaak en die faktore wat volgens die respondente die status van die onderwyser beïnvloed, word uitgelig en bespreek.

'n Bespreking van daardie faktore wat volgens die mening van die respondente aanleiding tot die blykbaar lae aansien van die hedendaagse onderwyser gegee het, word gedoen.

Hierna word die onderhoud bespreek en die afleidings en bevindinge wat daaruit gekristalliseer het.

Ten slotte word die bevindinge uit die vraelys en onderhoud gekoördineer. Enkele faktore wat die onderwyser se status beïnvloed, word geïdentifiseer. Die volgende blyk die belangrikste te wees.

1. Die onderwyser se kwalifikasies;
2. Die onderwyser se salaris; en
3. Die professionele optrede en gedrag van die onderwyser

## Hoofstuk 5

In die laaste hoofstuk word slotopmerkings in verband met die status van die onderwyser gemaak.

Aanbevelings wat blykbaar 'n beter kwaliteit onderwyser tot gevolg sal hê, word ten opsigte van die volgende aspekte voorgestel:


1. Werwing en keuring van onderwysers;
2. Opleiding van onderwysers;
3. Indiensopleiding en opgradering van onderwysers;
4. Salarisse;

5. Diensvoorwaardes en diensomstandighede;
6. Evaluering;
7. Buitemuurse aktiwiteite;
8. Sentralisering van die skole in landelike gebiede; en
9. 'n Professionele raad.




VOETNOOTLYS – HOOFSTUK 5

1. Die Superordinaat "Meester" in hierdie verhandeling verwys deurgaans na (beide) die onderwyser én onderwyseres; die rol van die vrou in die onderwysprofessie word dus nie uitgesluit of minder geag nie.
2. APO Vol. II no. 30, 2nd July 1910, p.12
3. Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing. Onderzoek na die onderwysvoorsiening in die Republiek van Suid-Afrika, 1981, pp.26-27
4. Ibid., p.27
5. In 'n navorsingsbevinding-publikasie wat in 1984 die lig gesien het en waarin die loonstruktuur van gegradueerde Blanke mans uiteengesit word, word dit met statistiek bewys dat werknemers in die private sektor 'n beter vergoedingspakket ontvang as werknemers in die openbare sektor soos bv. die onderwysers. Sedert 1981 het die loongaping tussen die betrokke twee sektore nog geensins vernou nie.  
Sien: Van Pletzen, Joyce: Die loonstruktuur van gegradueerde Blanke mans in 1984 in Navorsingsbevinding Mn - 108. Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Pretoria 1984, p.12
6. Die Burger, Dinsdag 30 Junie 1987, p.11



BIBLIOGRAFIEA. BOEKE

1. Adams, John The Herbartian psychology applied in education. D C Heath and Co., London, no date.
2. Adams, Sam & Garrett, John L Jr To be a teacher. An introduction to education. Prentice-Hall Inc., Englewood Cliffs, New Jersey, 1969.
3. Adamson, John William A short history of education. Cambridge University Press, 1930.
4. Adamson, John William Pioneers of modern education in the seventeenth century. Teachers' College Press, Columbia University, New York, 1971.
5. Aldrich, Richard An introduction to the History of Education. Hodder and Stoughton, London, 1982.
6. Anglin, Leo W e.a. Teaching: What it's all about. Harper and Row Publishers, New York, 1982.
7. Atkinson, Norman Teaching South Africans. A History of Educational Policy in South Africa. University of Rhodesia, Faculty of Education, 1978.
8. Ballard, Martin The story of teaching. Kestrel Books, Middlesex, England, 1969.
9. Banks, Olive The Sociology of education. B T Batsford Ltd., London, 1976.
10. Barclay, William Educational ideals in the Ancient World.





Bake Book House, Grand Rapids, Michigan,  
1959.

11. Baskin, Wade Classics in education. Vision Press Ltd., London, 1966.
12. Battle, J A e.a. (Eds.) The new idea in education. Harper and Row Publishers, New York, 1968.
13. Bauman, Edward W The Life and Teaching of Jesus. The Westminister Press, Philedelphia, 1960.
14. Beatty, H M A Brief History of Education. Watt's and Co., London, 1922.
15. Bech, Robert Holmes A Social History of Education. Prentice-Hall Inc., Englewood Cliffs, New Jersey, 1965.
16. Beck, Frederick A G Greek Education 450 - 350 B.C. Methuen and Co. Ltd., London, 1964.
17. Beggs, Walter K The education of teachers. The Centre for Applied Research in Education, Inc., New York, 1965.
18. Behr, A L New perspectives in South African Education. Butterworth, Durban, 1978.
19. Behr, A L and Macmillan, R G Education in South Africa. J L van Schaik Ltd., Pretoria, 1971
20. Bell, Robert R (Ed.) The Sociology of Education. A Source Book. The Dorsey Press, Inc., Homewood, Illinois, 1962.
21. Bellantine, Jeanne H The Sociology of Education. A Systematic analysis. Prentice-Hall Inc., Englewood Cliffs, New Jersey, 1983.



22. Bendix, Reinhard Max Weber. An intellectual portrait. Methuen and Co. Ltd., London, 1966.
23. Beyers, Coenraad Die Kaapse patriotte. Juta en Kie, Kaapstad, 1929.
24. Biddle, J Bruce e.a. Contemporary research on teacher  
(Eds.) effectiveness. Halt, Rhinehart and  
Winston, New York, 1964.
25. Binder, Frederick M Education in the History of Western  
Civilization. Selected readings. The  
Macmillan Co., London, 1970.
26. Bisschoff, T C e.a. Boustene in die metapedagogiek - van  
Sparta tot Spencer. Butterworth, Durban,  
1981.
27. Blake, Raymond J A History of Education through time  
lines. San Diego, California, 1961.
28. Blakemore, Kenneth A Sociology of Education for Africa.  
e.a. George Allen and Huwin, London, 1980.
29. Blignaut, Sue Statistics on education in South Africa  
1968-79. S A Institute for Race  
Relations, Johannesburg, 1981.
30. Bolton, Frederick Educational Sociology. American Book  
e.a. Co., New York, 1941.
31. Borchers, P B An autobiographical memoir. Kaapstad,  
1963.
32. Bowen, James A History of Western Education Vol. 1 St  
Martins Press, New York, 1972.
33. Bowen, James A History of Western Education Vol. 2  
Methuen and Co. Ltd., London, 1975.

34. Bowen, James A History of Western Education Vol. 3  
Methuen and Co. Ltd., London, 1981.
35. Boyd, William The History of Western Education. 7th  
edition. Adam and Charles Black, London,  
1964.
36. Broekhuizen, H D Die wordings geskiedenis van die  
Hollandse kerke in Suid-Afrika 1652 -  
1804. J H de Bussy, Pretoria, 1922.
37. Brookover, Wilbur A Sociology of Education. American Book  
Co., New York, 1964.
38. Brubaker, Dale L The teacher as a decisionmaker. W M  
Brown Co. Publishers, Dubuque, Iowa,  
1970.
39. Brubacher, John S A History of the problems of education.  
2nd edition. McGraw-Hill Book Co., New  
York, 1966.
40. Buckland, Peter The education debate. University of Cape  
e.a. Town, 1981.
41. Butts, R Freeman A Cultural History of Western Education.  
Its social and intellectual foundations.  
McGraw-Hill Book Co., Inc., New York,  
1955.
42. Castle, E B Ancient Education and Today.  
Penguin Books Ltd., Harmondsworth,  
Middlesex, 1961.
43. Castle, E B The teacher. Oxford University Press,  
1970.
44. Cawood, J e.a. Doeltreffende onderwys. Nason Bpk.,  
Goodwood, 1980.

45. Claasen, George 'n Historiese blik op die Lae Lande.  
HAUM, Pretoria, 1981.
46. Classen, Johannes,  
Petrus Die Sieketroosters in Suid-Afrika 1652 -  
1866. N G Kerkboek-handel, Pretoria,  
1977.
47. Coetzee, J Chris Inleiding tot die Algemene Teoretiese  
Opvoedkunde. J L van Schaik Bpk.,  
Pretoria, 1965.
48. Coetzee, J Chris 'n Inleiding tot die Historiese  
Opvoedkunde. Voortrekkerpers Bpk.,  
Johannesburg, 1954.
49. Cohen, Alan and  
Garner, Norman Readings in History of Educational  
Thought University of London Press Ltd.,  
London, 1967.
50. Cole, Luella A History of Education. Socrates to  
Montessori. Holt, Rinehart and Winston,  
New York, 1965.
51. Cole, Percival R A History of Educational Thought.  
Greenwood Press Publishers, Westpost,  
Connecticut, 1972.
52. Combs, Arthur W A personal approach to teaching. Beliefs  
that make a difference. Allyn and Bacon  
Inc., Boston, 1982.
53. Compayré, Gabriel Abelard and the origin and early history  
of Universities. William Heineman,  
London, 1893.
54. Compayré, Gabriel The History of Pedagogy. Translated by W H  
Payne. Swan Sonnenschein and co., London,  
1895.
55. Cornford, Francis The Republic of Plato. Clarendon Press,

- Macdonald Oxford, 1941.
56. Casin, B R (Ed.) Education. Structure and Society. Penguin Books, The Open University Press, 1972.
57. Craft, Maurice e.a. (Eds.) Linking home and school. Longmans, Green and Co. Ltd., London, 1967.
58. Cubberley, Ellwood P The History of Education. Constable, London, 1920.
59. Curtis, S J e.a. A Short History of Educational Ideas. University Tutorial Press Ltd., London, 1953.
60. Davidson, Thomas Rousseau and Education according to nature. Charles Scribners Sons, New York, 1898.
61. Davis, Kingsley Human Society. The Macmillan Co., New York, 1948.
62. Deighton, Lee C The Encyclopedia of Education. The Macmillan Co. and the Free Press, 1971.
63. Dent, H C To be a teacher. University of London Press Ltd., London, 1947.
64. De Vaux, Roland Ancient Israel. Its Life and institutions Translated by John McHugh. Darton, Langman and Todd, London, 1961.
65. De Wet, P R Inleiding tot onderwysbestuur. Lex Patria, Kaapstad, 1981.
66. De Witt, J T Professionele oriëntering vir die onderwysberoep. Butterworth, Durban, 1979.
67. Dobson, J F Ancient education and its meaning to us.

Cooper Square Publishers Inc., New York, 1963.

68. Dorros, Sidney Teaching as a profession. Charles E. Merrill Publishing co., Columbus, Ohio, 1968.
69. Downie, N M and Heath, R W Basic statistical methods. Fourth edition. Harper and Row Publishers, New York, London, 1959.
70. Dreeben, Robert The nature of teaching. Schools and the work of teachers. Scott, Foresman and co., Illinois, 1970.
71. Dressler, David Sociology. The study of human interaction. Alfred A Knopf, New York, 1969.
72. Duggan, Stephen  A Student's Textbook in the History of Education. Appleton-century-crafts Inc., New York, 1948.
73. Du Toit, P S  Onderwys aan die Kaap onder die Kompanjie 1652 - 1795 Kaapstad - Johannesburg, 1937.
74. Du Toit, P S Opvoedkundige Studies. Universiteit Uitgewers en Boekhandelaars (Edms.) Bpk, Stellenbosch, 1969.
75. Eavey, C B History of Christian Education. Moody Press, Chicago, 1964.
76. Ebner, Eliezer Elementary education in Ancient Israel during the Tannaitic Period (10 - 220 C.E.) Bloch Publishing Co., New York, 1956.
77. Eby, Frederick The development of Modern Education

Prentice-Hall Inc., Englewood Cliffs, New Jersey, 1964.

78. Eby, Frederick and Arrowood, Charles Finn The History and Philosophy of Education. Ancient and Medieval. Prentice-Hall Inc., New York, 1940.
79. Engelbrecht, S P Geskiedenis van die Nederduitse Hervormde Kerk van Afrika. HAUM - J H de Bussy, Kaapstad, 1953.
80. Feris, Robert E L (Ed.) Handbook of Modern Sociology. Rand McNally and Co., Chicago, 1964.
81. Foss, Michael The Founding of the Jesuits 1540. Hamish Hamilton, London, 1969.
82. Franken, J L M Huisonderwys aan die Kaap 1692 - 1732  
Annale van die Universiteit van Stellenbosch Jg. xii, Kaapstad, 1934.
83. Frost, S E Essentials of History of Education.  
Barons Educational Series Inc., New York, 1947.
84. Gelinas, Paul J So you want to be a teacher Herper and Row Publishers, New York, 1965.
85. Giliomee, Hermann en Elphick (Reds.) 'n Samelewing in wording Suid-Afrika 1652 - 1820. Maskew Miller, Kaapstad, 1982
86. Gillet, Margaret A History of Education. Thought and Practice. McGraw-Hill Co. of Canada Ltd., New York, 1966.
87. Good, H G A History of Western Education. 2nd edition. The Macmillan Co., New York, 1960.
88. Good, Harry G and A History of Western Education.



- Teller, James D. Macmillan Publishing Co. Inc., New York, 1969.
89. Graves, Frank A students History of Education.  
Pierrepont Greenwood Press Publishers, Connecticut, 1970
90. Graves, Frank Great educators of three centuries AMS  
Pierrepont Press, New York, 1971.
91. Green, Lawrence Parents and teachers. Partners or  
rivals. George Allen and Unwin Ltd.,  
London, 1968.
92. Grollenberg, Lucas A Bible for our time. SCM Press Ltd.,  
London, 1979.
93. Gross, Carl H e.a. School and society. D C Heath and Co.,  
Boston, 1962.
94. Gwynn, Aubrey Roman Education from Cicero to Quintilian.  
Clarendon Press, Oxford,  
1926.
95. Harmse, H J en Kirstein Pedagogiek Deel 1 Butterworth, Durban,  
P P 1979.
96. Haskins, Charles Homer Studies in Mediaeval Culture. Frederick  
Ungar Publishing Co., New York, 1929.
97. Havighurst, Robert J Society and Education. Allyn and Bacon  
and Nengarten, Inc., Boston, 1957.  
Bernice L
98. Heafford, Michael Pestalozzi. His thoughts and its  
its relevance today. Methuen and Co. Ltd.  
London, 1967.
99. Hess, Beth B e.a. Sociology. Macmillan Publishing Co., New  
York, 1982.

100. Hippié, Theodore W  
(Ed.) The future of education 1975 - 2000.  
Goodyear Publishing Co. Inc., Pacific  
Palisades, California, 1974.
101. Hodgkinson, Harold L Education, interaction and social change.  
Prentice-Hall Inc., Englewood Cliffs, New  
Jersey, 1967.
102. Hoge, J Privaatskoolmeesters aan die Kaap in die  
18de eeu. Annale van die Universiteit  
van Stellenbosch. Jg. xii, Kaapstad,  
1934.
103. Honeyford, R Starting teaching. Croom Helm, London,  
1982.
104. Hoyle, Eric The role of the teacher. Routledge and  
Kegan Paul, London, 1969.
105. Hugo, A M en van der Die Kerk van Stellenbosch 1686 - 1963.  
Bijl, J (Red.) Tafelberg-Uitgewers, Kaapstad, 1963.
106. Illich, Ivan Deschooling society. Calder and Boyars,  
London, 1971.
107. Instituut vir Reforma- Venster op die onderwys. Ouer en  
toriese studie onderwyser op die kruispad in Suid-Afrika  
Potchefstroomse Universiteit vir  
CHO, 1985
108. Jansen, Johan en Van Plato tot De Croly. J Muusses nv  
Visser, S Purmerend, 1963/1970.
109. Kallaway, Peter Apartheid and Education. The education  
of Black South Africans. Ravan Press,  
Johannesburg, 1984.
110. Kelsall, R K and The school teacher in England and the  
Kelsall, Helen M United States. The findings of empirical  
research. Pergamon Press, London, 1969.

111. Kohl, Herbert R      On teaching. Methuen and Co. Ltd., London, 1976.
112. Laurie, S S      Historical Survey of Pre-Christian Education. Longmans, Green and Co., London, 1895.
113. Laurie, S S      John Amos Comenius. Bishop of the Moravians. His life and educational work. Burt Franklin Reprints, New York, 1972.
114. Laurence, Elizabeth S      The origins and growth. Modern Education. Penguin Books Ltd., Harmondsworth, Middlesex, England, 1970.
115. Leibbrandt, H C V      Precis of the archives of the Cape of Good Hope. Letters despatched from the Cape 1652 - 1662 Vol II. W A Richards and Sons, Cape Town, 1900.
116. Leipoldt, C L      Jan van Riebeeck. Kaapstad, 1938.
117. Leiberman, Myron      Education as a profession. Prentice-Hall Inc., Englewood Cliffs, New Jersey, 1956.
118. Lightfoot, Alfred  
(Ed.)      Inquiries into the social foundations of education. Schools in the urban setting. Rand McNally and Co., Chicago, 1972.
119. Lindsey, Margaret  
(Ed.)      New horizons for the teaching profession. National Commission on teacher education and professional standards. National Education Association of the United States, Washington D.C., 1961.
120. Lloyd, Roger      The Golden Middle Age. Longmans, Green and Co., London, 1939.
121. Longue, G      Aims and Methods of Western Education.

Juta and Co. Ltd., Cape Town, 1960.

122. Lomax, Donald E. (Ed.) European perspectives in teacher education. John Wiley and Sons, London, 1976.
123. Lortie, Dan C School-teachers. A sociological study. The University of Chicago Press, Chicago, 1975.
124. Lugtenburg, A H Geskiedenis van die onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek 1836 - 1900. Bydrae tot die kennis van onderwystoestande in die Transvaal 1836 - 1900. J L van Schaik Bpk., Pretoria, 1925.
125. Lynch, John Patrick Aristotle's School. University of California Press, Los Angeles, 1972.
126. Malherbe, Ernst G Education in South Africa Vol. 1 1652 - 1922. Juta and Co. Ltd., Cape Town, 1925.
127. Marais, J S The Cape Coloured People 1652 - 1937. Witwatersrand University Press, Johannesburg, 1968.
128. Marrou, H I A History of Education in Antiquity. Sheed and Ward, London, 1956.
129. Martinis, M E A sketch of the development of rural education (European) in the Cape Colony 1652 - 1910. Grogoty and Sherry, Grahamstown, 1922.
130. McGregor, Douglas The human side of enterprise. McGraw-Hill Book Co. Inc., New York, 1960.
131. McKay, John e.a. A History of Western Society. 2nd edition. Houghton Mifflin, Boston, 1983.

132. McKerron, M E A History of Education in South Africa 1652 - 1932. J L van Schaik Ltd., Pretoria, 1934.
133. McLean, Donald (Ed.) It's people that matter. Education for social change. Augus and Robertson, Sydney, 1969.
134. Meyer, Adolphé E An Educational History of the Western World. McGraw-Hill Book Co., New York, 1965.
135. Meyer, Adolphé E Grandmasters of Educational Thought. McGraw-Hill Book Co., New York, 1975.
136. Meyer, Adolphé E History of the Western World
137. Meyer, Adolphé E The development of education in the Twentieth century. Prentice-Hall Inc., Englewood Cliffs, New Jersey, 1962.
138. Meyers, Alonzo and Williams, Clarence O Education in a democracy. An introduction to the study of education. Prentice-Hall Inc., New York, 1954.
139. Midwinter, Eric Education for sale. George Allen and Unwin Ltd., London, 1977.
140. Midwinter, Eric Schools in society. The evolution of English Education. Batsford Academic and Educational Ltd., London, 1980.
141. Molsbergen-Godeé Jan van Riebeeck en Zijn tijd. Een stuk zeventiende-eeuws Oost Indië. P N van Kampen en Zoon N V, Amsterdam, 1937.
142. Monroe, Paul (Ed.) A Cyclopedia of Education. Vol. 1. The Macmillan Co., New York, 1911.
143. Monroe, Paul Source book of the History of Education for the Greek and Roman Period. The

Macmillan Co., New York, 1932.

144. Morrees, A Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1652 - 1873. S A Bybelvereniging, Kaapstad, 1937.
145. Morrison, A and McIntyre, D Teachers and teaching. Penguins Books Ltd., England, 1969.
146. Muller, C F J (Red) Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis. Academica, Pretoria, 1968.
147. Mumford, Lewis Technics and civilization. George Routledge and Sons Ltd., London, 1934.
148. Munroe, James Phinney The educational ideal. An outline of its growth in Modern times. D C Heath and Co., London, year unknown.
149. Musgrove, Frank Historical materials for the study of the bureaucralization of education in History of Education, Society, History, Sociology and Education. Methuen and Co. Ltd., London, 1971.
150. Musgrove, Frank School and the social order. John Wiley and Sons, New York, 1979.
151. Musgrove, Frank and Taylor, Philip H Society and the teacher's role. Routledge and Kegan Paul, London, 1969.
152. Myers, Edward D Education in the perspectives of history. Longmans, London, 1963.
153. Nakosteen, Mehdi The History and Philosophy of Education. The Ronald Press Co., New York, 1965.
154. Nash, Paul Models of man. Explorations in the Western Educational Tradition. John Wiley and Sons Inc., New York, 1968.

155. Nel, B F Die psigologie van die onderwyser. 'n Studie in verband met beroepseleksie. C VSwets en Zeitlinger Boekhandel en Uitgeversmaatschappij, Amsterdam, 1947.
156. Pavalko, Ronald M Sociology of Education. F E Peacock Publishers Inc., Itasca, Illinois, 1976.
157. Pells, E G European,-Coloured and Native Education in South Africa 1652 - 1939.
158. Perry, John and Erna The social web. Introduction to Sociology. Canfield Press, San Francisco, 1973.
159. Peterson, A D C A hundred years of education. Duckworth, 1960.
160. Peterson, Houston (Ed.) Great teachers. Portrayed by those who studied under them. Rutgers University Press, New Brunswick, 1946.
161. Pistorius, P Gister en vandag in die opvoeding. Pro Roge Pers Bpk., Potchefstroom, 1970.
162. Poignant, Raymond Education and development in Western Europe, the United States and the U.S.S.R. A comparative study. Teachers' College Press, Columbia University, 1965.
163. Potgieter, F J (Red.) Geskiedenis van die opvoeding vir onderwysstudente. McGraw-Hill Boek Maatskappy, Johannesburg, 1974.
164. Power, Edward J Main currents in the History of Education. McGraw-Hill Book Co., New York, 1962.
165. Quick, Robert Hebert Essays on Educational Reformers. Longmans, Green and Co., London, 1917.



166. Reichman, W J Use and abuse of Statistics. Penguin Books Ltd., Harmondsworth, Middlesex, England, 1964.
167. Reisner, Edward H Nationalism and education since 1789. Macmillan, New York, 1922.
168. Rhodie, Nic J Sosiale stratifikasie en Kleurlingskap. McGraw-Hill Boekmaatskappy, Johannesburg, 1977.
169. Richard, James William Philip Melancton. The Protestant Perceptor of Germany 1497 - 1560. G P Putnam's Sons, New York, 1898.
170. Richey, Robert W Planning for teaching An introduction to education. McGraw-Hill Book Co. Inc., New York, 1958.
171. Roberts, Joan I and Educational patterns and cultural configurations. The Anthropology of Education. David McKay Co. Inc., New York, 1976.
172. Rose, Brian (Ed.) Modern trends in education. Macmillan, St Martin's Press, London, 1971.
173. Ross, H Lawrence Perspectives on the Social Order. Readings in Sociology. McGraw-Hill Book Co., New York, 1963.
174. Rousseau, Jean Jacques Emile. Dent and Sons Ltd., London, 1938.
175. Rousseau, Jean Jacques Emile or Concerning education. Translated by Barbara Foxley. Dent and Sons Ltd., London, 1918.
176. Runciman, W G (Ed.) Max Weber. Selections in translation. Cambridge University Press, Cambridge, 1978.

177. Rusk, Robert R      The doctrines of the Great Educators.  
Macmillan, New York, 1965.
178. Sadker, Myra Pollack      Teachers make the difference. An  
and Saker, David      introduction to education. Harpers Row  
Miller      Publishers, New York, 1980.
179. Saunders, John B      Words and phrases legally defined. Vol  
5. Butterworths, London, 1970.
180. Schaff, Phillip      History of the Christian Church. Vol  
vii. 2nd edition. Wm. B. Eerdmans  
Publishing Co., Grand Rapids, Michigan,  
1960.
181. Scimecca, Joseph A      Education and society. Holt, Rinehart  
and Winston, New York, 1980.
182. Siegel, Sidney      Nonparametric Statistics for the  
Behavioral Sciences. McGraw-Hill,  
Kogakusha Ltd., Tokyo, 1956.
183. Simon, Brian      Studies in the History of Education 1780  
- 1870. Lawrence and Wishart, London,  
1960.
184. Smith, Henry Lester      Comparative Education. Educational  
Publications, Bloomington, Indiana, 1941.
185. Sonn, Franklin A      A decade of struggle. Cape Teachers'  
Professional Association, Kasselsvlei,  
1986.
186. Sorokin, Pitirim A      Social and cultural mobility. The Free  
Press of Glenco, Collier-Macmillan,  
London, 1959.
187. Spoelstra, C      Bouwstoffen voor de geschiedenis der  
Nederduitsch-Gereformeerde Kerken in  
Zuid-Afrika. Deel II. Hollandsch-

Afrikaansche Uitgevers, Amsterdam, 1907.

188. Stinnett, T M The profession of teaching. The Centre for Applied Research in Education Inc., New York, 1962.
189. Sumption, Merle R and School-Community relations. A new approach. McGraw-Hill Book Co., New York, 1966.
190. Sylvester, D W Educational documents 800 - 1816. Methuen and Co. Ltd., London, 1970.
191. Taylor, R V The Life and Teaching of Jesus. A selection from the Moffatt translation of the New Testament. University of London Press Ltd., London, 1961.
192. Thut, I N The story of education. McGraw-Hill Book Co. Inc., New York 1957.
193. Tumin, Melvin M Social stratification. The forms and functions of inequality. Prentice-Hall Inc., Englewood Cliffs, New Jersey, 1967.
194. Ulich, Robert History of Educational Thought. American Book Co., New York, 1950.
195. Ulich, Robert Three thousand years of Educational Wisdom. Selections from great documents. 2nd edition. Harvard University Press, Cambridge, Massachusetts, 1965.
196. Vaizey, John Education in the Modern World. Weidenfeld and Nicolson, London, 1967.
197. Van Wyk, A H du Preez Die invloed van die Engelse skoolwese op die Kaapse skoolmeisie 1806 - 1915. Van Schaik, Pretoria, 1947.

198. Venter, Al J Coloured. A profile of two million South Africans. Human and Rousseau, Cape Town, 1974.
199. Venter, I S J History of education. Butterworth, Durban, 1979.
200. Verster, T L e.a. Opvoedingstemas in tydperspektief. Butterworth, Durban, 1982.
201. Verster, J D Die kerkregtelike ontwikkeling van die Kaapse Kerk onder die Kompanjie 1652 - 1795. Potchefstroom, 1956.
202. Waller, Willard The sociology of teaching. John Wiley and Sons Inc., New York, 1932.
203. Washburn, Carleton Schools aren't what they were. William Heineman Ltd., London, 1953.
204. Weber, Max Economy and society. An outline of Interpretive sociology. Edited by Guenther Roth and Claus Wittich. University of California Press, Berkeley and Los Angeles, 1978.
205. Westby-Gibson, Dorothy Social foundations of education. Current issues and research. The Free Press, New York, 1967.
206. Westby-Gibson, Dorothy Social perspectives on education. John Wiley and Sons Inc., New York, 1965.
207. White, Ellen G Die Koning van die eeue. Die stryd van die eeue soos geïllustreer in die lewe van Christus. Vertaal deur J L Milford en Carl van Wyk. Sentinel Uitgewery, Kaapstad, 1964.
208. Wilcocks, R W (Red.) Annale van die Universiteit van

Stellenbosch Jg xii, Reeks B, Afl 1.  
Nasionale Pers Bpk., Kaapstad, 1934.

209. Wilds, Elmer H e.a. The foundations of Modern Education.  
Holt, Rinehart and Winston, New York,  
1961.
210. Wilkins, A S Roman Education. Cambridge University  
Press, London, 1905.
211. Wise, John E The History of Education. An analytical  
survey from the Age of Homer to the  
present. Sheed and Ward, New York, 1964.
212. Woods, Peter (Ed.) Teacher strategies, explorations in the  
sociology of the school. Croom Helm,  
London, 1980.
213. Woodward, William Studies in education during the Age of  
Harris the Renaissance 1400 - 1600. Russel &  
Russel Inc., New York, 1965.
214. Woodward, William Vittorino da Feltre and other Humanist  
Harris educators. Bureau of Publications,  
Teachers' College, Columbia University,  
New York, 1897.
215. Ziervogel, C Brown South Africa. Maskew Miller, Cape  
Town, year unknown.

B. ONGEPUBLISEERDE PROEFSKRIFTE EN VERHANDELINGS


1. Aswegen, Izak Gerhardus Die verband tussen sekere persoonlikheidseienskappe van studentonderwysers en onderwysukses. M.Ed., UNISA, 1970.
2. Backman, F G A comparative study of the salary and service conditions of the Coloured teacher for the period 1920 - 1981. M.Ed., U.W.C., Aprik. 1982.
3. Barnard, J P J Die salarisgeskiedenis van die Kleurling-onderwysers in die Openbare Skole in Kaapland 1910 - 1955, met verwysing ook na ander diensvoorwaardes as salarisse. M.Ed., U.S., 1961.
4. Bouwer, J C E Die pensioenstelsel ten opsigte van onderwysers in Suid-Afrika - 'n krities-vergelykende studie. M.Ed., U.S., 1954.
5. Cerff, S M Die diensstelsel van onderwysers aan skole vir Blankes onder die Kaaplandse Onderwysdepartement veral sedert 1910 - 'n historiese-kritiese studie van bepaalde aspekte. D.Ed., U.S., 1965.
6. Cerff, S M Die pligte en bevoegdhede van Blanke onderwysers in Staats- en Staatsondersteunende skole in die Unie en Suidwes-Afrika. M.Ed., U.S., 1954.
7. Baartzes, W B Die geskiedenis en bydrae van die opleidingskool Söhngé tot die onderwys. M.Ed., U.W.K., Bellville, 1982.

8. Claasens, H J Die professionele status van die onderwyser in die gemeenskap en in die onderwysbestuur opset. M.Ed., R.A.U., 1984.
9. De Lange, Gertrude Die organisatoriese knooppunt tussen skool en huis - 'n herbesinning. M.Ed., UNISA, 1981.
10. De Villiers, D F Die kategeese in die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. 'n Prinsipiële, historiese en praktiese ondersoek van die kategeese in die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. D.-verhandeling, U.S., 1957.
11. De Witt, J T Volkome professionalisasie en die status van die onderwysberoep - 'n krities-vergelykende studie. M.Ed., U.S., 1968.
12. Eksteen, F R L N Die salarisgeskiedenis van die Blanke onderwysers in die Openbare Skole in Kaapland sedert Unie. M.Ed., U.S., 1952.
13. Eloff, J J 'n Ontleding van die emosionele probleme van die onderwyser in die klaskamer. D.Ed., UNISA, 1962.
14. Fourie, G W Aspekte van die ontwikkeling van onderwysmetodes - 'n historiese - pedagogiese perspektief. M.Ed., UNISA, 1977.
15. Joubert, D F Die ontwikkeling van die onderwysstelsel in die Kaapkolonie onder die bestuur van dr Thomas Muir (tot 1910) met 'n kritiese-historiese inleiding. B.Ed., U.K., 1932.
16. Joubert, Etienne Union control of education. M.Ed.,



UNISA, 1929.

17. Kellerman, Jacobus Everhardus Die geskiedenis van die opleiding van Blanke onderwysers in Suid-Afrika 1652 - 1936. D.Ed., U.S., 1936.
18. Kemp, P B Die houding teenoor onderwys as beroep. M.Ed., UNISA, 1970.
19. Lotz, M E Die aanstelling en diensvoorwaardes van Blanke onderwysers onder die Provinsiale Administrasie en Suidwes-Afrika - 'n vergelykende studie. M.Ed., U.S., 1952.
